

**'N ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN
DIE PROTESTANTSE NAGMAALSFORMULIER
BY DIE WEK VAN LEWE IN ENKELE
PEDAGOGIESE DOELSTRUKTURE**

deur

Mev. Johanna Petronella Botha

B.Sc. B.Ed.

**Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad
Magister Educationis in die Departement Fundamentele Pedagogiek,
in die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria.**

Leier: Prof. dr. W. A. Landman

DANKBETUIGINGS

Innige dank en waardering word hiermee betuig aan:

Prof. Dr. W.A. Landman as merkwaardige en besielende studie-leier. Sy persoonlike voorbeeld dien tot aanmoediging en aansporing.

Proff. J.A. Heyns en B.J. Engelbrecht van die Universiteit van Pretoria, vir hulp met die teologies-dogmatiese aspek van die verhandeling.

Kol. Dr. J.F. Potgieter, SM, en my suster, Dr. José Faure, vir vrye gebruik van hulle boekerye.

Kollegas, vriende en familie vir belangstelling en aanmoediging.

Mev. M. Fouché vir die wyse waarop die tikwerk behartig is.

Hein, Henriëtte en Gerda vir geduld, opoffering en daadwerklike hulp tydens die studie-tyd.

My ouers wat ons reeds ontval het. Pappa wat, onderskraag deur mamma, altyd jonk van gees, aktief in denke en studerende gebly het en daarmee 'n onuitwisbare indruk en 'n navolgenswaardige voorbeeld gelaat het.

Bowe-al aan die Bron van alle lewe, uit wie, van wie en deur wie al ons hulp en sterkte in die arbeid genadiglik voortgevloei het.

HOOFSTUK 1

ORIËNTERENDE INLEIDING

	<u>Bladsy</u>
1.1 <u>INLEIDING</u>	1
1.1.1 <u>Doelstrukture:</u>	4
1.1.1.1 Sinvolheid van bestaan	4
1.1.1.2 Selfbeoordeling en selfbegrip	4
1.1.1.3 Menswaardigheid	4
1.1.1.4 Sedelik-selfstandige besluit- vorming en verantwoordelike handeling	5
1.1.1.5 Normidentifikasie	5
1.1.1.6 Lewensopvatting	6
1.1.2 <u>Die bron van opvoedingslewe:</u>	7
1.1.2.1 Die lewensopvatlike bron	7
1.1.2.2 Bronne van die Christelik- Protestantse lewensopvatting	8
1.1.2.3 Besluit op voorlopige aparte bestudering van die lewensopvatting	8
1.1.3 <u>Die verskynsel "wek-van-lewe":</u>	13
1.1.3.1 Die direkte metode	14
1.1.3.2 Die pedagogiese perspektief-metode	15
1.1.4 <u>Pedagogiek as Essensie-pedagogiek:</u>	18
1.1.4.1 <u>Essensies</u>	18
1.1.4.2 <u>Inhoude:</u>	23
(i) Algemeen-geldige inhoude	23
(ii) Partikuliere inhoude	26
(iii) Draende en inhoudelike momente (Warnach)	26
(iv) Vorm en inhoud (Leo Gabriel)	27
1.1.4.3 <u>Sintese:</u>	28
(i) Sintese-denke	29
(ii) Outentieke Sintesering	30

1.2	<u>DIE BETEKENIS VAN DIE HEILIGE NAGMAAL:</u>	
	<u>ALGEMEEN:</u>	33
1.2.1	<u>Die Woord</u>	33
1.2.2	<u>Die Sakramente</u>	34
1.2.2.1	Waarom is dit nodig?	34
1.2.2.2	Die wese van die sakrament.	36
1.2.2.3	<u>By die Nagmaal:</u>	40
	(a) Die tekens	41
	(b) Die seëls	42
	(c) Die betekende saak	43
	(d) <u>Samevattend:</u> Die wesenlike van die sakrament by die Heilige Nagmaal	45
1.2.3	<u>Die Heilige Nagmaal</u>	46
1.2.3.1	Die instelling van die Nagmaal	47
1.2.3.2	Hoe die Heilige Nagmaal gevier moet word	50
	(a) Wat behels die Nagmaalsformulier?	50
	(b) Fundering : Liefde teenoor God en medemens	50
1.2.3.3	<u>Die werklike inhoud van die formulier</u>	52
	(i) Die instelling	52
	(ii) <u>Die waaragtige ondersoek:</u>	53
	a. nadenke oor die sonde,	53
	b. hart ondersoek, of jy waaragtig glo,	53
	c. gewete en gesindheid ondersoek, vermaning.	53
	(iii) <u>Oordink waartoe ingestel:</u>	55
	vertroue, onbetwyfelbare geloof, met die daad bewys.	
	(iv) Gebed om voor God te verootmoedig.	56

(iii)

	<u>Bladsy</u>
(v) "Onse Vader ..."	57
(vi) Twaalf artikels van die Christelike geloof	57
(vii) Tafelgebed en uitnodiging	57
(viii) <u>Die kommunie</u> : Die uitdeel van die brood en wyn	57
(ix) Dankgebed en lofsang	57
1.2.3.4 Wie mag nou aansit by die tafel van die Here?	57
1.2.3.5 <u>Betekenis van die Nagmaal:</u> (in besonder)	60
(i) Wat <u>vir</u> die mens gedoen word	62
(ii) Wat <u>deur</u> die mens gedoen word	65
(iii) Wat <u>met</u> die mens gebeur	68
(iv) Wat <u>onderling</u> geskied	72
1.2.3.6 <u>Die Struktuur van die Inhoud:</u>	74
Moontlike relevante fundamentele religieuse strukture:	
(i) Sonde	75
(ii) Regverdigmaking (Genade, Geloof, Verlossing)	76
(iii) Heiligheid	76
(iv) Besondere Mensbeskouing	76
(v) Dankbaarheid : 1. teen God,	76
2. teen die medemens	76
1.3 <u>RELEVANTE DIALEKTIESE TRIADES</u>	78
1.3.1 <u>Die dialektiese triade:</u>	
<u>Latent lewend/lewensvatbaar/wek-van-lewe</u>	80
1.3.1.1 Latent lewend : eienskappe	82
1.3.1.2 Opvallende essensies:	85

	<u>Eerste triade:</u>	
	<u>Sluimerende funksionering/In-staat-tot-funksionering/Laat-funksioneer</u>	86
	(a) Eerste beweging	86
	(b) Tweede beweging	86
	<u>Tweede triade:</u>	
	<u>Verborgte beweging/Moontlikheid-tot-beweging/Voltrekking-van-beweging</u>	88
	(a) Eerste beweging	88
	(b) Tweede beweging	88
	<u>Derde triade:</u>	
	<u>Besikbaar-as-keusemoontlikheid/Ontvanklik-vir-lewe-vanwee-keuse/Keuse-vir-verwerkliking</u>	90
	(a) Eerste beweging	90
	(b) Tweede beweging	90
1.3.2	<u>Die dialektiese triade: Lewensvatbaar/wek-van-lewe/lewende doelstrukture</u>	91
1.4	<u>REDES WAAROM VERWAG KAN WORD DAT DIE NAGMAALSFORMULIER WEK-VAN-LEWE STATUS HET</u>	92
1.4.1	Die essensie is lewe-wekkende genade	92
1.4.2	Die inhoude as wek-van-lewe middele:	94
1.4.2.1	Dis 'n menslike situasie en veronderstel handeling	94
1.4.2.2	Dis 'n aanspreek-aanhoor relasie	94
1.4.2.3	Dit openbaar 'n opdraggewende karakter t.o.v.:	95
	(i) Gewete ondersoek,	95
	(ii) Hart ondersoek,	96
	(iii) Gesindheid en voorneme ondersoek.	97
1.4.2.4	Dit het 'n normerende en normatiewe karakter	98
1.4.2.5	Dit word onderlig deur die Ideële mens-beeld	99

	<u>Bladsy</u>
1.4.2.6 Dit is sakrament en genademiddel	99
1.4.2.7 Dit is 'n sinvolle gebeure, gerig op 'n doel	100
1.5 <u>PROBLEEMSTELLING</u>	100
1.6 <u>VERDERE PROGRAM</u>	103
HOOFSTUK 2	
SINVOLHEID VAN BESTAAN	
2.1 <u>INLEIDING</u>	105
Die sin van die Opvoeding	109
2.2 <u>SINVOLHEID VAN BESTAAN ; BESKRYWING EN UITLEG</u>	112
2.2.1 Bewus-van-lewenseise	113
2.2.2 Besef-van-bevraagdheid	114
2.2.3 Opgeroep-word-tot-antwoord	117
2.2.4 Voer-van-verantwoordbare-lewe	119
2.2.5 Rekenskap-van-deelname	121
2.3 <u>SINVOLHEID VAN BESTAAN : Essensies</u>	124
2.4 <u>SINVOLHEID VAN BESTAAN : Nagmaalsformulier-inhoude</u>	125
2.4.1 <u>Inhoude wat betrekking het op die sin van die lewe:</u>	125
2.4.1.1 Geloof,	126
2.4.1.2 ... berou het,	128
2.4.1.3 ... oordink waartoe,	128
2.4.1.4 ... in dankbaarheid.	130
2.4.2 <u>Relevante Religieuse strukture:</u>	130
2.4.2.1 Versoening	130
2.4.2.2 Genade: a) Algemene genade,	131
b) Genade verbond:	
i) Werkverbond	132
ii) Evangeliese verbond	133

	<u>Bladsy</u>
I. Die inhoud van die <u>belofte</u>	134
II. Vergewing is <u>genade</u>	135
III. ... ontvang in <u>geloof</u>	135
IV. <u>Verlossing</u>	136
2.4.2.3 <u>Geregtigheid:</u> a) Uit die Ou Testament	137
b) Uit die Nuwe Testament	138
c) Geregtigheid by die mens	138
Gesindheid:	
(i) teenoor God,	139
(ii) teenoor die medemens.	140
2.4.2.4 Regverdigmaking	140
2.4.3 Samevattend	146
2.5 <u>SINTESE</u>	
2.5.1 Inleiding	147
2.5.2 Sinvolheid van bestaan as waardevolle pedagogiese doelstruktuur	147
2.5.3 <u>Die dialektiese triade : Sinvolheid-van-bestaan/Nagmaalsessensies/Sinvolheid van 'n Protestantse bestaanswyse</u>	149
2.5.3.1 <u>Die beweging:</u>	
Sinvolheid-van-bestaan na Nagmaalsformulieressensies	150
2.5.3.2 <u>Tweede beweging na:</u>	
Die geïntegreerde synswyse nl. Sinvolheid van 'n Christelike Protestantse bestaanswyse	154

SELFBEOORDELING EN SELFBEGRIP

3.1	<u>INLEIDING</u>	161
3.2	<u>SELFBEOORDELING EN SELFBEGRIP : Beskrywing en Uitleg</u>	163
3.2.1	Self-wees	163
3.2.2	Selfbegrip-as-opgawe	167
3.2.3	Selfbeoordeling	172
3.2.4	Persoonwees-interpretasie	175
3.2.5	Selfbegrip-integrasie	177
3.3	<u>SELFBEOORDELING EN SELFBEGRIP : Essensies</u>	179
3.3.1	Kritiese beoordeling	
3.3.2	Normaanwending	
3.3.3	Uitspreek-van-sedelike-oordeel	
3.3.4	Beoordeling-van-afkeurenswaardigheid	
3.3.5	Veroordeling-van-afkeurenswaardigheid	
3.3.6	Oorgaan-tot-selfingryping	
3.4	<u>SELFBEOORDELING EN SELFBEGRIP : Nagmaalsformulier-inhoude</u>	179
3.4.1	<u>Inhoude</u> wat betrekking het op selfbeoordeling en selfbegrip	179
3.4.2	<u>Nagmaalsessensies:</u>	183
3.4.2.1 ons tevore reg beproef ...	
3.4.2.2 waaragtige ondersoek	
3.4.2.3 sy hart ondersoek	
3.4.2.4 sy gewete ondersoek	
3.4.3	<u>Die religieuse struktuur : Sonde</u>	183
3.4.3.1	Inleidend	183
3.4.3.2	God en die Sonde	185
3.4.3.3	Die sondeval en die mens	186
3.4.3.4	Kennis van die sonde	187

	<u>Bladsy</u>
a) Wat weet die mens van sonde?	187
b) Waarvandaan die onderskeiding tussen goed en kwaad?	188
c) Langs watter weg het kennis van die sonde ontstaan?	189
(i) Uit die Wet	190
(ii) Uit die Evangelie	192
3.4.3.5 Die wesenlike van die sonde	194
3.4.3.6 Wat is die wesenlike van selfondersoek?	195
3.4.3.7 Die werking van die sonde	196
3.5 <u>SELFBEOORDELING EN SELFBEGRIP : Sintese</u>	199
3.5.1 <u>Die dialektiese triade: Selfbeoordeling en selfbegrip/Nagmaalsessensies/ 'n Christelik-Protestantse wyse van selfbeoordeling en selfbegrip</u>	199
3.5.1.1 <u>Die beweging:</u>	
Selfbeoordeling en selfbegrip na Nagmaalsformulieressensies	199
3.5.1.2 <u>Tweede beweging na:</u>	
Die geïntegreerde synswyse nl. 'n Christelik-Protestantse wyse van selfbeoordeling en selfbegrip	205
(i) Sedelike oordeel	207
(ii) Persoonlike stellingname in sedelike uitsprake	209
(iii) Persoonwees-interpretasie	213
(iv) Selfbegrip as opgawe	216
(v) Selfbegrip-integrasie	219

HOOFSTUK 4

DIE PEDAGOGIESE DOELSTRUKTURE : MENSWAARDIGHEID,
SEDELIK-SELFSTANDIGE BESLUITVORMING EN
VERANTWOORDELIKE HANDELING, NORMIDENTIFIKASIE EN
LEWENSOPVATTING

4.1	<u>INLEIDING</u>	221
4.2	<u>MENSWAARDIGHEID</u>	221
4.2.1	<u>Menswaardigheid</u> : Beskrywing en uitleg	221
4.2.2	<u>Menswaardigheid</u> : Essensies	225
4.2.2.1	Bewuswees-van-menswaardigheid	
4.2.2.2	Beoefening-van-menslikheid	
4.2.2.3	Waardevolheid-van-behoorlikheidseise	
4.2.2.4	Wete-van-waardeverwerkliking	
4.2.2.5	Agting-vir-ander-se-menswaardigheid	
4.2.3	<u>Menswaardigheid</u> : Nagmaalsformulier- inhoude	226
	(Die relevante religieuse struktuur : <u>Die mens na God se Beeld</u>)	226
4.2.4	<u>Sintese</u>	227
4.2.4.1	<u>Die dialektiese triade</u> : Menswaar= digheid/Nagmaalsformulieressensies/ n Christelik-Protestantse menswaardigheid	227
4.2.4.2	<u>Die beweging</u>	
	Menswaardigheid na Nagmaals= formulieressensies	228
4.2.4.2	<u>Tweede beweging na:</u>	
	Die geïntegreerde synswyse nl.'n Christelik-Protestantse menswaardigheid	230
4.3	<u>SEDELIK-SELFSTANDIGE BESLUITVORMING EN VERANTWOORDELIKE HANDELING</u>	239
4.3.1	<u>Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling</u> : Beskrywing en uitleg	239

4.3.2	<u>Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling: Essensies</u>	246
4.3.2.1	Getrouheid-aan-beslissinge	
4.3.2.2	Keuses-in-lig-van-behoorlikheidseise	
4.3.2.3	Handeling-in-lig-van-behoorlikheidseise	
4.3.2.4	Selfstandigheid-in-keuse	
4.3.2.5	Selfstandigheid-in-handeling	
4.3.2.6	Verantwoordelikeidsaanvaarding-vir-keuses	
4.3.2.7	Verantwoordelikeidsaanvaarding-vir-handeling	
4.3.2.8	Keuse-vir-behoorlikheidseise	
4.3.2.9	Aanvaarding-van-persoonlike-verantwoordelikheid	
4.3.2.10	Afwys-van-verantwoordelikeidsverskuiwing	
4.3.2.11	Afwys-van-verantwoordelikeidsontduiking	
4.3.3	<u>Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling : Nagmaalsformulierinhoud</u> (Die relevante religieuse Struktuur : <u>Heilignaking</u>)	247
4.3.4	<u>Sintese</u>	249
4.3.4.1	<u>Die dialektiese triade :</u> Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling/ Nagmaalsformulieressensies/ Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling volgens Christelik-Protestantse norme.	249
4.3.4.2	<u>Die beweging:</u> Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling na Nagmaalsformulieressensies	249
4.3.4.3	<u>Tweede beweging na:</u> Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling volgens Christelik-Protestantse norme.	253

	<u>Bladsy</u>
4.4 <u>NORMIDENTIFIKASIE</u>	260
4.4.1 <u>Normidentifikasie</u> : Beskrywing en uitleg	260
4.4.2 <u>Normidentifikasie</u> : Essensies	262
4.4.2.1 Behoorlikheidsbeoefening-uit-eie-keuse	
4.4.2.2 Vereenselwiging-met-besondere-norme	
4.4.2.3 Toereikende normkennis	
4.4.3 <u>Normidentifikasie</u> : Nagmaalsformulier= inhoude (Die relevante religieuse struktuur : Volharding)	262
4.4.4 <u>Sintese</u>	264
4.4.4.1 <u>Die dialektiese triade</u> : Normidentifikasie/Nagmaalsformulier= essensies/Christelik-Protestantse wyse van Normidentifikasie	264
4.4.4.2 <u>Die beweging</u> : Normidentifikasie na Nagmaalsformulieressensies	264
4.4.4.3 <u>Die tweede beweging na</u> : Die geïntegreerde synswyse, n Christelik-Protestantse wyse van Normidentifikasie	266
4.5 <u>LEWENSOPVATTING</u>	270
4.5.1 <u>Lewensopvatting</u> : Beskrywing en uitleg	270
4.5.2 <u>Lewensopvatting</u> : Essensies	276
4.5.2.1 Lewe-van-behoorlikheidseise	
4.5.2.2 Gehoorsaamheid-aan-behoorlikheidseise	
4.5.2.3 Aanvaarding-van-besondersheid- van-lewensopvatting	
4.5.2.4 Bewuswees-van-lewensopvatlike-eise	
4.5.2.5 Kennis-van-lewensopvatting	
4.5.2.6 Verwerwing-van-lewensopvatting	
4.5.2.7 Bestendinging-van-lewensopvatting	
4.5.2.8 Bowetenskaplikheid-van-lewensopvatting	

4.5.3	<u>Lewensopvatting: Nagmaalsformulier=</u> <u>inhoude</u> (Die relevante religieuse struktuur: <u>Dankbaarheid</u>)	277
4.5.4	Ten slotte	280

HOOFSTUK 5

SAMEVATTEND

5.1	<u>INLEIDING</u>	282
5.2	<u>SINVOLHEID VAN BESTAAN</u>	282
5.2.1	... glo ...	282
5.2.2	... ware dankbaarheid ...	283
5.3.3	... berou het ...	283
5.3.4	... oordink waartoe ...	284
5.3.5	... vas kan glo ...	285
5.3	<u>SELFBEOORDELING EN SELFBEGRIP</u>	286
5.3.1	... ons tevore reg beproef ...	286
5.3.2	... waaragtige ondersoek ...	287
5.3.3	... hart ondersoek ...	287
5.3.4	... gewete ondersoek ...	288
5.4	<u>MENSWAARDIGHEID</u>	288
5.4.1	... sonder enige geveinsdheid ...	288
5.4.2	... waardige deelgenote ...	289
5.4.3	... met mekaar ... in liefde saam verbind ...	289
5.4.4	... onself verloën ...	289
5.5	<u>SEDELIK-SELFSTANDIGE BESLUITVORMING EN</u> <u>VER-ANTWOORD-ELIKE HANDELING</u>	290
5.5.1	... nadink oor ...	290
5.5.2	... ernstige voorneme ...	290
5.5.3	... wat weet ...	291

	<u>Bladsy</u>
5.5.4 ... kan verootmoedig ...	291
5.5.5 ... ook gesind is ...	291
5.5.6 ... daaglik moet stry ...	292
5.5.7 ... met die <u>daad</u> teenoor mekaar bewys ..	292
5.5.8 ... ons kruis opneem ...	292
5.6 <u>NORMIDENTIFIKASIE</u>	293
5.6.1 ... opreg te wandel ...	293
5.6.2 ... met ware vertroue ... oorgee	293
5.6.3 ... nie twyfel nie ...	294
5.6.4 ... volgens ... gebooie te lewe	294
5.6.5 ... nie aan die uitwendige ... bly hang nie, maar ons harte opwaarts verhef	294
5.7 <u>LEWE-NSOPVATTING</u>	295
5.7.1 ... met sy ganse lewe ...	295
5.7.2 ... God ... aanroep ...	295
5.7.3 ... ons Heiland bely ...	296
5.8 <u>TEN SLOTTE</u>	298

HOOFSTUK EEN

ORIËNTERENDE INLEIDING

1.1

INLEIDING

Opvoeding is geen doellose handeling nie, maar word juis gekenmerk deur die doelgerigtheid daarvan. Selfs wanneer die opvoeder nie doelbewus opvoedingshandelinge voltrek nie, is daar sprake van die bevordering van die kind se geleidelike verowering van behoorlike volwassenheid, dus van 'n gerig-wees op die opvoedingsdoelstelling. Wie van die pedagogiese praat het die idee van die volwassenheid as volwaardige menswaardigheid in gedagte.¹

Soos die doelbewustheid by die opvoeder toeneem, word die doelgerigtheid skerper. Anders gestel: Die gerigtheid op die verwerking van die pedagogiese doelstrukture word duideliker.

Om dié aangeleentheid te onderstreep word nou enkele uitsprake aangaande doelformulering en pedagogiese doelstrukture bespreek.

Die Pedagogiek as vorm van wetenskap is beskrywend en is deur die aanwending van die fenomenologiese benaderingswyse wel in staat tot 'n aan die lig bring van 'n formele doel en verdere doelstrukture daarvan.²

Vooraanstaande pedagogiekers stem saam dat die opvoedingsdoel betrekking het op volwassenheid.

Gunter verwys na die geestelike, verstandelike en sedelike volwassenheid³ en onderskei verskillende nowe-doelstellings o.a. kennis, karaktervorming, selfverwesenliking, sosiale diens, nasieburgerskap, verantwoordelikheid, selfdisipline en christelikheid. Perquin beweer "Wij spreken dus van volwassenheid in stricte zin, wanneer de ware zelfstandigheid is bereikt en de mens tot een perzoonlijke stellingname in staat is, wanneer hy bindinge kan aangaan van een onbaatzuchtige gerichtheid op anderen of het andere, wanneer hy ook die waarden aanvaard heeft, die zelfstandigheid en overgave eisen".⁴ Ook Sonnekus beklemtoon selfaktualisering naas begeleide aktualisering tot volwassenwording in belewenis perspektief.⁵

Langeveld onderskei die strukture: moraliteit (sedelike gelykwaardigheid), sosialiteit, personaliteit (individualiteit) en personaal relevante (individuele) verskille.⁶

Die opvoedingsdoel is 'n fundamentele struktuur van die opvoedingsituasie. Dit beteken dat dit moontlikheidsvoorwaarde vir opvoeding is. Om die essensieel-werklike van opvoeding te begryp, sal dit onder andere nodig wees om die formele doelstruktuur in sy werklike essensialiteit oop te dek om sodoende die algemeen geldige inhoude daarvan aan die lig te bring.⁷ (Sien Wilbers, P.J.E.: D.Ed-proefskrif, U.P. 1971)

Hierdie algemeen geldige inhoude van die "normbeeld van volwassenheid" sluit die volgende in, volgens Landman:

- (1) Sinvolheid van bestaan
- (2) Selfbeoordeling en selfbegrip
- (3) Menswaardigheid
- (4) Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling
- (5) Normidentifikasie
- (6) Lewensopvatting.⁸

Hierdie fundamentele doelstrukture is universeel omdat dit geldend vir alle opvoedingsituasies is. Die wetenskapsgebied wat hom bemoei met hierdie doelstrukture staan bekend as doelkunde.

Wanneer die algemeen geldige doelinhoude (met hulle sin en sinsamehange) lewendig gemaak word deur die partikuliere lewensopvatlike inhoude word 'n doel- of opvoedingsleer as 'n partikuliere voorskriftelike aangeleentheid, 'n moontlikheid. Die essensiële van die lewensopvatlike doelinhoude word dan georden deur die algemeen geldige doel-essensies wat deur die wetenskaplike denkarbeid van die pedagogieker ~~ont-dek~~ is. Vervolgens kan verdere doel-essensies raakgesien en begryp word deur die aanwending van die pedagogiese perspektief-metode. 'n Sintese tussen die universele pedagogiese doelinhoude en die lewensopvatlike voorskrifte as doelinhoude (soos ook blyk uit die Nagmaalsformulier) kom tot vergestaltung in 'n hoër eenheid nl. die 'opvoedingspraktyk'.⁹

1.1.1 Doelstrukture:

Die volgende, wat later breedvoeriger bespreek sal word, kan onderskei word:

1.1.1.1 Sinvolheid van bestaan:

'n Volwassene is iemand wat besef dat 'n mens geen eise aan die lewe durf stel nie maar dat hyself die bevraagde is wat moet antwoord op die lewenseise. Hierdie antwoord lê opgesluit in 'n verantwoordbare lewe waardeur hy reken-skap kan gee van keuses en die handeling wat voortvloei uit 'n wete dat die lewe sinvol is en dus van besondere betekenis vir hom is.

1.1.1.2 Selfbeoordeling en selfbegrip:

'n Volwassene is by magte tot aktiewe en kritiese selfbeoordeling van sy keuses en handeling deur kritiese en self-standige aanwending van maatstawwe en norme. Hy spreek 'n sedelike oordeel uit oor elke aspek van sy menslike bestaan en dit sluit ook 'n kritiese interpretasie van sy eie positiewe moontlikhede in. Hy beskik oor self-begrip en sal ingeval die afkeurens-waardige sigbaar word in sy eie lewe oorgaan tot selfingryping.

1.1.1.3 Menswaardigheid:

'n Volwassene is bewus van sy eie waardigheid as mens en handel, soos

wat daar van 'n mens verwag word, deur ooreenkomstig behoorlikheidseise te lewe soos net 'n mens by magte is om te doen. Hy het dus 'n wete van waardeverwerkliking. Menswaardigheid sluit egter ook agting-vir-digniteit van die medemens in.

1.1.1.4 Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling:

'n Volwassene kan selfstandig kies en handel volgens die, vir hom, hoogs-waardevolle waarvoor hy persoonlik verantwoordelikheid aanvaar. Hy kan ook getrou bly tot die uiterste konsekwensies van sy beslissinge. (Die Christen is ook gebonde aan 'n Hoër Gesag wat hom tot verantwoording roep). Verantwoordelikheid is 'n grondbeginsel van menswees. 'n Volwassene se ingesteldheid teenoor die lewe van keuse en handeling getuig daarvan dat hy duidelik bewus is van wat sy persoonlike verantwoordelikheid teenoor die lewe behels en dat hy bereidwillig is tot taakaanvaarding en taakvervulling.

1.1.1.5 Normidentifikasie:

'n Volwassene doen die behoorlike uit eie keuse, dus ter wille van die behoorlikheid self en lewe onder die gesag van norme waarmee hy hom op

selfstandige wyse geïdentifiseer het. Hy is dus in staat tot normgerigte identifikasie wat blyke gee van normkennis en 'n selfstandige toerekenbare behoortheidsbesef.

1.1.1.6 Lewensopvatting :

'n Volwassene se keuse en daaruit voortvloeiende handeling word gekenmerk deur 'n onvoorwaardelike gebondenheid en konstante gehoorsaamheid aan dié behoortheidsese wat spreek uit lewensverpligtende waardes soos dit vervat is in sy persoonlike lewensopvatting wat geleidelik verwerf en bestendig is.¹⁰

Hierdie formele doelstrukture wat deur wetenskaplike denkarbeid oopgedek is kan nou (ná-wetenskaplik)¹¹ lewend gemaak word in partikuliere opvoeding-situasies deur lewensopvatlike inhoude. Dit is moontlik omdat hierdie universele pedagogiese doelstrukture lewensvatbaar is en daar dus lewe in gewek kan word. Wanneer daar sprake is van wek-van-lewe, ontstaan onmiddellik die vraag na die bronne van lewe, na die bronne van opvoedingslewe. In hierdie verband is die volgende grondstelling betekenisvol:

1.1.2 Die bron van opvoedingslewe :

1.1.2.1 Daar is slegs een bron van opvoedingslewe en dit is die lewensopvatting self. Dit sluit al die geskifte in wat die lewensopvatting verhelder. Hierdie bron voorsien die partikuliere inhoude wat lewe wek in die wetenskaplik geopenbaarde universele essensies of fund^omentalialia en verskil van groep tot groep en selfs van mens tot mens en is alleen geldig vir die besondere groep wat sodanige lewensopvatting huldig.

Vir die Christen is alle lewe van, deur en in die Drie-enige God: God, die Vader en Skepper is Bron van alle lewe; Jesus Christus, die Seun, is die Weg van alle lewe; en die Heilige Gees is Onderhouer van geestelike lewe.

Dit is dus noodwendig dat die Christen-opvoeder bewus moet wees van die opvoedingsbetekenis van die Christelik-Pro^{te}stantse lewensopvatting om sodoende in staat te wees daartoe om op 'n Christelike wyse opvoedingslewe te wek en die nie-volwassene, as Verbondskind, te lei na vervulling van beide sy aardse en ewige bestemming. Daarom is dit noodwendig om ook 'n diepgaande studie te maak van die volgende bronne.

1.1.2.2 Bronne van die Christelik-Protestantse lewensopvatting; dus van opvoedingslewe:

(a) Die Bybel of Heilige Skrif met behulp van konkordansies en ander wyses van Skrif-uitleg.

(Die Skrif leer o.a. dat Christus van die begin af die lewemakende Woord van die Vader was, die fontein en oorsprong van die lewe waaruit alle dinge altyd hulle lewe ontvang het. Joh. 1 : 1, 4)

(b) die Christelik-Protestantse Doop-, Nagmaals- en Huweliksformuliere,

(c) die Heidelbergse Kategismus,

(d) die Nederlandse Geloofsbelydenis,

(e) geskryfte deur Christelik-

Protestantse teoloë.¹²

1.1.2.3 Besluit op 'n voorlopige aparte bestudering van die lewensopvatting en lewensopvatlike bronne:

Die bron van algemeen geldige opvoedingskennis lê verwortel in die opvoedingswerklikheid self¹³ en die pedagogieker gebruik hoofsaaklik die fenomenologiese werkswyse om deur te dring tot die eidos of opvoedingswerklikheid self om sodoende die essensialiteit oop te dek en die fundamentalia of algemeen geldige essensies daarvan te ontdek. As 'n eerste moontlike denkstap, by die aanwending van hierdie metode, word besluit op 'n voorlopige aparte

bestudering van die lewensopvatting wat anders baie sterk kan meesprek en 'n bedekkende uitwerking mag hê op die opvoedingswerklikheid sodat die opvoedingsfenomeen nie suiwer na sy wese geskou kan word nie. Dit geskied indien die pedagogieker bewustelik of ook onbewustelik regverdiging sou soek vir sy besondere lewensopvatting in die opvoedingswerklikheid self. 'n Egte lewensopvatting het buitendien geen regverdiging nodig nie, want dit is 'n ideële en bo-wetenskaplike aangeleentheid wat berus op geloofsoortuigings ensomeer.

Die lewensopvatting kan ook nie vernietig word nie want so bv. spreek die Christenmens se lewensopvatting só sterk in al sy doen en late dat vernietiging daarvan sou lei tot selfvernietiging¹⁴, daarom word dit slegs voorlopig metodologies tersyde gestel - wat nie beteken dat hy as mens op een of ander tydstip lewensopvattingloos bestaan nie.

Die lewensopvatting wat iemand huldig, is nie vir hom 'n -isme wat verduisterend inwerk op die opvoedingswerklikheid nie maar dit mag wel 'n bedekkende uitwerking hê sodat die pedagogieker nie in staat

is tot suiwere skoue nie. Andersyds moet hier ook gewys word op die ervaring dat die alledaagse opvoedingswerklikheid 'n bedekkende (en selfs verduisterende) uitwerking kan hê op die lewensopvatting en daarom word die besluit op voorlopige aparte bestudering ook ter wille van die suiwere spreke van die lewensopvatting voltrek.

Hier volg 'n voorbeeld i.v.m. die Nagmaalsformulier:

Uit die alledaagse opvoedingswerklikheid word die mens, ook die opvoeder, bewus van die menswaardige in alle mense en ook van die identifikasie (vereenselwiging) van die volwassene met norme en behoortlikheidseise. Hierdie norme waarmee die volwassene hom identifiseer is dikwels die aanvaarde (maar veranderlike) sosiaal-maatskaplike norme van die moderne samelewing. Sien die Nagmaalsganger homself nou as mens wat die normbeeld van volwassenheid weerspieël mag hy by die aansit by die Nagmaalstafel die erns van die opdrag van die Vader om sy gewete te ondersoek, nie ten volle besef nie. Geïdentifiseer met die sosiaal-maatskaplike norme en bewus van sy menswaardigheid, kom hy nie tot "mishaag vanweë sy sonde nie",

onthou hy hom ook nie van die Nagmaals-
tafel indien sy wesenlike sonde (getoets
aan ewig-onveranderde, gelykblywende
religieuse norme) nie lei tot openbare
ergerlikheid nie of aanvaar word deur
'n permissiewe gemeenskap. Só gesien
kan ook die doel-inhoude van die
opvoedingswerklikheid bedekkend inwerk
op die Christelike lewensopvatting soos
saamgevat in die Nagmaalsformulier.

Uit die Nagmaalsformulier spreek duidelik
dat die toorn van God teen die sonde
só groot is dat Hy, eerder as dit
ongestraf te laat, aan Sy liewe Seun
Jesus Christus met die bittere en
smadelike dood van die kruis gestraf
het.¹⁵

Dit is dus sinvol en selfs noodwendig
om die twee bronne van opvoedingskennis
voorlopig apart te bestudeer ten einde
die sinvolheid van verdere wetenskaps-
beoefening te bevestig.¹⁶ Aangesien
die verdere denkstappe deur 'n bepaalde
persoon uitgevoer gaan word is dit
verder sinvol dat hy sal vra of dit
vir hom as persoon, dus as draer van
'n bepaalde lewensopvatting toelaatbaar
en aanvaarbaar is om besondere denk-
stappe uit te voer.

Die lewensopvatting word nou as kriterium (evaluaringsmiddel) gebruik ten einde die verwerklikbaarheid van elke verdere denkstap aan die hand daarvan te verifieer.

Die pedagogieker is nou vanweë verduistering- en bedekkingvryheid situasie-gerig en die wetenskapsbeoefening neem nou suiwer sy oorsprong in die opvoedingswerklikheid self soos dit as menslike aangeleentheid in die leefwêreld van die mens ingebed is.

(Ontologies - antropologies - pedagogies begrond). Hier is sprake van situasiegerigtheid en daarom 'n soeke na essensies waar dit is, alhoewel verborge, om dit aan die lig te bring, te openbaar, te verifieer en die essensie-status daarvan te bevestig. Ten einde opvoeding outentiek te begryp en aan bogenoemde eis te voldoen word ook ander metodes aanvullend ingeskakel nl. die hermeneutiese (wat sin-samehang openbarende is), die dialektiese (wat verwerklikingsweg-openbarende is) en die kontradiktoriese metode (wat die werklikheidstatus en bestaansreg van bv. die doel-essensies bevestig).¹⁷

Die voorlopige aparte bestudering van die twee genoemde bronne van opvoedingskennis impliseer reeds 'n later by-mekaar kom, dus 'n vereniging in die pedagogie (opvoeding deur 'n deskundige) in 'n gefundeerde opvoedingspraktyk.¹³

1.1.3 Die verskynsel "wek-van-lewe":

Wek-van-lewe as verskynsel is onties van die opvoedingsgebeure in dié sin dat dit daaruit nie weg te dink of weg te handel is nie. Dit is verder ook ontologies van aard in dié sin dat die opvoedingsgebeure in die afwesigheid daarvan nie outentiek begryp, dus nie toereikend in sy werklike essensialiteit en sin in 'n bepaalde opvoedingspraktyk kan verskyn nie. Vervolgens sal nou enkele kernuitsprake aangaande die verskynsel wek-van-lewe kortliks toegelig word ten einde die onties-ontologiese status daarvan te verhelder.

Soos in vorige paragrawe uiteengesit, is fundamenteel pedagogiese strukture met hulle algemeen geldige inhoud, essensies, sin en sinsamehange deur wetenskaplike denkarbeid fenomenologies raakgesien (waar dit is, in die opvoedingswerklikheid, ingebed in die oorspronklike leefwêreld - dus ontologies) beskryf en aan die lig gebring. Hier is sprake van 'n wetenskaplike raaksien van skynbaar lewelose maar lewensvatbare essensies waarin lewe gewek kan word deur dit, wat ontologies gesien, werklik daartoe in staat is, nl. lewensopvatlike

inhoude. Die raaksien en lewe-wekkende aanwending van hierdie partikulier-geldende inhoude verg ná-wetenskaplike denkarbeid ter wille van die verwerkliking van 'n bepaalde opvoedingspraktyk.

Wanneer universele opvoedingsessensies lewend gemaak word deur outentieke sintesering en integrasie met lewensopvatlike essensies kan een van twee metodes gevolg word in die bestudering van die genoemde bronne van opvoedingskennis naamlik:¹⁹

1.1.3.1 Die direkte metode:

Die pedagogieker wend hom hier direk na die lewensopvatlike geskrifte om te kyk watter opvoedingsvoorskrifte daar gegee word. Hy teken dan direkte verwysings na die kind, die opvoeding en die eise wat aan 'n volwassene gestel word aan. 'n Opvoedingspraktyk wat egter slegs gebou is op die direkte opvoedingsvoorskrifte sal 'n verarmde opvoeding meebring as dit nie ook die universele opvoedingsessensies in ag neem en implementeer nie.

So byvoorbeeld sal die Nagmaalsformulieropdrag aan die jong belydende lidmaat om sy gewete en gesindheid te ondersoek om vas te stel of hy voortaan 'n ernstige voorneme het om in eensgesindheid met sy naaste te lewe,

geïntensiveer en versterk kan word as die universele doelstruktuur, "sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling" as uitgangspunt (eerste synswyse) geneem kan word. Hierdie universele opvoedingsessensie wat lewensvatbaar is kan dan ook tot lewe gewek word deur die genoemde lewensopvatlike inhoud sodat die belydende lidmaat sterker onder die besef kom van die selfstandigheid van sy voornemens en besluite en ook van sy verantwoordelikheid tot dienooreenkomstige handelinge en gesindhede.

1.1.3.2 Die pedagogiese perspektief-metode:

Soos hierbo geïllustreer, word hiermee bedoel dat elkeen van die werklike essensies met hulle algemeen geldige inhoude geneem word en besondere inhoude in die lewensopvatlike bronne (bv. die Christelik-Protestantse) daarvoor gesoek word. So kan elkeen van die reeds genoemde doelstrukture inhoudelik gevul word met Nagmaalsformulier-inhoude (soos uit verdere hoofstukke sal blyk). So sal bv. die "ondersoek van die hart" om vas te stel of die lidmaat waarlik glo dat al sy sondes hom om Christus ontwil vergewe

is, lewe wek in die doelstruktuur "sinvolheid van bestaan", en hierdie inhoudelik-gevulde struktuur maak dan verdere ná-wetenskaplike denkarbeid moontlik en impliseer ook 'n verdere verdieping in verskillende aspekte van die regverdigmaking soos bv. genade, geloof, geregtigheid, regverdiging, heiliging ens.

Die partikuliere inhoude het ook lewe gegee aan die universele opvoedings-essensies sodat hierdie, voorskriftelik-geworde lewende opvoedingsessensies, 'n gefundeerde opvoedingspraktyk moontlik maak.²⁰

Uit die reeds bestaande literatuur waarin dit gaan om pedagogiese doelstrukture en om wek-van-lewe, blyk dat die Nagmaalsformulier in hierdie verband nog nie genoegsaam onder die aandag gekom het nie. Dat die Nagmaalsformulier wel wek-van-lewe status het, word van die Christen-denker oor opvoeding sonder twyfel aan gevoel. Sodanige "aanvoeling" kan egter nie dien as toereikende regverdiging vir sodanige aanwending van die Nagmaalsformulier nie. Daar sal ondersoek ingestel moet word na die betekenis (status) wat die Heilige Nagmaal vir die Protestantse Christen het en uit so 'n ondersoek sal gepoog moet word om redes raak te sien waarom verwag kan word dat dié formulier

wek-van-lewe status het. Dié ondersoek sal in paragrawe 1.2 en 1.4 onderneem word.

Alhoewel, soos uit die voorgaande blyk, reeds duidelike uitsprake oor pedagogiese doelstrukture en wek-van-lewe gemaak is, is dit tog sinvol om vanuit 'n anderse perspektief te kyk na die onderlinge verbande tussen die momente wat die werklikheidsgebeure wek-van-lewe konstitueer en wat dit in verband plaas met die doelstrukture. Wanneer daar van onderlinge verbande (sinsamehange) gepraat word, dring die dialektiese metode homself op die voorgrond. In hierdie verband sal verwys word na, vir hierdie ondersoek, relevante dialektiese triades in paragraaf 1.3. Daarná sal die triade potensieel-lewend, lewensvatbaar en wek-van-lewe in paragraaf 1.3.1 uitgelê word, gevolg deur 'n beskrywing van die triade lewensvatbaar, wek-van-lewe, lewende doelstrukture. Die doel met hierdie beskrywing en uitleg is om weer eens die fundamenteelheid van die wek-van-lewe handeling onder die aandag te bring. Hierdie "onder die aandag bring" is nodig veral aangesien daar in die hieropvolgende hoofstukke oorgegaan sal word tot 'n aanduiding daarvan hoedanig Nagmaalsformulier-inhoude lewe-wekkend aangewend kan word.

1.1.4 Pedagogiek as Essensiepedagogiek:

Ter afsluiting van hierdie inleiding is dit nodig om kortliks te verwys na die werkswyse wat gevolg gaan word. Een van die denkhoeke van die Fundamentele Pedagogiek is dat pedagogiekdenke essensie-denke is, dus dat Pedagogiek Essensiepedagogiek moet wees ten einde as Pedagogiek te kan kwalifiseer. Dit beteken dat dit in hierdie verhandeling moet gaan om 'n denkende soektog na:

- (i) essensies van 'n besondere doelstruktuur,
- (ii) inhoude as essensies van die Nagmaals-formulier en
- (iii) sintese van hierdie essensies.

Dit is derhalwe gerade om vervolgens 'n kort bespreking te wy aan enkele uitsprake aangaande essensies, inhoude en die sintese-handeling.

1.1.4.1 Essensies

Vanweë sy fenomenologiese perspektief het die pedagogieker vier denkhoeke vir die pedagogiese segswaarde:

- (i) Fenomenologie is slegs as ontologie sinvol (Heidegger), dus slegs daardie wyse van fenomenologie-beoefening wat ingestel is op ontologiese begryping, is sinvol. Dit behels die vraag na die syn en die syn-sin van 'n besondere aspek van die werklikheid wat hier die opvoedingswerklikheid is.

(ii) Om tot ontologiese begryping te kan kom, moet die fenomenologiese werkswyse aangewend word.

Ontologie is dus slegs as fenomenologie moontlik omdat hierdie werkswyse direk gaan na wat is (na die ontos).

(iii) Fenomenologiese denke is kategoriale denke (verwoorde beligtende denkmiddele).

(iv) Pedagogiekbeoefening is onmoontlik as die wetenskapper geïsoleerd is van die opvoedingswerklikheid. In-die-wêreld-wees (as Dasein) is die grond waaruit alle verdere denke aangaande die mens moontlik is.²¹

Die wêreld is deurweek van menslikheid en die mens is deurdring van die wêreld wat nie beteken dat hy wêrelds is nie, maar wel dat hy by en met die dinge is wat hy wil bestudeer.

(v) Die fenomenologiese denkstappe is verantwoordbaar in dié sin dat dit voldoen aan besondere vereistes nl. wetenskaplike noodwendigheid en lewensopvatlike toelaatbaarheid.

Die toelaatbaarheid om die lewensopvatting voorlopig apart te bestudeer is

in paragraaf 1.1.2.3 uiteengesit.

Daar is ook aangetoon dat die lewensopvatting nou as besondere maatstaf aangewend word om te beoordeel aangaande die toelaatbaarheid, sinvolheid en noodwendigheid van verdere situasiegerigte denkhandelinge en denkstappe deur die pedagogieker. Van die mens word in Job.28 : 11 gesê: "... en wat verborge is bring hy aan die lig", en in Fil. 4:8 "... watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit". Die Christen-Protestantse pedagogieker mag (moet) dus aan die lig bring en hy mag (moet) dit denkend doen. Dit gaan om twee bekendstellingswyses van dieselfde opvoedingswerklikheid wat voorlopig apart bestudeer en dan noodwendig gesinteseer word omdat die lewensopvatlike openbaring die essensies wat geleë is in die alledaagse opvoedingswerklikheid self verder verhelder en lewe daaraan gee en lg. werklikheidsessensies eersgenoemde orden.

Wat verstaan ons nou onder wetenskaplike noodwendigheid? Dit dui op 'n wetenskaplike deurskouing en wesensanalise van die opvoedingswerklikheid om daar essensies raak te sien en te

openbaar. Verder dui dit daarop dat alle verdere stappe van die fenomenologiese werkswyse dan in werklikheid denkstappe is om die essensialiteit van sodanige essensie te verifieer²² en die essensie-status daarvan te bevestig.²³

Die pedagogieker sal hom dus denkend uitstrek na werklike essensies om dit raak te sien, die verborgenheid daarvan te oorwin en met oorgawe te attendeer (Van Niekerk).²⁴ Die pedagogieker sal dus sy aandagtig-in-die-wêreld-wees intensiveer tot 'n aktiewe gemoed bly by en 'n aktiewe beluistering van die opvoedingswerklikheid self. Hierdie attenderend gerig bly maak dit moontlik om essensies in hulle sin en sinsamehange raak te sien en te begryp met die oog op verdere wetenskapsbeoefening of ter wille van gefundeerde praktykwording.²⁵

Die geopenbaarde essensies is werklikhede uit die opvoedingsgebeure soos dit is en is onherleibaar.²⁶ Dit is fundamenteel van die opvoedingsverskynsel wat hom as opvoedingsgebeure in die egte opvoedingsituasie toon as onwegdinkbaar, noodwendig, onontkenbaar, onweghandelbaar en onbetwyfelbaar.²⁷

Dit is moontlikheidsvoorwaardes vir sinvolle opvoeding.

Die essensies word in strukture georden ter wille van sistematiek en met die oog op begripsonderskeidings wat o.a. nodig is vir verdere wetenskaplike analise en dialekties-hermeneutiese verwerking van die essensies. 'n Struktuur van werklike essensies (bv. 'n doelstruktuur) is 'n geordende samestellende eenheid van werklikhede wat bymekaar en inmekaar pas; werklikhede waarsonder nie oor ander werklikhede gedink kan word nie; moontlikheidsvoorwaardes wat vereistes is vir verwerking; betekenisdraers (draers van die oorspronklike betekenis in sy betekenisvolheid, soos dit klaarblyklik is); evidensies (sekerhede wat nie toevallig is nie maar gelykblywend en invariant); beleefbaarhede (wat intensioneel beleef kan word).

Voorbeeld: Die doelstruktuur:

Normidentifikasie met die onderskeibare (nie geskeie) essensies:

- (i) behoortlikheidsbeoefening-uit-eie-keuse
- (ii) vereenselwiging-met-besondere-norme
- (iii) toereikende normkennis.

Essensies moet verder kategoriale status besit en is na hulle aard en wese beligtende denkmiddele, toegangswegskeppende middele en essensieopenbarende aanspreekmiddele wat geïmplementeer kan word vir diepere ondersoek dus meer-radikale deurdringing tot verdere werklike essensialiteit en verfyning van die doel-essensies as kulminasiepunt van alle vorige essensies.²⁸

1.1.4.2 Inhoude:

Soos reeds vermeld, is fenomenologiese denke kategoriale denke en ontologies sinvol omdat die fundamentele kategorieë beligtende verwoordinge is van die universele leefwêreld self. Hierdie onbevooroordeelde deurskou tot die diepste synsgronde, vertrekkende vanaf die pedagogiese gebeure²⁹ openbaar nie alleen essensies as

(i) algemeen-geldige inhoude nie maar toon verder aan dat die pedagogiese essensies self ook werklike inhoude kan hê bv. religieuse, sosiologiese, psigologiese en sedelike momente wat geensins afbreuk doen aan die outonomie van die Pedagogiek nie. Die opvoedingsgebeure is 'n uitsluitlik menslike gebeure

wat te onderskei, maar nooit geskei kan word van die mens se totale in-die-wêreld-wees nie. Die fenomenologiese ingesteldheid bring dus ook helderheid oor die verhouding teorie en praktyk³⁰ waaroor veel besin, gepraat en die laaste uitspraak nog nie gevel is nie.

So het J.H. Gunning reeds in 1923 die verskil tussen Pedagogiek as Opvoedingsleer en pedagogie as opvoeding probeer vaslê, "Want in deze theorie gaat het behalve om rationele, ook om morele verantwoordelijkheid, door de theorie betrekking heeft op ons handelen met mensen, ons beïnvloeden en geestelike leiden van jongeren", en verder "Theorie zonder praktyk is voor genieën, praktijk zonder theorie is voor gekken en skurken, maar voor het gros der opvoeders is de innige onverbreekelijke vereeniging van beide".³¹

Langeveld onderskei ook tussen Pedagogiek as vorm van wetenskap wat wil weet en ken, die teoretiese, en wetenskap wat moet handel - die praktiese. Vir hom is dit

veral die taak van die ouer om die beeld van volwassenheid voor te leef en die kind te help om homself te sien "alz een zich-transcenderende wezen".³² 'n Mens sou hier kon byvoeg dat die taak van skool en Kerk, veral by die voorbereiding van sy lidmate, is tot belydenis van geloof. Landman, Wilbers e.a. pedagogiekers onderskei in hierdie verband tussen doelkunde en doelleer. Soos in die paragrawe 1.1.2 en 1.1.3 oor "wek-van-lewe" kan dan onderskei word tussen twee bronne van opvoedingslewe, sowel as tussen die vóór-wetenskaplike, (leefwêreld) wetenskaplike denkarbeid en ná-wetenskaplike opvoeding (deur bv. 'n ouer) en pedagogie (deur 'n deskundig-opgeleide opvoeder).

Algemeen-geldige inhoude wat wetenskaplik verantwoordbaar is besit slegs oor latente-lewendigheid en het as sodanig weinig waarde vir die opvoedingsgebeure tensy verlewending plaasvind. Nie alleenlik gaan dit om 'n volwassene en nie-volwassene nie, maar ook oor norme en behoorlikheidseise

wat 'n ideëel-menslike aangeleentheid is. Dat die mens 'n normerende en normgerigte wese is, is 'n wetenskaplike uitspraak wat algemeen-geldig en noodwendig vir alle mense is, maar daar kan geen norm lewend wees sonder

(ii) partikuliere inhoude nie. Hierdie partikuliere inhoude spreek uit die lewensopvatting wat voorlopig apart maar intensief bestudeer moet word as gelykwaardige, besondere, onwegdinkbare, lewe-wekkende bron van opvoedingskennis.³³

Lewelose (latent lewende) pedagogiese essensies word op grond van hul lewensvatbaarheid verlewendig deur lewensopvatlike inhoude, en word dan lewendig. Afsluitend iets oor twee verdere uitsprake oor "inhoud".

(iii) Viktor Warnach toon deur fenomenologiese analise aan dat elke synde twee aansluitende grondmomente bevat nl. 'n opnemende draende en 'n inhoudelike moment. Die draende moment is ontvanklik vir inhoud, wat 'n bepalende funksie verrig.³⁴ Vir die opvoeder is inhoudkennis dus van besondere betekenis gepaard met kennis van

die draer van of struktuur
(essensie) vir daardie bepaalde
inhoud. Dié inhoud sal betekenis
gee aan die doelstruktuur as
besondere vorm.

Die draer (waarin die opvoeder as
persoon verteenwoordig is) soek
na vervulling (verwerkliking) en
dit is die ontologiese funksie
van die inhoud om dié verwerkli-
king te bewerkstellig.³⁵ Peda-
gogiese inhoud maak verwerkliking
in pedagogiese situasies moontlik
en lewensopvatlike verlewendiging
van die inhoud maak verwerkliking
in partikuliere pedagogiese en
opvoedingsituasies moontlik.

Die vraag wat in hierdie verhande-
ling beantwoord moet word, is of
die Nagmaalsformulier hom leen
tot lewensopvatlike verlewendi-
ging van fundamenteel-pedagogiese
essensies.

(iv) Leo Gabriel : Vorm en inhoud

Inhoud kom in vorm tot uitdruk-
king en gaan prinsipieel daarin
op sodat die vorm vir die inhoud
bepalend word.³⁶ Dit beteken
dat byvoorbeeld die lewensopvatlike
inhoude (waarin die opvoeder as

persoon verteenwoordig is) soek na vervulling en dit is die ontologiese funksie van die vorm om daardie verwerkliking te bewerkstellig.

Die eenheid van wedersydse implikasie van vorm en inhoud word deur hierdie twee uitsprake bevestig, en die status van die Nagmaalsformulieressensies as inhoud sal bedink moet word.

1.1.4.3 Sintese

Pedagogie (deur 'n deskundige) veronderstel 'n integrasie van wetenskaplik-gefundeerde pedagogiese kennis verkry uit die opvoedingswerklikheid self sowel as prinsipiële kennis (d.i. verkry deur ná-wetenskaplike denk-³⁷arbeid) deur bestudering van die gelykwaardige lewensopvatlike bronne. Laasgenoemde blyk noodwendig te wees omdat hierdie partikuliere inhoude in staat is tot wek-van-lewe, verheldering, ordening en intensivering van sluimerende, lewensvatbare, algemeen geldige essensies en inhoude.³⁸ Sintese van die wetenskaplik-gefundeerde en dié lewensopvatlike kan op twee wyses geskied naamlik deur:

(i) Sintese-denke:

Hierdie is 'n gedwonge sintese langs dialektiese weg waarvan die ware pedagogieker hom egter weerhou, omdat hier sprake is van die gedwonge versoening van onversoerbare (nie-integreerbare) kontradiksies. Die denke word dwingend geforseer tot skepping van 'n sintese. In die dialektiese triade word die tese (stelling), kontradiktories gestel teenoor die antitese (teenstelling) en albei word dan opgehef in 'n sintese. Krities beskou, mag beide tese en antitese bestaansreg in die werklikheid besit maar die pedagogieker staan uiters skepties hierteenoor in 'n pedagogiese situasie omdat 'n antitese, as kontrakdiksie, geen bestaansreg in 'n outentieke sintese het nie. Die sintese vanweë sintesedenke is dus opgebou uit twee komponente waarvan een geen bestaansreg in 'n opvoedingsituasie het nie. So 'n sintese kan dus nooit geld in die pedagogiese situasie nie.

(ii) Outentieke sintesering:

Dit is vir die pedagogieker egter duidelik dat die dialektiese metode wel moontlik is om die werklikheid en dus ook die opvoedingswerklikheid, te begryp omdat die werklikheid dialekties gestruktureerd is.

Outentieke sintesering is 'n egte, werklikheidsgetroue samevoeging van telkens twee moontlikhede wat elk bestaansreg en bestaansnoodwendigheid besit in 'n pedagogiese situasie, en gesuiwer is van dialektiese idealisme, teologisme, naturalisme en marxisme.

Elke synswyse het dus bestaansreg en is ontologies verantwoordbaar. In geïsoleerdheid is hulle ontoereikend om doelverwesenskap te wees maar hulle besit die vermoë om geïntegreer te word in 'n hoër synswyse (sintese).³⁹ Die eerste synswyse maak die verwerkliking van die tweede synswyse moontlik en word terselfdertyd geïntensiveer (verryk, versterk, verskerp) deur die tweede.

- (a) Albei synswyses gaan dan gesamentlik en gelyktydig oor in die geïntegreerde synswyse, word daarin opgeneem en bly daarin behou en bewaar (Klafki).⁴⁰
- (b) Elke stap is die uitkoms van die voorafgaande stappe en bevat en omvat hulle.
- (c) Die antwoord van die pedagoog wat uit die spanningsverhouding tussen die twee synswyses blyk is die verwerkliking van die sintese.
- (d) Die onderlinge verband tussen die essensies is dialekties van aard en die moontlikheid tot integrasie word deur die opvoeder voorberei en ondersteun en saam met die kind verwerklik.
- (e) Die voltrekking van die gebeure maak die sin daarvan uit.
- (f) Die stappe in die verloop van die opvoedingsgebeure is opvoedingshandelinge, aktiwiteit, aksie, selfbeweging (Gerd Brand).⁴¹

(g) Elke opvoedingsessensie is in konstante beweging, 'n oorgang gerig op verdieping, intensivering. Daar is sprake van voortgang (T.Litt). Dit is voortgang tot verdieping.⁴²

Direkte beweging vanaf eerste synswyse na derde synswyse is wel moontlik maar is 'n verskraalde, verarmde weg, terwyl by outentieke sintesering twee werklike essensies in 'n besondere moontlikheidsvoorwaardeverhouding tot mekaar staan wat gesamentlik kan en moet verdiep en geïntensiveer word tot 'n derde moontlikheid.⁴³

Vervolgens moet daar nou eers aandag geskenk word aan die betekenis van die Heilige Nagmaal ten einde te bepaal of dit segswaarde kan hê by die lewendige dialektiese beweginge in pedagogiese situasies.

- 1.2 Betekenis van die Heilige Nagmaal : Algemeen.
Die Christen kry deel aan Christus deur die geloof maar, volgens Calvyn, is daar besondere genade-middele nodig waardeur die geloof gewek en versterk kan word. Daarom het God herders en leraars aangestel met gesag om te onderwys en die sakramente te bedien waardeur die geloof gevoed en gesterk word.⁴⁴ Die besondere middele is dan:
- 1.2.1 Die Woord wat verkondig word. Daarom wil God ook dat daar heilige samekomste gehou sal word sodat die eenheid van die geloof gevoed en onderhou sal word met die leer van die Evangelie.⁴⁵ Die verrese Heiland se opdrag aan al sy apostels was dan ook om die Evangelie te verkondig aan die ganse mensdom (Matt. 28 : 19). Die sigbare kerk is dáár waar die Woord van God eg verkondig en aangehoor word en die sakramente bedien word volgens die instelling van Christus.⁴⁶ Die suiwer bediening van Woord en Sakrament is dus die merktekens van die ware Kerk.⁴⁷
- Wat die verhouding van Woord en Sakrament betref, is dit duidelik dat God in Sy wysheid hierdie twee middele aan Sy Kerk gegee het as genademiddele.⁴⁸ Wat is nou die sistematiese verband tussen Woord en Sakrament?
- As die "Woord" hier Jesus Christus bedoel, is die Sakrament ondergeskik aan die Woord. As die "woord" egter dui op die prediking van die

Kerk, dan staan Woord en Sakrament naas mekaar, albei as getuienis aangaande dié Woord nl. Jesus Christus. Tog mag nie uit die oog verloor word dat die geloof uit die gehoor is (Rom. 10 : 17) en dat Christus sy dissipels beveel het : "Verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Markus 16 : 15) en nie "Bedien die Sakramente nie".

Soos in die versoeningswerk van Christus die regverdigmaking die heiliging voorafgaan, omsluit die Woord van God beide Evangelie en Wet, só gaan die geloof die werke vooraf en só volg die Sakrament op die prediking van die Woord.⁴⁹

1.2.2 Die Sakramente:

1.2.2.1 Waarom is dit nodig? Nadat Zwingli, Luther en Calvyn tydens die Hervorming die Roomse Sakramentsleer herskryf het volgens die Skrif, verklaar hulle eenstemmig dat die genade van die Sakrament 'n vergewende genade is, 'n teken geheg aan die Woord waarsonder die Sakrament as sodanig geen waarde het nie. Nie die Sakrament nie, maar sy werking en vrug hang af van die geloof van die ontvanger.⁵⁰

Die Sakrament voeg dus niks nuut by die Woord nie, maar onderstreep en versterk die Woord en die geloof.⁵¹

"The term 'sacrament' denotes an outward and visible sign of an invisible

and spiritual reality. By means of symbol which is metaphor transformed into action or concreteness, truth is conveyed to the participants in a sacrament much more readily than by the bare word. Language conveys truth, but symbol does what language can not compass".⁵²

Dit blyk nou duidelik dat, behalwe die prediking van die Woord daar nog 'n ander hulpmiddel is om die geloof te versterk, nl. die Sakramente. Die Nederlandse Geloofsbelydenis handel in artikels 33 tot 35 oor die Sakramente. In artikel 33 staan: "Ons glo dat ons Goeie God deur ag te gee op ons botheid en swakheid, vir ons die sakramente verorden het om aan ons Sy beloftes te verseël en om pande te wees van die goedwilligheid en genade van God jeens ons en ook om ons geloof te voed en te onderhou ... dit is sigbare waartekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak ... So is die tekens nie tevergeefs en ledig om ons te bedrieg nie, want hulle waarheid is Jesus Christus, sonder wie hulle niks sou wees nie."⁵³

So is die tekens, ook by die Nagmaalsviering, dan tevergeefs sonder Christus,

die Profeet, die Priester en die Koninklike. "The statement that He was obedient unto death, even the death of the cross, is the shortest summary of the whole life of Jesus. He actively fulfilled the Law, because He fulfilled its meaning, which is 'agape' (generous love, love which serves, as in the footwashing when the Lord bent down to serve)"⁵⁴

Hy het gekom om te red. "The Son of man came ... to give His Life on random for many".⁵⁵ Hy is die lig van die wêreld (die Profeet), Hy verbreek sondebande (die Verlosser en Priester) en heers oor die mens (die Koning).⁵⁶

1.2.2.2 Die wese van die Sakrament. Volgens Calvin is die sakrament 'n uitwendige teken waardeur die Here die belofte van sy goedertierenheid verseël om die swakheid van die geloof te versterk. Augustinus sê dat dit 'n sigbare teken is van 'n heilige saak nl. die onsigbare genade. Die Latynse Bybelvertaling het die Griekse woord "mysterion" (verborgenheid) gereeld weergegee met die Latynse woord "sacramentum" omdat dit die teken aandui wat 'n verhewe aanskoulike voorstelling gee

van die geestelike dinge.⁵⁷ Van belang is die instelling van die sakramente deur God. Hulle is nie die vrug van menslike vinding nie, maar kom uit die hand van die Here wat deur die sakramente iets wil sê en op die beloftes van die Evangelie wys.⁵⁸

Dit blyk dus dat daar geen sakrament kan wees as daar nie 'n belofte voorafgaan nie. Die sakrament is soos 'n aanhangsel by die belofte gevoeg om dit te versterk. Die sakrament bestaan uit die Woord wat voorafgespreek word, wat die teken verklaar en al die tekens wat daarop volg. Augustinus leer:..... "Laat die Woord by die element en die teken kom en dit word 'n sakrament." Bavinck onderskei ook tussen "verbum" en "elementum"-woord en element. Dit is so, nie omdat die woord gespreek word nie, maar omdat dit geglo word. Kort en bondig praat van Niftrik van die sigbare Woord.⁵⁹

Karl Barth wys daarop dat die sakrament verder aandui dat hier nie slegs gespreek word nie maar dat hier gedoen word (naamlik in die geboorte van 'n nuwe mens. Skryfster sien hierin wekvan-lewe in die "ou" wyse van lewe).

Handeling word by die gesproke woord gevoeg. Calvyn praat van die seël van Christus wat by die gesproke woord gevoeg word. "In the sermon a man speaks; the sign is here the word of man. Even in the sacrament there is speech, but the characteristic feature is what is done, in the sign of receiving food and nourishment."⁶⁰

Só rus die geloof dan op die Woord van God; maar as die sakramente daarby kom, steun dit daarop as op pilare en is dus nog vaster. Dit kan ook spieëls genoem word waarin die rykdom van die genade aanskou word. Die sakramente versterk die geloof alleen omdat hulle deur God daartoe ingestel is en nie omdat hulle 'n verborge krag in hulself daartoe besit nie.⁶¹

Tot die wesenlike elemente van 'n Reformatoriese definisie van 'n sakrament sou dus gereken moet word:

1. Dat dit deur God/Christus self ingestel moet wees,
2. dat daar 'n uiterlike simbool, teken of seël moet wees; dus 'n heilige sigbare waarteken,
3. dat daardie Simbool, teken of seël die Evangelie tot inhoud moet

hê. Evangelie word omskrywe as:
dat God die mens op grond van die
enige slagoffer van Christus wat
aan die kruis volbring is, verge-
wing van sondes en die ewige lewe
uit genade skenk.⁶²

Hierdeur word die belofte van vergifnis
en genade beter verstaan en verseël.⁶³

Die Rooms-Katolieke kerk het sewe
sakramente wat o.a. die huwelik en die
bieg (op grond van Jak.5 : 16 "Bely
mekaar julle misdade....") insluit.
Getoets aan die Reformatoriese definisie
en aan art. 33 van die Nederlandse
Geloofsbelydenis voldoen slegs twee
sakramente aan die vereistes nl. die
Heilige Doop en die Heilige Nagmaal.
"Het spesifieke in Doop en Avondmaal is,
dat zij op een bepaalde, zichtbare
wijze de genaden voorstellen en degenen
aan wie deze zichtbare afbeelding der
genade wordt meegedeeld, ook de genade
zelf deelachtig maken."⁶⁴

In Doop en Nagmaal besit die Protestantse
Christen oneindig meer as die Roomse
met sy sewe sakramente, want nié die
aantal sakramente beslis nie maar die
instelling deur Christus en die volheid
van die genade wat Hy daarin meedeel.⁶⁵

Vir die ware Christen verloop die lewe nie van die wieg na die graf nie maar veel eerder tussen Doop en Avondmaal. Aan die begin van die lewe staan as teken van God se genade die Heilige Doop wat eenmalig aan die mens bedien word. Voór die mens lê steeds die viering van die Heilige Nagmaal. In die geloofsluwe gryp die mens telkens terug na die feit dat hý ook deur God geteken is tot Sy eiendom, dat ook hý die sakrament van die Doop ontvang het "om geheelijk Hem toegeëigend te zijn, zijn merk en veldteken dragende" (art. 34 Nederlandse Geloofsbelydenis). Die mens mag God telkens herinner aan die belofte in die Doop gegee. Andersyds is die geloofsluwe gekenmerk deur 'n herhaalde-like toetrede tot die Nagmaal om versterk te raak in die sekerheid van die geloof: ook ek (die mens) behoort tot die Verbondsgod; ook ek mag aansit aan die tafel wat die Vader vir Sy ganse huisgesin (die Kerk) voorberei het. Komende van die Doop is die gelowige steeds op weg na die Nagmaal totdat hy genooi word na die bruilofsmaal van die Lam (Openb. 19 : 9).⁶⁶

1.2.2.3 By die Nagmaal word bely dat Christus alle gelowiges beveel het om tot Sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood

te eet en van hierdie beker te drink, en daarby ook beloof het: eerstens, "dat Sy liggaam só seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek en Sy bloed vergiet is, as wat ek met die oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die drinkbeker aan my meegedeel word; ten tweede, dat Hy self my siel met Sy gekruisigde liggaam en vergote bloed so seker tot die ewige lewe voed en laaf as wat ek die brood en die drinkbeker van die Here as gewisse waartekens van die liggaam en bloed van Christus uit die hand van die dienaar ontvang en met die mond geniet". (Heidelbergse Kategismus, Vr.75)

'n Mens moet by die sakramente let op die tekens en seëls wat God gegee het sowel as op die saak wat afgeteken en beseël word.⁶⁷ Die teken en betekende saak is saamgevoeg maar kan geskei word, aldus Calvyn. Alleen vir die uitverkorenes werk die sakramente die Genade wat hulle afbeeld. Die Woord sowel as die Sakramente is van geen nut as dit nie uit geloof aangeneem word nie.⁶⁸

(a) Die tekens. (Heilige, sigbare waartekens). 'n Mens kan onderskeid maak tussen natuurlike en

ingestelde tekens. As voorbeelde van natuurlike tekens kan genoem word die rook wat aan die vuur, die daeraad wat aan die son, die voetstap wat aan die wandelaar, die lag wat aan die vreugde en die traan wat aan die smart behoort.⁶⁹

Die sakramente is ingestelde tekens: Die Drie-enige God het dit gegee en deur Christus, die Middelaar van die verbond, ingestel as tekens van die Genadeverbond.

Die Sakramente is ook heilige tekens wat bestem is vir die diens van die Here en afgesonder is van die gewone gebruik. Verder is die Sakramente sigbare tekens. Die woord "weet" staan in verband met die Latynse woord "videre" wat "sien" beteken. God wil die dinge laat sien en toon wat Christus gedoen het.

- (b) Die seëls. Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê dat seëls dien om die beloftes van die Here te verseël. Die beloftes van God het op hulleself geen seëls nodig nie maar God het om menslike swakheid en kleingelowig-

heid ontwil, hulle geskenk.

Sodoende word die mens in sy geloof versterk omdat hierdie beloftes vas en seker aan hom geskenk word.⁷⁰

(c) Die betekende saak: Jesus

Christus is die betekende Saak van die Sakramente. In Hom word die waarheid daarvan gewaarborg want sonder Hom sou dit geen betekenis hê nie. Daarom het die Here Jesus die tekens self genoem: "Dit is My liggaam, dit is My bloed!"

Bavinck onderskei in die sakramente ook tussen die "materia externa" (die sigbare tekens en seëls) en die "materia interna", die onsigbare saak, die betekende saak wat afgebeeld en verseël word nl. die verbond van die genade, die geregtigheid van die geloof, vergewing van die sondes, geloof en bekering, gemeenskap met Christus, Sy dood en opstanding, Sy liggaam en Sy bloed. Samevattend kan gesê word dat Christus, die ganse, ryke, volle Christus na Sy Goddelike en menslike natuur, Sy persoon en werk, in Sy vernedering en Sy verhoging, die materia

interna, die betekende saak van die sakrament is.⁷¹

God se Woord (die verbum) en die Sakramente (die elementum) is die betekenisvolste genademiddele wat God wil aanwend om die geloof te versterk.⁷² Die Sakramente skenk geen enkele weldaad wat nie uit God se Woord deur die geloof ontvang word nie. Die Sakrament is dus aan die Woord ondergeskik en dien tot versterking van geloof.⁷³ Die Sakramente is dus deur God self ingestel om die Woord te versterk en die belofte van die Evangelie nl. die vergifnis en die genade te verseël.

Die Sakramente van die Ou Testament beeld die Christus uit wat nog moes kom; dié van die nuwe Testament, die Christus wat reeds gekom het.⁷⁴ Die Doop verkondig dat die mens gewas is in die bloed van Christus, die Nagmaal dat hy verlos is. Altwee word gevind in Christus wat gekom het deur water en bloed (1 Joh. 5 : 6) sodat Hy sal reinig en verlos. Augustinus noem dit treffend die fontein van die Sakramente.⁷⁵

(d) Samevattend: Die wesenlike van die Sakrament by die Heilige Nagmaal:

- i. Die realiteit van die heil wat die mens aangebied en be- loof word, word deur die Sakramente uitgebeeld (Sien art. 33 van die Nederlandse Geloofbelydenis).
- ii. God se genade kom werklik as gawe van buite tot die mens. Uit die prediking sou die mens nog kon aflei dat die Evangelie 'n skone menslike idee is, produk van sy verlange, projeksie van sy diepste innerlike. Die Sakrament word hom gegee, word aan hom bedien. Brood en water word aan hom uitgereik. Dit onderstreep die genade aan hom betoon. Daarom dat in die Nagmaalsformulier die mens nadruklik daarop gewys word dat "ons ons lewe buite onself in Jesus Christus soek".
- iii. Die Sakramente sê uitdruklik dat God altyd die Eerste is, die Alpha. By die Doop en by die Nagmaalstafel is alles vir

die mens in gereedheid; hy kan net kom aansit. God as die Eerste kom die mens tege- moet en verkondig die Kruis- woord: Dit is volbring!

iv. Die Sakramente onderstreep die wonder van God se genade dat Hy in nederige, onaansien- like gestalte na die mens kom en geopenbaar word. God se genade begelei die tekens volgens Calvin. Volgens Luther word sy genadegawe in, met en onder die elemente ontvang.

v. Die Sakramente dui weereens daarop dat God se genade die menslike verstand, insig en begrip te bowe gaan, dat dit nooit dogmaties volkome ver- werk kan word nie, dat dit steeds geheimenisvol bly en tog in die Christelike Kerk as onwrikbare tekens van Sy genade staan totdat Hy kom.⁷⁶

1.2.3 Die Heilige Nagmaal

Oor die Nagmaal word gehandel in Sondag 28, 29 en 30 van die Heidelbergse Kategismus en in artikel 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

1.2.3.1 Die instelling van die Nagmaal.

Christus het die Nagmaal ingestel en Hy het dit gedoen in die nag waarin Hy verraai is, net voordat Hy as Lam geslag sou word. Christus vier eers die laaste pasga en stel dan die Nagmaal in sodat hier die Ou-Testamentiese en die Nuwe Testamentiese lyn van die Genadeverbond saamkom. "Want Christus is ons Pasga wat vir ons geslag is" (1 Kor. 5 : 7) Nou gaan die Eersgeborene van die Vader sterwe. "En nadat Christus die Pasga gevier het, neem Hy by die derde beker die brood en wyn en stel Hy die Heilige Nagmaal in" (Gal. 1:11; 1 Kor. 11:23).

Soos die blom uit die knop kom, so het die Nagmaal uit die pasga voorgekom want Christus is die Lam van God en ons Pasga.⁷⁷

Die instellingswoorde van die Nagmaal word opgeteken in vier Skrifgedeeltes: Matt. 26 : 26-29; Mark, 14 : 22-25; Luk. 22 : 15-20; 1 Kor. 2 : 23-25.

In dié weergawes is daar sekere onderlinge verskille naas die groot ooreenkomste.⁷⁸ "Dat Jesus tijdens de viering van het paschamaal het Heilig Avondmaal heeft ingesteld."⁷⁹

'n Verklaring van die instelling van die Nagmaal soos beskrywe deur Mattheus is gedoen o.a. deur Matthew Henry en word kortliks soos volg weergee:

"En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan Sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam" (Matt.26:26). Met die breek van die brood word te kenne gegee, eerstens dat Christus se liggaam gebreek word vir gebruik. "Hij is om onze ongerechtigheid verbrijzeld, zooals het broodkoren verbrijzeld wordt, hoewel geen been van Hem verbroken was, was toch Zijn vlees gebroken met breuk op breuk, en waren zijne wonden vermenigvuldigd". (Job 9:17; 16:14) Die mens het Sy wet verbreek nou eis die geregtigheid breuk op breuk (Lev. 24:20) en Christus word verbreek om aan die eis te voldoen. Ten tweede is die brood gebreek soos 'n vader dit vir sy kinders breek. Só word Christus gebreek om die Genade te vergemaklik. Hy gee dit aan sy dissipels (wat hier nie apostels genoem word nie) wat impliseer dat hulle dit ook aan ander volgelinge (dissipels van alle nasies?) moet gee.

Hy sê: "Neem, eet, dit is My liggaam,"
dus - neem Christus, wat jou aangebied
word, aan, ontvang die versoening.

"Houdt u aan de voorwaarden waarop het
nut en voordeel er van u wordt aange-
boden, onderwerpt u aan Zijne genade en
Zijn bestuur". "Toe neem Hy die beker,
en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan
hulle en sê: "Drink almal daaruit
want dit is My bloed, die bloed van die
Nuwe Testament wat vir baie uitgestort
word tot vergifnis van sondes".

Sy bloed wat vir vele vergiet word dui
op 'n verbond wat verseël want Jesus
Christus is 'n versoening vir die
sonde van die hele wêreld (1 Joh. 2:2)
waarin verlossing deur Sy bloed
geskenk word vir die misdade van die
mens (Ef. 1:7). Hierdie vergewing van
sondes is die groot seën wat "in die
awendmaal van die Here aan alle ware
gelowiges verleen word". Dit is die
grond vir alle ander seëninge en die
bron van Ewige vertroosting. Die ou
verbond van die kinders van Israel word
tans aaneengeschakel en verbind aan die
nuwe verbond vir elkeen wat glo.⁸⁰

1.2.3.2 Hoe die Heilige Nagmaal gevier moet word.

Paulus brei uit op die instelling van die Nagmaal deur in 'n brief aan die Korinthiërs ernstig te vermaan teen die misbruik van dié Sakrament. Ook in die Protestantse Nagmaalsformulier word die juiste viering van die Heilige Nagmaal duidelik beskryf.

(a) Wat behels die Nagmaalsformulier:

Dit is nodig om hier te benadruk dat die inhoud van die Nagmaalsformulier korreleer met die ganse Christelike leer soos dit o.a. in die Skrif en Belydenisskrifte uiteengesit is en wat aan die Nagmaalganger bekend moet wees omdat dit oor baie jare oorvloediglik uit die Heidelbergse Kategismus geleer is sowel vóór die aflegging van belydenis van geloof as herhaaldelik by die eredienste.

(b) Fundering van die formulier.

(Liefde teenoor God en medemens).

Die raamwerk van die hele Christelike leer is gefundeer op twee grondgedagtes nl. liefde teenoor God en liefde teenoor die medemens, en is vervat in o.a.:

- i. Die Twaalf Artikels van die Christelike geloof, in 3 dele, wat handel oor:
 - (a) God, Vader en Skepper;
 - (b) God die Seun en Verlosser;
 - (c) Heiligmaking deur die Heilige Gees.
- ii. Die Wet van God in twee dele:
 - (a) Die eerste vier gaan oor die relasie God-mens;
 - (b) Die volgende ses tafels handel oor die relasie mens-medemens.
- iii. Die Gebed van Jesus Christus wat soortgelyk aan die Wet ingedeel is.

Tydens die Erediens word hierdie hoekstene van die Christelike geloof dan ook by die Liturgiese orde van die diens ingesluit om sodoende te verseker dat die lidmaat se geheue verfris en sy hart ontvanklik gemaak word vir die viering van die Heilige Nagmaal.

Formuliere is dus opgestel as 'n kort samevatting en deel van die Belydenisskrifte wat aan die lidmate reeds bekend is as gevolg van kategetiese onderrig.⁸¹

1.2.3.3 Hier volg nou die werklike inhoud van die formulier met die doel om sekere essensies uit te lig vir latere betragting, asook die betekenis van Paulus se vermaning verder te verklaar

(1 Kor. 11 : 26-29):

"Geliefdes in die Here Jesus Christus, luister na die woorde

- i. van die instelling van die Heilige Nagmaal van onse Here Jesus Christus, soos die heilige apostel Paulus dit beskrywe in 1 Kor. 11 : 23-29:

Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet, dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot My gedagtenis (want Christus het sy liggaam vir ons aan die kruis gegee in die dood). Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie is die nuwe testament in My bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot My gedagtenis (want Christus het Sy bloed vir baie vergiet). Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. (Met die 'dood van die Here' word bedoel alles wat in verband staan met die koms van Jesus na die aarde om hier soos 'n mens te verkeer, verraai te word deur mense, te sterf aan die hand van mense en op te staan uit die dode tot heil van mense. 'Totdat Hy kom' beteken die gemeente leef steeds in die verwagting van die wederkoms van die Here op die wolke ... en verder dien dit ter bevestiging dat die Here sekerlik in Sy heerlijkheid sál kom). Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. (Waarin die "onwaardige wyse" bestaan moet ons aflei uit die misstande wat in Korinthe voorgekom het. Hulle doen die teenoorgestelde as die verskuldigde eer te bewys). Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en

drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. (Wie die karakter van die nagmaal as 'n besondere maaltyd misken, en dus nie begryp dat hy daar te doen het met die liggaam van die Here nie, haal die oordeel van God oor hom. Hy sal nie ongestraf bly nie.)⁸²

Om nou tot ons troos die Nagmaal van die Here te kan hou, is dit voor alles nodig dat ons onself tevore reg beproef; verder dat ons dit hou vir die doel waartoe die Here Christus dit verorden en ingestel het, naamlik tot Sy gedagtenis.

- ii. Die waaragtige ondersoek van onself word in hierdie drie hoofpunte saamgevat:
- (a) Ten eerste moet elkeen nadink oor sy sondes en vervloeking, sodat hy homself kan mishag en hom voor God kan vergootmoedig, aangesien die toorn van God teen die Sonde so groot is dat Hy dit - eerder as om dit ongestraf te laat bly - aan Sy liewe Seun Jesus Christus met die bittere en smadelike dood van die kruis gestraf het.
 - (b) Ten tweede moet elkeen sy hart ondersoek of hy ook hier die gewisse belofte van God glo dat al sy sondes hom alleen ter wille van die lyding en sterwe van Jesus Christus vergewe is, en dat die volkome geregtigheid van Christus hom as sy eie toegereken of geskenk is, ja, so volkome asof hy self in eie persoon vir al sy sondes betaal en alle geregtigheid volbring het.
 - (c) Ten derde moet elkeen sy gewete ondersoek of hy ook gesind is om voortaan met sy ganse lewe ware dankbaarheid jeens God die Here te bewys en voor die aangesig van God opreg te wandel; ook of hy sonder enige geveinsdheid van harte alle vyandskap, haat en nyd wil aflê en 'n ernstige voorneme het om van nou af in waaragtige liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe.
Almal dan wat so gesind is, wil God gewis in genade aanneem en vir waardige deelgenote aan die tafel

van Sy Seun Jesus Christus hou. Daarenteen, diegene wat hierdie getuienis in hul hart nie gevoel nie, eet en drink 'n oordeel oor hulself. Daarom is dit dan ook dat ons, volgens die bevel van Christus en van die apostel Paulus, almal wat weet dat hulle met hierdie navolgende sondes besmet is, vermaan om hulle van die tafel van die Here te onthou, en hulle verkondig dat hulle geen deel in die ryk van Christus het nie: naamlik alle afgodedienaars, alle Hulle almal moet, solank hulle in sulke sondes volhard, hulle van die spyse onthou wat Christus alleen vir Sy gelowiges verorden het, sodat hulle oordeel en verdoemenis nie des te swaarder word nie. Maar dit word ons, seer geliefde broeders en susters, nie voorgehou om die verslae hart van die gelowiges kleinmoedig te maak nie, asof niemand na die Nagmaal van die Here mag gaan as net dié wat sonder sonde is nie. Want ons kom nie na hierdie Nagmaal om daarmee te kenne te gee dat ons in onself volkome en regverdig is nie; maar inteendeel, omdat ons ons lewe buite onself in Jesus Christus soek, erken ons daarmee dat ons midde-in die dood lê. Daarom, al is dit dat ons nog baie gebreke en ellendigheid in ons vind, soos byvoorbeeld dat ons geen volkome geloof besit nie en God ook nie dien met so 'n ywer as wat ons verskuldig is nie, maar daaglik teen die swakheid van ons geloof en die bose luste van ons vlees moet stry; nogtans, desnieteenstaande, omdat ons oor sulke gebreke, deur die genade van die Heilige Gees, berou het en ons van harte begeer om teen ons ongeloof te stry en volgens al die geboie van God te lewe, daarom kan ons daarvan seker wees dat geen sonde of swakheid wat nog teen ons wil in ons oorgebly het, kan verhinder dat God ons in genade sou aanneem en so hierdie hemelse spys en drank waardig en deelagtig maak nie.

- iii. Ten tweede, laat ons nou ook oordink waartoe die Here vir ons Sy Nagmaal ingestel het, naamlik dat ons dit moet doen tot Sy gedagtenis. Maar dan moet ons Hom daarby aldus gedenk:

Ten eerste moet ons in ons hart ten volle vertrou dat onse Here Jesus Christus - volgens die beloftes wat aan die voorvaders in die Ou Testament van die begin af gegee is - deur die Vader in hierdie wêreld gestuur is, ons vlees en bloed aangeneem het, die toorn van God waaronder ons ewig moes versink het, van die begin van Sy menswording af tot aan die einde van Sy lewe op aarde vir ons gedra het en alle gehoorsaamheid en geregtigheid van die goddelike wet vir ons vervul het; vernaamlik toe die las van ons sondes en van die toorn van God Hom bloedige sweet in Getsémané ontpers het, waar Hy Hom laat bind het om ons te ontbind; daarna ontelbare smaadhede gely het, dat ons nimmermeer tot skande sou word nie; onskuldig tot die dood veroordeel is, dat ons voor die gerig van God vrygespreek sou word; ja, Sy geseënde liggaam aan die kruis laat spyker het, om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te heg; en het so ons vervloeking op Hom gelaai om ons met Sy seëninge te vervul; en Hom verneder het tot in die allerdiepste versmaadheid en angs van die hel, met liggaam en siel aan die Kruishout, toe Hy met 'n groot stem uitgeroep het: My God, My God, waarom het U My verlaat? - sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie; en het eindelijk met Sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige Testament, die verbond van die genade, en die versoening bevestig toe Hy gesê het: Dit is volbring.

(En dat ons dit vas kan glo het die Here Jesus die Nagmaal ingestel)

Uit hierdie instelling van die heilige Nagmaal van onse Here Jesus Christus sien ons dat Hy ons geloof en vertrou wys op Sy volkome offerande wat eenmaal aan die kruis plaasgevind het, as op die enigste grond en fondament van ons saligheid, waar Hy vir ons hongerige en dorstige siele 'n ware spys en drank van die ewige lewe geword het. Want deur Sy dood het Hy die oorsaak van ons ewige honger en kommer, nl. die

sonde, weggeneem en vir ons die lewend-
makende Gees verwerf; sodat ons deur
die Gees - wat in Christus as die Hoof
en in ons as Sy lidmate woon - met Hom
ware gemeenskap kan hê en al Sy
goedere, die ewige lewe, die geregtig-
heid en die heerlikheid deelagtig kan
word.

Bowendien word ons deur dieselfde Gees
ook met mekaar as lidmate van een
liggaam, in broederlike liefde saange-
bind, soos die heilige apostel spreek:
Omdat dit een brood is, is ons almal
een liggaam, want ons het almal deel
aan een brood. Want soos uit baie
graankorrels een meel gemaal en een
brood gebak word, en uit baie druiwe-
korrels, as hulle gepars word, een
wyn en drank vloei, en tot een vermeng
word, net so sal almal wat deur die
waaragtige geloof in Christus ingelyf
is, deur broederlike liefde om Christus
ons liewe Saligmaker ontwil, wat ons
tevore so uitnemend liefgehad het,
almal saam een liggaam wees, en dit nie
alleen met woorde maar met die daad
teenoor mekaar bewys.

Mag die almagtige God en Vader van onse
Here Jesus Christus, deur Sy Heilige
Gees, ons daartoe help, Amen.

- iv. Dat ons dan nou dit alles mag verkry,
laat ons onself voor God verootmoedig
en Hom met waaragtige geloof om Sy
genade aanroep:

Barmhartige God en Vader, ons bid U
dat U in hierdie Nagmaal - ... deur
U Heilige Gees in ons harte wil bewerk
dat ons met ware vertrou ons aan U
seun Jesus Christus hoe langer
hoe meer oorgee, sodat ons beswaarde
hart gespysig en gelaaf word en
ons nie meer in sondes mag lewe nie,
maar Hy in ons en ons in Hom, en só
waaragtiglik aan die nuwe en ewige testa-
ment en verbond van die genade deel mag
hê dat ons nie twyfel nie dat U ewig
ons genadige Vader sal wees wat ons
ons sondes nimmermeer sal toereken nie
en ons met alle dinge na liggaam en
siel sal versorg as U liewe kinders en
erfgename.

Verleen ons ook U genade, dat ons
getroos ons kruis opneem, onself
verloën, ons Heiland bely, en in alle
droefheid met 'n opgehewe hoof ons Here

Jesus Christus uit die hemel verwag, waar Hy ons sterflike liggaam aan Sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons by Hom sal neem in ewigheid.

- v. Verhoor ons, o God en barmhartige Vader, deur Jesus Christus, wat ons aldus leer bid het: "Onse Vader wat in die hemele is"
- vi. Wil ons ook deur hierdie Nagmaal versterk in die algemene, ongetwyfelde Christelike geloof (Twaalf artikels van die Christelike geloof).
- vii. Dat ons dan nou met die ware hemelse brood, Christus, gespysig mag word, laat ons met ons harte nie aan die uitwendige brood en wyn bly hang nie, maar ons harte opwaarts in die hemel verhef waar Jesus Christus is, ons Voorspraak aan die regterhand van die Hemelse Vader, sonder om te twyfel dat ons gespysig en gelaaf word.

(Tafelgebed en uitnodiging)

viii. Die Kommunie

As die brood gebreek en uitgedeel word: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem eet, gedenk en glo dat die liggaam van onse Here Jesus Christus gebreek is tot volkome versoening van al ons sondes.

En as hy die beker aangee:

Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem drink almal daaruit, gedenk en glo dat die dierbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot volkome versoening van al ons sondes.

Na die kommunie beëindig is spreek die dienaar:

ix. 'n Lofsang en dankgebed uit. 83

1.2.3.4 Wie mag nou aansit by die tafel van die Here?

Elke Nagmaalsviering word vooraf gegaan deur 'n Voorbereidingsdiens waarna verwag word dat elke belydende lidmaat homself

reg sal beproof (self ondersoek en beoordeel) voordat hy by die tafel van die Here aansit. Die doel van die ondersoek is:

- i. tot troos as hy dit hou vir die doel waartoe Christus dit verorden en ingestel het. Dus as sy gesindheid reg is en hy ware berou oor sonde het, hy waaragtige deelgenoot aan God se genade in Christus Jesus word.
- ii. Tot vermaning: "Wie op onwaardige wyse sal skuldig wees en drink 'n oordeel oor homself."
Verder word verkondig dat hulle wat aan sekere ergerlike sondes skuldig is en daarin volhard, hulle moet onthou van die Nagmaal.

Tydens elke Voorbereidingsdiens vind daar 'n bepaalde verkondiging op Bybelse gronde plaas, naamlik dat sommige op daardie tydstip tot die ryk van Christus behoort en andere nie. In die hede is die indeling nog nie finaal soos by die Werklike Oordeel nie, maar elkeen moet selfstandig kies of besluit of hy by die Ryk van God behoort, dus - die saligheid óf die ewige verdoemenis.

Diegene wat in openbare ergerlikheid leef word deur die kerkraad deur sensuur van die Nagmaal onthou en só verdoem (nie finaal nie!). Diegene wat weet dat hulle, in die geheim, in ergelike sondes volhard eet en drink 'n oordeel oor hulleself. Diegene wat wegbly verkondig die verdoemenis aan homself. Die Nagmaal raak ook dié sulkes.

Deur die Nagmaal word elkeen dus gedwing tot verantwoording (soos wat 'n waarlik volwassene in staat is om te doen) wat 'n ewigheidsbetekenis het (volgens die Skrif).⁸⁴

Die reël van die verbond is dat die kerk haar jeugdige lede wat as kinders van die verbond gebore is en deur die doop ingelyf is, opvoed tot selfstandige persoonlike belydenis en op hierdie gronde toelaat tot die Nagmaal.

Oor die hart oordeel die kerk nie en kan dit ook nie oordeel nie. Daarom dat slegs dié wat deur lewe of belydenis ongelowig en goddeloos wandel van die Nagmaal geweier word. Aan die anderkant word gepredik dat die Nagmaal alleen ingestel is vir hulle, "de zichzelven vanwege hunne zonden mishagen, nochtans vertrouwen, dat deze hun om

om Christus' wil vergeven zijn, en ook begeeren hoe langer hoe meer hun geloof te sterken en hun leven te beteren."⁴⁴

(Sien ook die Heidelbergse Kategismus, Sondag 30, Vrae 81 en 82).

1.2.3.5 Betekenis van die Nagmaal (in besonder),

Die Nagmaal is altyd 'n maaltyd van vreugde en dankbaarheid. Wie fees vier tree in relasie met die verrese Heiland wat tot die mens kom met die volle seën van Sy volbragte werk. Op sigself beskou is die Nagmaal die laaste gelykenis wat Jesus ter verduideliking van Sy persoon en die boodskap van Sy lewe en werk gegee het. Dit was ook die laaste lydensaankondiging. Die gelykenis gaan egter om meer as die sterwe van Jesus Christus, maar óók om die waartoe, naamlik die betekenis van Sy dood. Jesus praat van die "Nuwe Verbond in My bloed". (Luk, 22:20), (1 Kor, 11:24,25). Daarom is dit ook 'n verbondsmaaltyd wat die Verbond tussen God en mens bevestig.⁸⁶ Die verbond dui op die seël van die genade van God en die permanente verhouding tussen God en mens, asook op die uiteindelijke ingaan in die ewige lewe.⁸⁷

Telkens moet Nagmaal weer gevier word om die geloof te versterk maar ook omdat nog gelowiges en lidmate bygevoeg word tot die gemeente. Die verbondenheid met Christus moet telkens opnuut bevestig en geïntegreer word (1 Kor. 11:26). "So dikwels as julle hierdie brood eet

Jesus het ná Sy lye en sterwe nie opgehou om ons intredende Hoëpriester te wees nie. "Hy leef om vir hulle in te tree". So is die Nagmaal telkens opnuut weer die gemeenskap met die verheerlikte Christus, die een ewige Hoëpriester.⁸⁸

Vir Zwingli is die Nagmaal herinnerings- en gedagtenismaaltyd waarin: dit is My liggaam! sinnebeeldig vertolk word as dit beteken My liggaam.

Luther is christologies in siening en huldig die konsubstansieleer naamlik, dat Christus se liggaam en bloed in, met en onder die elemente aanwesig is, d.w.s. die reële teenwoordigheid van die gehele Christus na Sy goddelike en menslike natuur. Dus ook die ongelowige eet die ware liggaam en bloed van die Here maar sonder om die seën te ontvang.

Calvyn sien ook die werklike liggaam van Christus in die tekens maar wil nie weet van 'n alomteenwoordigheid van die liggaam wat nou, vir hom, in die hemel ruimtelik begrens is nie. As die mens deel kry aan die liggaam van Christus dui dit op die geestelike. Om in ware gemeenskap met die bloed en liggaam van Christus te kom is die werk van die Heilige Gees. Dit is Calvyn se pneumatologiese siening.

Calvyn onderskei die teken van die betekende saak. So word dit ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis in Art. 35 gevind. Ook die Heidelbergse Kategismus, Sondag 28, vraag 75, dui daarop dat Hy self die mens spysig en laaf tot die ewige lewe. Christus deel nie net die vrugte van Sy versoeningswerk uit nie; Hy gee Homself. Hy is persoonlik teenwoordig.⁸⁹

Die betekenis van die Heilige Nagmaal
omvat:

1. Wat vir die mens gedoen word:

Die Nagmaal wys op die werk wat Christus deur Sy kruisdood volbring het. Dit is aanskoulike onderwys wat herinner aan die verbreking van Sy liggaam en die vergieting van Sy bloed vir die mens. Hy

het homself vir die mens in die dood gegee waardeur ons die 'lewe' deelagtig kan word.⁹⁰

Dit bevestig die Sakrament as genademiddel.

Ook die gemeenskap wat deur geloof tot stand kom en in die Nagmaal versterk word, is en bly 'n gemeenskap met Sy gekruisigde liggaam en vergote bloed⁹¹ wat die ware spys en drank is wat die siel tot die ewige lewe spysig en laaf. Onder die weldade van God staan die vergewing van sonde mees prominent.⁹² Ook hierdie weldaad is al voorheen ontvang; die Christen besit dit reeds deur die geloof en het die teken en seël daarvan in die doop ontvang.⁹³

Daar is twee opvattinge oor die heil wat Christus vir ons bewerk nl. die strakke, objektiewe juridiese en die meer subjektiewe mistieke opvatting.

Die juridiese denkwysie sien sonde as skuld voor God wat betaal kan word alleen deur Christus, die sondelose Mens, deur Sy lyding en dood tot verlossing van die ganse

menslike geslag. So handel God na regte, en die reg is die onwrikbare grondslag van die mens se ganse heil (Sondag 5, 6 van die Heidelbergse Kategismis).⁹⁴ Die mistiese opvatting word verder aan bespreek.

Bavinck wys ook op die versterking van die gelowige in 'n buitengewone geestelike maaltyd waarin Christus, die gasheer, Sy eie gekruisigde liggaam en vergote bloed tot voeding vir ons siele aanbied. Daarom mag die gelowige nooit die diepere sin van elkeen van Sy tekens en handeling of woorde miskyk nie:

- i. Die tekens van wyn en brood as teken van geestelike voeding vir ons siele.
- ii. Die handeling by die instelling. Hy neem die dis en geniet self daarvan (Luk. 22:17) ten bewyse dat Hy, die gasheer, oor spys en drank beskik.
- iii. Hy seën agteenvolgens die brood en later die drinkbeker om daarin God te seën en te dank vir die gawe wat Hy (God) die mensdom deur Hom (die Seun) skenk.⁹⁵
- iv. Hy breek die brood (sy gebroke liggaam) en deel dit uit aan sy

dissipels.

v. Hy besig belangrike woorde:

'Dit is My liggaam!'. Hy verklaar
en lig toe. Hy bied aan elkeen
wat glo.⁹⁶

(Sien Genade, Geloof, Verlossing)

2. Wat deur die mens gedoen word:

Die nagmaalsviering is met bogaande
nie afgeloop nie. Die brood word
aan die gelowige gegee wat dit neem
en eet. Dít het 'n ryke betekenis.⁹⁷
Die mens moet ook só met die hand
van die geloof neem en met die
mond van die geloof eet van die
liggaam van Christus tot Sy
gedagtenis. Dan word ook die
beker aangegee en geneem soos die
bloed van Christus deur die geloof
aangeneem word. Dit beteken dat
die werk van Christus toegeëien
moet word; dat met 'n gelowige
hart die ganse lyding en sterwe
van Christus aangeneem moet word.⁹⁸

Tot sakrament word die Nagmaal
eers as Jesus die wyn uitdeel, die
woord word daad, die gedagte
gebeure. Sodoende kry die
dissipels persoonlik deel aan wat
Hy in lye en sterwe verwerf het.

Sy gehoorsaamheid tot die dood,
Sy offer word die lewenskrag vir
Sy dissipels (en alle gelowige
volgelingen daarná). Deur dit aan
te neem word hulle deel met die
offer en vrug van Christus⁹⁹ en
word kragtens die amp van Christus
werksaam deur die brood en wyn
vir mekaar aan te gee.¹⁰⁰ Hier-
deur word die Nagmaal 'n sakramen-
teel-simboliese handeling, 'n
persoonlike toeëining van die
belofte.¹⁰¹

By die doop as sakrament is die
mens passief; by die nagmaal is
daar sprake van opvoeding van die
geestelike religieuse lewe en
veronderstel dus opsetlike
bewustelike, handelende (aktiewe)
optrede by die in ontvangs neem
van die tekens.¹⁰² Dit sluit
aan by die mistieke opvatting van
die heilsgedagte wat naas die
juridiese bestaan (waarheen van
tevore na verwys is) sowel as by
die woorde van Jesus, "Doen dit
tot My gedagtenis" (Lukas 22:19).
Dit maak van die Nagmaal meer as 'n
objektiewe feit wat ewig waar is:

Christus in die mens se plek! Hy vir die mens! Maar nou ook: die mens met Hom! Die mens word gebring tot aan die voet van die Kruis, of liever deur die Nagmaal kom die Gekruisigde tot die mens en word hy met die Kruis gekonfronteer, word hy in die kruisgebeure opgeneem, sterf hy in Hom! Is hy met Hom! (Unio mystica)¹⁰³

Ten laaste, die nagmaal is slegs vir die gelowige ingestel. Brood en wyn word in geloof aangeneem. Die sakrament voeg geen enkele genade by dié wat in die Woord aangebied word nie; dit versterk en bevestig alleen wat uit die woord deur geloof aangeneem is.¹⁰⁴ Daarom is die geloof voor die ontvangs van die sakrament 'n onmisbaar vereiste. Die waarheid van die sakrament hang wel nie van die geloof af nie want soos by die woord het God Hom deur die Nagmaal verbind om Christus en Sy weldade waarlik te skenk aan elkeen wat glo. Die ongelowige ontvang uiteraard slegs die teken, soos by die woord alleen die klanke, en nie die saak self of die

deelgenootskap aan die liggaam
van Christus nie.¹⁰⁵

(Sien Regverdigmaking)

3. Wat met die mens gebeur:

Wanneer 'n mens eet en drink gebeur
iets met 'n mens, voedsel en drank
versterk en bou op. God het
hierdie innige verband tussen
voedsel en drank enersyds en lewe
andersyds gewil.¹⁰⁶ So ook by
die Nagmaal as brood en wyn genut-
tig word. Christus kies geen
vlees en bloed, maar brood en wyn
tot spys en drank om te kenne te
gee dat dit geen offerande
(soos in die Ou Testament) is nie
maar 'n herinneringsmaaltyd aan die
gemeenskapsbeoefening met die
gekruisigde Christus,¹⁰⁷ waardeur
die gelowiges gespysig en geloof
word tot die ewige lewe.¹⁰⁸

Die versterking in die geloof en
die deelagtig word van belofte en
weldade geskied deur die werking
van die Heilige Gees "in het hart
des menschen van noode; en het is
juist deze werking des Geestes,
die buiten en in het avondmaal de
gemeenschap met Christus tot stand

brengt en in stand houdt".¹⁰⁹

Om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en Sy vergote bloed te drink, beteken nie alleen die gelowige aanneem van die lye en sterwe van Christus, die vergewing van sondes en die verkryging van die ewige lewe nie, maar bowendien ook om deur die Heilige Gees wat tegelyk in Christus én in die mens woon, só met Sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig te word.¹¹⁰ So word die gelowige een met Christus. Soos Paulus dit stel: "Ek leef nie meer maar Christus leef in my".

Hierdie een met Christus bring weer die reeds genoemde mistieke opvatting na vore. Christus het vir die mens gesterf maar "Leer ons daaglik, leer ons duisend-swerwen, in Uw kruisdood meegekruisigd sterven, en herboren, opgestaan, achter U ten hemel gaan! Alleen só kan die macht der zonden worden gebroken: wij moeten met Christus sterven! Christus is met ons solidair geworden, maar maak ons nu ook met Zichz'elf

solidair. Wij zijn met Hem gekruisigd en gestorven!" lll

Hier moet gewaarsku word teen die objektiewe juridiese denkwysie waarin die mens as eksistensie buite staan en deur Christus gevrywaar word van sonde. Ook teen die mistieke denkwysie waarin die subjek weer oorbeklemtoon word, en afstand tussen Objek en subjek, Christus en mens oorbrug word: met Christus. Kan die mens werklik volkome in en met Hom wees?

Hoe moet die gelowige dan die vraag beantwoord oor: "hoe is ons werklik gered; hoe word ons salig in die volbragte werk van Christus?" Op hierdie vraag gee slegs die Nagmaalsformulier antwoord deur die sakramenteel-paradigmatische denkwysie.

Christus is die Paradigma, die Voorbeeld, die Eerste beeld, nie rasionalisties nie maar in Bybelse of sakramentele sin. (1 Petrus 2:21)

Die Nagmaal hou afstand tussen Christus en mens, maar lê

terselfdertyd ook kontak. Die brood is 'n gawe wat van buite na die mens kom, maar ... die mens eet en ontvang die gawe. Afstand maar kontak, sakramentele eenheid, vereniging. So word die mens met sy ganse eksistensie deur Christus, met Christus en in Christus (evenals Christus, na Sy voorbeeld) gered en verlos. Die mens staan nou midde met alles wat hy is en het. Die mens in die totaliteit van sy bestaan is gered. Brood en wyn word één met die menslike eksistensie. Die mens is in Christus en Christus is in hom. Nogtans bly Christus Christus en die mens bly mens. Hy sterf met Hom en staan op met Hom, tog bly daar distansie. Dit alles word ver-beeld en voor-gebeeld in en deur die Nagmaal.¹¹²

Calvyn het deurgaans benadruk dat die eenheid met Christus, die gemeenskap van Christus en die gelowige geestelik van aard is maar nogtans só innig en onverbreekbaar soos die hoof en die liggaam, wyn-stok en rank, bruidegom en bruid.¹¹³ Die Heilige Gees wat in Christus is woon ook in in die mens sodat "al

is Christus in die hemel en ons op die aarde, ons tog vlees van Sy vlees en been van Sy been is".¹¹⁴

Sodoende kry Christus gestalte in die mens deur die heiligmaking

soos in Gesang 62: "Heil'ge Jesus, vorm my lede, my kragte en begeerlikhede; maak my almeer Uself gelyk in my sien en in my wandel, dat in my denke, spreke, handel, in alles slegs u beelt'nis blyk!"

(Sien "Heiligmaking en Die mens volgens die beeld van God).

4. Wat onderling geskied:

Christus versterk ook die gemeenskap van die Heiliges, en daarin sien 'n mens die eenheid van die Kerk as die huisgesin van die Here aan die Nagmaalstafel. Daar is broeders en susters verenig: ryk en arm, eenvoudiges en geleerdes, ouers en kinders sit saam aan een tafel, word deur een Gees regeer en lewe Ewig met en vir Hom.¹¹⁵

Die gemeenskap van die gelowiges ook met Christus, soortgelyk aan dié van die enkeling tot Christus, is geestelik van aard en kom tot stand, nie omdat Christus liggaamlik

na benede daal nie maar omdat die gelowige sy hart opwaarts hef na die hemel waar Jesus Christus, sy voorspraak, aan die regterhand van die hemelse Vader sit. Dis 'n innige onverbreekbare gemeenskap (wynstok en rank) maar tog geen panteïstiese vereenselwiging, geen saamvloei van substansie nie, geen wesenseenheid soos by die drie Persone van die Drie-enigheid nie, geen personale vereniging soos by die menslike en geestelike nature van Christus nie. Christus en gelowiges bly te onderskei; hul persoonlikhede word gehandhaaf; die unio mystica is 'n vereniging van persone. Hierdie gemeenskap word deur die Heilige Gees bewerk wat in Christus as die hoof en in die gelowiges as Sy lede woon. Hierdie gemeenskap wat deur die Nagmaal versterk word is reeds in die Woord aangebied en in geloof aangeneem, en word hier bevestig en versterk. 116

"Want soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word só sal almal wat deur die waaragtige geloof in Christus

ingelyf is almal saam een
liggaam wees en dit nie alleen met
woord nie, maar ook met die daad
teenoor mekaar bewys".¹¹⁷

(Sien ook Dankbaarheid)

1.2.3.6 Die Struktuur van die Inhoud:

As 'n mens nou die inhoud van die
Nagmaalsformulier denkend en ontledend
beskou (alhoewel uit die aard van die
saak veel minder diepsinnig as deur
die geskoolde wetenskaplike dogmatikus
of teoloog) op direkte wyse of vanuit
pedagogiese perspektief, word moontlike
relevante fundamentele religieuse struk-
ture opgemerk wat as kategorieë
(beligtende denkmiddele) gebruik kan
word by verdere nadenke waardeur ook
verskeie ander essensies van die inhoud
van die Nagmaalsformulier ont-dek kan
word. Hierdie strukture, inhoude of
essensies sal in die volgende hoofstukke
gebruik word om lewe-te-wek in die
algemeen-geldige doel-strukture en
-essensies.

Beskou ons nou die liturgiese orde
tydens die Nagmaalsviering en die
formulier self word die volgende
strukture opgemerk:

- A. Die eerste gedeelte handel oor die Instelling
deur onse Here Jesus (Uiteengesit in paragraaf
1.2.3.1),

B. Die tweede gedeelte handel oor : Waaragtige ondersoek wat in drie dele onderverdeel word en sekere duidelike religieuse kategorieë openbaar.

I. Nadenke oor sonde en vervloeking - omvang van die sonde - verootmoediging voor God.

1. SONDE en aspekte soos :

- i. God en sonde
- ii. Oorsprong van die sonde
(by die mens)
- iii. Kennis van die sonde
- iv. Wesenlike van die sonde
- v. Werking van die sonde
- vi. Straf teen die sonde

Hierdie religieuse kategorieë kan ná diepgaande studie lewe wek in pedagogiese doelstrukture soos bv. Selfbeoordeling en selfbegrip, of Sedelik-selfstandige besluitvorming en handeling.

II. Sy hart ondersoek - waaragtig glo:

2. Regverdigheid en die kategorieë:

- i. Genade
- ii. Geloof
- iii. Verlossing
- iv. Geregtigheid (a) van God
(b) van die mens
- v. Regverdigmaking (of -ing)

Waaragtige geloof en regverdiging wek lewe in doelstrukture soos die lewensopvatting en sinvolheid van bestaan.

III. Sy gewete ondersoek - gesindheid - ernstige
voorneme - gehoorsaamheid - dankbaarheid.

3. Heiligheid:

i. Heiligmaking

ii. Volharding

4. Besondere Mensbeskouing:

(Die mens na God se beeld)

(essensies: gewete ondersoek, ook gesind is, ganse lewe, ware dankbaarheid, opreg te wandel, sonder geveinsdheid, ernstige voorneme, eensgesindheid, sonde besmet, daaglik moet stry, berou het, volgens gebooie te lewe)

Hierdie strukture en essensies kan lewe wek in die pedagogiese doelstrukture: Normidentifikasie en Sedelik-selfstandige keuses en handeling, Menswaardigheid en Mensbeskouing.

C. Oordink waartoe ingestel - ten volle vertrou -
in liefde bewys

5. Dankbaarheid

i. teen God

ii. teen die medemens

(essensies: oordink waartoe, volle vertrou, vas kan glo, werking van die Gees, ewige lewe verwerf, gemeenskap met God, met mekaar in liefde gebind, in daad bewys).

Ook hierdie struktuur en essensies kan beweging bewerkstellig in die latent-lewende doelstrukture van Lewensopvatting, Menswaardigheid, Sinvolheid van bestaan ens.

Hierná volg:

D. Gebed om voor God te verootmoedig:

Onderverdeel in essensies wat die genoemde strukture herbevestig en dieselfde wek-van-lewe funksies omvat:

aanroep)	
)	
oorgee)	Regverdiging
)	deur geloof
nie twyfel nie)	

kruis opneem)	
)	
selfverloën)	Heiliging
)	
gespysig en gelaaf)	

harte opwaarts)	Dankbaarheid ¹¹⁸
----------------	---	-----------------------------

E. Die "Onse Vader"

F. Twaalf artikels van die Christelike geloof.

G. Gebed en Uitnodiging (om aan te sit.....)

H. Die kommunie:

Uitdeel van die brood en wyn (beker van danksegging)

I. Dankgebed en lofsang.

In die volgende paragrawe sal nou enkele relevante dialektiese triades van naderby beskou en beskryf word.

1.3 Relevante dialektiese triades

In die inleiding tot hierdie hoofstuk is dit in vooruitsig gestel dat die Protestantse Nagmaalsformulier kan dien as voorsiener van lewe-
wekkende inhoude, dat dit dus 'n wek-van-lewe
bron kan wees. Dit impliseer dat dit waarin
lewe gewek gaan word, nog voor die wek-van-lewe
nie werklik lewend is nie maar tog lewend gemaak
kan word, dus lewensvatbaar is. Lewensvat-
baarheid veronderstel latente lewendigheid.¹¹⁹

In die onmiddelik voorgaande paragraaf word
die volgende triade opgemerk:

latent lewend/lewensvatbaar/wek-van-lewe. Maar
verder kan raakgesien word dat wek-van-lewe
nie bloot gaan om wille van wek-van-lewe as
sodanig nie. As sinvolle gebeure moet daar
sprake wees van 'n doel, aangesien doelloos-
heid en sinloosheid sinoniem van aard is. Die
doel van die wek-van-lewe handeling is om
lewende strukture (respektiewelik lewende
pedagogiese strukture) te ontwerp, wat in
hierdie verhandeling soos uit die betiteling
daarvan afgelei kan word, die lewensvatbare
pedagogiese doelstrukture is.

'n Verdere triade word opgemerk: lewensvatbaar/
wek-van-lewe/lewende doelstrukture en die
vraag ontstaan nou na die betekenis daarvan
as hierdie triades as dialekties van aard be-
skryf word. Hierdie vraag moet nou beantwoord
word.

In die dialektiese triade gaan dit om 'n beweging vanaf 'n besondere aspek van die werklikheid (bv 'n fundamentele pedagogiese essensie) of vanaf 'n sekere toedrag van sake (bv moontlik lewend), wat as eerste moontlikheid of synswyse benoem kan word. Die beweging is dan in die rigting van 'n ander aspek van die werklikheid (bv 'n ander pedagogiese essensie of 'n bepaalde inhoud) of na 'n ander toedrag van sake (bv werklike lewendigheid). Hierdie verdere werklikheid of toedrag van sake kan die tweede moontlikheid of synswyse genoem word. Die verdere beweging geskied wanneer hierdie twee moontlikhede (synswyses) gesamentlik in hulle geïntegreerde synswyse voortbeweeg om 'n sintese te vorm.¹²⁰

Ten einde te kan dien as moontlikhede (synswyses) van 'n werklikheidsgetroue dialektiese triade, moet elk van hierdie drie pole aan besondere vereistes voldoen:

1. (a) Al drie moet bestaansreg hê in die situasie waarin hulle tot verwerkliking kom.
- (b) Al drie moet in die werklikheid self raak gesien kan word as werklikheidsgetrou met mekaar verbonde.
2. (a) Die eerste pool (moontlikheid, synswyse) moet kan dien as moontlikheidsvoorwaarde vir die verwerkliking van die tweede pool.¹²¹

- (b) Die werklike essensiële van die eerste pool moet bekend wees ten einde dié pool as moontlikheidsvoorwaarde en ook die beweging na die tweede pool, te kan begryp.
3. (a) Die tweede pool se werklike essensies moet bekend wees sodat duidelik kan blyk:
- (i) Welke intensivering geskied het,
(ii) dat die eerste pool ontoereikend is om uit homself voort te beweeg na dit wat as die derde pool (sintese) raakgesien is.¹²²
4. (a) Die derde pool (sintese) moet die uitkoms wees van outentieke sintesering, d.w.s. van 'n werklikheidsgetroue integrasie van twee pole wat in sin-samehang tot mekaar staan en nie kontradiktories (mekaar uitsluitend) van aard is nie.¹²³
- (b) Die derde pool moet sodanig wees dat albei die daaraan voorafgaande pole daarin bewaar en behoue bly.¹²⁴

Vervolgens moet nou daartoe oorgegaan word om die triades wat in die inleiding tot hierdie paragraaf as relevant aangedui is, te beskrywe.

1.3.1 Die dialektiese triade: latent lewend/lewend=
vatbaar/wek-van-lewe.

Latente lewendigheid beteken dat daar by 'n essensie sprake is van lewe wat wel bestaan

maar verborge en sluimerend is en onsigbaar bly¹²⁵ totdat iets besonders daarmee gebeur. Latent lewende essensies word werklik lewende essensies wanneer die latent aanwesige lewe daarvan gewek word, dus wanneer die wek-van-lewe handeling voltrek word.¹²⁶ In hierdie verband dien besondere lewensopvatlike essensies nl. die Nagmaalsessensies dan as wek-van-lewe middele. Deur bemiddeling van hierdie lewensopvatlike essensies maak die Christen-opvoeder dan vir hom die pedagogiese essensies werklik lewend: werklike lewendigheid word bewerkstellig met die hulp van lewegewende (lewewekkende) inhoude (essensies). Dit is reeds bestaande lewe wat gewek (geaktiveer) word.

Daar is sprake van 'n lewende beweging wat geskied en dan word latente lewendigheid funksionerende lewendigheid. Dit alles is moontlik omdat die pedagogiese essensies lewensvatbaar is, dus omdat die essensies ontvanklik is vir die lewewekkende inwerking van besondere lewensopvatlike essensies (inhoude)¹²⁷ wat in hierdie studie essensies is wat in die Nagmaals-formulier verwoord is.

Funksionerende lewendigheid impliseer om in werking te tree¹²⁸ (ver-werk-liking, werk-saamheid) en wel in die vorm van aandag-gee, stellingname, bedinking, praktykmaking, evaluering, ens. In die lig hiervan kan gesê word dat die genoemde wyses van funksionering latent,

dus sluimerend aanwesig is in werklike pedagogiese essensies, dat lewensvatbaarheid daarop dui dat dié funksies in verband met die essensies kan funksioneer en so kan essensies lewend word. Wek-van-lewe deur funksionierend te word lei tot lewendigheid. Die lewensopvatting is 'n besondere aangeleentheid wat laat-funksioneer bewerkstellig aangesien dit lewe-wekkend is vanweë die lewegewende inhoude daarvan.¹²⁹ Besondere lewegewende inhoude is dié wat in die Nagmaalsformulier verwoord word.

By funksionering is daar verder sprake van 'n voortgang en 'n deurbraak na dit wat nog nie verwerklik is nie. Daar is by die essensieverwerkliking sprake van voortgang en deurbraak, dus lewe. Elke essensie is 'n moontlikheid tot voortgang en deurbraak en dit beteken dat dit latent lewend is. Wanneer die voortgang en deurbraak nou voltrek word, word latente lewendigheid verwerklikte lewendigheid. Dié voortgang en deurbraak geskied in konkrete (partikuliere) opvoeding- en pedagogiese situasies d.w.s. situasies waarin die lewensopvatting oproep tot voortgang en deurbraak.¹³⁰ In hierdie verband is Nagmaalsessensies besondere oproep-werklikhede.

1.3.1.1 Latent lewend beteken verder dat 'n essensie oor die volgende eienskappe beskik:

(i) die opvoeder kan dit laat syn,

d.w.s. hy kan dit in die volheid daarvan teenwoordig stel. Dit is presies wat in die pedagogiese situasie geskied en daarom is dit ook moontlik om pedagogiese essensies raak te sien.¹³¹

(ii) die opvoeder kan die verwerkliking van essensies laat gebeur.¹³²

Bv. by die opmerk van die afkeurenswaardige gebeur (geskied) die teengaanbelewing en na realisering van die teengaanbelewing gebeur die voorstelling-van-nuwelewenswyse ens. - dit tree in funksie.

(iii) Pedagogiese essensies wat lewe is in werklikheid aktiwiteite wat uitgeoefen word. Dit is dus handeling. Hierdie handeling en besondere aktiwiteite word ook deur die deelnemers aan die pedagogiese gebeure ondergaan in dié sin dat hulle en hulle handeling daardeur ontsluit word en so-doende tot verwerkliking daarvan opgeroep word;

(iv) pedagogiese essensies lewe omdat dit voortgebring kan word, d.w.s. te voorskyn kan tree, kan ontwaak en dan weer tot rus kom.¹³³

Pedagogiese essensies se lewendig-

heid blyk uit die ritme van die verskyning en voltrekking daarvan, 'n ritme wat mede-afhanklik is van die lewewekkende werking van die lewensopvatting, ook soos daardie lewensopvatting verwoord is in die vorm van Nagmaals-essensies. Dan word pedagogiese essensies lewend en eg waardevol. Dit beteken dat dit waardes is wat verwerklik moet word indien die kind moet vorder op sy weg na 'n toereikende behoorlike volwasse-
heid.

Wanneer daar van waardevolheid sprake is, word 'n keuse veronderstel. Die opvoeder moet kies¹³⁴ vir besondere lewende pedagogiese essensies nl. vir dié wat deur sy bepaalde lewensopvatting as waardevol geag word om werklik lewend gemaak te word. Latent lewend sal in hierdie sin beteken dat 'n essensie as waardevol raakgesien word en as keuse-moontlikheid beskikbaar is, dus dat dit een van die moontlikhede is wat deur die opvoeder gekies kan word vir verwerkliking. Lewensvatbaar sal dan beteken, ontvanklik vir lewe-vanweë-keuse, dus vir werklike lewendigheid omdat dit gekies (verkies) is en dan spreek dié lewendigheid in

die vorm van stellingname en opeising. Dan het pedagogiese essensies besondere behoortheidseise geword.¹³⁵ Nagmaalsessensies verwoord dan 'n besondere vorm van stellingname, nl. dié van die Protestantse-Christen. Ten einde nou oor te gaan tot 'n uitleg van die dialektiese triade latent lewend/lewensvatbaar/wek-van-lewe, moet eers die werklike essensies daarvan soos dit verskyn in die voorgaande fenomenologiese beskrywing, uitgelig word. Hier word slegs die direk opvallende essensies genoem

1.3.1.2 Opvallende essensies:

Latent lewend	Lewensvatbaar	Wek-van-lewe
1. Sluimerende-funksionering	In-staat-tot-funksionering	Laat-funksioneer
2. Verborge-beweging	Moontlikheid-tot-beweging	Voltrekking-van-beweging
3. Beskikbaar-as-keusemoontlikheid	Ontvanklik-vir-lewe-vanweë-keuse	Keuse-vir-verwerkliking

Eerste triade:

Eerste Moontlikheid	Tweede moontlikheid	Sintese
Sluimerende-funksionering	In-staat-tot-funksionering	Laat-funksioneer

(a) Eerste beweging:

Sluimerende-funksionering na in-staat-tot-funksionering:

Dit wat sluimerend is, is beslis nie totaal leweloos nie. Sluimering is 'n wyse van onaktief-wees wat kan oorslaan in aktiwiteit. Hier gaan dit om latente in-funksie-tree wat kan dien as 'n moontlikheidsvoorwaarde vir 'n in-staat-wees tot funksionering. Slegs dit wat latent (sluimerend) aanwesig is, kan werklik (funksionierend) teenwoordig word.

(b) Tweede beweging:

"Sluimering" en "in-staat-tot" na laat-funksioneer:

Sluimering (die potensieële) maak die verwerkliking van "in-staat-tot" (as 'n by-magte-wees) moontlik. Dit wat 'n sluimerende funksie is word 'n in-staat-tot funksie en dan

word "laat funksioneer" moontlik. Dit wat sluimerend maar tog vatbaar vir wekking is, kan gewek word en dit geskied wanneer iemand dit laat funksioneer. Anders gestel: latente lewendigheid in die vorm van sluimerende funksionering maak lewensvatbaarheid in die vorm van in-staat-wees-tot funksionering moontlik en gesamentlik word daar beweeg tot wek-van-lewe in die vorm van laat funksioneer.

So kan pedagogiese essensies as sluimerend-funksionerende werklikhede raakgesien word wat daartoe in staat is om tot funksionering oor te gaan indien hierdie in-staat-wees eienskap ontplooi word. In hierdie verband werk vir die Protestantse Christen die Nagmaals-essensies as besondere in-staat-wees (maak) essensies. Dan word dit vir die Christen-opvoeder moontlik om in 'n Christelike opvoedingspraktyk deur Nagmaals-essensies verlewendige pedagogiese essensies, te laat funksioneer.

Tweede triade:

Eerste moontlikheid	Tweede moontlikheid	Sintese
Verborge beweging	Moontlikheid-tot-beweging	Voltrekking-van-beweging

(a) Eerste beweging:

Verborgtheid na moontlikheid:

Dit wat verborge is, is nie afwesig nie maar aanwesig. Dis 'n aanwesigheid wat nog sigbaar gemaak moet word en dan is daar sprake van teenwoordigheid. Dit wat sigbaar gemaak kan word is daar as moontlikheid ter beskikking van diegene wat dit wil aanwend. So is verborge beweging teenwoordigstelbare beweging as moontlikheid om verwerklik te word.

(b) Tweede beweging:

Verborgtheid en moontlikheid tot voltrekking:

Verborgtheid word sigbaarheid en hier wel sigbaar as moontlikheid vir iets verder om te gebeur. Dit wat verborge was kan nog nie verwerklik word nie, vanweë die onsigbaarheid daarvan. Sigbaarheid deur teenwoordigstelling dui

op die moontlikheid tot verwerkliking. Sigbaargeworde bewegingsmoontlikheid kan lei tot verwerkliking van daardie moontlikheid en een wyse van verwerkliking is voltrekking. 'n Moontlike beweging word voltrek; iemand laat die verwerkliking daarvan geskied (gebeur).

Nagmaalsessensies kan die verborge beweging van pedagogiese essensies aanhelp tot teenwoordigheid en dan staan dit as besondere bewegingsmoontlikhede ter beskikking van die Christen-opvoeder as voltrekker in pedagogiese situasies. Dan het latente lewendigheid in die vorm van verborge beweging aanleiding gegee tot die raaksien van moontlikhede-tot-beweging wat gesamentlik oproep tot voltrekking-van-beweging.

Derde triade:

Eerste moontlikheid	Tweede moontlikheid	Sintese
Beskikbaar-as-keusemoontlikheid	Ontvanklik-vir-lewe-vanweë-keuse	Keuse-vir-verwerkliking

(a) Eerste beweging:

Beskikbaarheid na ontvanklikheid

Dit wat nie beskikbaar gestel kan word om te ontvang nie, kan nie ontvanklik gemaak word nie. Besikbaarheid is dus 'n moontlikheidsvoorwaarde vir ontvanklikmaak. In afwesigheid van moontlike beskikbaarheid kan daar nie eers sinvol oor ontvanklik^kheid nagedink word nie. So moet 'n pedagogiese essensie eers beskikbaar gestel word om deur die opvoeder gekies te kan word, voordat dit kan dien as 'n moontlike ontvanger van lewe. As dit nie beskikbaar is vir keuse nie, kan dit nie gekies word met die oog op verlewending daarvan nie. Besikbaarheid-as-keusemoontlikheid maak dus die verwerkliking van ontvanklikheid-vir-lewe-vanweë-keuse moontlik.

(b) Tweede beweging:

Beskikbaarheid-vir-keuse is 'n moontlikheidsvoorwaarde vir die ontvang van lewe wat voortvloei uit die gekies-word handeling. Dit gaan egter nie om keuse ter wille van keuse nie, maar om keuse met die oog op iets anders,

wat in hierdie geval keuse-vir-verwerkliking is. So maak latente lewendigheid in die vorm van beskikbaarheid-as-keuse-moontlikheid, lewensvatbaarheid in die vorm van ontvanklikheid-vir-lewe-vanweë-keuse moontlikheid en roep beide beskikbaarheid en ontvanklikheid in hulle geïntegreerdheid die opvoeder (pedagoog) op tot die uitoefening van keuse-vir-verwerkliking.

In hierdie verband oefen Nagmaalssensies 'n besondere keuse-makende en verwerklikende invloed uit.

Samevattend: Uit die voorgaande blyk duidelik dat die synswyses latent lewend, lewensvatbaar en wek-van-lewe in 'n besondere dialekties-triadiese verband tot mekaar staan en dat vir die Protestantse Christen Nagmaalssensies 'n bepaalde plek het in hierdie verband.¹³⁶

1.3.2 Die dialektiese triade lewensvatbaar/wek-van-lewe/lewende doelstrukture

Die dialektiese voortgang vanaf lewensvatbaar na wek-van-lewe is aan die hand van die werklik essensiële (wesenskenmerke) daarvan, genoegsaam in die voorgaande paragraaf beskryf en uitgelê.

Vervolgens net kortliks iets oor die beweging, lewensvatbaarheid en wek-van-lewe in hulle gesamentlikheid in die rigting van lewende doelstrukture.

In lewensvatbare doelstruktuur-essensies word lewe gewek en dit lei tot die teenwoordigstelling van lewende doelstrukture as besondere strukture van 'n lewende gefundeerde opvoedingspraktyk. Sodanige praktyk (pedagogie) verg 'n Fundamentele Pedagogiek wat universele doelstellingsessensies openbaar en wat ook vanuit opvoedingsleer-perspektief 'n studie maak van lewensopvatlike geskrifte vir lewegewende inhoude (hier: Nagmaalsformulier-inhoude) aan die essensies. Pedagogiekdenke en lewensopvatting (waarvan die Nagmaalsformulier 'n besondere verskynings- en verwonderingswyse is) kan dus nooit geskei van mekaar in 'n gefundeerde opvoedingspraktyk staan nie.¹³⁷ Oor die inhoudgewing, deur Nagmaalsessensies te integreer, sal daar in hoofstukke twee tot agt gehandel word, maar eers moet nog in die lig van alles wat tot hier toe geskrywe is, duidelikheid verkry word oor:-

1.4 Redes waarom verwag kan word dat die Nagmaalsformulier wek-van-lewe status het.

1.4.1 Die essensiële van die Nagmaalsformulier is die verkondiging van die lewe-gewende, lewe-wekkende genade wat God deur Sy Eniggebore Seun, die lewende Brood wat vir die mens gebreek is, skenk aan dié wat glo om hulle vir

ewig lewend te maak. (Joh, 6 : 51). Die Skrif leer dat Christus van die begin af die lewemakende Woord van die Vader was, die fontein en oorsprong van die lewe waaruit alle dinge ontstaan het en in Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense (Joh. 1 : 1, 2, 4). In die sakrament by die Nagmaal is Christus die betekende Saak.

Deur die sonde is die mens van die lewe vervreem en het die dood oor hom gebring. Daarom moes Christus, die Woord, vlees word en uit die hemel neerdaal. Die Krag van die lewe is uitgestort in die vlees wat Hy aangeneem het sodat daardeur die lewe tot ons sou kom. Die vlees is dus lewendmakend, omdat dit met die volheid van die lewe deurdring is. "Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê" (Joh. 5 : 26). Sy vlees is 'n onuitputlike fontein wat die lewe wat uit Sy Godheid ontspring, in ons oorstort. Daarom het elkeen deel aan die lewe wat deel het aan Sy vlees en bloed (tekens van die sakrament) deur brood en wyn aan die Nagmaalstafel.

So kom betekende Saak en teken ooreen. Deur geloof verseël Christus in die Nagmaal die heilige gemeenskap waardeur Hy Sy lewe in die mens oorstort.¹³⁸ Vir die gelowige is die gebruik van die Nagmaal 'n reuk van die lewe tot die lewe (versterking van geloof) of 'n reuk van die dood tot die dood (vir die ongelowige er

1.4.2 Die inhoude as wek-van-lewe middele:

Dit lyk dus asof die Nagmaalsformulier met sy beklemtoning van lewe, se inhoude dan as wek-van-lewe middele aangewend kan word in die praktyk om latent-lewende essensies te verlewendig tot werklik-lewende essensies soos by die fundamentele pedagogiese doelstrukture.

1.4.2.1 Dis 'n menslike situasie waarin gehandel word:

Die aansit by die tafel-van-die Here dui op 'n menslike situasie waarin die gelowige in relasie met God tree, en impliseer dus handeling, aktiwiteit, beweging. Aktiwiteit (deur lewewegende inhoude van die Nagmaalsformulier) is moontlikheidsvoorwaarde om blykbaar lewelose essensies, lewensvatbaar te maak sodat lewe daarin gewek kan word (Heidegger) as nawerking van dit wat tydens die Heilige Nagmaal geskied het.

1.4.2.2 Dis 'n aanspreek-aanhoor relasie

Hierdie vreugdefees, as verbondsmaaltyd, dui op 'n innige verbondenheid met Christus waardeur verhoudinge gestig word nie alleen met die self en die medemens nie maar ook met God. Hierdie relasie-met-God is 'n van aangesig-tot-aangesig verhouding, 'n dialogiese verhouding, waarin die belydende

lidmaat deur God aangespreek word (reeds tydens die Voorbereidingsdiens met dié opdrag om homself van tevore reg te beproef alvorens hy tot die Tafel toetree). Wie aanspreek word aangehoor en verwag 'n antwoord. Die belydende lidmaat kan in vryheid beslis om die eise te gehoorsaam (al dan nie) en tree dus verantwoordelik op. "En julle het Hy lewend gemaak" (Ef, 2 : 1), Hier is dus sprake van keuse vir behoorlikheidseise, sedelikselfstandige besluitvorming en handeling wat naas verantwoordelikheid fundamenteel-pedagogiese doelstrukture is. Daar kan dus verwag word dat vanweë die wesenlike aanspreek-aanhoor-kenmerk van die Nagmaalsformulier sluimerend-funksionerende doelessensies soos verantwoordelikheid en sedelikselfstandige besluitvorming, wat in staat is tot funksionering nou geaktiveer word tot werklike funksionering. Wek-van-lêwe deur funksionierend te word, lei tot lewe (Husserl). Die aanspreek-aanhoor verhouding openbaar 'n sterk

1.4.2.3 opdrag-gewende karakter ten opsigte van veral die volgende sake:

- i) dat die mens sy gewete moet ondersoek of hy homself vanweë die sonde

mishaag en hom só voor God moet verootmoedig (in-relasie-tree). Die gewete het geen stem nie, maar is self stem-die stem van God (Frankl). Deur die gewete word die stem van God beluister. Dit lei tot kennis van God en sy beloftes (soos in die Nagmaalsformulier) en die eise wat gestel word. Hierdie lewe-wekkende kennis lei tot lewe met God. Hy moet dus kan waardeoordele uitspreek ook oor homself. Dit impliseer kennis van die oorsprong, wesenlike, werking (ook in eie lewe) en straf van die sonde vanweë die versteurde Godmens-relasie. Hierdie opdrag moet vanweë die gesagsrelasie waarin die gelowige tot God staan uitgevoer word. Vanweë sy skuld-besef is daar sprake van verborge beweging by die mens wat nou deur die opdrag (as Nagmaalsformulierinhoud) lewensvatbaar word en lei tot moontlikheid van en selfs voltrekking van beweging waardeur die pedagogiese doelstruktuur selfbeoordeling en selfbegrip verlewendig word.

(ii) 'n Tweede opdrag spreek die mens

aan om sy hart te ondersoek of hy van harte glo dat al sy sondes hom om Christus ontwil vergewe is. Reeds tydens aflegging van geloofsbelydenis spreek dié opdrag die jong lidmaat sterk aan. Dit dwing die mens weereens tot selfondersoek maar wek ook lewe in en aktiveer die Christelik-Protestantse lewensopvatting tot lewendigheid, (Hartmann) want die lewensopvatting is 'n ideële, bo-wetenskaplike aangeleentheid wat spreek uit geloofsoortuiging. Belewing van waaragtige geloof lei tot lewe en betekenisvolle inhoudgewing (Gadamer) ook aan die eise wat die lewensopvatting stel.

- (iii) Die derde opdrag handel oor die gesindheid teenoor God en medemens en die vaste voorneme om voortaan die goeie te doen. Hierdie vaste voorneme lei tot laat-funksioneer en keuse en verwerkliking van waardes (Nicolai Hartmann) wat lewe-wek en lei tot bestendinging van die latent-lewende essensies van die lewensopvatting met sy eise-stellende en waardeverwerklikende wesenlike. So sal die goeie gesindheid in die

daad teenoor mekaar bewys word.

So sien die Protestantse Christen die mens as Verbondskind met die implikasie dat dit besondere behoorlikheidseise aan opvoeder, kind en volwassene stel. Hierdie waardes is beskikbaar as keusemoontlikhede, ontvanklik vir lewe-vanweë-keuse en kan deur die vermaning en opdrag van die Nagmaalsformulier in keuse-vir verwerking van bv. die doel-essensie, Sedelik-selfstandige besluitvorming en handeling omskep word.

1.4.2.4 Die Nagmaalsformulier het dus 'n normerende en normatiewe karakter waardeur die belydende lidmaat homself stel onder die gesag van norme en norme aanwend om sy lewe te evalueer. Identifikasie met Christelike norme rig die daaglikse optrede. God die Drie-enige, bly die Voor-beeld, die Eerste beeld, dié Norm. Deur die inhoud van die formulier word hulle wat 'n ergerlike lewe lei en hulle nie met Christelike norme vereenselwig het nie, vermaan om hulle van die Nagmaal te onthou (of 'n oordeel oor hulle-self te vel).

- 1.4.2.5 Christus as Norm word ook vir die Christen die Mens-na-die-beeld-van-God, die Ideële mensbeeld onderliggend aan sy mensbeskouing, waardeleer, opvoedingsleer en lewensopvatting. Die soendood van Christus, wat aan die Nagmaalstafel herdenk word, het ook die gevalle beeld van die mens wat na God se beeld geskape was herstel, want só lief het Hy die wêreld gehad, dat Hy Sy Seun vir ons in die dood gee het "sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3 : 16). Hierdeur word opnuut lewe gewek in die sluimerende, lewensvatbare besef van eie menswaardigheid (doelessensie) sodat dit verwerklik en funksionierend kan gesien word ook uit optrede teenoor en agting-vir-digniteit van die medemens.
- 1.4.2.6 Die Nagmaalsformulier as sakrament en genademiddel wek die mens van die geestelike dood na die lewe. "Hy wat glo het die ewige lewe" (Joh. 6:47). Genade, geloof en regverdigmaking laat die sinvolheid van ons bestaan (as latentlewende pedagogiese doel-essensie) syn, stel dit in die volheid teenwoordig, laat iets gebeur, verwerklik dit in die lewe, (M. Tollenaere)

oefen invloed uit,
laat die beste in die mens ontwaak
en aktief te voorskyn tree as 'nuwe'
lewenswyse (vanweë dankbaarheid).
Hierdie geestelike lewe word gewek
deur die Heilige Gees wat die Christen-
mens voer op die pad na verwerkliking
van die hoogswaardevolle Christelike
waardes. Hier is sprake van voort-
gang en deurbraak (Martin Heidegger)
op die pad na heiligmaking wat hier
nooit ten volle verwesenlik sal word
nie maar wat die gelowige voer na die
ewige lewe .

Om bogenoemde redes kan verwag word
dat die inhoude van die Nagmaals-
formulier wek-van-lewe status het
wat in verdere hoofstukke vollediger
uitgebou en gedemonstreer sal word.

1.4.2.7 Wek-van-lewe is dan 'n sinvolle
gebeure gerig op 'n doel, naamlik
om die belydende lidmaat te lei tot
geestelike volwassenheid as vervulling
van sy bestemming.¹³⁹

1.5 Probleemstelling:

Die doel van hierdie verhandeling is nie 'n
teologiese beredenering nie maar 'n pedagogiese
perspektief op 'n aangeleentheid wat die

Protestantse Christen ten nouste raak in sy leefwêreld. Daarom is hierdie nie 'n teologiese geskrif nie, maar 'n leefwêreldlike geskrif wat die Teologie betref. Dit is egter 'n Pedagogiekgeskrif wat die Pedagogiek betref. Dis is in die leefwêreld van die mens waar die besondere Nagmaalsformulier-inhoude as essensies wat as relevante religieuse inhoude uit die lewensopvatlike bronne gelig en betrag is, daaglik aangewend sal moet word ter verlewending en intensivering van pedagogiese doelstrukture ten einde die wordende nie-volwasse mens te begelei na geestelike (ook religieuse) volwassendheid.

Daar kan onderskei word tussen die jong nog-nie-volwasse en die reeds-volwasse belydende lidmate van die kerk. M.b.t. die nie-volwassene is die Nagmaalsformulier waarin die ganse Protestantse Christelike Kerkleer uitgekristalliseer is, 'n kragdadige en opsetlike opvoedingsmiddel waardeur die Kerk die opvoeder se pedagogiese handeling tuis en in die skool aanvul en versterk. Só word die nie-volwassene gerig op vervulling van beide sy aardse en ewige bestemming.

Die mense-kind is in sonde ontvang en gebore en kom in die wêreld skuldig te staan voor sy Skepper, hulpbehoewend en steunsoekend.

Sy hulpbehoewendheid gaan uit na ouer, staat en Kerk om hom op die weg van Christen-gelowigheid te begelei. Op hierdie weg word hy as kind van God, Verbondskind, toegerus sodat sy ontplooiing as persoon volkome word. Dit gaan ook om ware kennis, liefde en diens aan God terwille van die eer van Sy naam en die uitbreiding van Sy Koninkryk, en so word die jong lidmaat (kind) eventueel as volwassene, Kind van God.

Viljoen dui daarop dat soos die begrip kindskap 'n wordende volwassenheid aandui, die begrip Kindskap 'n altyd meerwordende volwassenheid impliseer. Die volwassene moet ook telkens (soos by die Nagmaalviering) sy Kindskap verwerf en herbevestig en aan die verwerkliking van sy heiligmaking bou deur die versteurde relasie God-mens te probeer herstel.¹⁴⁰ So gesien, is volwassenheid nooit voltooi-baar nie en verwerklik die Nagmaalsformulier-inhoude hulle wek-van-lewe potensialiteit daagliks in die lewe van die toegewyde volwassene en is dit nou geen pedagogiese maar wel andragogiese aangeleentheid. Langeveld sê o.a. dat opvoeding by volwasse-wording oorgaan in selfopvoeding.¹⁴¹

Ook die volwassene is bevraagde wat daagliks moet antwoord deur ver-antwoord-elike handeling teenoor God en medemens (in die daad teenoor mekaar bewys).

Hierin slaan die swakke mens sy "oë op na die berge : waar sal my hulp vandaan kom?" en ontvang die antwoord as gelowige, "My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het" (Psalm 121 : 1, 2).

Deur Sy woord en in die sakramente kom God hom dan te hulp. Doop en Avondmaal is die vastig-hede van die kerklike lewe. Die lewe van die Christen is 'n daaglikse terugkeer tot die begin wat God in die Doop met hom gemaak het - en 'n uitstrek na die toekoms, wat God hom in die Nagmaal belowe en telkens weer belowe.¹⁴² Hierdeur word die altyd meer-wordende vol-wassenheid ook bewerkstellig deur die ge-meenskap met Christus. Onbegryplik is die teenwoordigheid van Christus in die Nagmaal. "Ek ervaar haar ~~meer~~ dat ik haar begrijp".¹⁴³

So gesien moet die inhoude van die Nagmaals-formulier aktueel verwerklik word in die daaglikse lewe en aldus word fundamenteel pedagogiese essensies, verlewendig. Hoe dit in die praktyk moontlik is, sal in verdere hoofstukke aangetoon word.

1.6

Verdere program:

Soos die betiteling van hierdie verhandeling aandui, sal vervolgens nou die betekenis van die Protestantse Nagmaalsformulier by die wek-van-lewe in enkele van die pedagogiese doelstrukture (as inhoude van volwassenheid)

soos aan die lig gebring deur Landman, ondersoek en volledig beskryf word. In hoofstukke twee en drie sal die essensies van die doelstrukture Sinvolheid-van-bestaan en Selfbeoordeling en selfbegrip uitgelig en beskrywe word en daarná sal aangetoon word watter en hoe die ooreenstemmende Nagmaalsformulier-inhoude lewe kan wek in die genoemde doelstrukture deur gebruik te maak van die perspektief-metode.

Weens die omvangrykheid van hierdie ondersoek en terwille van kontinuïteit sal in hoofstuk vier die essensies van die oorblywende vier pedagogiese doelstrukture nl. menswaardigheid, sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling, normidentifikasie en lewensopvatting sowel as die ooreenstemmende Nagmaalsessensies baie kortliks beskryf word met aksentuering van die geïntegreerde synswyses (in elke geval) waarin die lewensvatbare doelstrukture tot funksionerende lewe gewek word.

In hoofstuk vyf volg 'n opsommende oorsig en samevatting van al die doelstrukture met spesifieke verwysing na die wek-van-lewe daarin aan die hand van die inhoude van die Christen-Protestantse Nagmaalsformulier.

HOOFSTUK I

Literatuurverwysings:

- | | | | | |
|-----|---|---|---|-----------------|
| 1. | LANDMAN, W.A. en
GOUS, S.J. | : | Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek, | 46 |
| 2. | LANDMAN, W.A. en
ROOS, S.G. | : | Fundamentele Pedagogiek en die Opvoedingswerklikheid, | 11 |
| 3. | GUNTER, C.F.G. | : | Opvoedingsfilosofieë, | 10 |
| 4. | PERQUIN, N. | : | Paedagogiek, | 80 |
| 5. | SONNEKUS, M.C.H.
e.a. | : | Psigopedagogiek, | 61 |
| 6. | LANGEVELD, M.J. | : | Beknopte Theoretiese Pedagogiek, | 59-64 |
| 7. | WILBERS, P.J.E. | : | Die Moontlikheid, Noodwendigheid en Plek van 'n Pedagogiese Doelkunde en Doelleer. D. Ed.-proefskrif, U.P., | 2 |
| 8. | a. LANDMAN, W.A.: | : | Christen Opvoeder, Hoofstuk IV, | 83, 84 |
| | b. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG,
C.R. | : | Opvoedkunde en Opvoedingsleer vir Beginners, | 35, 71 |
| 9. | LANDMAN, W.A. en
ROOS, S.G. | : | a.w., | 85 |
| 10. | a. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG,
C.R. | : | a.w., | 36, 37
71-73 |
| | b. LANDMAN, W.A.
en GOUS, S.J.: | : | a.w., | 72-74 |
| 11. | LANDMAN, W.A. en
ROOS, S.G. | : | a.w., | 69 |
| 12. | LANDMAN, W.A. en
KILIAN, G.J.G. | : | Leesboek vir die Opvoedkundestudent en Onderwyser, | 91 |
| 13. | Ibid | : | | 80, 81 |
| 14. | Ibid | : | | 84 |
| 15. | Nagmaalsformulier. | : | Formulierboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, | 26 |
| 16. | LANDMAN, W.A. en
ROOS, S.G. | : | a.w., | 102 |

17.	a.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en VAN ROOYEN, R.P.	Die Praktykwording van die Pedagogiek met Kern- vrae,	Hoofst 2
	b.	LANDMAN, W.A.: en ROOS, S.G.	a.w.,	169
18.	a.	Ibid	:	68-71, 169
	b.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en VAN ROOYEN, R.P.	a.w.,	34,41,202
19.	a.	LANDMAN, W.A. en KILIAN, C.J.G.	a.w.,	90
	b.	LANDMAN, W.A. ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	a.w.,	78
	c.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.:	a.w.,	42
	d.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.:	a.w.,	69
20.	a.	Ibid	:	69
	b.	LANDMAN, W.A. en KILIAN, C.J.G.	a.w.,	91
	c.	LANDMAN, W.A.:	"Kommentaar : Die perspektief-idee". In Suid-Afrikaanse Tyd- skrif vir Pedagogiek.	
21.	a.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.:	a.w.,	38
	b.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en VAN ROOYEN, R.P.	a.w.,	23
22.	a.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.:	a.w.,	103-107
	b.	LANDMAN, W.A. en KILIAN, C.J.G.	Denkwyses in die Opvoedkunde, (ook Hoofstuk III)	61

23. a. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
VAN ROOYEN, R.P. a.w., 18,19
- b. LANDMAN, W.A.
en ROOS, S.G.: a.w., 121
24. VAN NIEKERK, P.A. : Aandagsfluktuasies as ver-
skynsel by die onder ak-
tualisering van intensiona-
liteit, met verwysings na
die agterlike kind.
D. Ed.-proefskrif, Univer-
siteit van Pretoria, 1971. 21,87
25. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
VAN ROOYEN, R.P. : a.w., 22
26. Ibid : 19
27. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG, C.R. : a.w., 80,81
28. a. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. : a.w., 121-123
- b. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
VAN ROOYEN,
R.P. : a.w., 2-7
29. LANDMAN, W.A. en
ROOS, S.G. : a.w., 24
30. LANDMAN, W.A.
ROOS, S.G. en
VAN ROOYEN,
R.P. : a.w., 24,25
31. LANGEVELD, M.J. : a.w., 17
32. Ibid : 25
33. LANDMAN, W.A. en
ROOS, S.G. : a.w., 102
34. a. LANDMAN, W.A., Fundamenteel-Pedagogiese
VAN ZYL, M.E.J. Essensies : Hulle Verz-
en ROOS, S.G. skyning, Verwerkliking
en Inhoudgewing,
Hoofstuk IV
- b. WARNACH, V. : "Saltzereignis und
Personale Existence", 96,97
In Salzburger Jahrbuch
für Philosophie X/XI,
35. Ibid : 97,98

36. GABRIEL, LEO : "Sinn und Wahrheit". In
Wisser, R. (Red.) : Sinn
und Sein, 136
37. a. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
VAN ROOYEN,
R.P. : a.w., 25
- b. LANDMAN, W.A.
en ROOS, S.G.: a.w., 169
38. a. Ibid : 102-105
- b. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
VAN ROOYEN,
R.P. : a.w., 24
39. a. Ibid : 34, 39, 41
- b. LANDMAN, W.A.,
VAN ZYL, M.E.J.
en ROOS, S.G. a.w., Hoofst IV
40. a. Ibid : Hoofst IV
- b. KLAFKI, W. : "Padagogisch-dialectische
oder Antropologisch -
Existenz philosophische
Grundlegun der Erziehung
wissen schaft". In
Faber, W.: Pädagogische
Kontroversen, I, 163-172
41. a. BRAND, G. : De Lebenswelt, Par. 45
- b. LANDMAN, W.A.,
VAN ZYL, M.E.J.
en ROOS, S.G., a.w., Hoofst IV
42. a. Ibid : Hoofst IV
- b. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
VAN ROOYEN,
R.P. : a.w., 69
- c. LITT, T. : Führen oder Wachsen
Lassen, 83-109
- d. LANDMAN, W.A.
en ROOS, S.G.: a.w., 151-154
43. Ibid : 169
44. DUVENHAGE, A. (in medewerking met Prof. L.J. du
Plessis): Die Institusie van
Calvyn, 318

45.	Ibid.	:		319
46.	Ibid.	:		320
47.	Ibid.	:		321
48.	Bavinck, H.	:	Sacramenten, Gerefor- meerde Dogmatiek IV,	441
49.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	Kleine Dogmatiek (Karl Barth),	283, 284
50.	BAVINCK, H.	:	a.w., IV	446
51.	HEYNS, J.A.	:	(Professor in Dogmatiek, Universiteit van Pretoria) in 'n gesprek gevoer op 14/3/1974	
52.	HASTINGS, J. (Red).	:	Dictionary of Christ and the Gospels, Vol II,	64
53.	FEENSTRA, J.G.	:	(Vertaling Dr. M.T.S. Zeeman): Leer en Lewe,	227
54.	BRUNNER, E.	:	The Christian Doctrine of Creation and Redemption. Dogmatics, Vol II,	282
55.	Ibid.	:		285
56.	Ibid.	:		306
57.	DUVENHAGE, A.	:	a.w.,	391, 392
58.	FEENSTRA, J.G.	:	a.w.,	228
59.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	278
60.	BARTH, KARL	:	Credo,	200
61.	DUVENHAGE, A.	:	a.w.,	393
62.	VAN DER MERWE, F.H.	:	Die Reformatoriese Def- inisie van die Sakrament Skriftuurlik getoets,	23
63.	ENGELBRECHT, B.J.	:	(Professor in Dogmatiek, Universiteit van Pretoria) in gesprek op 11/3/1974.	
64.	RIDDERBOS, H.N.	:	"DE Sacramenten". In: Het Dogma der Kerk. Onder redactie van G.C. Berkouwer, G. Toornvliet e.a.,	529
65.	BAVINCK, H.	:	a.w., IV	474
66.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	276
67.	FEENSTRA, J.G.	:	a.w.,	228

68.	Ibid.	:		229
69.	BAVINCK, H.	:	a.w., IV	454
70.	FEENSTRA, J.G.	:	a.w.,	229
71.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	455
72.	FEENSTRA, J.G.	:	a.w.,	229
73.	Ibid.	:		234
74.	DUVENHAGE, A.	:	a.w.,	395
75.	Ibid.	:		397
76.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	287, 288
77.	FEENSTRA, J.G.	:	a.w.,	241
78.	GROENEWALD, E.P.	:	Die eerste brief aan die Korinthiërs,	148
79.	RIDDERBOS, H.N.	:	a.w.,	551
80.	BAVINCK, H.	:	Letterlijke en Practicale Verklaring van het Nieuwe Testament door Matthew Henry opnieuw uit het Engelsch Vertaald,	418, 419, 420
81.	ENGELBRECHT, B.J.	:	in gesprek 11/3/74	
82.	GROENEWALD, E.P.	:	a.w.,	150, 151
83.	Formulier om die Heilige Nagmaal te hou	:	Formulierboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika,	26-33
84.	ENGELBRECHT, B.J.	:	in gesprek 11/3/74	
85.	BAVINCK, H.	:	"Het Avondmaal", Gereformeerde Dogmatiek, IV,	563
86.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	"Het Avondmaal" in Kleine Dogmatiek,	304, 305
87.	Ridderbos, H.N.	:	a.w.,	553, 554
88.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	306
89.	Ibid.	:		310
90.	FEENSTRA, J.G.	:	a.w.,	243
91.	BAVINCK, H.	:	a.w., IV	556

92.	HEIDELBERGSE KATEGISMUS, SONDAG 29, Vr 79. Formulierboek,		118
93.	BAVINCK, H. :	a.w., IV	556
94.	VAN NIFTRIK, G.C. :	a.w.,	313
95.	BAVINCK, H. :	a.w., IV	551
96.	Ibid. :		552
97.	FEENSTRA, J.G. :	a.w.,	243
98.	Ibid. :		243
99.	VAN NIFTRIK, G.C. :	a.w.,	306
100.	FEENSTRA, J.G. :	a.w.,	243
101.	VAN NIFTRIK, G.C. :	a.w.,	306
102.	BAVINCK, H. :	a.w., IV	561
103.	VAN NIFTRIK, G.C. :	a.w.,	311-314
104.	BAVINCK, H. :	a.w., IV	556-560
105.	Ibid. :		557
106.	FEENSTRA, J.G. :	a.w.,	243
107.	BAVINCK, H. :	a.w., IV	539
108.	Ibid. :		535
109.	Ibid. :		555
110.	Heidelbergse Kategismus : Sondag 28, Vr 76, Formulierboek,		117
111.	VAN NIFTRIK, G.C. :	a.w.,	314
112.	Ibid. :		314, 315
113.	BAVINCK, H. :	a.w., IV	553
114.	Heidelbergse Kategismus : Sondag 28, Vr 76, Formulierboek,		117
115.	FEENSTRA, J.G. :	a.w.,	243
116.	BAVINCK, H. :	a.w., IV	553, 554
117.	Nagmaalsformulier, Formulierboek,		30
118.	HEYNS, J.A. :	in gesprek 11/3/74	

119.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	125
120.	Ibid.	:		162, 170
121.	a. Ibid.	:		160
	b. LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en VAN ROOYEN, R.P.	:	a.w.,	67
122.	a. Ibid.	:		74
	b. LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.:		a.w.,	154, 157
123.	Ibid.	:		161, 168
124.	Ibid.	:		153
125.	LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	Hoofst IV
126.	LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	Hoofst IV
127.	a. Ibid.	:		Hoofst IV
	b. LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.:		a.w.,	170
128.	a. LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J. en ROOS, S.G.:		a.w.,	Hoofst IV
	b. DE BOER, T.H.:	De ontwikkelingsgang in het denken van Husserl,		449, 450
129.	LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	Hoofst IV
130.	a. Ibid.	:		Hoofst IV
	b. LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.:		a.w.,	154
131.	a. LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.		a.w.,	22, 23, 69, 70
	b. LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J. en ROOS, S.G.:		a.w.,	Hoofst IV
	c. DE TOLLENAERE, M.	: Lichaam en wereld,		104-107, 109-111

131. d.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en VAN ROOYEN, R.P.	:	a.w.,	38
132.	Ibid.	:		37
133.	LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	Hoofst IV
134. a.	Ibid.	:		Hoofst IV
b.	LESNOFF- CARAVAGLIA, G.	:	Education as existensial possibility,	Hoofst II
c.	HARTMANN, N.	:	Ethics I, II en III	
d.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en VAN ROOYEN, R.P.	:	a.w.,	38
e.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.:	:	a.w.,	Hoofst 3 en 4
135. a.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en VAN ROOYEN, R.P.	:	a.w.,	38
b.	LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J. en ROOS, S.G.:	:	a.w.,	Hoofst IV
136.	LANDMAN, W.A.	:	in gesprek 14/3/1974	
137.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	74
138.	FEENSTRA, J.G.	:	a.w.,	416-420
139. a.	LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J. en ROOS, S.G.:	:	a.w.,	Hoofst IV
b.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.:	:	a.w.	Hoofst 3
140.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	145, 146
141.	Kyk Langeveld, M.J. e.a.	:	Opvoeding tot zelfopvoeding.	
142.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	319
143.	CALVIJN, J.	:	Institusie IV,	17, 32

HOOFSTUK 2

SINVOLHEID VAN BESTAAN

2.1 Inleidend

Soos in die vorige hoofstuk volledig uiteengesit, is die werklike opvoedingsessensies (ook die doelstrukture en -essensies) skynbaar lewelose strukture wat gekenmerk word deur lewensvatbaarheid wat dui op die moontlikheid en noodwendigheid van wek-van-lewe deur die lewensopvatlike inhoude.¹

Dat die mens opvoed, opgevoed word en hom tot opvoeding leen, is 'n universele verskynsel (Langeveld). Oberholzer beskryf opvoeding as aangeleentheid van geleide afhanklikheid, vervleg met geleide selfstandigheid met die oog op selfgeleide selfstandigheid.² Die feit is dat die mens oral en altyd bewustelik of onopsetlik kan opvoed en oor die opvoeding besin. Dit is dan wanneer lewegewende inhoude van pedagogiese essensies ter sprake kom.

Die Christen-Protestant neem vir sy inhoudgewing sy uitgangspunt in die openbaring van die Ewige in die tydelike d.i. in die openbaring van God die Skepper in sy Seun Jesus Christus, die Godmens, waarvan die Woord (Skrif) die outentieke getuienis is (aangevul deur die Belydenisskrifte wat gegrond is op die Skrif en hulle gesag daaruit ontleen).³ Die Christen-denker en kerkvader Augustinus (350-430 n.C.) het veral die Christelike

liefde as die koninklike weg van alle opvoeding beklemtoon.⁴ Die Christelike-eksistensiële denke neem sy uitgangspunt vanuit die geloofsituasie en wil van daaruit oor die Christen-mens, die -kind en sy opvoeding nadenk. Daar word geredeneer vanuit die mens-in-relasie-tot-God as die grondrelasie waarin hy deur die skeppende Woord gestel is en waarvan hy hom nie kan losmaak nie. Die Ek-God relasie is transendentiaal vir kennis van God en hier is die korresponderende kenhouding van die Christen, die geloofshouding, die luisterhouding, die hoor van die Woord, oorgawe aan en ontmoeting met God in Jesus Christus.⁵

Die vraagstuk waarmee die pedagogieker tans te doen kry lê (ook vir die Christen-Protestantse pedagogieker) in die wyse van wetenskapsbeoefening en die beskouing oor die wetenskaplikheid van die Pedagogiek, dus in die verhouding tussen Pedagogiek as suiwer wetenskap en die aanwending daarvan in die praktyk.⁶ Die Pedagogiek is wetenskap, dus noodwendig teoreties en kan hom dus nie aan voorskrywing waag nie (Döpp-Vorwald, Dreschsler en Derbolav). Roth en Bollnow onderskei tussen die Opvoedingswetenskap en die Pedagogiek as doelleer wat voorskryf vir die praktyk. Strasser wat fenomenologies-georiënteerd is, sê die Pedagogiek, om volwaardig te wees (vir 'n praktyk) moet aangevul word deur lewensopvatlike inhoude.

Die Pedagogiek as wetenskap is slegs beskrywend,

het te doen met wat die mens is, maar ook met wat die mens behoort te wees omdat die opvoedingsdoel nie losgemaak kan word van die vraag na die bestemming van die mens nie (Roth). Die feit is egter dat die Pedagogiek wel in staat is tot formulering van 'n formele doelstruktuur nl. volwassenheid. So het Landman dan ook die reeds genoemde doelstrukture (wat verderaan volledig beskrywe word) as kriteria van volwassenheid onderskei as universeel geldend vir alle opvoeding-situasies.⁷ Ook Oberholzer skryf oor die pedagogiese gebeure: "Sy struktuur, voorwaardes en kenmerke is nagegaan, sy ontstaan en verloop is beskrywe en daar is getrag om by die essensies van die gebeure uit te kom. Daar is kategorieë ontwerp en gefundeer; pedagogiese kriteria is geformuleer ... aan die hand waarvan die aktuele gebeure beoordeel behoort te word"⁸, dus ook die opvoedingsgebeure as doelstellingsgebeure.

Die wetenskap is net beskrywend en as iemand dit wat beskryf is wil voorskryf, is dit 'n na-wetenskaplike aangeleentheid. Die algemeen geldige doelstrukture word van lewensopvatlike inhoude voorsien omdat hulle lewensvatbaar is en word lewend gemaak in die partikuliere opvoeding-situasies, (dan nie as wetenskapsbeoefening nie maar as pedagogie). Dié lewende opvoedings-essensies geïntegreer met geordende lewensopvatlike voorskrifte (soos onder andere uit die inhoud van die Nagmaalsformulier) maak lewende, geordende en

essensiële opvoedingsvoorskrifte moontlik waarsonder 'n gefundeerde opvoedingspraktyk onmoontlik is.⁹

Hiermee stem Gunter saam as hy dit stel dat die fenomenologie as beskrywende metode nie die fundamentele en laaste vrae insake die uiteindelijke Grond, Doel en Sin van die menslike opvoeding kan beantwoord nie. Die doel kan wel omskrywe word maar wanneer daar oorgegaan moet word tot die interpretasie van die inhoud en kriteria van volwassenheid, die inhoud en doel van die lewens-taak van die mens in die wêreld, en die inhoud en norme van die behoortlikheid, dan tree die wêreld- en lewensbeskouing onvermydelik na vore en kan 'n volledige antwoord op hierdie moeilike vrae verkry word.¹⁰ Ook van Zyl meen dat die suiwer formele doelstelling in partikuliere lewens-praktyke inhoud moet kry op grond van 'n lewens-opvatting wat die besondere kultuurgemeenskap as lotsgenote saambind.¹¹

Die Pedagogiek se eerste en "mischien wel voor-naamste opdracht te behoeden voor een dwaalweg" is volgens Perquin dat die resultate minstens "herleidbaar zijn tot eenvoudige principien, die voor iedere mens bruikbaar zijn".¹²

Besondere lewenswaardes moet nou in die praktyk aangewend word aangesien "die voor de ware volwassenheid een voorwaarde blijken te zijn". Die taak van die opvoeder is "een antwoord te

geven op de vraag hoe de waarden in het jeugdige leven geïntegreerd kunnen worden. Zij is in wezen de leerder intergratie, der adaptie, der steungeving De eerste taak van een teorie der opvoeding is de grondslagen te leggen voor een verantwoorde practijk der opvoeding".¹³

Die sin van die opvoeding moet ontdek word en lê in die wonder van menswees as gawe en opgawe wat aan die mens die verantwoordelikheid toe-sê om vryheid te aanvaar, selfs met die moontlikheid dat hy dit ook kan skend. Indien die mens die moontlikheid tot vryheidsaanvaarding en vryheidskending nie gehad het nie, sou opvoeding onnodig en sinloos wees.¹⁴

So lê die sin van die opvoeding vir Perquin in die liefde en die normatiewe. Die pedagogieker moet soek "wat God met menzen voorhad toen hy aan de volwassenen de kinderen toevertroude".¹⁵

Die Protestantse Christen moet kyk of sy wetenskaplike besinning nie juis kan dien tot versterking van sy lewensopvatting nie. Telkens keer hy na die Bybel en dié daarin gefundeerde bronne terug waarin die lewensopvatlike sy diepste gronde en rykste inhoud kry. Op hierdie wyse kan bv. die pedagogiese doelstrukture tot lewe gewek word deur die Nagmaalsformulierinhoud sodat dit in konkrete opvoedingsituasies kan funksioneer.¹⁶

Vir die Christen is pedagogiese ontmoeting slegs sinvol waar daar geloof is, nl. geloof dat God,

ten spyte van die opvoeder se menslike swakhede, deur Hom tot die Kind spreek sodat hulle nie alleen deelgenote maar ook geloofsgenote in die opvoedingsituasie word en saam gerig word op verwerkliking van pedagogiese doelstrukture op Christelike wyse.

So wys ook Emile Brunner dat alleen die geloof en nie die wetenskap nie, kon getuig dat Jesus van Nasaret die Christus is, maar nogtans word hier niks in hierdie geloofsuitspraak gesê wat onverenigbaar met die wetenskap is nie. Einstein beweer dat: "Science without religion is lame, religion without science is blind".¹⁷

Ook Gunter sê dat die Protestantse Christen-opvoeder met die kind begin as geskapene deur die Woord van God na Sy Beeld en in relasie tot God, die medemens en die wêreld, maar wat deur die sondeval in wanrelasie tot God te staan kom.¹⁸

"En tog: in weerwil van wat die mens met die Mens aangevang het, ontmoet twee menslike aangesigte mekaar nog steeds; die een stel hom oop vir die noodroep van die ander; die ander aanvaar die uitnodiging en laat hom steun",¹⁹ en begelei na sy bestemming as mens.

Oberholzer sien die wêreldgeskiedenis as 'n verloop vanaf 'n vaste beginpunt in die skepping, opgevolg deur die sondeval, met die belofte van herskepping wat plaasvind by die grootste gebeurtenis in die wêreldgeskiedenis, nl. die

geboorte van Christus wat 'n loodregte inbraak vanaf die Ewigheid op die tyd was, met 'n finale en absolute eindpunt, naamlik Sy wederkoms. [^]Érens op hierdie lyn staan dus 'n Baken of Teken, naamlik die Kruis, waarvandaan die Christenmens terug- of skeppingwaarts, maar ook toekomswaarts kan kyk. Die Vleeswording van Christus verdeel die geskiedenis in twee.

Watter vertolking en sin gee hierdie visie aan die verskynsel van opvoeding? Mensehande het Christus aan die Kruis geslaan en sinds Adam vlug die mens voor God. Tog kyk mense mekaar in die gesig, herken die gelowige die beeld van God in elke ander en tergelykertyd herken hy ook sy eie skuld en medeskuldigheid aan die dood van Christus. In stede van sy gesig weg te draai, bemoei hy hom bewus en opsetlik met die ander. Hiertoe is hy geroepe. Dit is die Kruisboodskap ²⁰ (soos dit telkens weer in die viering van die Nagmaal pertinent onder die Nagmaalsganger se aandag gebring word).

Is daar sin in die bemoeienis van die volwassene met die kind (vir die Christen as Verbondskind) om met soveel toewyding aan die toekoms (aardse en ewige) van die kind te arbeid? Hierdie ná-wetenskaplike vrae moet elke opvoeder vir homself beantwoord want dit beteken in die laaste instansie verantwoordelikhedaanvaarding teenoor die naaste wat deur God op die mens se lewensweg geplaas is. (Sien ook Nagmaalsformulier-opdrag).

Hierin lê in finale instansie die sin van alle egte opvoeding: die oprigting van bakens om te herinner aan wat eenmaal was en om die hand van daardie bakens op te wek tot wat in aantog is.²¹

Daarom poog die Christelike pedagogieker en opvoeder om bakens vir die kind-op-weg aan die lig te bring en op te rig deur sowel die wetenskaplik verkreë kategorieë as die lewensopvatlike (o.a. versekering van die versoening van elkeen wat in Christus glo). Daarom word gepoog om deur die outentieke Protestants-Christelike inhoudgewing (soos o.a. vervat in die Nagmaalsformulier) die universele opvoedingsessensies (hier die doelstrukture) skerper in reliëf te plaas.²²

Daar sal nou oorgegaan word tot die beskrywing en uitleg van die doelstruktuur, sinvolheid-van-bestaan, ten einde tot die wesenlike daarvan deur te dring sodat Nagmaalsformulier inhoude aangewend kan word om lewe daarin te wek en sodoende dié essensies te aktiveer tot handeling in die daaglikse opvoedingsgebeure.

2.2 Sinvolheid van bestaan : Beskrywing en uitleg

Dat die mens opvoed, opgevoed word en hom tot opvoeding leen is 'n universele verskynsel, volgens Langeveld.²³ Wie dus oor die opvoeding en doel van die opvoeding besin, besin dus oor die mens. Daarom is alle Pedagogiek antropologies georiënteer.²⁴

Heidegger sê dat die mees prinsipiële vraag die vraag na die sin van die syn is, want dit erken die feit van die syn en vra verder na die diepste gronde as die sin van die syn. Om hierop te antwoord moet die mens as synde van die syn hom wend tot die menslike synde self.²⁵

Wanneer die pedagogieker nou wil besin oor die mense betrokke by opvoedingsituasies, dan sal hy ook moet vra na die sinvolheid van die menslike bestaan, na die sin van die lewe.²⁶

2.2.1 ...bewus-van-lewenseise:

Die volwasse mens wat 'n sinvolle bestaan voer besef dat hy nie eise aan die lewe durf stel nie. Nogtans is hier sprake van gerigtheid op²⁷ die hede sowel as op die toekoms want menslike bestaan is toekomstigheid. Hy wil enersyds weet wat die toekoms inhou en andersyds liever nie weet nie, uit vrees dat hy nie by magte sal wees om aan dié eise te beantwoord nie. Terselfdertyd bevra hy tog die toekoms en stel selfs eise daaraan, sonder dat een vraag beantwoord of aan een enkele deur die mens gestelde eis voldoen word. Die paradoksale is juis dat die toekoms hom bevra en hy is bewus van die lewenseise aan hom gestel.²⁸ Hy is die bevraagde en moet antwoord deur 'n verantwoordbare lewe te voer en aldus rekenskap te kan gee van sy keuses en die handeling wat daaruit voortvloei.²⁹

2.2.2 besef-van-bevraagdheid.

Die kind word nie gebore met die besef-van-bevraagdheid en dat hy moet antwoord deur 'n verantwoordbare lewe te voer nie. Hy het hulp en leiding van 'n volwassene nodig sodat hy die sin van sy bestaan, naamlik taakaanvaarding en taakvervulling kan besef en sy lewe daardeur sin en betekenis kan kry.³⁰ Die opvoeder moet die kind steun tot behoorlike volwasseñheid en hom in toenemende mate wys op sy bevraagdheid en dat daar ook in 'n mate rekenskap van hom geëis word betreffende die aanvaarding van sy vryheid. So sal die kind toenemend onder die besef kom van die verantwoordelikhede wat sy vryheid meebring, 'n vryheid wat 'n gebondenheid is aan besondere waardes en (slegs vir die Christen) in die laaste instansie 'n gebondenheid om vrywillig te staan onder die gesag van God³¹ deur Jesus Christus. Hy is geroepene om waardes te verwerklik.³² Kriek wys daarop dat (volgens die Middelnederlands) om 'n besef van iets te hê beteken om 'n gevoel vir iets te hê. Om tot besef te bring (volgens die Afrikaanse verklaring) beteken om goed te laat verstaan en ten volle te kan begryp.³³

In sy belewing van menslike openheid as bestaanswyse breek die besef tot die mens deur dat sy in-die-wêreld-wees dui op die geheel van verhoudinge wat deur hom ontwerp moet word sodat die dáár van sy Da-sein steeds voller syn moet word. Syns-volheid is leef uit synsbevraagdheid en dit verg 'n deurgebreekte besef wat so helder

in die bewussyn staan dat daar nie aan getwyfel word nie - ook nie aan wat behoort te wees nie. Die volwassene besef dat hy 'n verantwoordelike lewe moet voer omdat hy besef dat verantwoordelik-wees in waardeerwerkliking en besluitvaardigheid, die sin van mensebestaan is.³⁴ Omdat hy 'n wese is met selfbewussyn as behoorlikheidsbewussyn gaan dit hier om 'n steeds toenemende besef van die eie gesitueerdheid as 'n normatief-normerende gesitueerdheid en 'n besef van die eisestellende aard van die eie wêreldverhoudinge.³⁵

As waardebestrewende en waardeerwese-like wese beslis hy voortdurend oor wat hy is en wat hy wil wees en vra hy na 'n nog altyd sinvoller bestaan, wel wetende dat hy gerig word deur 'n bestemming (behoorlike volwassenheid) wat sy wese konstitueer en sy bestaanswyse begrond.³⁶

Die kind is voortdurend van sy onvermoë bewus om louter uit homself en deur homself daardie iemand te word wat hy wil wees en behoort te wees en omdat hy die sinvolheid van pedagogiese bemoeienis kan besef, kom hy hierdie bemoeienis halfpad tege- moet, want hy het 'n toenemende besef van sy toekomstigheid.³⁷

Die kind is van meet af aan vraend in die wêreld (Sonnekus) en verower al vraende sy wêreldbeeld. Hy besit dus die moontlikheid om te bevra en hierdie vraende eksistensie is kontinu dwarsdeur sy lewe.³⁸ Hierdie selfwording via die

kindervraag kan egter nie toereikend gedy nie, tensy die volwassene op verantwoordbare wyse daaraan hulp en steun verleen by wyse van sy antwoord daarop.³⁹

Ook van Zyl sien opvoeding as gerigtheid op 'n doel wat in verband staan met opheffing, verbetering, heenleiding na wat behoort te wees. In hierdie wêreld is die mens geroepe tot taakverrigting, tot 'n lewenstaak en menswording. Deur die verrigting van sy lewenstaak gee elke mens 'n persoonlike antwoord op sy eie bevraagdheid (om die aarde te bewerk, te bewaak, te beheers en te bewoon soos van 'n mens verwag word). Sy geworpenheid in die wêreld (Heidegger) is die geleentheid wat hy kry om die mens te word wat hy behoort te word. Sy verlede, hede en toekoms moet hy kies deur self die sin daarvan te soek, te vind en te skep deur sin op só 'n wyse te ontvou soos net hy dit kan doen. Hy ontvang die wêreld as gawe en opgawe. By geboorte is hy slegs moontlikheid maar begenadig en aangewese op opvoeding as steungewing totdat hy geleidelik die moontlikheid verwerf om uiteindelik skeppend of skendend uitdrukking te gee aan sy in-die-wêreld-wees. Dit beteken dat hy die vryheid aanvaar om op eie verantwoordelikeheid sy lewenstaak as menswaardige mens te

volbring en dit impliseer ook skuldaanvaarding vir vryheidskending.⁴⁰

Die volwassene weet dus dat hy deur die lewe bevra word, want persoon-wees beteken juis om bewus te word en te wees van verantwoordelikheid en bevraagdhed waardeur hy op sy bestemming gerig word.⁴¹ Ook is hy bewus daarvan dat hy geroepe is om die sin van die lewe te ontdek en aanvaar. Die sinvolheid van die lewe is dus daarin geleë dat die mens nie aan die lewe durf vrae stel nie, maar dat dit die lewe self is wat hom bevra in elke situasie waarin hy hom bevind. Sy belewing hiervan sal lei tot belewing van sy positiewe moontlikhede en hoe hy dit maksimaal kan laat ontplooi, gedy en implementeer ten einde in toenemende mate "ja" teenoor die lewe te kan sê.⁴² Hierdie toenemende besef van bevraagdhed is nodig om die mens te voer na volwaardige menswaardigheid en na 'n sinvolle lewensbestaan.⁴³

Die kind sowel as die volwassene is nie slegs vraagstellende wese nie maar ook bevraagde want menswees beteken om aangesprokene te wees, om in elke situasie die bevraagde te wees, die tot-antwoord-geroepene.⁴⁴

2.2.3 Opgeroep-word-tot-antwoord.

Dit impliseer 'n persoonlike antwoord, 'n aktiewe konkrete antwoord op 'n konkrete opgawe as 'n persoonlike opdrag in elke oomblik van sy bestaan.⁴⁵

Elke wyse van menswees het sy eie sin en sy eie taak van singewing aan die hede wat sy ankers in 'n verlede het en op 'n sinvolle toekoms gerig is.⁴⁶

As subjek is die mens 'n sekere selfstandigheid, 'n op-sigself-staan in die wêreld. As persoon is die mens aangesprokene, aangeroepe en aanhorende. Omdat hy selfstandig en rasideel kan lewe, beskik hy oor die gawe om by wyse van 'n eie persoonlike oordeel, keuse, beslissing en handeling te antwoord op sy aangesprokeneheid.⁴⁷ Hy beskik dus oor die gawe om bewus te kan wees van sy anders-kan-word vanweë 'n anders-behoort-te-word. Hy kan dus bereidwillig wees om gehoorsaam te wees aan hierdie behoortlikheidsbesef.⁴⁸

Om persoon te wees beteken verder om met 'n taak as persoonlike opdrag gekonfronteer te wees. Vir die uitvoering hiervan moet daar, veral by die volwassene wat as opvoeder wil optree, die bereidwilligheid tot 'n persoonlike antwoord in verantwoordelikheid en toerekenbaarheid bestaan.⁴⁹

Hierdie persoonlike opdrag is 'n appél wat tot elke volwassene (as moontlikheid na die toekoms) by herhaling vanuit sy bepaalde situasie tot hom gerig word en telkens moet hy op hierdie aangesprokeneheid antwoord deur 'n verantwoordbare lewe te voer.⁵⁰ Die sinvolheid van sy bestaan is juis in sy vryheid tot 'n persoonlike antwoord geleë en hierdeur bevestig hy voortdurend die normbeeld van volwassenheid wat 'n eksistensieel-eties-normatiewe aangeleentheid is.⁵¹

2.2.4 Voer-van-verantwoordbare lewe.

Kriek dui daarop dat antwoord 'n eksistensiële beantwoording is wat dui op ver-antwoord-elikheid met 'n verpligtende of imperatiewe karakter.

Hierdeur word die mens gedwing om antwoord te gee, is hy aanspreeklik en belas met 'n bepaalde opdrag waarop hy rekenskap moet kan gee. Die volwasse mens moet op 'n verantwoordelike wyse verantwoordbaar kan antwoord op die opdrag wat tot hom spreek.⁵²

Antwoord op 'n opdrag impliseer aanvaarding wat konkretiseer in die daad van oorgawe om in eie vrye wil hom ter beskikking van die lewenstaak te stel, gerig deur die eie oordeel in verantwoordelikheid en in ooreenstemming met die sin van die lewe.⁵³

Die mens is inisiatief van verhoudinge tot 'n wêreld wat hy ontmoet en waardeur hy ontmoet word. Hy is by sy menswording betrokke as konkrete eksistensiël-etiese-subjektiviteit. Hy is immers Da-sein⁵⁴ (Oberholzer). Ook van Zyl sien die mens in verhouding tot die natuur, kultuur, medemens en God, wat dui daarop dat hy sinsoeker, sinvinder en singewer of sinskender is.⁵⁵

Die kind sowel as die volwassene moet eers self sin belewe alvorens hy self sin kan gee.

Singewing word dus deur sinbelewing voorafgegaan.⁵⁶

Namate die kind sy taak as kind sinvol beleef, word hy in sy jeugjare toenemend bewus van sy eie

bevraagdheid en word met meer erns krities na die sin van die lewe en na 'n eie aandeel aan sinvolle taakbelewing gesoek. Hy moet leer om sy verwagtings in ooreenstemming met sy moontlikhede te stel en die voorbereiding vir beroepsarbeid is deel van die lewenstaak wat sinvol geleef word.⁵⁷

Die singewende bestaan by die jeugdige sal onmoontlik wees as die bewuste wil en opset daartoe ontbreek, want dit is die wil tot sin wat sy lewe laat gedy. Eers wanneer die wil tot singewing aanvaar is, vorm die geloof in die sinvolheid die grondslag van elke keuse en elke beslissing oor wat hy is en wat hy wil wees.⁵⁸ Die wil tot sinvolle lewe lei tot vervulling van lewensin en lewensbestemming.⁵⁹ By 'n volwassene oorheers die wil tot singewing aan sy bestaan sodanig dat hy verantwoordelik voel vir die vervulling van die sin van sy lewe, naamlik taakaanvaarding en taakvervulling. Al sy handeling sal dan gedra word deur die besef dat die lewe sinvol is en hierdie besef sal die grondslag vorm van elke beslissing wat hy maak.⁶⁰ Dit sal beteken dat die volwassene tot verantwoordelike selfbegrip gekom het waarin hy sy positiewe moontlikhede asook sy bevraagdheid sal begryp en toenemend in diens sal stel van homself en sy medemens sodat hy tot 'n vervulling van sy plig kan kom.⁶¹

Die vraag na die sin van die lewe is 'n spesifieke menslike vraag en 'n wesenlike uiting van outentieke menswees. Dis 'n uiting van die

menslike van die mens.⁶² Die lewensbestemming van die mens kan alleen deur selfverwerkliking bereik word, dus deur die vervulling van sy bestemming as vervulling van die sinvolheid van sy lewe⁶³ en so word die mens tot wese wat steeds verder wys, wat toekomsgerig is en wat deur alles heen oplei na die Transedente.⁶⁴

Ten einde sy bestemming te bereik, is die mens dus aktief gerig op die toekoms en bewus daarvan dat hy rekenskap moet gee van sy deelname.

2.2.5 Vervulling van bestemming as toekomsgerigtheid en rekenskap van deelname.

'n Bestaan sonder 'n gerigtheid op die toekoms is 'n verskraalde bestaan omdat dit in die hier-en-nou gevange bly (Beets).⁶⁵ Toekomsgerigtheid dui op 'n ideaal, 'n bestemming wat bereik moet word en wat die lewe sinvol en betekenisvol maak en sinvolle verwagtinge wek. Dit verg aktiwiteit om die positiewe moontlikhede waaroor 'n mens beskik deur eie inisiatief en deelname (inspanning) in die toekoms te verwerklik. Die toekoms is opgawe met die verlede as die gegewene in die spanning van die hede.⁶⁶ As ongeslotenheid gaan dit om die op-hom-neem van die toekoms wat in aantog is en gee 'n mens só daadwerklike uitdrukking aan sy toekomsgerigtheid.⁶⁷ Die opvoeder moet by die opvoedeling 'n verlange na die toekoms wek, hom in die hede laat werk aan die toekoms om steeds toenemend toekomseise te begryp en hom sinvol op die toekoms te rig sodat hy geleidelik sy roeping kan vervul.⁶⁸

Die menslike bestaan is geen vanselfsprekende en vanself-gebeurende bestaan nie. Dit is 'n bestaanswyse wat geensins in vaste bane verloop nie; as ontiese ongeslotenheid is dit moontlikheid om van geleenthede wat hy inderdaad self is, iets te maak. Hy is met 'n taak gekonfronteerd: hy is taak of opgawe. Die wese wat mens genoem word, verteenwoordig 'n oeronvoltooide vorm met 'n onvoltooide funksie in 'n onvoltooide tyd. Hy is toekomstigheid as taak. Hy staan onteenseglik as mens in sy indiuidenskap solitêr en moet elke gebeurtenis-in-eie-gesintueerdheid in alleenheid deurmaak maar terselfdertyd is dit ewe onomstootlik dat niemand hierdie toekomstigheid wat hy is, kan betree of selfs ontvlug sonder om ook die lewe van 'n ander daarby te betrek nie. In die mens se solitêriteit is en bly hy ook solidêr gemoeid.⁶⁹

Die volwasse mens wat rekenskap van sy deelname aan die vervulling van sy bestemming moet gee, is (volgens van Zyl) 'n deemoedige mens wat skuldig staan omdat hy weet dat hy as bevraagde selde antwoord soos hy dit behoort te doen. Hy waag telkens weer omdat hy glo dat sy nietige bydrae sinvol is. Hy is bereid om eie kleinheid te bely en tog in geloofsvertroue voort te gaan met sy lewenstaak.⁷⁰ "No man is ever all he can be"⁷¹ Ook Liebenberg sê dat menslike handeling in geloof gedra word. Geloof is 'n uitsluitlik menslike verskynsel wat direk gegee is en onwegdinkbaar is en daarsonder is geen

menslike bestaan sinvol nie. In die laaste instansie berus alle menslike, dus ook opvoedingshandelinge op direkte persoonlike sekerhede wat hy as waar aanvaar al kan dit nie deur bewysvoering gestaaf word nie. Vir die Christen is dit geloofsvertroue (in God), geloofsverwagting en die geloofsdaad.⁷²

Oberholzer beweer juis dat dié sekerheid en vastrapplek waarmee die mens die onbekende toekoms onbevrees tegemoet kan tree, in die lewensopvatting geleë is. Die praktiese rede van die mens bemoei hom met die vraag na die wese en die taak van die mens en aansluitend by die sin en die sinvolheid van menselewe as dit wat gedoen behoort te word, as die hoogswaardevolle. Dit hang nou saam met en is die neerslag van die lewensopvatting.⁷³

Deurgaans moet in gedagte gehou word dat 'n mens se verhoudinge tot andere deur bitter min wetenskaplikheid gekenmerk word. Hierdie verhouding word deur kragte en magte gedra wat dieper reik en oneindig verder strek as kennis en wetenskap.⁷⁴

Van Zyl beweer ook dat die sinvolheid van die menslike bestaan bo-wetenskaplik is omdat dit nie die uitkoms van wetenskaplike besinning is nie.⁷⁵ As daar dan besin word oor die sin van die lewe, word gevra na die wese van die mens, na sy herkoms en bestemming. Antwoorde op hierdie vrae gryp verder heen as die empiries-waarneembare van die mens se in die wêreld wees. Dit verwys na 'n bepaalde mensbeskouing gegrond in 'n partikuliere

lewensopvatting (Roos).⁷⁶ Hierby sluit Popma aan deur daarop te wys dat 'n mensbeskouing wat uitgaan van die mens as sodanig los van sy lewens- of wêreldbeskouing, glad nie oor die mens handel nie.⁷⁷

Om dus die wetenskaplik ontdekte essensies van die doelstruktuur. "Sinvolheid van bestaan" wat lewensvatbaar is tot lewe-te-wek sal daar ná-wetenskaplik die lewensopvatlike inhoude (soos hier vervat in die Nagmaalsformulier) as geloof in die enigste Singewer, volgens die perspektief-metode moet aangewend word om die sinvolheid van sy bestaan in die lewe van die Christen-Protestant te intensiveer, te verskerp en tot lewe en aktiwiteit te wek.

2.3 Sinvolheid van bestaan : Essensies.

Deur gebruik te maak van die fenomenologiese benaderingswyse is die werklike essensiële van die doelstruktuur sinvolheid-van-bestaan uitgelig. Hier volg nou die essensies wat so openbaar is:

- 2.3.1 Bewuswees-van-lewenseise,
- 2.3.2 Besef-van-bevraagdhed,
- 2.3.3 Opgeroep-word-tot-antwoord,
- 2.3.4 Voer-van-verantwoordbare-lewe,
- 2.3.5 Rekenskap-van-deelname.⁷⁸

Daar sal nou oorgegaan word tot die uitlig van die Nagmaalsformulierinhoud en relevante religieuse strukture wat aangewend kan word om die genoemde doelessensies te aktiveer en tot

lewe te wek. Vir die Christen is die bron van opvoedingslewe die Woord van God. Ook die Belydenisskrifte (en formuliere) is gegrond in die Woord en ontleen daaraan hul gesag.⁷⁹ Elke menslike woord en begrip is ontoereikend t.o.v. die Woord van God as Sy openbaring aan die mens wat kan lei tot nadenke oor dié gedagtes wat God vir die mens voorgedink het.⁸⁰ Die Woord van God bevat dan riglyne vir alle wetenskappe,⁸¹ ook vir die Pedagogiekaanwending en daarom is hier sprake van 'n ná-wetenskaplike gerigtheid op die Woord en di Evangelie soos dit kernagtig ook saamgevat is in die Nagmaalsformulier ná die instelling daarvan deur Jesus Christus in die nag waarin Hy verraai is.⁸² Hierdie Nagmaalsessensies is vir die Christen-Protestant aanwendbaar in die verlewending van die universele doelessensies.

2.4 Sinvolheid van Bestaan : Nagmaalsformulier-inhoude.

2.4.1 Inhoude wat betrekking het op die sin van die lewe:

Die volwassene is bewus van die sin van sy lewe en van die lewenseise en besef dat hy bevraagde is en opgeroep word deur 'n verantwoordbare lewe te voer. Die jeugdige as Verbondskind en nog-nie volwassene het nog steun, leiding en begeleiding van sy ouers (soos in die Doopbelofte vereis), van die onderwysende-opvoeders (as plaasvervangende ouers) en van die Kerk nodig om tot besef van die sinvolheid van sy bestaan te kom.

Volgens die algemene genade van God is opvoeding 'n algemeen menslike moontlikheid maar om die mens te verlos uit sy sonde is geen opvoeding nie maar die besondere genade van God, maar dit sluit die verantwoordelikheid, aktiwiteit, inspanning en stryding van sowel die opvoeder as die opvoedeling egter nie uit nie.

2.4.1.1 Geloof:

Die ouer, skool en kerk skep die moontlikheid tot persoonlike geloofsaanvaarding maar die omkering van die kind na God, d.i. die intree met die inset van Sy hele persoonwees in 'n positiewe relasie tot Hom, kan alleen geskied deur eie beslissing, geloof en met die besondere genade van God.⁸³

Daarom word die jeugdige gedurende die kategetiese-onderrig duidelik bewus gemaak daarvan dat hy "aangesprokene is, dat God 'n appél tot hom rig",⁸⁴ om die wan-relasie tussen mens en God wat deur die sondeval ontstaan het te herstel. Die mens is as sinskender altyd skuldenaar vanweë sy betrokkenheid by die sondeskuld as oerskuld.⁸⁵

Die Nagmaalsformulier spreek duidelik uit hoe die sonde God mishag en Hy dit dus nie ongestraf kon laat nie. "Want die gebod van die lewe wat hy ontvang het, het hy oortree en homself van God, wat sy ware lewe was, deur die sonde afgeskei en sy ganse natuur verderwe".⁸⁶

Soos God die mens nie neutraal geskep het nie maar met die moontlikheid tot beslissing, staan

Hy ook ten opsigte van die sonde nie neutraal nie maar seën hom wat die weg van die ewige lewe kies en verdoem die mens wat die "lewe" sonder Hom kies.

Die volle straf van die sonde is die dood. Die mens kan nie buite God outentiek lewe nie. Hy wat buite-God-wil-staan, in hom regeer die dood want hy tas die Eer van God aan. Selfs Sy Seun Jesus Christus het aan die kruis uitgeroep: "My God, My God, waarom het U my verlaat?" asof Hy te kenne wou gee ... "Ek kan tog nie lewe sonder U nie!" Die dood is verbreking, verstoring van die deur God gelegde bande. Die sonde baar die dood - dit is die "natuurlike" vrug van die sonde. Dood in sy volle omvang is verlaat-te-wees van God, om deur die Vader buitegestoot en verban te word. Om nie meer ingestel te wees op God as die Lewensbron nie, is die ewige dood.⁸⁷

Om gemeenskap met God te hê en Hom te ken, is Lewe - dit verkry die mens juis deur die smadelike dood van Christus aan die kruis. Die skeppingsband tussen God en mens kan nooit deurgesny word nie want dan versink die skepsel in die niet en God kan Homself of Sy eie skepping nie verloor of prys gee nie. Daarom bewerk die stroom van God óf lewe, krag en openbaring óf ... die dood.

Die tydelike dood is die verbreking van liggaam en siel by afsterwe. "Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer". Daar is ook sprake van die geestelike dood wanneer daar geen gemeenskap

meer tussen God en mens hier op aarde bestaan nie. Die "lewe" is dan 'n gestadigde dood. Uit hierdie geestelike dood kan die mens nog verlos word.

Die volle, nie-meer getemperde straf op die sonde, is die ewige dood. Uit die ewige dood spreek slegs die ewige verdoemenis, die ewige wegsink in die moeras, sonder ruspunt en houvas, verlate van God.⁸⁸

2.4.1.2 Berou

Die voornemende lidmaat moet dus gelei word tot bewuswording van die straf van die sonde, sodat deur die genade van die Heilige Gees hy berou kan hê oor gebreke en van harte begier om teen die ongeloof te stry (Nagmaalsformulier), maar moet verder ook gelei word tot 'n sinvolle antwoord op die wesenlike vrae na die oorsprong, wese en werking van die sonde. (Sien Hoofstuk 3).

2.4.1.3 Oordink waartoe.....

Maar die voorbereidende en belydende lidmaat moet ook oordink waartoe die Nagmaal ingestel is en die sakrament sien as genademiddel wat die mens wek van die geestelike dood na die lewe. "Hy wat glo, het die ewige lewe".⁸⁹ Die Nagmaalsformulier eis dat die lidmaat sy hart ondersoek of hy die gewisse belofte glo dat al sy sondes hom alleen ter wille van die lyding en sterwe van Jesus Christus vergewe is, so volkome asof hy self in eie persoon vir al sy sondes betaal en alle geregtigheid volbring het.

"Zonde, ellende en dood zijn feiten, wier bestaan door niemand kan worden ontkend, en die daarom bij alle mensen in zwakker of sterker mate een behoefte wekken aan versoening en verlossing. Niet minder dan de kennis der ellende, is het verlangen naar redding aan alle mensen gemeen. Zelf zijn zij in meerder of minder mate ook allen zich bewust, dat de verlossing moet komen van boven."⁹⁰

Teenoor die sonde waarin die mens die duisternis liever het as die lig staan die wonder van genade en heiliging, die oorgaan van die dood na die lewe waarin die sonde afgekoop en betaal is (Joh. 3:19).⁹¹ As Christus vir die mens gesterf het, hoekom is dit dat hy ook moet sterwe? Die mense se dood is geen betaling vir sy sondes nie, maar alleen 'n afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die lewe, soos die Nagmaalsformulier ook verkondig.⁹²

In die Nagmaalsformulier en deur die Heilige Skrif tree die genade van God in volle rykdom en heerlikheid die mens tegemoet. So word die jeugdige tydens die kategetiese onderrig verseker van die genade van God, aangeroop en gekonfronteer met die Woord, die belydenisskrifte en formuliere. Die aanhoor van die Woord (versterk deur die Sakrament) vereis 'n korresponderende geloofshouding as luisterhouding, wat behoort te lei tot oorgawe aan en persoonlike ontmoeting met God in Jesus Christus.⁹³

Geloof in die gekruisigde Heiland, verlossing en regverdiging wat alleen deur die besondere genade van God deur die Heilige Gees in die hart gewerk kan word, moet die belydenis van geloof vóórafgaan. Dit word telkens weer versterk deur die Woord as bron van opvoedingslewe en ook deur die gebruik van die sakramente. Geloof is die ja van die mens teenoor God en Sy Woord, die mens se amen op Sy beloftes, die mens se oorgawe aan Sy liefde.⁹⁴ So moet die mens telkens ook die gewete ondersoek of hy ook gesind is om met sy ganse lewe ware

2.4.1.4 dankbaarheid jeens God die Here te bewys en 'n ernstige voorneme het om in die toekoms in waaragtige liefde en eensgesindheid met Sy naaste te lewe, verlos en geregverdig in Jesus Christus.

Die Nagmaalsformulier wat dan as genademiddel die mens van die geestelike dood na die "lewe" wek, dwing dan ook die ernstige Christen-Protestantse lidmaat om verder uit die bronne van opvoedingslewe (die Heilige Skrif, Belydenisskrifte, formuliere en werke van Christen-Protestantse teoloë) deeglik kennis te neem van die inhoudelike relevante religieuse strukture van Versoening, Genade, Geloof, Geregtigheid en Regverdigmaking.

2.4.2. Relevante religieuse strukture:

2.4.2.1 Versoening:

As uitkoms van die wesenlike realiteit van die sonde waardeur die verhouding tussen mens en God versteur is en die mens hom afwend van God, was hy

blootgestel aan die toorn van God.⁹⁵ Eerder as om die sonde ongestraf te laat, het Hy dit aan Sy Seun Jesus Christus met die bittere en smadelike dood van die kruis gestraf, (Nagmaalsformulier) waardeur Hy as die enigste ware en regverdige mens,⁹⁶ vir menslike sonde betaal en die mens se enige Middelaar en Saligmaker geword het. Die werklikheid van die kruis dui op God se vergewing en is gerig op die heiliging, die volle gemeenskap met Hom, op die kindskap onder Sy septer, op die onberispelikheid van hulle wat die Lam volg. Hoe diep en ver die realiteit van die vergewing strek word raakgesien as die sin van die menslike bestaan weer ten volle sigbaar word deur sy regverdiging en heiliging.⁹⁷

2.4.2.2 Genade:

a. Die Algemene genade:

Omdat die Gereformeerde volle erns maak met die sonde en die vloek van God daaroor, verkondig hy ook die volkome verdorwenheid van die menslike geslag. Teen die donker van die menslike, deur die sonde verdorwe natuur, skyn die lig van God se genade. Sonde en genade is hier stelling en teenstelling, tese en antitese.

Wat nou van die ongelowige wat goed, waar en skoon lewe? Calvyn noem bogenoemde kenmerke genadegawes van God wat nie uit die mens se verdorwe hart kan opkom nie. Calvyn onderskei ook tussen die besondere en die algemene

genade. Laasgenoemde beteuel die sonde, stuit die vernielende en verwoestende krag van die sonde, rig die mens weer na God, rig die vervalde mens weer op, maar verander nie die hart van die mens nie. Die besondere genade verander die hart, vernuwe dit van binne en berei die mens voor vir die ewige lewe.

Ook die algemene genade kom uit die goedheid van God waardeur o.a. die oorspronklike skeppingsmoontlikhede van die mens, nog in die sondige wêreld, tot ontplooiing kan kom. Hierdie algemene genade is die werk van die Heilige Gees en het betrekking op die individuele mens, die mensheid as geheel en die natuur.⁹⁸

Hierdie algemene genade is egter geen algemene versoening nie alhoewel die soendood van Christus die geleentheid aan elkeen bied "dat sy sondes hom om Christus ontwil vergewe is".⁹⁹

b. Die Genadeverbond

i. Die werkverbond:

Volgens Bavinck moet onderskei word tussen "voor die val opgerichte verbond (die werkverbond) en door den val verbroken foedus operum".¹⁰⁰ In die werkverbond "kwam God toch tot den mensch met den eisch der gehoorzaamheid en beloofde Hij hem, eers na die volbrachte gehoorzaamheid, de zaligheid des hemels, het eeuwige leven, de

geniëting zijner aanschouwing te schenken".
"God houdt zich aan den regel, dat wie de wet
onderhoudt, het eeuwige leven ontvangen zal".¹⁰¹
Maar die mens het die wet verbreek en uit die
werke van die wet kan die vlees nie geregverdig
word nie. Die mens het geval maar het mens
gebly.¹⁰²

In Sy besondere wysheid en goedheid wend God
Hom direk na die sondeval na die gevalle mens
(toe hy al bewende van Hom weggevlug het)¹⁰³
om die gemeenskap met hom te herstel en om die
Verbond van Sy genade te openbaar. Langs die
historiese weg word hierdie verbond weer met
Abraham en (by Sinai) met Israel en in al die
geslagte van die aarde, herbevestig. God
rig Hom tot die mens in sy ganse bestaan,
omvat sy lewe in al sy relasies, herskep wat
Hy gemaak het, bring die nuwe mensheid voor
en red uit dood en vervloeking¹⁰⁴ deur:

ii. Die Evangeliese verbond:

"Maar dit heeft Hij opgericht niet met een,
die enkel mensch was, doch met den mensch
Christus Jesus, die zijn eigen, eengeboren,
veelgeliefde Zoon was."¹⁰⁵ Nie die werke
van die mens nie en ook nie die onderhou van
die wet nie kan dié verbond bevestig nie maar
slegs dié genade en glorie van Vader, Seun
en Heilige Gees is ter sprake.¹⁰⁶ Christus
is die "weg des verbonds".¹⁰⁷

Hieruit blyk duidelik:

I. Christus is die inhoud van die belofte dat God Sy Seun sou gee om die mens geluksalig te maak.¹⁰⁸ Hy is die Middelaar van die verbond.¹⁰⁹ Sy liggaam en bloed sou die vergewing van sondes te weeg bring en die skuld versoen tussen God en volk¹¹⁰, soos dit telkens herbevestig word by elke Nagmaalsviering by die breek van die brood (Neem, eet, gedenk en glo dat die liggaam van onse Here Jesus Christus gebreek is tot volkome versoening van al ons sondes), en die aangee van die beker (Neem, drink almal daaruit, gedenk en glo dat die dierbare bloed van onse Here Jesus Christus vergiet is tot volkome versoening van al ons sondes). Só vervul Christus die Ou Testamente tiese belofte.¹¹¹

Hy het Sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor hulle wat skuldig en doemwaardig was. Hy het Sy Seun in die dood gegee as 'n allervolmaakste liefde en Hom opgewek tot die mens se regverdigmaking sodat die mens deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe sou hê want daar staan geskrywe dat die straf wat die vrede aanbring, op die Seun van God was en dat deur Sy wonde daar genesing gekom het.¹¹² "Alles word vervuld, is vol-dragen, bereikt sy wasdom en bring nu uit het tydelike omhulsel de ewige kern te voorschijn."¹¹³

II. Vergewing van sonde is genade.

Die wesenlike van die verbond is dat uit God besondere genade voortvloei en "niets dan genade, onverdiende verbeurde seëninge tot inhoud het".¹¹⁴ Genade is soos sonde, 'n religieuse kategorie. As God die mens sy sonde toegereken het was hy vir ewig verlore. As God die mens aan homself en sy eie-willigheid oorgelaat het was hy ook ewig verlore, maar dit is God se genade dat Hy tot die mens gekom het, die kloof oorbrug het, met die mens solidêr geword het in sy skuld, sy sonde gedra het, die offer gebring het, en die sonde daarmee versoen en wegwas. Genade gee aan die mens 'n nuwe benaming. Hy noem die sondaar kind van God, Sý kind deur Christus. Wat is dan genade? Volgens die Protestantheid is dit 'n daad, Woord, verklaring, belofte, uitgespreek "buiten de mens, voor de mens", gesprek in Christus, gehoor en in geloof aanvaar deur die sondaar.¹¹⁵

III. Die troos, die krag en die heerlikheid van die Verbond is vir hulle wat die belofte ontvang in die geloof. Paulus wys daarop dat die mens deur die geloof alleen sonder die werke geregverdig word uit genade. Daarom verneder die mens hom voor Jesus Christus, bely sy sonde en glo in die gekruisigde Christus as genoegsaam om al sy ongeregtheid te bedek.¹¹⁶

Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom .. Hy wat die gewisse belofte van God glo ... is volkome geregtig .. asof hy self in eie persoon vir al sy sondes betaal het (Nagmaalsformulier).

IV. Verlossing:

Deur die geloof word die Verbond dan die sterkte van die lewe, die sekerheid van die toekoms en die enigste troos in lewe en sterwe want daardeur word die mens verseker van Sy ewige trou, leer hy God ken; word hy gesterk tot volharding, hou Hy Sy kerk in stand.

Daarom is die lof van die verlose gemeente die lof van Sy verbond: "Hy wat julle roep is getrou: Hy sal dit ook doen" (1 Thes.5:24). Die verlose sal ook voortaan met sy ganse lewe ware dankbaarheid jeens God bewys.

Die raad wat voortkom uit die liefde van God tot die uitverkorenes sal voortaan vervul word, sodat die uitverkorenes op die regte tyd byeen sal wees, gegrondves op die bloed van Christus. En hulle moet Hom as hul Saligmaker wat, as 'n bruidegom vir Sy bruid, Sy lewe aan die kruis vir hulle gegee het, standvastig bemin, met volharding dien en hier en in alle ewigheid verheerlik.¹¹⁷

2.4.2.3 Geregtigheid

Dit is nodig om die begrip geregtigheid duidelik te omskryf voordat 'n mens by die begrip regverdiging of regverdigmaking kom wat direk daarmee in verband staan.

- a. Uit die Ou Testament blyk dat die Geregtigheid van God alleen ter sprake is:
1. Geregtigheid of regverdigheid is 'n juridiese begrip en impliseer dat reg sal geskied aan dié wat verontreg is.
 2. Ps. 7:12 noem God 'n regverdige regter wat kragtig optree as Sy volk onreg ondervind en sonder aansien van die persoon oordeel.
 3. Israel ondervind geregtigheid as Hy Sy beloftes teenoor hulle nakom.
 4. God se geregtigheid is hier 'n aktiewe begrip wat bepaal word uit die geheel van Sy dade in die verlede, hede en toekoms.
 5. In die Ou Testament word dit gesien beide uit dade wat Sy volk verlos van vyande, as uit straf en bestraffing van Sy eie volk.
 6. Die regverdiges in Israel is hulle wat Jehova eer en lief het.
 7. God is regverdig omdat Hy Sy volk gee wat Hy beloof.
 8. Na die Messias word uitgesien as die beloofde Koning wat reg aan die verdruktes sal laat geskied en aan die regverdiges gee wat hulle toekom.
- Hy beliggaam die geregtigheid van Jehova.

b. Uit die Nuwe Testament blyk (soos ook uit die Nagmaalsformulier):

1. Dat die woorde regverdigheid en regverdig vir God en mens gebruik word. God se geregtigheid word min maar in betekenisvolle verband genoem veral in sleuteltekse (bv. in Romeine) en gaan om die openbaring van God se geregtigheid in Jesus as Messias en in Sy reddende handeling om die sondaar te verlos van sy verval en magte van die dood. Elke sondaar wat in geloof verlos word, sal Sy regverdigheid ervaar in die plaasvervangende lyde en sterwe van Christus wat telkens by die Nagmaalsviering herdenk word.
2. God se regverdiging of regverdigmaking is dan die vryspreek van die sonde om Christus se ontwil en hierin is die skuld voldaan. In die vryspraak toon God Sy geregtigheid en het Hy die mens geregverdig.¹¹⁸

c. Geregtigheid by die mens

Terwyl die wet die mens vanweë die sonde veroordeel en hom nooit tot saligheid kan lei nie, het dit God behaag om Sy geregtigheid op 'n ander wyse nl. sonder die wet tot openbaring te bring (Rom. 3:21) want uit die werke van die wet kan niemand regverdig word nie (Rom. 3:19). Hy doen dit deur in Christus se gebroke liggaam en vergote bloed 'n soenoffer vir sonde te gee. Hieruit blyk dat God self regverdig is, maar hierdeur word dit ook vir

Hom moontlik om in ooreenstemming met Sy geregtigheid te regverdig dié wat uit die geloof in Jesus is. Die geregtigheid van God en mens verskil dan daarin dat die geregtigheid van die mens buite homself in Christus is en deur die geloof sy eie gemaak is (Luther, Calvyn, Kant, Phillipi, Fritzche).¹¹⁹ Geregtigheid is dus die gesindheid by die mens wat in ooreenstemming met die wil van God leef. In Matt. 5:20 eis Jesus van die kind van die Koninkryk 'n oorfloediger geregtigheid as van die Fariseër. Hierdie geregtigheid moet blyk uit die gesindheid:

i. teenoor God: Dit moet voortvloei uit gehoorsaamheid aan die geestelike betekenis van die Wet, en die formulier, soos Hy dit bedoel het; 'n geregtigheid wat nie vir die mens voorgehou word as weg tot bereiking van saligheid nie - maar bloot as goeie werke uit dankbaarheid van hulle wat deur die Here tot saligheid gelei is en nou uit dankbaarheid opreg voor God wil wandel en van harte begeer om teen die ongeloof te stry en volgens die wil en gebooe van God te lewe (Nagmaalsformulier). Oortreding geskied diep in die hart en lê in die gesindheid of sondige gedagtes. Die gelowige het deur die genade van die Heilige Gees berou oor sulke gebreke. "Salig is hulle wat rein van hart is" (Matt. 5:8). Die gebooe is gerig op meer as wat tot uiting kom in dae maar het

betrekking op die gesindheid teenoor God en ook

ii. teenoor die medemens. Die verhouding tot die naaste word bepaal deur die verhouding tot God en lei dikwels tot opoffering, selfverloëning en kruisiging van die "eie-ek" omdat die mens sy naaste moet liefhê soos homself.¹²⁰ Hy moet dus ook vasstel of hy sonder enige geveinsdheid van harte alle vyandskap, haat en nyd wil aflê, en 'n ernstige voorneme het om van nou af in waaragtige liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe (Nagmaalsformulier).

2.4.2.4 Regverdigmaking (regverdiging)

Geregtigheid by die mens kom uit regverdiging deur God. Die wedergeboorte wat in die vrugte van die geloof en bekering tot openbaring kom, ontsluit en verleen toegang tot die koninkryk van God met al Sy skatte en weldade. Een van die betekenisvolste weldade is die moontlikheid om regverdig te staan voor God "sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie; en het eindelik met Sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige Testament, die verbond van die genade en die versoening bevestig toe Hy gesê het: 'Dit is volbring'" (Nagmaalsformulier). Die regverdigmaking bring geen sedelike verandering te weeg in die mens se bestaanswyse nie, maar gee hom 'n ander status en posisie teenoor God. Vanaf die staat van doemwaardige sondaar wat die tydelike en ewige straf

verdien kom hy oor tot die staat van vrygesprokene, begenadigde, ewig met God versoen deur die bloed van Sy Seun en word voortaan nie meer deur die verdoemenis bedreig nie.¹²¹

Sy skuld is betaal, die geregtigheid vir hom geheel volbring. Dit geld immers 'n regterlike uitspraak wat God nooit sal herroep en wat niemand kan vernietig nie - dus tot in ewigheid Sy krag en geldigheid sal behou.¹²²

Regverdiging is 'n onverdiende weldaad van God en geskied uit louter genade. Dit sluit nie alleen die vergewing van sonde in nie, maar gee tergerlykertyd die reg op die ewige lewe deur die opstanding van Jesus Christus. Rom. 8:24, "Christus is dit wat gesterwe het, ja, meer as dit, ook opgewek is"...

Die enigste grond vir die mens se regverdiging lê buite homself in die volkome werk van die Heiland en Verlosser¹²³ soos telkens herbevestig word by die gebruik van die Heilige Nagmaal. Só kan die goeie werke nie die geregtigheid van God of selfs 'n deel daarvan wees nie, omdat die geregtigheid heeltemal en in alle dele gelykvormig moet wees aan die wet van God en verder dat selfs ook die beste werke in hierdie lewe almal onvolkome en met sonde besmet is.¹²⁴

Ook Van Niftrik spreek hom soos volg uit oor die regverdigmaking: Vergewing van sonde deur God is genade en is reg, die regverdiging van die

goddelose deur God se vryspraak geskied na regte. Sy geregtigheid word die mens "toegereken", die mens word vrygespreek deur 'n "vreemde" geregtigheid - God se geregtigheid. Hierdie "toerekening" van die geregtigheid van Christus is 'n juridiese omskrywing van die geestelike vereniging met Hom. Die mens word in en deur die geloof ingeskakel in Christus.

Dié heilgeheim word aan die mens deur die Heilige Gees geopenbaar: dit is die vergewing van sondes - dit is die regverdiging deur die geloof - dit is die "toerekening" van die geregtigheid van Christus - dit is God se heilige en genadigde vryspraak waardeur ons die lewe vind.¹²⁵ Deur die geloof word die nuwe mens volkome geregverdig en geheilig "asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het".¹²⁶ Hierdie is troos vir die verskrikte gewete (Melanchton) omdat aan die mens hier volkome sekerheid gebied word, sekerheid wat nie berus op menslike prestasies nie, maar alléén en uitsluitlik in God. Die Hervormers noem dit geloofsekerheid.

Nadruklik word die werke van die mens uitgeskakel: die mens word alleen deur die geloof geregverdig sonder die werke van die Wet! Buite die mens self, in Jesus Christus, is alles volbring op Golgota. God het dit gedoen, eenmalig en volledig; dit is die mens se troos in lewe en in sterwe!¹²⁷

Die eiegeregtige wat uit die werke geregverdig wil word, glo nie die Woord van God nie, regverdig God nie maar maak Hom tot leuenaar. Hy verneder homself nie en erken nie dat hy sondig is nie, hy soek nie regverdiging en verlang nie na geregtigheid nie maar glo dat hy dit reeds besit.¹²⁸

Wat het die mens nodig? Slegs geloof gewek deur die Heilige Gees. Wat is geloof? "Niets anders dan ootmoedig God gelijk geven, aanvaarden wat God zegt in Zijn genade".¹²⁹

Die geloof sluit dus twee aspekte in: geloof dat die mens sondaar is en geloof dat die mens uit genade deur Christus geregverdig is. Albei neem die mens aan op gesag van God se Woord en nie uit die Wet nie maar die waaragtige geloof en geregtigheid wat God aan die mens skenk word uit kennis van die Wet en uit die Evangelie en belydenis van sonde gebore.¹³⁰

Die gelowige mag in beginsel aanvaar dat hy geregverdig is maar die geregtigheid wat hy besit is enkel en alleen aan die genade van God te danke. Hierdie geregtigheid is voortaan nie die grond waarop hy steun nie. By die aanvang en in die voortgang glo Hy die Woord van sy God nl. dat hy sondaar is en dat sy geregtigheid alleen bestaansreg vind in die geregtigheid van God. So is en bly hy altyd hier op aarde siek en gesond, sondaar en regverdige, skuldig en nie-skuldig.¹³¹ Hierdie opvatting van Luther waarsku dus teen beide valse

gerustheid en vertwyfeling.¹³² Die Nagmaalsformulier noem 'n lang lys van besmetlike sondes maar wil terselfdertyd nie die verslae hart van die gelowige kleinmoedig maak nie asof net die sondelose na die Nagmaal mag gaan asof hulle volkome en geregtig is - die sondaar soek sy lewe juis daar in Christus. Luther maak ook geen skerp skeiding tussen regverdiging en heiliging nie. God se genade is genoeg vanaf die aanvang van sy bekering tot aan die einde van sy lewe.¹³³ Calvyn plaas die uitverkiesing meer op die voorgrond as Luther en sien regverdigmaking vanuit hierdie perspektief maar verswak daarmee nooit die objektiewe voldoening van Christus of die weldaad van regverdigmaking nie. Hy beklemtoon egter die geregtigheid van Christus as 'n gawe van God minder as dat dit 'n gawe is wat die mens deur geloof moet aanneem; die objektiewe skenking gaan die subjektiewe aanvaarding vooraf. Hierteenoor sien Calvyn egter die nietige geregverdigde mens voor die majesteit en heiligheid van God in verootmoediging "omdat zij in Hem en niet in iets anders zouden roemen".¹³⁴ Ook Calvyn sê dat God niemand regverdig wat Hy nie terselfdertyd heilig nie.¹³⁵

As die mens voor die aangesig van God verskyn om homself in Sy heilige wet te spieël, verval hoogmoed en selfvertroue en bly slegs die bede: "Gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor U aangesig regverdig nie" (Ps. 143:2, cf. 130:3). Vir die nietige, skuldige, onreine

mens is daar nou sprake van oordenke waartoe Sy Nagmaal ingestel is en dus van waaragtige gemeenskap met God, saligheid en ewige lewe omdat God uit Sy verhouding neergedaal het om die gebroke band weer te herstel, die skuld uit te wis en die deur na die Vaderhart weer ontsluit.¹³⁶

Uit die Heilige Skrif kom dan ook die volgende duidelike uitsprake: (Vir verwysings sien Bavinck, Gereformeerde Dogmatiek IV, p.193).

1. Die geregtigheid van God waaruit Hy vryspreek, is objektief in die Evangelie, sonder werke van die wet en vóór openbaring van geloof.
2. Die geloof word nooit as grond vir regverdiging voorgestel nie.
3. Die geloof is geen werk, maar afstand doen van werk, 'n onbepaalde geloof in dié God wat lewend maak.
4. Indien die geloof self grond vir regverdigmaking sou wees, sal God met 'n mindere geregtigheid as wat Hy in Sy wet eis, tevrede moes wees. Die Evangelie bevestig dan nie die wet nie (Rom. 3:31), maar vernietig dan die wet. So doen God dan afstand van Sy eie geregtigheid en verloën Homself. Die toestand is onuithoubaar en neem die troos vir die gelowige weg. Want vir 'n waaragtige Christelike lewe in diens van God moet die vrees vir God as regter in die bewussyn omgesit word in Vaderlike liefde voordat daar van waarlik goeie werke (uit dankbaarheid) sprake

sal wees.¹³⁷

As die regverdigmaking, die vrede met God, die kindskap, die vrymoedige toegang tot die genade-troon, die vryheid van die wet en die onafhanklikheid van die wêreld aan die mens geskenk is, dan vloei uit die geloof die goeie werke vanself voort.

Hiermee word nie die ewige lewe verwerf nie, maar dien as openbaring, bewys en seël van die ewige lewe wat elke gelowige alreeds besit. Hierdie geloof sluit die sekerheid in dat by God alle dinge moontlik is, die dode lewend gemaak word en Sy kinders tot besondere handeling in staat gestel word.¹³⁸

2.4.3 Samevattend:

Die Nagmaalsformulierinhoud en relevante religieuse strukture wat daaruit uitgelig en beskryf is kan nou in 'n sintese geïntegreer word om die sinvolheid van bestaan as latentlewende pedagogiese doelessensie te laat syn, dit in die volheid teenwoordig te stel, te laat gebeur en te verwerklik in die lewe van die Protestantse Christen sodat dit invloed kan uitoefen op, en die beste in die mens laat ontwaak om aktief te voorskyn te tree as "nuwe" lewenswyse vanweë dankbaarheid. Hier is sprake van voortgang en deurbraak ook van 'n besef van die sinvolheid van menslike bestaan as 'n gerig-wees op 'n aardse en ewige bestemming. Sodoende word die Protestantse Christen-opvoeder dan ook daartoe gesteun om die sinvolheid van 'n Christelike bestaanswyse aan sy opvoedeling voor te lewe en uit te lê.

2.5 SINTESE:

2.5.1 Inleiding:

In die vorige paragraaf is in vooruitsig gestel dat die doelstruktuur, sinvolheid-van-bestaan lewensvatbaar is, dus oor latente lewendigheid beskik wat van lewe-wekkende Nagmaalsformulier-inhoude voorsien gaan word om dit as 'n lewende doelstruktuur te laat syn, d.w.s. in die volheid daarvan teenwoordig te stel in pedagogiese situasies om dit daar te verwerklik, te laat gebeur en te voorskyn te laat tree as eg waardevol.

Eg waardevol veronderstel 'n keuse vir besondere pedagogiese essensies wat deur die pedagogieker se lewensopvatting as waardevol geag word om werklik lewend gemaak te word. So 'n lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur is sinvolheid-van-bestaan ontvanklik vir lewe-van-weë-keuse omdat (soos reeds aangetoon) verlewendigde sinvolheid-van-bestaan alleen verwerklik kan word deur 'n besondere stellingname vir die lewensopvatlike soos dit o.a. duidelik verwoord is in Nagmaalsessensies. Alvorens daar oorgegaan word om vanuit die perspektief-metode en langs die weg van die dialektiese triade die doelstruktuur te beskryf moet eers kortliks aangetoon word waarom die vraag na die sin van die lewe veral vir die mens in die twintigste eeu aktueel en waardevol geword het.

2.5.2 Sinvolheid-van-bestaan as waardevolle pedagogiese doelstruktuur:

In paragraaf 2.3 is daarop gewys dat die volwasse mens bewus is van die sinvolheid van sy bestaan,

bewus is van die lewenseise en besef dat hy bevraagde is en opgeroep word tot antwoord om rekenskap van sy deelname te gee deur 'n verantwoordbare lewe te voer.

Vir die mens, ook die jeugdige, van die twintigste eeu het hierdie vraag na die sin van die lewe, na veiligheid en geborgenheid, na die laaste werklikhede van angs, skuld en dood aktueel geword. Ná die absolute idealisme van Hegel wat gekenmerk was deur selfversekerheid en vertroue in die menslike rede en vermoëns het die situasie in die twintigste eeu vanweë die kumulatiewe werking van allerlei invloede verander na dié van angs en vertwyfeling. Van Peursen sê, "Over dit alles ging die storm van die twintigste eeu. De broze toekomst-idyllen van de voorafgaande eeuwen werden vergruizeld. Oorlogen, uiteengeslagen verbanden, zedeloosheid en epidemieën bedreiging de sameleving, en ondergroeven het zelfvertrouwen van de mens".

Waar die ideële realiteit belangriker geword het as die eksisterende mens self, word verset uitgelok omdat dit onverskillig staan teenoor die inspanning, strewe en verwagtings van die eksisterende mens en die ernstige konkrete probleme van menslike bestaan. Hierby het ook die besef aangebreek van die onmag en eindigheid van die mens. Selfontvlugting het onmoontlik geword. Die mens het begin om persoonlik die laaste werklikhede van angs, skuld en dood te bevra.¹⁴⁰

Die mens is as sinskender altyd skuldenaar van-
 weë sy betrokkenheid by die sondeskuld as oerskuld.¹⁴¹
 Daarom is die vraag na die oorsprong, wese, werking
 en straf van die sonde vrae wat die mens, maar ver-
 al die jeugdige in die voor-volwassenheidstydperk
 alleen met sy volledige bestaan of totale eksis-
 tensie moet deurworstel (Kierkegaard as Christelike
 eksistensiële denker). Hy mag nie toeskouer wees
 op 'n afstand nie, maar moet waag en handel en as
 enkeling teenoor die Transedente gestel word om
 waarlik as mens te eksisteer. Hy moet wakker
 geskud word tot ware menslike bestaan; hy moet
 opgeroep word tot 'n lewe van konflik en stryd
 waarin hy met moed en durf sy persoonlike probleme
 onder die oë sal sien en sal lewe, dink en handel
 vanuit sy besondere situasie.¹⁴² Hy sal die sin
 van sy lewe met behulp van die volwasse opvoeder
 moet ont-dek en sy eie maak. Om die besef by hom
 te laat funksioneer, verwerklik en deurbreek kan
 daar tydens die kategetiese onderrig sowel as by
 voorbereiding en viering van die Heilige Nagmaal,
 gebruik gemaak word van die lewegewende inhoud
 van die Nagmaalsformulier.

2.5.3 Die dialektiese triade: Sinvolheid-van-bestaan/
 Nagmaalsformulier-essensies/Sinvolheid van 'n
 Christelike Protestantse bestaanswyse

Eerste synswyse	Tweede synswyse	Geïntegreerde synswyse
Sinvolheid-van-bestaan	Nagmaalsformulier-essensies	Sinvolheid van 'n-Christelike Protestantse bestaanswyse

2.5.3.1 Die beweging:

Sinvolheid-van-bestaan na Nagmaalsformulieressensies:

By die beskrywing en uitleg van die doelstruktuur sinvolheid-van-bestaan is gewys op die werklik essensiële van hierdie synswyse as die mens se bewus-wees-van-lewenseise, besef-van-bevraagtheid, opgeroep-word-tot-antwoord, voer-van-verantwoordbare-lewe en rekenskap-tot-deelname. In die laaste instansie het alle uitsprake verwys na die herkoms en bestemming van die mens wat verder strek as die empiries-waarneembare, wat gegrond is in die lewensopvatlike, in kragte en magte wat verder strek as wetenskap en kennis, of in geloofs-vertroue en oortuiginge wat bó-wetenskaplik is. Dit dui dus op doelessensies wat sluimerend-funksionierend maar in-staat-tot-funksionering is, ook op verborge-beweging wat kan oorgaan in moontlikheid-tot-beweging van Nagmaalsessensies. Die sluimerend-funksionerende sinvolheid-van-bestaan is moontlikheidsvoorwaarde vir en in staat tot funksionering en tot beweging na die tweede synswyse waardeur die nagmaalsessensies verwerklik word sodat die Christen-Protestantse mens, as bevraagde, geroep en aangespreek word tot gehoorsaamheid deur na te dink oor sy sondes, sy hart te ondersoek om vas te stel of hy waarlik glo dat hy in die kruis-dood van Jesus Christus volkome geregverdig is.

Kierkegaard sien die mens hier as enkeling teenoor God. God het self in die geskiedenis enkeling geword. As Christus was God incognito, selfs as

die lydende Christus aan die Kruis (wat deur brood en wyn by die Nagmaal versimboliseer en betekend word). As enkeling moet die mens dus die bo-redelike sprong in die geloof waag, d.w.s deur te handel in die geloof-situasie om in 'n positiewe verhouding tot God te kom en die sin van sy bestaan te herstel.¹⁴³

Maar die Nagmaalsessensies dui verder op die ondersoek van die gewete na die gesindheid van ware dankbaarheid teenoor God soos weerspieël in die daaglikse wandel voor Sy aangesig; na die berou oor sondes, gebreke en die onvolkome geloof, waarvan ons lewens getuig; om te oordink waartoe die Nagmaal ingestel is en of hy vas kan glo dat hy deur Sy volkome offerande die ewige lewe deelagtig kan word.

Hierdie besondere Nagmaalsessensies intensiveer nou ook dié doelstruktuur, laat dit in sy volheid syn, maak dit eg waardevol, laat dit aktief invloed uitoefen en verwerklik dit deur die lewensopvatlike, die religie en die besef van hoër Gesag as Singewer en die Bron van alle Sin. Die volwasse mens as deemoedige mens weet dat hy skuldig staan, weet dat hy as bevraagde selde antwoord soos dit behoort te wees, maar gaan in geloofsvertroue voort met sy lewenstaak, glo dat sy bydrae sinvol is, neem sy aandeel aan sinontvouing moedig op hom omdat hy in die laaste instansie leef vanuit 'n religieuse grondhouding.¹⁴⁴

Volgens Perquin is die adolessent veral daartoe by magte om mense te begryp, te aanvaar en in 'n diep

geestelike verhouding tot die Transedente te kom. Ook ontdek hy die waarde van die ander, eerbiedig hul wyse van persoonwees, beoordeel die mens na die moontlikheid van sy mens-syn en kan hy kom tot 'n sintese tussen selfstandigheid en oorgawe deur die liefde. In die kennis van God en die oorgawe aan Hom kom die vervulling (en sin) van sy lewe.¹⁴⁵

Landman skryf oor die voor-volwasse religieuse in-die-wêreld-wees dat religie vir die mens daardie geheel van oortuiginge is wat hom antwoord gee op die vraag na die sin van die lewe, van die wêreld-gebeure en die wêreld-syn. Waar evidensie-belewing van gevoelsmatige aard is en waar gegewens van nie-rasionele aard bewus aanvaar word as integrerende dele van die geheel, kan van religie gepraat word. Die religie lei tot singewing vanuit nie-menslike uitgedinkte of uitdinkbare bronne van kennis en word beleef as singewing waaruit handeling moét voortvloei. (Religiositeit en sedelikheid gaan dus saam).¹⁴⁶

Die voor-volwassene is ook bevraagde, hy hoor die aanroep tot Da-sein en streef na die volkomeheid van outentieke geluk in óf die Onvoorwaardelike, óf die Absolute, óf die Goddelike, óf God. Elke aanroep en elke aanspraak (hy is bewus van die lewens-eise) is gedeeltelike vervulling van 'n oneindige vervulling vanweë die verwerkliking van sy menslike moontlikheid tot die religieuse as 'n gerigtheid op eenheid, sinvolheid en geborgenheid. Hierdie verwerkliking

impliseer dat hy aan sy menswording werk en kan oorgaan van die een stellingname na die ander totdat hy deur outentieke godsdienstigheid (wat 'n aan spesifieke inhoude gebonde religie met 'n persoonal gedinkte Opperwese is) toereikend kan antwoord op sy sinsbevraagtheid.¹⁴⁷ Hierdie verwerkliking kan geskied aan die hand van en deur bewus-word-van Nagmaalsessensies tydens kategetiese onderrig. Genoemde essensies kan hierdie gerigtheid as singewing in toenemende mate by die voor-volwassene tot vergestaltung bring en hom lei tot strewe na voltooiing, tot vervulling van bestemming ook t.o.v. die ontwerp van sy religiositeit tot outentieke godsdienstigheid.¹⁴⁸

Daar is by die voor-volwassene 'n hunkering en intense nood na staanplek en vastrapplek in die lewe, na 'n lewensopvatting wat sy vertrouwe sal steun, wat sy lewe sinvol sal maak. Dis 'n bo-rationele wete en die Christen-jeugdige waag deur die geloof in die gebroke liggaam en gegote bloed van Jesus Christus na die Bron van alle Lig, Lewe, Liefde en Krag teenoor wie onvoorwaardelike gehoorsaamheid betoon moet word en waardeur hy die outentieke rus vir sy gemoed vind en die lewende sinvolheid van sy bestaan. Daarom is hy behoorlik volwasse wanneer sy opvoeding gelei het tot 'n besef van Iemand wat as Opdraggewer hom roep om deur sy lewe die normbeeld van volwassenheid te vertoon en te lewe (ook voor te lewe aan nie-volwassenes in pedagogiese situasies).

Waar die ontdekking van die pedagogiese doelstruk-
ture wetenskaplike denkarbeid geverg het is die
aanwending van relevante Nagmaalsessensies (ten
einde lewe te wek) ná-wetenskaplike aangeleentheid.

Uit die voorafgaande blyk nou duidelik dat die
eerste synswyse ontoereikend is om uit homself
voort te beweeg na dit wat as die derde pool
(sintese) nl. Sinvolheid-van-'n-Christelike-
Protestantse-bestaanswyse, raakgesien is.

Inteendeel die derde pool moet die uitkoms wees
van outentieke sintesering, d.w.s. van 'n werklik-
heidsgetroue integrasie van twee synswyses wat in
sin-samehang tot mekaar staan en waarin albei die
vorige synswyses behoue en bewaar bly.

2.5.3.2 Tweede beweging:

Die eerste synswyse sinvolheid-van-bestaan (as
doelstruktuur) en die tweede synswyse Nagmaals-
essensies (as lewensopvatlike inhoude) gaan nou
gelyktydig en gesamentlik oor in die geïntegreerde
synswyse nl. Sinvolheid-van-'n-Christelike-Protestantse
bestaanswyse. Hierdie gesamentlike beweging is
nou 'n voltrekking-van-beweging, 'n laat-funksioneer
van 'n lewende doelstruktuur.

So beweer Perquin ook dat die Godsdiens (in
hierdie geval die Christelik-Protestantse soos dit
saamgevat is en uitgekristalliseer het in die
Nagmaalsformulier) ... "geeft aan de volwassenheid
haar diepste zin, vang haar op en verleent haar
wijding ... as de wezenlijke verhouding van de

mens tot God in heel zijn leven. God, de bron en oerbron van alle zijn en waarheid en goedheid en schoonheid ... heeft recht op de totale dienst van de mens. Deze dienst moet onvoorwaardelik zijn ... De mens vindt in Hem alleen de mogelijkheid om zinrijk te leven".¹⁴⁹

Godsdiens gee nie regstreeks op alles 'n antwoord nie, maar staan aan die eindpunt en gee rigting aan die weg en laat speelruimte vir ingryping en begeleiding van die opvoeders (ook in die kategetiese onderrig). Dit rig die mense-lewe (ook van die voor-volwassene) op die eintlike lewensdoel en gee die diepste sinsverklaring daaraan.¹⁵⁰

God skep deur Sy Woord die wêreld en die wêreld is die uiting van die wese van God. Hy is die grond en die doel van die skepping. Die logos en die telos.

Die geskape wêreld het egter nie net syn nie, maar ook sin en die sinvolheid daarvan grond in die skeppende Woord van God, want God se skeppende werksaamheid kan tog nie doelloos en sinneloos wees nie.¹⁵¹

God is die Syn en onafhanklike Skepper; die mens is 'n synde, geskape en afhanklik; die mens as Sy skepsel is daar ('n bevraagde). Menslike bestaan is 'n daar-wees teenoor die Woord en is dus 'n antwoordende bestaan.¹⁵² Hy is geskape om die liefde van God in vryheid te beantwoord met wederliefde. God neem hierdie antwoord van die

mens ernstig op en reken die konsekwensie daarvan aan hom toe.¹⁵³ Hy staan dus in 'n verantwoordelike relasie tot God.¹⁵⁴ Hy voer 'n antwoordende bestaan in die hede en deur sy antwoord maak hy geskiedenis en word in die tyd vasgestel.¹⁵⁵ In die besonder antwoord hy in die pedagogiese situasies waarby hy betrokke raak.

Deur die opvoedingsbemoëienis kan die opvoedeling in die Christelike leer en lewe opgevoed word en so ontvanklik gemaak word vir die persoonlike antwoord aan die Vader wat hom oproep (by aflegging van Geloofsbelydenis, by elke Nagmaalsviering en in sy daaglikse bestaan), maar die opvoeder kan die kind nie bekeer nie. Sy taak is om te plant en nat te maak. God gee self die wasdom. As wyse van sinsbelewing is die geloofswete vir die Christen net so werklik soos die intuïtiewe wete en vir hom sekerder as die wetenskaplike wete.¹⁵⁶

Die nie-volwasse Christen-gelowige moet begelei word tot volwassenheid wanneer hy bekwaam sal wees om op 'n verantwoordelike wyse te luister na die gepredikte Woord van God. Dit dui op 'n aktiewe aanhoor-houding, 'n luister- of geloofshouding sodat hy werklik kan verneem hoe die opdrag uit die Woord van God (versterk deur die sakramente) hom aanspreek tot oorgawe en ontmoeting met Jesus Christus, waarna hy dan antwoord op sy aangesprokene met verantwoordelike taakverrigting om sodoende dinamies te vorder op die geloofsweg.¹⁵⁷

Eers by die wederkoms word aanhoor met aanskoue
vervang. (1 Kor. 13:12).

Hier moet egter onderskei word tussen passiewe en aktiewe aanhoor. Aktiewe aanhoor impliseer die onderwerping aan die gehoorde; die gehoor-ganing daarvan.¹⁵⁸ So moet die Nagmaalsganger gehoor gee aan die opdrag om sy hart te ondersoek of hy waarlik glo dat Jesus Christus sy persoonlike Verlosser is, sy Leidsman en Beskermer wat die rigting aan sy lewe gee en hom steun tot voldoening aan die lewenseise.

Die Christen-volwassene se betekeniswêreld vertoon daarom 'n sterk taakkarakter omdat hy as bevraagde sy wêreld as opgawe belewe waarvan en waarmee iets gemaak moet word. Dit word vir hom 'n gewetens-taak.¹⁵⁹ Sy lewe is geen ontspanning nie maar inspanning omdat hy besef dat sy lewe slegs sinvol kan wees wanneer hy positief antwoord op sy geroepenheid deur God. Dit doen hy deur die daad en deur taakverrigting waaruit blyk dat hy Christelike waardes verwerklik tot Eer van God.

Daarom verkeer hy in 'n spanningsveld tussen die situasie waarin hy is en dit wat hy volgens die Woord en die Wet van God behoort te wees.¹⁶⁰ Ook die Nagmaalsformulier noem 'n lang lys van ergelike sondes en vermaan dié wat weet dat hulle aan sulke sondes skuldig is en daarin volhard om hulle van die tafel van die Here te onthou.

Ook die gelowige moet sy gewete ondersoek of hy berou het oor swakhede en gebreke en onvolkome geloof en voortaan deur die genade van die Heilige Gees teen ongeloof sal stry en volgens al die gebooe van God te leef soos hy behoort te lewe.

Die bewussyn van die behoort (ook die bewus-van-lewenseise) by die mens grond juis daarin dat hy as redelik-sedelike wese (status integritatis) deur God geskape is. God gaan met hom om as redelike sedelike sigself-bepalende wese. Hy wil dat die mens "vrij zijn en in vrijheid, gewillig en in liefde Hem diene" (Ps. 110:3)¹⁶¹. Hierdie bewussyn van die behoort behou die mens ten spyte van die val van Adam, die eerste mens, aan die begin van die weg waardeur die relasie tot God en tot sy eie inhoud versteur is.¹⁶² God wou Adam "in den weg van gehoorzaamheid het eeuwige leven schenken". Dié een mens oortree, maar één Mens verkry vryspraak.¹⁶³ In Christus leer die mens dus ook dié genade ken (status gratiae) waaraan hy telkens met die breek van die brood en die uitdeel van die wyn herinner word; in Hom leer die mens dat LIEFDE die grond en doel van sy bestaan is.¹⁶⁴

God is Skepper; die mens skepsel.¹⁶⁵ Daar is dus afstand ten spyte van verbintenis maar "God is eindeloos Groot en neerbuigend goed; Hij is Souverein maar ook Vader; Hij is Schepper maar ook Archetype; Hij is één woord de God des Verbonds". Die skepsel besit geen aanspraak, verdienste of geregtigheid voor God nie - alles is

genade, "onverdiende recht alleen".¹⁶⁶ Die genade van God dra die religie wat vryheid en liefde is maar geen dwang nie.¹⁶⁷ Vryheid om Hom in geloof te aanvaar. Alleen as God, in Christus, die negatiewe antwoord van die mens vervang met die versoeningswoord van Sy Kruisdood word die relasie met God herstel en word die mens se antwoord 'n verantwoordende bestaan van liefde en diens uit dankbaarheid teenoor God en ook teenoor die naaste.¹⁶⁸ Verlossing heel die breuk tussen is en behoort.

Die dood van Jesus Christus die tweede Mens herstel die relasie van mens tot God (status gratiae) en lei hom kragtens die opstanding en die heiligmaking na die ewige lewe (status gloriae).¹⁶⁹ "Van zijne zijde altyd de gave, van onzen kant altoos en alleen de dank".¹⁷⁰ Hy gee hom die vryheid om te oordink waartoe Sy Seun vir hom gesterf het en waartoe die Nagmaal ingestel is tot Sy gedagtenis. Hy gee hom die vryheid om in gebed en danksegging tot Hom te kom, Hom aan te spreek as sy Vader, in alle nood en dood op Hom te vertrou, om selfs die saligheid en ewige lewe van Hom te verwag.¹⁷¹ Hy skep hom na Sy beeld en wys hom op sy bevraagdhed, sy taak, sy bestemming¹⁷² en sy geroepenheid deur sy Skepper.

So behoort elke Christen sy deel by te dra tot die geestelike opbou van die gemeente (insluitende die nie-volwasse lede daarvan) wat besondere inspanning vereis waarvoor alle kragte en gawes nodig is. So word dit sigbaar dat hy aan die

lewe van Christus deel het deur die Gees¹⁷³ wat hom daartoe dryf om in dienende liefde te lewe en sy taak in gehoorsaamheid te vervul in antwoord op sy aangesprokenheid en bevraagdheid.

Lewende sinvolheid van bestaan by die Christen-volwassene lê verwortel in sy geloof en is 'n persoonlike aanvaarding en vertrouende oorgawe aan God as Leidsman, Redder en Beskermer van geheel sy lewe en bestaan (met sy totale persoonwees). Die geloof word in sy hart gewerk deur die Heilige Gees (volgens die Nagmaalsformulier) en daardeur kan hy die weldade van openbaring, genade en belofte uit die hand van God aanneem (ook tasbaar deur wyn en brood as sigbare tekens van 'n onsigbare Betekende saak). Dit maak hom tot kind van God, en gee hom vertroue in die sinvolheid van bestaan wat tot aktiwiteit, funksionering en verwerkliking lei en wek by hom lewe en inisiatief om vrugte te dra wat by sy geloof pas en om dit vir ander voor te lewe en uit te lê. So moet die gelowige volwassene besef dat God as Opdraggewer hom ook roep tot dankbare verwerkliking van Christelike waardes en tot vervulling van sy opvoederlike pligte (kragtens die Doopbelofte) om kinders en jeugdiges (m.b.v. Nagmaalessensies) op te voed tot hulle uiteindelik kom tot 'n outentieke geloof in Jesus Christus as Saligmaker, tot outentieke gemoedsrus in die normatiewe geborgenheid van die Protestants-Christelike godsdiens¹⁷⁴ en vervulling van 'n sinvolle aardse bestaan en 'n gerig-wees op 'n ewige bestemming.

HOOFSTUK 2

Literatuurverwysings:

- | | | | | |
|-----|---|---|--|------------|
| 1. | LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. | : | Fundamentele Pedagogiek en die Opvoedingswerklikheid, | 125, 219 |
| 2. | OBERHOLZER, C.K. | : | Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, | 269 |
| 3. | HEYNS, J.A. | : | "Die Grense van die Teologie". In: Waardes vir die Afrikaner, | 76 |
| 4. | GUNTER, G.F.C. | : | Opvoedingsfilosofieë, | 308 |
| 5. | Ibid. | : | | 308-312 |
| 6. | a. VAN ZYL, P. | | Opvoedkunde Deel I, | 114 |
| | b. LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.: | | a.w., | 9 |
| 7. | Ibid. | : | | 9-11 |
| 8. | OBERHOLZER, C.K. | : | Prolegomena van 'n prinsipiële pedagogiek, | 396 |
| 9. | LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. | : | a.w., | 115, 73 |
| 10. | GUNTER, G.F.C. | : | a.w., | 302 |
| 11. | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 210 |
| 12. | PERQUIN, N. | : | Paedagogiek, | 20 |
| 13. | Ibid. | : | | 16-18 |
| 14. | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 222 |
| 15. | PERQUIN, N. | : | a.w., | 22 |
| 16. | LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. | : | Opvoedkunde en Opvoedingsleer vir beginners, | 78 |
| 17. | Ibid. | : | | 84, 85 |
| 18. | GUNTER, G.F.C. | : | Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, | 178
179 |
| 19. | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 397 |
| 20. | Ibid. | : | | 421, 422 |
| 21. | Ibid. | : | | 422-424 |
| 22. | VAN ZYL, M.E.J. | : | Enkele fasette van die historisiteit van Protestant-wees en die betekenis daarvan by die Opvoederlike Inhoudsgewing, | 7 |

23.	LANGEVELD, M.J.	:	Beknopte theoretische pedagogiek,	141
24.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	23
25.	Ibid.	:		35
26.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	198
27.	LANDMAN, W.A.	:	Christen Opvoeder,	84
28.	OBERHOLZER, C.K.	:	"Wêreld en lewensbeskouing". In: Die waardes van die Afrikaner,	39
29.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	36
30.	Ibid.	:		71, 72
31.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.	61
32.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.	36
33.	KRIEK, A.C.	:	'n Ondersoek na 'n Menswaardige Bestaanswyse en Selfbeoordeling as Pedagogiese Kriteria vir Volwassenheid. (M. Ed-verhandeling, Universiteit van Pretoria),	66, 67
34.	Ibid.	:		67, 68
35.	VAN DER STCEP, F.	:	Didaktiese Grondvorme,	37
36.	LANDMAN, W.A.	:	Enkele Aksiologiese - Ontologiese momente in die Voorvolwassenheidsbelewing,	118
37.	KRIEK, A.C. en OBERHOLZER, C.K.	:	a.w., Prologomena van 'n prinsipiële pedagogiek,	69, 70 270
38.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	70
39.	SONNEKUS, M.C.H.	:	Die kind as vraagstellende wese in : Psychologia Pedagogica Sursum! Afskeidsbundel vir B.F. Nel,	169-177
40.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	196-198
41.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	74

iii

42.	LANDMAN, W.A.	:	Op soek na Pedagogiese	
	KRIEK, A.C.	:	Kriteria,	35
			a.w.,	76
43.	Ibid.	:		81
44.	Ibid.	:		72
45.	LANDMAN, W.A. en	:	Inleiding tot die Funda-	
	GOUS, S.J.	:	mentele Pedagogiek,	72
46.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	196
47.	GUNTER, C.F.G.	:	Fenomenologie en	
		:	Fundamentele Opvoedkunde,	132
48.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	84
49.	OBERHOLZER, C.K.	:	Moderne persoonsvisies,	
		:	Oorgedruk uit Hervormde	
		:	Teologiese Studies 13,	46-51
50.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	67
51.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	89
52.	Ibid.	:		93-94
53.	Ibid.	:		99
54.	OBERHOLZER, C.K.	:	Referaat in: Waardes vir	
		:	die Afrikaner,	42
55.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	198
56.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	107
57.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	203, 204
58.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	99
59.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	109
60.	LANDMAN, W.A. en	:	a.w.,	72
	GOUS, S.J.	:		
61.	LANDMAN, W.A. en	:	a.w.,	61
	ROOS, S.G.	:		
62.	FRANKL, V.E.	:	Man's search for mean-	
		:	ing,	110
63.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	111
64.	LANDMAN, W.A.	:	Enkele aksiologiese-	
		:	ontologiese momente in	
		:	die voorvolwassenheids-	
		:	belewing,	118
65.	BEETS, N.	:	Volwassen worden,	76
66.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	115

67.	OBERHOLZER, C.K.	:	Prolegomena van 'n prinsipiële pedagogiek,	163, 270
68.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	60
69.	OBERHOLZER, C.K.	:	Referaat in: Waardes vir die Afrikaner,	39, 40
70.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	217, 218
71.	HORNE, H.H.	:	The Philosophy of Education,	280, 281
72.	a. LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	84, 85
	b. OBERHOLZER, C.K.	:	Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde,	129
73.	OBERHOLZER, C.K.	:	Referaat in: Waardes vir die Afrikaner,	40, 42
74.	OBERHOLZER, C.K.	:	Prolegomona van 'n Prinsipiële Pedagogiek,	402
75.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	5
76.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	77
77.	POPMA, K.J.	:	Levensbeskouwing, deel II,	22
78.	LANDMAN, W.A.	:	Essensies van die pedagogiese doelstrukture	
79.	HEYNS, J.A.	:	Referaat in: Waardes van die Afrikaner	75, 76
80.	Ibid.	:		80
81.	Ibid.	:		83
82.	Nagmaalsformulier, Formulierboek			26
83.	GUNTER, C.F.G.	:	Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde,	179-182
84.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	86
85.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	221
86.	Nederlandse Geloofsbelydenis, XIV, Formulierboek,			79, 80

87. DE BONDT, A. : "De Zonde", VIII. In: Dogma der Kerk onder redactie van Berkouwer, Toornvliet e.a. 272
88. Ibid. : 272, 273
89. Die Bybel : Johannes 3:36
90. BAVINCK, H. : Het Verbond der Genade, Gereformeerde Dogmatiek III, 175
91. BERKOUWER, G.C. : Dogmatische Studiën: Zonde I, 132
92. Heidelbergse Kategismus, Son­dag 16 Vraag 42, Formulierboek, 108
93. GUNTER, C.F.G. : Opvoedingsfilosofieë, 313
94. HEYNS, J.A. : a.w., 77
95. HASTINGS, J. (Ed.): Dictionary of Christ and the Gospels, Vol II, 477
96. Heidelbergse Kategismus : Son­dag 6, Vraag 16, Formulierboek, 102
97. BERKOUWER, G.C. : Dogmatische Studiën: Zonde II, 103, 104
98. DE BONDT, A. : "De Algemene Genade", In: Het Dogma der Kerk, a.w., 275, 276
99. Ibid. : 278
100. BAVINCK, H. : Gereformeerde Dogmatiek III, 201
101. Ibid. : 206
102. Ibid. : 177
103. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XVII, Formulierboek, 81
104. DE BONDT, A. : a.w., 316
105. BAVINCK, H. : a.w., 206, 207
106. Ibid. : 207
107. Ibid. : 213
108. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XVII, Formulierboek, 81
109. Heidelbergse Kategismus, Son­dag 6, Vraag 18, Formulierboek, 102

110.	DE BONDT, A.	:	a.w.,	316
111.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	204
112.	Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XX en Art XXI, Formulierboek,			83
113.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	205
114.	Ibid.	:		206
115.	VAN NIFTRIK, G.G.	:	"Vergewing der Zonde (rechtvaardiging en heiliging)", In: Kleine Dogmatiek,	334-336
116.	Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XXII en Art. XXIII, Formulierboek,			84, 85
117.	Die Dordtse Leerreëls II, Formulierboek,			114
118.	POP, F.J.	:	Bijbelse Woorden en Hun Geheim,	237-241
119.	BAVINCK, H.	:	Gereformeerde Dogmatiek IV,	167
120.	Ibid.	:		169
121.	DE GROOT, D.J.	:	"Het werk van de Heilige Geest." In: Dogma der Kerk, (Berkouwer e.a.),	437
122.	Ibid.	:		438
123.	Ibid.	:		438
124.	Heidelbergse Kategismus, Sondag 24, Vraag 62, Formulierboek,			113
125.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	337-339
126.	Heidelbergse Kategismus, Sondag 23, Vraag 60, Formulierboek,			113
127.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	339, 340
128.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	175
129.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	340
130.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	173
131.	Ibid.	:		175
132.	Ibid.	:		176
133.	Ibid.	:		177
134.	CALVIJN, J.	:	Institusie III, c 12.	76-82
135.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	182
136.	Ibid.	:		187

137. Ibid.	:		193-195
138. Ibid.	:		214
139. VAN PEURSEN	:	Korte Inleiding in de Existentie-philosophie,	8,9
140. GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	244
141. VAN ZYL, P.	:	a.w.,	221
142. GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	249-248
143. Ibid.	:		245
144. VAN ZYL, P.	:	a.w.,	217, 218
145. PERQUIN, N.	:	a.w.,	349
146. LANDMAN, W.A.	:	Enkele aksiologies- ontologiese momente in die voor-volwassenheids- belewenis	117, 118
147. Ibid.	:		119
148. Ibid.	:		119, 120
149. PERQUIN, N.	:	a.w.,	331
150. Ibid.	:		330, 331
151. GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	319
152. Ibid.	:		321
153. Ibid.	:		322
154. Ibid.	:		323
155. Ibid.	:		324
156. VAN ZYL, P.	:	a.w.,	221
157. GUNTER, C.F.G. WILBERS, P.J.E.	:	a.w., Die Moontlikheid, Noodwendigheid en Plek van 'n Pedagogiese Doelkunde en Doelleer,	313 80
158. Ibid.	:		81
159. Ibid.	:		90
160. Ibid.	:		98
161. BAVINCK, H.	:	Gereformeerde Dogmatiek II,	532

162.	Ibid.	:		524
	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	326
163.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	526
164.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	326
165.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	530
166.	Ibid.	:		531
167.	Ibid.	:		532
168.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	327
169.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	524
170.	Ibid.	:		532
171.	Ibid.	:		531
172.	Ibid.	:		532
173.	WILBERS, P.J.E.	:	a.w.,	79
174.	Ibid.	:		200, 201

HOOFSTUK 3

SELFBEOORDELING EN SELFBEGRIP

3.1 Inleiding:

Soos in die vorige hoofstuk beskryf, is sinsvolheid leef-uit-sinsbevraagtheid¹, dus sluit dit ook in 'n bewus-wees van lewenseise en 'n opgeroep word tot toereikende antwoorde. Nou is dit moontlik dat daar 'n samehang sal bestaan tussen sinsbevraagtheid en selfkennis as selfbegryping, veral as laasgenoemde gesien word as 'n wete van wat die eie sinsbevraagtheid inhou.² Toenemend word dit as opgawe aan die mensekind gestel om deur die sinvolle beantwoording van sy eie bevraagtheid, toenemend die sin van sy eie daar-wees in die wêreld te begryp³ en ook te beoordeel.

Egte selfkennis is om kennis te hê van begrypbare wesenhede, dit wil sê begryping van die mens wat hy werklik essensieel is. Die mens in sy Mitwelt (met-sy-medemens-in-die-wêreld) kom tot selfbegryping deur die ander wat eintlik 'n begryping is vanweë waardeoordele van die ander as besondere verhouding van die met-mekaar-wees. Die selfbegryping wat hieruit voortvloei is oorwinning oor die introspeksie en kan lei tot eksistensiële selfbegryping wat berus op die onties gegewe openheid van die mens en nie op toevallighede nie.⁴

Sinvolheid-van-bestaan stel dan aan die volwassene die eis van kritiese selfbeoordeling aan die hand van waarde oordele wat in toenemende mate in sy lewe vergestaltung vind, en moet lei tot selfbegryping en tot die wete dat die eerste plig van

die mens teenoor homself is om tot sedelike selfkennis te kom. Die antropologiese grondvraag van Kant naamlik: "wat moet ek doen om as mens gereken te word", word dan sinvol en word dan ook opgawe tot bepaling van die self⁵ met sy positiewe moontlikhede, swakhede of gebreke. Langeveld sê: "Voor zyn 'aanleg' is hy niet verantwoordelijk, voor zijn opvoeding ook niet, maar wel - en in toenemende mate naar gelang hy volwassen wordt - voor wat hy zelf van zichzelf gemaakt heeft met die aanleg en met die opvoeding."

Dit sal afhang van die waardes waardeur hy sy lewe laat beheers en van die verantwoordelikheid wat hy op hom neem vir die in-diens-stelling van sy persoon en sy besondere kwaliteite,⁶ aan homself en sy medemens. Die waardes wat hy so in eie lewe poog te verwerklik word ook aangewend in die beoordeling van die self. Hierdie selfbeoordeling en selfwaardering geskied aan die hand van 'n bepaalde rangorde van waarde voorkeur, dus deur die kritiese aanwending van norme op grond van eie insig en kennis van goed en kwaad, en is dus wesenlik sedelike beoordeling.

Sedelike beoordeling en selfs veroordeling van die afkeurenswaardige in eie lewe kan lei tot self-ingryping en 'n verandering in lewenswyse en impliseer dat die mens aan sy eie menswording moet werk.⁷

3.2 Selfbeoordeling en selfbegrip : Beskrywing en uitleg.

Langs fenomenologiese weg het Kriek gepoog om die essensies van hierdie doelstruktuur aan die lig te bring. Die volgende hoofmomente is onderskei: Self-wees, selfbegrip as opgawe, selfbeoordeling, persoon-wees-interpretasie en selfbegrip-integrasie.

Na dié mate wat die mens van sy eie ek as self bewus word, na dié mate sal hy 'n voller lewe kan leef as lewe uit die wete van eie bevraagtheid en deur sinvolle beantwoording deur krities teenoor homself te staan en homself ook sedelik te beoordeel.⁸

Deur 'n kontinue akt van selfbeoordeling en selfbetragting kan die mens 'n toereikende greep op sy eie in-die-wêreld-wees kry waardeur hy sy eie toekomsmoontlikhede duideliker sal kan begryp en in toenemende mate sal kan realiseer.⁹

3.2.1 Self-wees:

Self-wees beteken om egte bewussyn van die eie persoonwees of die persoonlike ek te besit.¹⁰ Self-iemand-wil-wees is 'n antropologiese oerfeit.

Elke mens is 'n besondere mens, dit wil sê hy is verskillend van ander mense, 'n unieke persoon met 'n eie gewete (Langeveld).¹¹ Hy beskik oor 'n ontologiese begronde reg om individu te wees.

Hy is aangewese tot verwerwing van 'n eie unieke wyse van in-die-wêreld-wees. Hy het as opgawe konstituering van die eie individualiteit, om sy persoonwees in steeds groter mate te verwerf.¹²

Hy wil nie net self word nie; hy moet self word op grond van sy bevraagdhed as mens.¹³ Hy het 'n hunkering daarna om sy syn te vervul, om sy digniteit te lewe. Dit beteken dat hy as opgawe het die vervulling van sy syn en die verwerkliking van waardes. Dit is eksistensiële vervulling en sluit agting-vir-eie-digniteit in.¹⁴

Omdat die mens persoon is, is hierdie iemand wat hy wil wees, iemand wat iets op 'n bepaalde plek, tyd en manier doen.

Dié self-iemand-wil-wees word dus verwerf op sy eie unieke wyse van in-die-wêreld wees, van sy persoon-wees as iemand wat sy genormeerdheid, aansprokenskap en ontmoetingsverantwoordelikheid besef, beleef en leef.¹⁵

Daarmee is die normatiewe as handeling onder die gesag van norme meteens aanwesig. Daardie iemand wat hy egter wil wees, moet hy self word. Hy moet self handel in die bewandeling van sy weg. Hy moet selfbepalend optree; moet sy eie wetgewer en veral self wetsgehoorsaam word.¹⁶

Langeveld skryf "dat wij de opvoeding 'innerlik', d.i. door het kind als subject, overgenomen willen zien juist omdat wij de ander het leven mogelijk willen maken met ons samen en eventueel buiten ons". Die vryheid wat die kind is lei tot eie taakaanvaarding en tot selfopvoeding wat nie louter gehoorsaamheid en konformisme beteken nie.

Die kind moet self lewe, self iemand word en self kies - na die mate van sy wordingsniveau en sy bekwaamheid. Selfverantwoordelike selfbepaling bly die kern van volwassenheid.¹⁷

Egte selfkennis is dus (soos reeds genoem) om kennis te hê van wat die mens werklik essensieel is in die sin van sy daar-wees. Sodanige begrypbare wesenhede dien as maatstaf en norme om die self beter te begryp deur norme aan te wend. Die self kan dus as 'n normatiewe begrip gesien word.¹⁸ "De zelfkennis blijkt uit de zekerheid en de juistheid waarmee iemand dié handelwijze kiest, welke in overeenstemming is met zijn geestelijke en lichamelijke vermogens. Uit zelfkennis kan levensplan volgen. Indien en voor zover dit kiezen van het gedrag ook zedelijke normen volgt, vorm zich het geweten In het geweten immers kiest of verwerpt de mens die daden, welke hij wel of niet tot zichzelf wil rekenen."¹⁹

Normaanwending en normeerbiediging dui op waarde-bepaling wat van sedelike aard is en wel sedelik goed- of afkeurenswaardig.²⁰ Die mens vind dade goed of sleg in sedelike sin, behoorlik of on-behoorlik, lofwaardig of afkeurenswaardig²¹ en beoordeel dit ook só in homself. Vind hy die afkeurenswaardige, veroordeel hy dit in homself en is hy in staat tot selfingryping. Die mense-kind is dus betrokke by sy menswording as 'n eksistensieel - eties-normatiewe aangeleentheid.²²

Volwassenheid dui ook op 'n eksistensiële uittrede uit en gerig wees op, met 'n ope staan vir die gesag van norme wat die mens oproep om anders te handel,²³ om onvoorwaardelik gehoorsaam te wees aan die gesag van bepaalde norme. Hierdie betrokkenheid by menswording is pedagogies gesien, 'n betrek- word by norme en 'n steeds gedyende betrek-wees as meerdere vergestaltung van hulle opeisende krag en gesag.²⁴

Wanneer die kind sy beskernde gebondenheid aan die norme tydens sy persoonsidentifikasie oorwin, behou hy sy gebondenheid deur homself in 'n steeds toenemende mate te bind aan die eise waarmee hy steeds gebonde moet bly, dus self-binding as oergebondenheid.²⁵ Hy laat hom bind ten einde heer van sy vryheid as basis van sy wil en kneg van sy gewete te word.²⁶ Hy sal toenemend gekonfronteer word met goed en kwaad en moet leer onderskei daartussen. Hy sal hom toenemend moet identifiseer met sekere gedragings- en waarderingstipes en vroeër of later die konsekwensies vir sy gedraginge self dra.²⁷

Die mens, as persoon, staan daarom in gehoorsaamheid aan die gesag van die norme en moet die self as normatiewe begrip sien. Hy doen dus wat hy behoort te doen.

Die self-iemand-wil-wees by die kind dui op toekomstigheid, maar steeds van toekomstigheid-in-genormeerdheid.²⁸ Die volwassene se self-wees is 'n konkrete eksistensiële-etiese subjek-

tiwiteit²⁹ wat verplig is om tot selfkennis te kom.³⁰ Van sy eie self, menswording en persoonwording, van die vryheid wat hy is, kan niemand hom berowe nie. Daarom is dit dat hy steeds tot eie verantwoordelike selfbepaling, houdingname en tot eksistensie by magte bly.³¹

Om self te wees, individu te wees, is alleen moontlik in relasie met die medemens in die wêreld en word bevestig deur agting vir die self en vir ander.³² Van Wijngaarden noem geestelike selfstandigheid 'n in-staat-wees tot "positieskeuze ten aanzie van zichzelf, de anderen, de ander en de zin van het lewe", "dus als een eigen positieskeuze in de onvermijdelijke afhankelijkheid waarin³³ men leeft," en posisie-keuse verg selfbeoordeling en selfbegrip.

Selfbegryping as begryping van wat die eie sinsbevraagtheid inhou ten einde in sinsvolheid te eksisteer, kan nou as werklike essensiële tipering van menswees beskou word en daarom kan opgawe-tot-selfbegryping as aksiologies-etiese kategorie oorweeg word.³⁴

3.2.2 Selfbegrip-as-opgawe:

Selfbegrip-as-opgawe sluit in selfbetragting³⁵ aan die hand van waardeoordele wat 'n mens uitspreek³⁶ en hierdeur word hy in toenemende mate by magte om die eie toekoms moontlikhede te begryp en geleidelik in toenemende mate te realiseer.³⁷

Eksistensiële selfbetragting sluit ook behoorlike betragting van die eie normatief-normerende wêreldverhoudinge of dialoog in. So kom die mens al hoe meer tot 'n suiwerder begrip van homself. Dit sluit selfagting en agting vir die digniteit van ander in. Omdat die mens as persoon geen ekwiwalent het nie en geen geld sy innerlike waardebesit kan koop nie, is hy waardigheid en waardigheid sluit ook in beoordeling van die self in die lig van besondere waardes.

Hierdie selfbetragting lei tot begryping van sy eie normatief-normerende gesitueerdheid en aangesprokenheid tot stellingname as 'n persoonlike aktiewe kritiese stellingname teenoor homself, sy eie moontlikhede, begaafdhede, verantwoordelikhede, begrensinge en beperkinge.³⁸

Ook Perquin beweer "Wij spreken dus van volwassenheid in stricte zin wanneer de ware zelfstandigheid is bereikt en de mens tot een persoonlijke stellingname in staat is, wanneer hij bindinge kan aangaan van een onbaatzuchtige gerichtheid op anderen of het andere, wanneer hij ook waarden aanvaard heeft, die zelfstandigheid en overgaven eisen."³⁹ Elders noem Perquin as essensies van volwassenheid "selfstandigheid, stellingname, waarderinge, allerlei bindingen (gebonden-syn of zichzelf kunnen binden)".⁴⁰

Van Wijngaarden sê dat te midde van en ten spyte van die menslike gesitueerdheid in die groep, die mens sy geestelike selfstandigheid moet behou en homself en ander krities moet beoordeel, dus trou bly aan eie opvattinge. Hy noem ook dat psigiese-volwassenheid afge-meet word aan die wyse waarop iemand die op-gawe en "probleme die zich voordoen hant-eert", en dit blyk uit die psigiese aspekte nl. aanvaarding van die self, van die andere (medemens), die ander (bv. huweliksmaat) en van die sin en doel van die lewe.⁴¹ Van Dooren stel dit dat opvoeding die mens moet voer tot ek-sistensiële volwassenheid d.w.s. "tot eigen oor-deel en verantwoordelijkheid."⁴²

Persoonlike, aktiewe, kritiese stellingname is dus nodig vir die mens ten einde homself te ontmoet, te aanvaar en te begryp as mens-in-genormeerdheid, dus as persoon, dus as bewuste, weloorwoë, self-versekerde wat sy lewe op 'n bepaalde wyse in-rig volgens vaste menings en oortuiginge ook wat die politiek en godsdiens betref. Die ideaal is die "integreer van alle levensfacetten in een harmoniese persoonlikheid."⁴³

Selfbetragting is moontlik omdat die mens self-bewussyn het. As synde-in-openheid staan die mens nie bewus in homself nie, maar selfbewus agter homself. Hy kan hom van homself dis-tansieer deur te weet waar hy is en wat hy is. Selfbewussyn is egter nie net afstandsbewussyn

nie, maar ook behoorlikheidsbewussyn. Hy is bewus van wat en waar hy behoort te wees. Dit beïnvloed sy keuses en beslissings.⁴⁴ Omdat hy bewussyn en selfbewussyn is, is hy draer van 'n fundamentele normwet van wat behoort te wees. Agter elke keuse en beslissing skuil 'n besef van wat behoort te wees en waaraan hy hom uit hoofde van die eise van die vryheid gebonde moet ag.⁴⁵ Die mens is sy daad. Elke daad moet opnuut gekies en verantwoord word dus sedelik beoordeel word.⁴⁶

Selfbetragting lei tot selfverheldering en tot só 'n helder beeld van homself dat dit moontlik is om aan die sin van sy daar-wees te werk en tot werklike selfbegrip van sy eie wêreldverhouding en eie gesitueerdheid te kom. Die slagspreuk, "Ken jouself!" lei tot selfrefleksie oor vroeëre gedraginge en teenswoordige houdinge.⁴⁷

Selfkennis is nie alleen kennis van fisiese hoedanighede nie, maar veral kennis van wat die plig inhou. In die jeugjare word met meer erns krities na die sin van die lewe, eie bevraagtheid en eie aandeel aan sinvolle taakverrigting gesoek. Die jeugdige word ook bewus van moontlikhede wat nie almal verwerklik kan word nie, terwyl aan die ander kant verwagtings vir die toekoms gewek word. Hy het nood aan selfkennis. Hy moet homself leer ken.

Hy moet leer om sy eie onafwendbare tekorte en teleurstellings te aanvaar,⁴⁸ om homself, te aanvaar en dit verg o.a. selfbeoordeling.

Die mens moet sy selfkennis, die begryping van wat hy werklik essensieel is, toenemend en voortdurend verwerf. Hy moet weet wie hy is en watter fundamentele waardes en waarhede hom dra en rig. Die idee wat hy van homself het sal slegs betekenisvol wees as hy sy ervarings interpreteer aan die hand van verantwoorde waardeoordele en dit lei slegs tot selfkennis en betekenisgewing deur sinvolle interpretasie en beoordeling van sy ervarings.⁴⁹

Die mens is verplig om homself te ken maar ook om homself te aanvaar indien hy tot getroue pligsvervulling by magte wil wees en aldus tot selfverwesenliking wil kom. Die volwassene vra: Wie is ek en wat is my plig? Daar is dus sprake van selfkennis as kennis van plig. Om menswaardig te lewe moet die mens ook homself word en aanvaar as mens met tekortkominge maar ook met moontlikhede. Die aanvaarding van homself word nie eenmalig voltrek nie maar moet telkens opnuut herbevestig word.⁵⁰ Veral in krisis-situasies sal van 'n mens vereis word om sy eie begrensdeheid, beperktheid en die onvermydelike situasies waarin hy hom bevind te aanvaar en daarmee iets te maak.⁵¹ Selfaanvaarding in lewe en dood is nodig. Jung sê: "Zij die het leven niet aandurven, durven de dood ook niet aan."⁵²

Die mens is dus verplig om homself te beoordeel.

3.2.3

Selfbeoordeling:

Selfbegryping as kontinue selfbeoordeling vereis kontinue selfwaardering aan die hand van 'n bepaalde rangorde van waarde-voorkeur.⁵³

Vanweë selfbewussyn is die mens gedurig besig met selfbeoordeling en word hy in toenemende mate by magte om die toekomsmoontlikhede van homself-in-genormeerdheid te begryp en steeds in 'n toereikende mate te realiseer.

Indiwiduele selfverwerkliking vereis 'n persoonlike gewetensbeslissing om in toenemende mate sy geworpenheid op homself te neem sodat sy geërfde moontlikhede gekose moontlikhede word. As aangesprokene word die mensekind ook in toenemende mate verantwoordelik om sy positiewe moontlikhede ten volle te laat gedy. Deur die gewete is die mens ook in staat daartoe om in elke konkrete situasie waarin hy verkeer duidelik aan te voel wat goed en reg is, dus wat behoort te wees. Hy kan 'n sedelike oordeel oor homself en sy lewensplan uitspreek waardeur die sinvolheid van die eie keuses en handeling in die lig van sy lewensplan moontlik word.⁵⁴

As waardebepalende wese geskied die selfbeoordeling dan deur normaanwending, dus is dit werklik essensieel sedelike beoordeling.⁵⁵ Gekonfronteerd met die normatiewe is die

tot-spreke-bring en tot-spreke-kom van die betekenis van norme in mensebestaan veral met betrekking tot duursaamheid, betroubaarheid, suiwerheid, onskendbaarheid, geldigheid, noodwendigheid en sinvolheid.⁵⁶

Met die deurbreking van die gerigtheid van die bewussyn tot die betekenis van die gesag van norme vind 'n oopstelling vir die onvoorwaardelike geldigheid van die gesag van norme plaas, gepaard met spontane bereidwilligheid om nie juis anders nie, maar beter op die ingeslane weg te volhard. Die norme as rig- en meetsnoere vir die lewe van keuses staan helder en geldend in die blikpunt van die totale bewussyn. So kan die mens tekens van waaragtige berou toon en selfs daarna hunker om die toevoeging van 'n hoeveelheid verdiende leed te ondergaan. Hy staan minstens afkeurend teenoor die gebeurende en daarmee sedelik beoordelend in dubbele hoedanigheid: eerstens sedelikafkeurend teenoor homself met gebruikmaking van suiwer sedelike norme en dan geleidelik suiwerder wordende sedelike norme en juister beoordeling⁵⁷ totdat daar die allerduidelikste deurbraak en behoortheidsbesef moontlik is. Gepaard hiermee gaan die fundamentele sekerheidsbelewing dat die mens leier van 'n eie lewe is, bewus van goed en kwaad, die behoortlike en onbehoortlike, die wil om anders te kies en handel,⁵⁸ want as sedelike wese beskik hy oor keur- en kiesvermoë. Selfbeoordeling is werklik essensieel sedelike beoordeling en het te doen met die verwerkliking van die hoogste moontlikheid van die wese van die

mens wat as sedelik verskyn en bevestig word deur die gewete.⁶⁰ Dit gaan oor die sedelike oordeel wat 'n algemene verskynsel in die geestelike bestaan van die mens is, dit wil sê dat die mens goed en afkeur in soverre hy beoordeel, en wat die mens goed en afkeur in soverre hy beoordeel en beoordeel word. Maatstawwe word aangewend in die beoordeling en norme word betrek wat gerugsteun word deur die uitspraak en oortuiging wat hy oor die wese van die mens het.

Omdat die volwassene oor sedelike selfstandigheid beskik en in besit is van verowerde en aanvaarde meet- en rigsgoere kan hy bekwaam en bereidwillig wees om op verantwoordelike en toerekenbare wyse self te kies en aan die keuse uitvoering te gee. Hy doen dit op grond van eie kennis en insig in goed en kwaad, dus deur in vryheid selfbepalend op te tree.⁶¹ Hy is by magte tot aktiewe en kritiese selfbeoordeling in die lig van behoorlikheidseise en die gewete wys hom die weg tot betroubare en pligsgetroue taakverrigting.

Uitspreek van sedelike oordele:

Langeveld wys daarop dat die mens by magte is om 'n sedelike besluit te neem. "Wil hij dit kunnen, dan moet hij goed en kwaad kennen" en dit is nie 'n kwessie louter net van konvensie of willekeur nie maar die mens is 'n individu in die eenheid van sy persoon wat sedelik genormeerd is.⁶²

As moontlikheid binne synsongeslotenheid is hy vryheid en kragtens die vryheid wat hy is, is hy subjek en daarby subjek-as-persoon. Deur sy vryheid is hy omstellingsmoontlikheid; hy is eksistensie en daarmee geen loutere so-moet-wees nie, maar 'n anders-kan-word, vanweë 'n anders-behoortte-word. Sy vryheid wat hy is, is sy gawe-met-opgawe. Dit is ontologies maar moet eties verwerf word. Hy moet in die diens van die vryheid te staan kom.⁶³ Dit is 'n relatiewe vryheid wat verwerf word en waardeur die mens ook sy eie wêreld verower waarin hy homself geplaas sien teenoor 'n hiërargie van waardes. Hierdie sedelike vryheid bereik volle wasdom wanneer dit deur die vryheid van keuse heengaan en 'n skeppende sig-verbind-tot word. Dit impliseer opneem van verantwoordelikheid en lei daartoe dat die mens homself as persoon in sy menslike waardigheid bevestig,⁶⁴ en uiteindelik bekwaam is tot persoonwees-interpretasie.⁶⁵

3.2.4 Persoonwees-interpretasie. Die mens beskik oor die moontlikheid tot kritiese interpretasie omdat hy persoon is en oor 'n kritiese gewete beskik waardeur hy as persoon sy begaafdhede kan interpreteer in ooreenstemming met sy roeping. Dit gaan gepaard met 'n behoorlike wilsgerigtheid waardeur hy sy eie positiewe moontlikhede behoorlik kan implementeer en tot volle gedying kan voer. Alle bruikbare moontlikhede moet tot optimale ontplooiing kom "zoals dit verwag kan word" (van Dooren).⁶⁶ Die mens beskik egter ook

oor negatiewe moontlikhede en voltrek ook dikwels die radikaal ontoelaatbare en afkeurenswaardige,⁶⁷ in sy daade, sy houdings en skeppinge.⁶⁸

Wat nou van hierdie tekortkominge, veral as dit 'n nie-wil-voldoen aan die behoorlikheidseise is nie en ook ongevoelig-wees vir behoorlikheidseise is? Die mens moet sy tekortkominge (die afkeurenswaardige) kan interpreteer en beoordeel om sy eie waarde en waardigheid as persoon te ontdek, te begryp en te handhaaf deur dit aanhoudend te verower om so die normbeeld van volwassenheid in sy lewe te vergestalt.⁶⁹

Die mens is menslik omdat hy menswaardig is, die draer van waardigheid en omdat hy 'n met-waardes-gemoede wese is wat die moontlikheid besit om waardes te verwerklik en tot gedying te bring deur te antwoord op die wekroep en opdrag om te word wat hy behoort te wees.⁷⁰ Deur die wording en gedying van sy positiewe moontlikhede kan hy waardes in sy lewe verwerklik om so in die diens van die waardigheid waarvan hy draer is, te staan.⁷¹ Die mens as ontiese ongeslotenheid, is onvoltooide moontlikheid, inisiatief van verhoudinge tot 'n wêreld waarin hy kies en waardeur hy gekies word.⁷² Deur wilsvryheid kan hy sy positiewe moontlikheid dan tot ontplooiing bring en as intensionele wese is hy ingestel op verowering, verandering, bemeestering en omstelling van sy wêreld.⁷³ Sy moontlikhede is opdrag en appél.

Solank die mens mens is, is sy wording nie ten einde nie maar is hy oop vir moontlikhede en ontplooi hy nie alleen sy voorgegewe wese nie maar gryp hy bo homself uit na die onbereikbare.⁷⁴

Die mens as persoon wat vryheid-tot-verantwoordelikheid is, is dus in staat daartoe om as eties-eksistensiële subjektiwiteit tot selfbeoordeling, sedelike beoordeling en persoon-interpretasie te kom.

3.2.5 Selfbegrip-integrasie:

Daar is 'n noue verband tussen persoonwees-interpretasie en selfbegrip omdat persoonwees-interpretasie die moontlikheidsvoorwaarde is tot integrasie met die opgawe aan die mens om dit te word wat hy behoort te word, om waardes te verwerklik en iets van sy moontlikhede te maak omdat dit vir sy sinvolle menswaardigheid noodsaaklik is.

Van Wijngaarden beskou persoonlike selfstandige keuse as die belangrikste keuse van menssyn,⁷⁵ waardeur die individu te midde van die gesitueerdheid in die groep sy geestelike selfstandigheid behou en homself en ander krities kan beoordeel, trou kan bly aan eie opvattinge en tot werklike eie menings en stellingname kan kom. Verder is dit 'n opdrag om die eie wese te bepaal en te kom tot selfaanvaarding in lewe en dood. Jung: "Zij die het leven niet aandurven, durven de dood ook niet aan."⁷⁶

Wie die lewe dus wil aandurf, vind homself in 'n dinamiese situasie en "dit heeft tot gevolg dat de mens steeds voor onverwachte, tevoren niet voorspelbare situasie-wijzigingen komt te staan" waarin die volwassene "zich steeds adequater kunnen verhouden tot steeds complexer wordende omstandigheden in een problematische omgewing." Daarom is nodig 'n steeds "toenemende differentiatie in de perceptie van zichzelf en zijn omgeving." Dit is dus duidelik dat die mens sy eie aandeel aan die leefwêreld nie alleen moet ken nie maar tewens voortdurend moet bevestig en telkens opnuut moet bepaal ook in die juiste verhouding tot ander.⁷⁷

Selfbegrip-integrasie sluit ook in integrasie met behoorlikheidseise sowel as met handelings-eise. Namate die selfkennis verdiep, na dié mate sal hy die eise van sy handeling uit die leefwêreld (bv beroepseise, huwelikseise, opvoederlike eise, medemenslike en godsdienstige eise) waarmee hy gekonfronteer word, begryp en die hoogste moontlikhede wat tot sy beskikking is, verwerklik en sy roeping vervul (bv. in 'n beroep).

Egte handeling gaan gepaard met keuse en is bewus-gemotiveerde optrede met die pretensie van algemeen-geldigheid.⁷⁸ Dit is eksistensiële handeling met die inset van die hele persoonwees (Kierkegaard). Lewensverpligtende waardes dien vir die mens as rigsnoer in sy lewe van keuses, handeling, gesindheid en

gedrag en daarom is hy bekwaam om sy keuses en die daarmee gepaardgaande handeling te meet aan die onveranderlike geldigheid van absolute waardes as maatstaf. Die mens wat sô leef is waarlik 'n vrye persoon en daarmee volwaardig volwasse.⁷⁹

3.3 Selfbeoordeling en selfbegrip: Essensies.

Die voorafgaande beskrywing en uitleg van die doelstruktuur, selfbeoordeling en selfbegrip het gelei tot die aan-die-lig-bring en uitlig van die volgende essensies:

- 3.3.1 Kritiese beoordeling
- 3.3.2 Normaanwending
- 3.3.3 Uitspreek-van-sedelike-oordeel
- 3.3.4 Beoordeling-van-afkeurenswaardigheid
- 3.3.5 Veroordeling-van-afkeurenswaardigheid
- 3.3.6 Oorgaan-tot-selfingryping

Uit die bron van opvoedingslewe, die Heilige Skrif, Belydenisskrifte, formuliere en dogmatiese werke van Christen-Protestantse teoloë sal daar nou relevante Nagmaalsformulier-inhoude uitgelig en van naderby beskou word.

3.4 Selfbeoordeling en selfbegrip: Nagmaalsformulier-inhoude:

3.4.1 Inhoude wat betrekking het op selfbeoordeling en selfbegrip:

Die Protestante Christen is ten volle bewus van die sinvolheid van sy bestaan wat hy verwerf het deur geloof in die lye en sterwe van Jesus Christus, sy Saligmaker en Verlosser deur wie hy

volkome geregverdig word. Hy besef ook terselfdertyd dat die lewe aan hom as bevraagde eise stel waaraan hy moet voldoen. So word die belydende lidmaat ook in die Nagmaasformulier bevra en word die eis alreeds by die Voorbereidingsdiens aan hom gestel dat dit nodig is om "onself tevore reg te beproef voordat ons, tot ons troos, die Nagmaal van die Here kan hou."

Dit beteken dat die eis tot die mens kom om homself waaragtig te ondersoek deur outentieke selfbeoordeling as 'n sedelik-religieuse beoordeling volgens die Wet van God soos o.a. vervat in die tien Gebooie en die ganse Heilige Skrif, insluitende die Evangelie, asook in die Belydenisskrifte.

Hierdie waaragtige ondersoek van die menslike denke, handeling en gesindhede kan in drie hoofpunte saamgevat word, nl:

- a) Nadenke en besinning oor die sonde impliseer toereikende kennis van die sonde. Dit sluit in vrae na die oorsprong, wesenlike, werking en straf op die sonde en maak dit noodsaaklik vir voorbereidende en belydende lidmate om nie alleen kennis hiervan te neem nie maar tot studie te kom van die relevante religieuse struktuur: Sonde. (Hierdie struktuur word vollediger bespreek in paragraaf 3.4.3)

- b) Ten tweede moet elkeen sy hart ondersoek of hy ook die gewisse belofte van God glo dat al sy sondes hom ter wille van die lyding en sterwe van Jesus Christus vergewe is, en dat die volkome geregtigheid van Christus hom as sy eie toegereken of geskenk is, ja, so volkome asof hy self in eie persoon vir al sy sondes betaal en alle geregtigheid volbring het. Hierdie geloof by die Christen is 'n bo-wetenskaplike aangeleentheid en word gedra deur vaste oortuiging en geloofsvertroue en lei tot persoonlike versoening met en regverdiging in God, die Vader, deur sy Seun Jesus Christus.
- c) Ten derde moet elkeen sy gewete ondersoek of hy gesind is om voortaan met sy ganse lewe ware dankbaarheid jeens God die Here te bewys, en voor die aangesig van God opreg te wandel. Hy moet sonder geveinsdheid alle vyandskap, haat en nyd wil aflê, en 'n ernstige voorneme hê om in die toekoms in waaragtige liefde en eensgesindheid met die naaste te lewe.⁸⁰ Hierdie kritiese self-beoordeling van gesindheid en daade teenoor God en die naaste moet geskied met die inset van die totale persoonwees en geïntegreer word en spreek uit die ganse bestaan. Die persoon word in die Christelike denke dus gesien as 'n onskeibare eenheid van liggaam en gees (religieus gesien) want albei is deur God geskape en vorm 'n essensiële deel van die mens as skepsel wat deur die Woord in aansyn geroep

is tot 'n antwoord en gerigtheid op die Woord van Liefde; 'n antwoord van wederliefde.⁸¹

Hierdie gewetensondersoek gaan dus dieper as die uiterlike daade maar let op die gesindheid want

Hy sien die hart aan. (Ps. 139:23). Die gesindheid word gemeet aan die verkorte weergawe van die Wet as Norm: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en jou hele verstand. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt. 22:37-39). Só kan die doel

van die kategetiese onderrig en die aflegging van geloof saamgevat word in een woord, nl. LIEFDE: liefde tot God en die naaste. Anders gestel: DIENS aan God en die medemens in die wêreld.

So gesien kan hierdie opvoeding, as omhoogleiding na God, onmoontlik enige aspek van die kind se bestaan as mens uitsluit want dit behels die hele mens vir die lewe in sy ruimste en diepste sin.⁸²

Die Ek-God relasie word dus in die Christelike Protestantse denke as die grondrelasie erken omdat daar uitgegaan word van die eksistensie as 'n geskape syn en as sodanig is dit 'n afhanklike syn: geskape deur die Woord tot 'n antwoord op die Woord en daardeur ook aan die naaste in die wêreld. Daarom roep die Nagmaalsformulier diegene wat skuldig is aan 'n lang lys ergerlike sondes, wat genoem word, op om hulle van die tafel van die Here te onthou, maar ... vra elkeen om sy hart en gewete te ondersoek voordat hulle die siele kom spysig en laaf aan die Nagmaalstafel.

"Want deur Sy dood het Hy die oorsaak van ons ewige honger en kommer naamlik die sonde, wegge- neem en vir ons die lewemakende Gees verwerf sodat ons die ewige lewe deelagtig kan word".⁸³

3.4.2 Nagmaalsessensies.

Die Nagmaalsessensies wat dus hier uitgelig is en wat betrekking het op die pedagogiese doelstruktuur, selfbeoordeling en selfbegrip is die volgende:

3.4.2.1 ons tevore reg beproef

3.4.2.2 waaragtige ondersoek

3.4.2.3 sy hart ondersoek

3.4.2.4 sy gewete ondersoek

Daar sal nou oorgegaan word tot 'n nadere betragting van die relevante religieuse struktuur: Sonde.

3.4.3 Die religieuse struktuur : Sonde.

3.4.3.1 Inleidend:

Die vraag na die oorsprong, wese, werking en straf van en op die sonde is vir elke mens 'n wesenlike vraag. Die antwoord hierop is moeilik en tog bepalend vir sy ganse lewe. Oor sonde skryf Bavinck, "Wij weten niet, vanwaar ze is, noch wat zij is. Zij is er en heeft geen recht van bestaan. Zij bestaat en niemand verklaart haar oorsprong. Zij is zelve zonder motief in de wereld gekomen en is toch het motief voor alle denken en handelen der mensen geworden".⁸⁴

Waarom word daar oor sonde besin?

"Het is de verstoring van het leven, het besef van diepingrijpende abnormaliteit, die welhaast ieder denkend mens tot stellen van deze vraag leidt. En talloos zijn de antwoorden."⁸⁵ Vanuit die Openbaring van God en die daarop gerigte geloof word 'n normatiewe religieuse beslissing oor bogenoemde vraag gestel. Ook uit die Nagmaalsformulier spreek die opdrag dat die mens homself waaragtig moet ondersoek, nadink oor sy sondes en vervloeking en om hom voor God te kan ootmoedig. Nadenke impliseer dat hy 'n wete van die verskillende aspekte van die sonde moet hê. Die ou Testament gebruik 'n lang lys woorde om sonde en sondiging te beskryf: sonde, misdryf, misdaad, oortreding, ongeregtigheid, boosheid, kwaad, ens.

Die ontleding van 'n paar Hebreeuse woorde toon ooreenkoms omdat hulle aktiewe begrippe is wat nie toestand of kwaliteit beskryf nie maar handeling of aktiewe optrede.

- a) Die woord Chata (om te sondig) en Chattath (sonde) beteken om te mis (soos in misstap); die doel te mis; nie te bereik nie; dat die mens deur sy eie handelwyse misluk en sy gestelde bestemming nie bereik nie omdat hy God en Sy verbond gestelde orde nie in ag neem nie. "Want hy wat My vind, het die lewe gevind en verkry 'n welbehae van die

Here. Maar hy wat My mis, benadeel sy eie lewe" (Spr.8 : 35, 36.)

- b) Naas chattath vind 'n mens die woord awon (sonde) wat van 'n werkwoord afkomstig is en beteken: krom is, verkeerd is, weg- buig van die goeie. Die dui nie net op 'n sondige daad nie maar ook op die sondige wil of gesindheid.
- c) Die derde woord pesja word afgelei uit die werkwoord pasja wat beteken: in opstand kom, rebellie teen gesag, afvallig word, ongehoorsaamheid en ondankbaarheid.
- d) Die vierde woord is sjagah wat eintlik dwaal of vergissing aandui; onopsetlike oortredinge in onwetenheid bedryf maar is nogtans sonde.⁸⁶

Die begrip sonde sal vervolgens uit verskillende perspektiewe beskou word.

3.4.3.2 God en die sonde:

God wou die mens tot sedelike beslissing bring deur vrywillig en beslis die weg via die kennisboom af te wys en via die lewensboom te kies.⁸⁷ Sonde is dus nie deur God geskape nie. Dit sou teenstrydig met Sy wese wees. "As God skeep, skeep Hy volmaak en met 'n bepaalde doel. Die uitspansel verkondig die werk van Sy hande; die mens is na Sy beeld geskape om Hom te verheerlik."⁸⁸ "God wilde, dat die mens als een denkend en willend schepsel teenover God sou staan om dan van heler harte vóór God te

kieszen", om vrywilliglik en bewustelik die sonde te verfoei en te verban. Om teen die groot stroom in vir God te kies sal Hom dus verheerlik.

Sonde bring afstand en skeiding tussen God en mens. God beskou die sonde as 'n gruwel voor Sy oë en wend hom in Goddelike afkeer en toorn af van die mens en Sy volk, spreek van vergelding en gryp in die lewe van Sy volk in (Spr. 3 : 33) as die regverdige Regter.⁸⁹

3.4.3.3 Die sondeval en die mens:

Soos uiteengesit in Gen. 3, tas die sonde ook die mens aan. Satan gebruik as instrument die slang, die listige, wat nie handel met die leuen nie, maar met brokstukke van die waarheid om Eva te verlei. Hy spekuleer met die eie waarde van die mens, die begeerte om self in vryheid te kies en te besluit tussen goed en kwaad, om onafhanklik te word van God. En sy eet

Uitwerking: Die mens verlaat sy kreatuurlike woning en beland in die woestyn!⁹⁰ Hy wat geformeer was na Sy beeld en gelykenis, goed, regverdig en heilig, in staat om met sy wil in alles ooreen te stem met die wil van God het toe hy in aansien was, dit nie begryp nie maar uit eie wil hom aan die sonde en vervloeking onderwerp. Want die gebod van die lewe wat hy ontvang het, het hy oortree en homself van God, wat sy ware lewe was, deur die sonde afgeskei en sy ganse natuur verderwe. Daardeur het hy hom skuldig gemaak aan die

liggaamlike en geestelike dood.⁹¹

Die brokkie waarheid wat Satan gespreek het was dat die mens voortaan goed en kwaad self sal moet keur, maar die wete van goed en kwaad lê slegs by God. Hy stel die norm. Die skepsel kan slegs na-sê. Sê hy "amen" (identifiseer hy hom met) op die norm, het hy die lewe maar antwoord hy in ongehoorsaamheid verdien hy die dood. Daarom is sonde die mees direkte aanval op God, op die God-syn van God. Dis 'n aantasting van Sy Wese en sal nie geduld word nie. Die mens het 'n uitdruklike verbod verontagsaam en gekies teen God die Lewensbron en word só verraaier van homself as kreatuur-syn (geskapene-syn).⁹²

Deur die ongehoorsaamheid van Adam en Eva in die Paradys het die erfsonde uitgebrei oor die ganse menslike geslag,⁹³ waardeur die menslike natuur so bedorwe is dat almal in sonde ontvang en gebore word.⁹⁴

3.4.3.4 Kennis van die Sonde:

- a) Wat weet die mens van sonde? "Nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel maar eendag sal ons van aangesig tot aangesig sien". (1 Kor.13:12). Dikwels is 'n mens skuldig aan nie begryp nie, aan nie wil begryp nie soos die Emmausgangers wat onverstandig en traag van hart was (Luk.24:25). So begryp die mens die sin van die prediking dikwels nie. (Mark.8 : 17,18:) "Begryp julle nie en

verstaan julle nie? Het julle oë
en sien julle nie? En het julle oë en
hoor julle nie?"⁹⁵

Elke sonde is sinloos en word alleen be-
gryp teen die goedheid en heerlikheid van
God. "Want daar sal blydskap in die
hemele wees oor een sondaar wat hom bekeer"
(Luk.15:7). Hierdie blydskap staan teen-
oor die dwaalweg waarop alle ligte gedoof
is, teenoor die vreemde sonde waarin "die
mens die duisternis liever gehad het as
die lig" (Joh.3:19).⁹⁶

Hierteenoor staan die wonder van genade en
heiliging (wat telkens opnuut bevestig
word by die Nagmaalsviering), die oorgaan
van die dood na die lewe waarin die sonde
afgekoop en betaal is.⁹⁷

Die raaisel van die sonde lê nie in die
misterieuse nie maar in die motiefloosheid
en sinloosheid van die vervreemding van
God, Sy heerlikheid en gemeenskap, die
afwend van die Vader, die rebellie ...,
die verbreking van die band met Hom, die
wantroue teen die ewige Betroubare, die
weerstand teen die liefde en geregtigheid.⁹⁸

- b) Waarvandaan kom dan die algemeen-menslike
onderskeiding tussen goed en kwaad?

In die Ou Testament blyk duidelik dat "Slechts God heeft de bevoegdheid om een daad zondig te noemen", omdat Hyself betrokke is en die daad as sondig ervaar. Daarom kan die mens eers tot ware sondebeseft kom as hy in God se nabyheid kom en God dit aan hom openbaar,⁹⁹ of as hy in opdrag van God voordat hy na die Nagmaal van die Here kom nadink oor sy sondes en homself vanweë sy sonde mishaag en hom só voor God verootmoedig.

In die diepte van die hart word die kwaad soms opgespoor en aangewys. Maar die sonde is nie 'n werklikheid wat verskuil bly in die verborgenheid van die hart nie.¹⁰⁰ "Ze manifesteert zich in de volheid van het menseleven en chaotiseert de werkelijkheid op een zo desastreuze wijze, dat de verstoring op evidente wijze bemerkbaar wordt"¹⁰¹ en in die handeling van die mens openbaar word.

c) Langs watter weg het die kennis van die sonde ontstaan?

Hierdie is 'n belangrike vraag omdat daar noue verband bestaan tussen kennis (erken-
tenis) van die sonde ook in eie lewe en die heil ontvang in die vergewing van die sonde. Daar is 'n diep Bybelse korrelasie tussen skuldbelydenis en vergewing. "Indien ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sonde te vergewe"

(1 Joh. 1:19).

Die bekendmaking van die sonde by God
is die keersy van vergewing.¹⁰²

Kom dié kennis nou uit die Wet of uit die
Evangelie?

- i) Uit die Wet: Calvyn noem dit dat die funksie
van die Wet oa. is dat die mens die wil van
die Here sal begryp en dat sy sondes onthul
sal word.¹⁰³ Die Wet het dus beide 'n
onthullende en 'n verbodskarakter.¹⁰⁴
Die sonde in die algemeen en in die eie
lewe word aan die mens onthul en lei tot
bewus-wees van en kennis van die sonde soos
beskryf in die Wet van die Here. Die Wet
onthul egter nie net sonde nie maar plaas
ook 'n verbod op handeling wat teenstrydig
is met die wil van God. Die gelowige moet
dus daaglik handel in ooreenstemming met die
Wet, bewus van en met die nodige insig van die
gebiedinge en verbiedinge daarin vervat.
Hierdie diepere insig in die wese en
werking van die sonde onthul, intensiveer
en stapel die sonde op. Volgens Paulus
bring die Wet nie heil nie maar stort in die
skuld. "Niemand wat leef is voor U
aangesig geregverdig nie" (Ps. 143:2).

Die Wet word dus die norm, die spieël, die
maatstaf vir die wyse van lewe want "sonder
die wet is die sonde dood" (Rom. 7:8).

Waar die sonde toeneem, het die genade meer
oortvloedig geword want daar word aangeneem

"dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die Wet" (Rom. 3:28).

"Maak ons dan die Wet tot niet deur die geloof? Nee stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die Wet" (Rom. 3:31).

"Deur die wet is die kennis van die sonde" (Rom. 3:21). Die wet maak die sonde lewend, vermeerder dit, skiet die vlam van sonde omhoog, word die volle werklikheid van die skuld openbaar. "Dan wordt de sleutel der kennis, die eerst verloren was geraak, weer hervonden."¹⁰⁵

God lê deur die wet beslag op die gemeenskap van mens met God, wys die regte weg aan en wek weer liefde en verrukking om naby Hom te wees.

Die sin van die kennis uit die wet word in direkte verband gebring met die deur Christus aangewese gebod van die liefde (teenoor God en naaste). Gehoorsaamheid aan dié wet is altyd eggo, antwoord op die liefde van God in dankbaarheid en wederliefde. Deur die wet verlaat God die mens nie maar gee aan hom 'n lamp vir sy voet, bewaar hom, bind hom aan die hart.

Die wet van die liefde word dan 'n spieël waarin die lewe in sy diepte getoets word en waaruit die lewe gerig word. Die wet het dus 'n spieël-, 'n normatiewe en 'n regulerende karakter.

Ware selfkennis is egter nie uitkoms van die voorhou van die spieël nie maar lê in die verdieping in die volmaakte wet van vryheid — om nie net te hoor nie maar te kies, besluit, doen. Alleen as die hoorder, dader word van die volmaakte wet van vryheid kan 'n mens praat van die normatiewe, regulerende en spieëlkarakter van die wet soos dit uit die eie lewe blyk.¹⁰⁶

ii) Kennis uit die Evangelie:

"Het Evangelie is de ontmaskering van de schijn en de leugen."¹⁰⁷ Só word in die Nagmaalsformulier die gelowige opgeroep tot besinning oor die sonde "aangesien die toorn van God teen die sonde so groot is dat Hy dit — eerder as om dit ongestraf te laat bly — aan Sy liewe Seun Jesus Christus met die bittere en smadelike dood van die kruis gestraf het."¹⁰⁸

Ná die onthulling van sonde vind vergewing in die kruis plaas en word dit gedra en gerig deur die Man van Smarte.¹⁰⁹

Bavinck beweer dat die sonde eers teenoor die evangelie van God se genade in Christus tot die allerverskriklikste openbaring kom as die ongelowige en die afvallige antwoord op die openbaring. Hy voeg by dat "niet de Wet, maar het evangelie kenbron der zonde zou wesen."¹¹⁰ Die wet is die maatstaf van God maar die kennis van die ware aard van sonde is te danke aan die Evangelie wat

ook kenbron van vergewing is.

Uit die Nagmaalsformulier spreek duidelik hoe God die sonde vervloek en veroordeel en nie deur die vingers sien nie maar Christus maak tot die vloek van die mens se sondes. Dit is Christus wat aan die kruishout gehang word, op wie die ongeregtigheid van God neerkom, wat die straf van alle menslike skuld dra en verbrysel word as Man van Smarte. Hy wat geen sonde geken het nie is vir die mens tot sonde gemaak om al só die Wet te vervul. Die blye boodskap van die Evangelie sinspeel op skuld en vergewing, dood en lewe, oordeel en genade, verlore-wees en gevind-word, dit lei tot skulderkennis en genade.¹¹¹

Tussen wet en Evangelie hang dus 'n onlosmaaklike samehang. Die skuldbelydenis open die weg tot vergewing en die mens word terug gelei onder die gebod van God. Wet en Evangelie is op mekaar betrokke en kennis van die sonde lei tot heiliging van die lewe. "Ontwaak jy wat slaap" (Ef. 5:14). "Die nag is ver gevorder en dit is byna dag. Laat ons die werke van die duisternis aflê"" (Rom. 13:12), laat 'n mens besef dat die goed is om naby God te wees. Dit laat 'n mens van Sy goeie werke vertel, laat rebellie wyk voor aanbidding, laat 'n mens die gebod van God liefhê meer as goud, ja, as baie fyn goud.¹¹²

Die Nagmaalsformulier bevat dan 'n lang lys van ergerlike sondes en vermaan diegene wat in hierdie sondes volhard om hulle van die tafel van die Here te onthou. Verder dui die Formulier op die gesindheid van die hart. Wat dan is die wesenlike van die sonde?

3.4.3.5 Die wesenlike van die sonde:

Sonde is wesenlik opstand en vyandskap teen God, ingaan teen Sy norm, wetteloosheid. Dit is 'n verwoestende en ontbindende mag wat die mens aweregs laat handel en lei tot ontwrigting, ontbinding, verwoesting. Dit is 'n krag en aktiwiteit wat deur die mens in 'n verkeerde rigting aangewend word. Dit is aktiewe berowing van die goeie wat God aan die mens geskenk het. Dit beroof die mens van positiewe ingesteldheid en aksie en voer die mens weg vanaf God na die verderf toe.¹¹³

Sonde is kenmerkend van die menslike eksistensie¹¹⁴ en raak nie slegs die periferie van sy lewe nie, maar die kern van sy mens-wees.¹¹⁵ Juis die grootheid van God se genade aksentueer die hoopeloosheid en verloreheid van die mens.¹¹⁶

Alle sonde is teen God - vyandskap, ongehoorsaamheid, vervreemding, verlating.¹¹⁷ Die verhouding tussen God en mens is versteur. Naas die eerste gebod staan die tweede wat hieraan gelyk is: die liefde tot die naaste. Daarom is ook versteurde menseverhoudinge sonde voor God want dit gaan nie om relatiewe norme en maat-

stawwe nie maar om Hom, die God van en in alle verhoudinge waarin die mens ook skuldig gestel word voor sy aangesig.¹¹⁸

Die dubbele gebod van liefde teenoor God en mens word verder gevoer tot "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Só 'n liefde bewys Christus aan die mens deur Sy kruisdood. Die aard van die sonde is alleen te begrype uit die diepte en volheid van God se openbaring¹¹⁹ aan die mens en deur die Skrif; God is liefde, sonde is vyandskap en haat; God is die waarheid, sonde is die leuen; God is Lig (soos dit spreek uit die volheid en rykdom van Sy genade) en in hierdie lig word die sonde in sy wese openbaar as duisternis.¹²⁰

3.4.3.6 Die Nagmaalsformulier vra nou waaragtige ondersoek van gewete en hart.

Wat is nou die wesenlike van selfondersoek?

Hoe word die sonde in die mens self onthul? Dit geskied deur selfbeoordeling waarin die mens bewus word van sy sonde op vertikale sowel as op horisontale vlak.¹²¹ Berkouwer beweer dat die mens ten spyte van sy sedelike besef en kennis van die sonde dit nie in sy eie lewe wil begryp nie en nie sy eie hart wil deurgrond nie.¹²²

Die splinter in die oog van ander sien hy, die balk in sy eie oog nie. Hy vlug vir eie kennis van sonde weg voor die aangesig van God. Hy is afvallig van hart en hy is deur sonde verblind en nie in staat daartoe om veral sy eie lewe waar te neem en sy eie diepte en

geaardheid te ken nie.¹²³ Hierdie verduistering van die oog, hierdie verblindings hang onlosmaaklik saam met die vervreemding van God, met die duistere sinlose keuse van ongehoorsaamheid. Nogtans vermaan die Nagmaalsformulier die lidmaat ernstig tot waaragtige selfbeoordeling as sedelike beoordeling, as ondersoek van hart en gewete.

3.4.3.7 Die werking van die Sonde:

Die mens was geskape na die beeld van God. Hy was die beeld van God, van alle goddelike deugde. Hy was geroep om ónder God, koninklike heerskappy op aarde te beoefen. Maar toe hy in aansien was het hy dit nie verstaan of sy uitnemendheid besef nie, maar hy het homself uit eie wil aan die sonde onderwerp (en sodoende aan die dood en die vervloeking).¹²⁴ Na die sondeval verloor die mens die engere beeld van God (kennis, geregtigheid en heiligheid), maar hy het mens gebly – die beeld van God in ruimer sin.¹²⁵

Die sonde tas die hele mens aan maar deur die algemene genade is "klein oorblyfsels"¹²⁶ behou van die oorspronklike skeppingsgawe as "nog 'n bietjie lig waardeur hy tog kennis behou van God".¹²⁷ "Heel het beeld van God is deur de zonde bedorven". Die mens bly wel mens maar verdorwe mens, sonder kennis, geregtigheid, heiligheid, werksaam in 'n aweregse rigting wat slegs deur God gestuit kan word.

Ook Brunner in navolging van Luther en Calvyn, leer dat die beeld van God verstoort maar nie vernietig is nie. Daar bly in die mens die moontlikheid tot dialoog oor. God spreek, die mens hoor aan en moet antwoord.

God het die mens aangespreek. Sy negatiewe antwoord het sy Skepsel-syn en mens-syn aangetas.

Die koninklike mens word slaaf van Satan. Die skeppingsgawe werk aweregs, in plaas van om God lief te hê, word hy 'n liefhebber van homself. Die verhouding vlees en gees word aangetas en die mens word slaaf van die bose luste van die vlees.¹²⁸

Die sonde is dus anti-goddelike strewe, onnatuurlik en is die dood van egte mens-syn.

Die mens is in gedurige stryd met die sonde.

In die Nagmaalsformulier word verwys na sondes wat in die mens oorbly (tenspyte van regverdigmaking en heiliging), na vele gebreke en ellendigheid, geen volkome geloof, swak ywer, noodsaaklike daaglikse stryd teen die swakheid van geloof en die bose luste van die vlees. Ten spyte hiervan kan die gelowige toetree tot die Nagmaal mits dit gepaard gaan met berou oor sonde en 'n vaste begeerte om teen die ongeloof te stry en na die gebod van God te lewe. Aan die anderkant word almal wat besmet is met enige van die volgende "ergelike sondes" ('n langs reeks word genoem en dan saamgevat in: diegene wat 'n ergelike lewe lei)

vermaan om hulle van die Nagmaal van die Here te onthou .

Die formulier aksentueer die volle erns van die oorblywende sonde. Selfmishaging speel 'n belangrike rol, ook berou wat sy oorsprong vind in die werking van Heilige Gees. Die dinamiek van die Christelike lewe word sigbaar in die onrus van die berou, stryd teen die sonde, die honger en dors van die siel, die belydenis van skuld en die bereidheid tot nuwe heiliging en nuwe gemeenskap met God.¹²⁹ Die Hoëpriester tree hom tegemoet - nie omdat hy die sonde minag nie, maar omdat sy genade uitgebrei word oor die swak struikelende mens.¹³⁰ Hierdeur word die gelowige verlos van die heerskappy van die sonde maar nie gans-en-al uit die vlees en die liggaam van die sonde nie - hieruit spruit die mens se daaglikse swakheid en onvolkomendheid.

Die gesindheid van die mens is van groot belang by die beoordeling van die sonde en of dit in 'n daad oorgaan al dan nie ("Elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg" (Matt. 5:28). Sonde kom uit die hart van die mens, uit sy sondaar-syn en word gekenmerk deur 'n bepaalde gesindheid.¹³¹ Ook die goeie kom uit die hart. Op sigself is daar geen breuk tussen die innerlike gesindheid en die uiterlike daad nie, maar in die sonde word die breuk sigbaar en word die harmonie van die ganse mens geskend.¹³²

3.5 Selfbeoordeling en selfbegrip : Sintese.

In paragraaf 3.2 is 'n beskrywing en uitleg gegee van die pedagogiese doelstruktuur, Selfbeoordeling en selfbegrip en in paragraaf 3.4 volg daarop die relevante nagmaalsessensies wat in 'n sintese aangewend kan word om lewe te wek in die pedagogiese doelessensies waardeur die mens opgeroep en geaktiveer word tot kritiese selfbeoordeling deur normaanwending en om die uitspreek-van-sedelike oordeel te laat funksioneer totdat dit kan lei tot verwerking in die beoordeling en veroordeling van die afkeurenswaardige in eie lewe. Hierdie sedelike beoordeling kan die mens tot handeling aanspoor om oor te gaan en voort te gaan tot selfingryping, indien nodig, deurdat behoortheidsbesef deurbreek en tot lewe geaktiveer word.

3.5.1 Die dialektiese triade : Selfbeoordeling en selfbegrip/Nagmaalsformuliersessensies/Christelik-Protestantse wyse van selfbeoordeling en selfbegrip.

Eerste Synswyse	Tweede Synswyse	Geïntegreerde synswyse
Lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur	Lewe-wekkende lewensopvatlike inhoude	Lewende doelstruktuur
Selfbeoordeling en selfbegrip	Nagmaalsformulieressensies	Christelik-Protestantse wyse van selfbeoordeling en selfbegrip

3.5.1.1 Die beweging Selfbeoordeling en selfbegrip na Nagmaalsformulieressensies:

By die beskrywing en uitleg van bogenoemde doelstruktuur is daarop gewys dat die kind 'n self-iemand-wil-wees is omdat hy 'n self-iemand-kan-wees is vanweë die feit dat hy 'n self-iemand-behoort-te-word is; dus 'n unieke persoon wat in staat is daartoe om tot selfkennis te kom en daarom selfbegrip as opgawe het. Hieraan kan hy voldoen omdat hy oor beide afstand- as behoorlikheidsbewussyn beskik. Dit beteken dat dié mens deur selfbe-tragting tot selfverheldering kan kom en die selfkontinu kan beoordeel aan die hand van 'n bepaalde rangorde van waardevoorkeur en deur 'n persoonlike gewetensbeslissing.

Die uitspraak van 'n sedelike oordeel (en indien nodig van veroordeling by die doen van die afkeurenswaardige) geskied deurdat die subjek-as-persoon sedelik genormeerd is en in vryheid verantwoordelikheid kan aanvaar. As persoon is hy in staat tot kritiese interpretasie van sy moontlikhede en tekortkominge en hierdie persoon-wees-interpretasie is moontlikheidsvoorwaarde vir selfbegrip-integrasie wat integrasie insluit van beide behoorlikheids- en handelingseise. So word die moontlikheid vir selfingryping ingeval van die doen van die afkeurenswaardige, ook moontlik.

Lewensverpligtende waardes dien vir die mens as rigsnoere in sy lewe van keuses, handelingse, gesindheid en gedrag.

"By de zedelijke beoordeling of het uit zedelijke oogpunt al of niet waarde toekennen aan een menschelijke handeling in de relatie tot andere menschen kwam de vraag aan de orde of haar constitueerende elemente: het waartoe, het hoe en het waarom een mensch handelt, al of niet beantwoordend aan de norm, die men bij onze menschelijk handeling aanlegt. Die drie factoren van deze ééne norm corresponderend met de zoeven genoemde drie elementen, zijn het goed, de plicht en de deugd" (Geezink). "De waartoe?", gee vorm aan die sedelike, aan die verandering ten goede of bestendinging van die menslike lewe m.a.w. of die selfbepaling hom rig op 'n sedelike beoordeling en op 'n doel ¹³³ (Sedelik-selfstandige selfbepaling). "Het hoe?" is 'n middel waardeur mens die doel wil bereik en dui op beweging in die goedkeurenswaardige rigting, die pligmatige (selfbegrip-integrasie). "Het waarom" is die motief (gesindheid) wat by die selfbepaling die sterkste is en behoort die deugsame te wees.

Indien hierdie drie momente die bogenoemde kwaliteite vertoon is dié handeling sedelik goedkeurenswaardig. Hierdie formele sedelike selfbeoordeling is van belang vir die gedying van die algemeen menslike sowel as vir die besondere Christelike handeling met sy partikuliere inhoude.

Die Christelike beginsel wat die natuurlike menslike sedelikheid bepaal en wat ooreenkom met genoemde elemente, motief, wyse en doel is die

goeie, die plig en die deug. Wat die inhoud gee -- is die liefde.¹³⁴ Vir die Christen is dit die heilige liefde wat gegrond is in die bewussyn van die enige waaragtige God (Joh. 17:3) en hierdie sedelike handeling moet dan ook telkens opnuut by die Nagmaalsviering onder die soeklig van die gewete geplaas word.

Sedelike beoordeling by die jeugdige en volwassene dui dus ook op 'n sluimerend-funksionerende doel-essensies (selfbeoordeling) wat by magte is tot funksionering deur die aanwending van Nagmaals-essensies. So sal die nagmaalsessensie en eis dat die lidmaat homself te vore reg beproef die verborge beweging in die eis tot kritiese beoordeling laat oorgaan in moontlikheid-tot-beweging na die tweede synswyse sodat die Christen verplig sal wees om vas te stel of hy toereikend bewus is van die wese en werking van die sonde ook in eie lewe. Hiervoor sal nodig wees normaanwending en vir die Christen is die absolute Norm God in wie hy waarlik glo en vir wie hy telkens die hart moet ondersoek om vas te stel hoe waaragtig sy geloof is. Die ondersoek van die hart is nodig, want elkeen wat aan die Nagmaals-tafel aansit, neem iets mee, hetsy seën, hetsy vervloeking, geloofsversterking óf oordeel.¹³⁵

Hierdie normaanwending beteken vir die nagmaals-ganger 'n aangesprokenheid vanaf God deur die gewete. Die gewete het geen stem nie maar is self stem, en wel die stem van God (Frankl).

Deur die gewete beluister die mens die stem van God. Deur hierdie gevoelige luistermoment kom kennis van God, Sy beloftes en eise na die mens,¹³⁶ ook die eis tot waaragtige ondersoek (Nagmaals-essensie). Hierdie lewewekkende kennis lei tot lewe met God saam met die medemens.

So sal die ewig-onveranderlike Christelike Norm die doelessensie normaanwending verlewendig en aktief maak want die Nagmaal mag slegs gevier word ná gelowige self-ondersoek waarin die mens allereers sy sondes en ellendes moet ken, homself vanweë sy sonde moet mishaag en besef dat hy buite Christus heeltemal verlore is.¹³⁷

Omdat die Nagmaalsganger deur die gewete aangespreek en diensbaar gemaak word en omdat hy bewus is van rekenskap-vir-deelname kom hy in liefde teenoor God en medemens te staan. Hierdie Liefde waarvan hy telkens opnuut bewus word, word nou aangewend as norm. Dit is 'n norm wat geaktiveer en verlewendig word by die uitspreek van 'n sedelike oordeel oor homself wanneer hy oorgaan tot waaragtige ondersoek. So intensiviseer die Nagmaalsessensies hart- en gewete-ondersoek ook die beoordeling en veroordeling-van-die-afkeurenswaardige in beide handeling en gesindheid teenoor God en die medemens, sodat die aangesprokene kan oorgaan tot selfingryping en nuwe lewenswyse en rigtingsverandering na 'n suiwer gerigtheid-op-God wat die mens so lief gehad het dat elkeen wat in die herdenkte kruisdood en

versoening van Sy Seun, Jesus Christus, glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal beërwe (Joh. 3:16).

Net so sal dié besondere Nagmaalsessensies ook die doelstruktuur selfbeoordeling en selfbegrip in sy volheid laat syn, maak dit eg waardevol (deur die persoon te aktiveer tot eie kritiese stellingname), laat dit aktief invloed uitoefen op die uitspreek-van-sedelike-oordeel, en verwerklik die persoons-integrasie en selfbegripinterpretasie. Die Nagmaalsformulier het 'n dwingende imperatiewe karakter wat nie alleen oproep tot selfondersoek nie maar ernstig maan dat diegene wat op onwaardige wyse 'aan die Nagmaalstafel kom aansit 'n oordeel oor hulleself eet en drink.¹³⁸ Hierdie verwerklik-ing van die genoemde doelessensie impliseer dat vanweë outentieke selfbegrip ook die jeugdige lidmaat aktief kan meewerk aan sy menswording deur nie alleen bewus te wees van sy tekortkominge (waarvoor Hy hom laat bind het om ons te ontbind)¹³⁹ en van sy positiewe moontlikhede nie, maar in staat sal wees om ook toenemend meer verantwoordelikheid te aanvaar vir die ontwerp van hierdie moontlikhede sodat sy self-iemand-wees as 'n unieke, eenmalige onherhaalbare individu kan gedy.

Uit die voorafgaande blyk dat hierdie eerste synswyse nie uit homself kan voort beweeg na die derde synswyse nl. 'n Christelik-Protestantse wyse van selfbeoordeling en selfbegrip nie, maar die Nagmaalsessensies en eis tot waaragtige ondersoek

as bo-wetenskaplike, partikuliere geloofsoortuiging van die Christelike Protestant kan nou lei tot 'n werklikheidsgetroue integrasie van die twee synswyses wat in sinsamehang tot mekaar staan en waarin albei synswyses behoue en bewaar bly deur outentieke sintesering daarvan.

3.5.1.2 Tweede beweging:

Die eerste synswyse van selfbeoordeling en selfbegrip (as lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur) en die tweede synswyse van partikuliere Nagmaalsessensies (as lewe-wekkende besondere inhoud) gaan nou gesamentlik en gelyktydig oor in die geïntegreerde synswyse nl. 'n Christelik-Protestantse wyse van selfbeoordeling en selfbegrip. Hier is sprake van laat-funksioneer en voltrekking van beweging in die nou lewende doelstruktuur. Die reeds bespreekte doelessensies is nou almal tot lewe gewek deur die Nagmaalsessensies en al hierdie essensies bly behou en bewaar deur integrasie van die algemeen-geldige inhoude van volwassenheid en die partikuliere Christelik-Protestantse inhoude soos vervat in die Nagmaalsformulier.

Vervolgens gaan die tot-lewe-gewekte doelessensies aan die hand van die perspektief-metode beskryf word, soos dit sal funksioneer in die lewe van die Christelik-Protestantse jeugdige op pad na geestelike volwassenheid.

Langeveld sê die opvoeding "zal erdus opgericht moet zijn het kind te helpen, be^kwaam te worden tot zedelijke zelfbepaling in een morele orde, die ons zelf de verantwoordelijkheid laat".

"In alle dynamiek van de volwassene openbaart zich plan, lijn, doelstelling, gebondenheid aan hetgeen men zichzelf heeft opgelegd, kortom: zelfverantwoordelijke zelfbepaling" (Langeveld). Volwassenheid het dus tweëërlei betekenis vir die mens nl. as individu, as vorm van hierdie konkrete mens, maar ook as eenheid van sedelike norme waarmee hy hom identifiseer of poog te identifiseer.¹⁴⁰

Hierdie selfverantwoordelike zelfbepaling dui by die Christen-volwassene altyd daarop dat sy keuses en handeling wat gerig is op verandering ten opsigte van homself en andere wat aan sy sorg toevertrou is, gekenmerk word deur planmatigheid, doelgerigtheid en 'n gebondenheid aan die hoogs-waardevolle nl. onderwerping aan en gehoorsaming van die Wet van God soos ook spreek uit die opdrag tot selfbeoordeling¹⁴¹ voor die Nagmaalsviering. Hy besef dat sy gewete gevorm moet word deur Norme in Gods Woord sodat hy aan die hand daarvan sy lewe in die algemeen en in die besonder kan beoordeel.¹⁴² Hierdie gewetensvorming geskied deur die bestudering van God se Woord, deur die verkondiging daarvan tydens die erediens, tydens die kategetiese onderrig, by die bediening van die Sakramente en in sy gemeenskap met medegelowiges.¹⁴³ Die mens moet, om by die religieuse

wording betrokke te bly, dus om die sinvolle religieuse voltrekking te verwerklik, God as sy oorsprong in homself ontdek.¹⁴⁴

Deur selfverantwoordelike selfbepaling begin die Christen hom toenemend gedra soos wat 'n volgeling van Christus dit behoort te doen. Hy beproef steeds (ook reeds in die voorbereiding tot die Nagmaal) wat die welgevallige en volmaakte wil van God is deur¹⁴⁵ waaragtige ondersoek van hart en gewete.

i. Sedelike oordeel:

Die sedelike ontspring uit die religieuse (Bollinger)¹⁴⁶ en is nou daarmee verweef. So bestaan daar geen outentieke sedelikheid wat nie 'n religieuse moment bevat nie en ook geen religie wat nie sedelike oordele uitspreek nie. Sodanige sedelike beslissing is moontlikheidsvoorwaarde tot self-iemand-kan-wees en strook met sy agting-vir-eie-digniteit waartoe hy ook onvermydelik verplig is en waardeur hy ook die waardigheid van die menslikheid in sy eie persoonwees nie verloën nie maar bewaar (Kant).¹⁴⁷

Die Christen beskik mettertyd oor 'n toereikende en gevoelige behoortlikheidsbesef en is bekwaam om sy keuses en handeling daarvolgens te beoordeel en te verwerklik tot eer van God.¹⁴⁸ Dikwels word 'n sedelike oordeel oor uiterlike en sigbare handeling uitgespreek sonder om die innerlike, nie-sigbare motief en gesindheid te beoordeel¹⁴⁹ soos wat die Nagmaalsformulier duidelik eis.

Die vermoë om 'n sedelike oordeel verantwoordelik te kan uitspreek is 'n aanduiding van behoorlike volwassenheid en impliseer dat die persoon oor 'n funksionerende selfbewussyn as behoorlikheidsbewussyn beskik en dus bewus kan wees van goed en kwaad, die behoorlike en afkeurenswaardige. Die sedelike norm moet gesien word, nie as 'n uitdrukking van die mens se sedelike natuur nie, maar tog wel as daarin kragtens die skepping diep veranker.¹⁵⁰

Die Christen-volwassene is as sedelik selfstandige bekwaam om 'n sedelike oordeel oor homself, sy lewensplan, keuses en handelingte uit te spreek. Hy beskik oor hierdie bekwaamheid vanweë sy insigtelike kennis van die Wet van God, die Belydenisskrifte en die Kategismus sowel as van die behoorlikheidseise wat daaruit spreek. Omdat hy selfbewussynswese is, kan die gelowige volwassene hom distansieer van homself en sy keuses en handelingte in hierdie lig self sedelik beoordeel. Dit impliseer dat hy oor 'n gevoelige gewete moet beskik wat goed en juis gevorm is en wat o.a. ook gevoelig gehou word deur die herhaaldelike oproep,¹⁵¹ tydens elke Nagmaalsviering, om die gewete te ondersoek en die hart te ondersoek waardeur die verhouding tot God ook onder die soeklig kom. Die gewete tree op as maatstaf of norm om te onderskei tussen goed en kwaad en ontleen sy inhoud van die Bron van die goeie. Die Christen se gewete is vir hom 'n bron van kennis van sy eie skuld en sonde (Hebr. 10:2).

Die mens kan slegs 'n rein gewete hê as hy lewe in gemeenskap met Jesus Christus (1 Petr. 3:21). Die gewete in medewerking met die Heilige Gees laat die wet van die eie persoonwees ooreenstem met die heilige wil van God in allerlei lewensverhoudinge.¹⁵² Veral in die puberteit verwonder die kind hom oor die vanselfsprekende – dat hy is, dat die wêreld is, oor die fundamentele vraag oor goed en kwaad, oor sin en onsin, oor lewe en dood, oor tyd en ewigheid (Rümke). Vanaf die "enerzijds vage en algemene 'zich zinvol ingeskakeld weten in het geheel van het zijnde komt hij anderzijds tot het geloof in God waarbij gehoorzaamheid en overgave aan Hem tot gronddirectief van iemands leven wordt."¹⁵³ "Het persoonlijkheidsbeeld krijgt zowel karakterologisch als normatief zekere stabiliteit. Hiermede gaat de mogelijkheid gepaard van stabiele betrekkingen in zakelijk en zedelijk opzicht".¹⁵⁴ Daarom ook dat hierdie wordingsniveau ten volle deur die Christelik-Protestantse kerke benut word om in die kategetiese onderrig die puber te lei tot ware religiositeit en outentieke godsdienstigheid. Hy is dan verder outentiek op weg na genormeerde toekomstigheid en 'n normerende gerigtheid op 'n ontiese gegrepenheid deur waardes, dus ook outentieke godsdienstigheid as waarde.¹⁵⁵

ii. Persoonlike stellingname in sedelike uitsprake.

Vanweë die behoortlikheidsbewussyn en insigtelike normkennis kan die volwasse Christen met insig en oortuiging stelling neem in

situasies waarin hy 'n verantwoordelike oordeel uitspreek, en is hy in staat om getrou te bly tot die uiterste konsekwensies van sy beslissinge.¹⁵⁶ Hy het geword tot 'n mens met egte eenheid, bestendigheid en betroubaarheid: 'n persoon wat vanuit sy eie beginsels, standhoudende gesindhede en ideale, reg en goed kan, wil en sal kies, beslis en handel.¹⁵⁷ Hy voel en weet dat hy nie anders kan nie omdat hy glo dat sy oordeel reg en in ooreenstemming met die wil van God is.

Persoonlike stellingname in sedelike uitsprake geskied dus aan die hand van norme wat deur 'n persoon se lewe van keuses en handeling verwerklik word.¹⁵⁸ By die nie-volwassene kom 'n vryheid tot werklike gesag (soos spreek uit eise van die Nagmaalsformulier) wat die oorsprong van die persoonlike self-wees is, moeilik, effens of glad nie tot vergestaltung nie. (Daarom word die voornemende lidmaat tot eksistensiële bewuswording gelei en dit beteken dat hy homself as vraag na die Transedente moet leer begryp en beleef. Sodanige begryping is wesenlike aspek van sy opgawe-tot-selfbegryping waarin hy deur die Kerk en die opvoeders bygestaan moet word).¹⁵⁹ By die jeugdige lidmaat moet duidelik blyk dat hy homself onder die gesag van Christelike norme geplaas het deur toenemende genormeerde veranderinge op 'n steeds hoër niveau.¹⁶⁰

Die voor-volwassene is kragtig toekomsgerig en hunker na veiligheid en vastigheid want hy wil

gemoedsrus belewe wat sy lewe sinvol sal maak. Hierdie vertrouensaangeleenthede is sake van die geloof. Dis 'n bo-rasionele wete wat gegrond is in 'n besondere rangorde van waarde-voorkeur¹⁶¹ en uiteindelik kom die kind dan tot 'n gevoeligheid vir die behoorlikheidseise van die Goddelike norme van die Wet en rig sy keuses en handeling daarvolgens omdat hy dan beskik oor sy eie, selfstandige behoorlikheidsbesef wat 'n Christen-volwassene waardig is¹⁶² en in staat is tot 'n toereikende stellingname in die lig van norme waaraan hy onvoorwaardelik gebonde is. Die Christen-gelowige wat waardegebonde is, wandel waardig die roeping waarmee hy geroep¹⁶³ is nl. om God lief te hê bo alles en sy naaste soos homself. Die voor-volwassene hoor die aanroep tot Da-sein as aanspraak op sy Da-sein wat hy as geskenk en dus opgawe ontvang het, ook om homself krities te beoordeel. Elke aanroep en elke aanspraak verskyn as gedeeltelike vervulling van 'n oneindige vervulling nl. die moontlikheid tot verwerkliking van sy wese en sy menslike moontlikheid tot die godsdienstige. Dit impliseer 'n voorts kryding van die een stellingname na die ander totdat hy op toereikende wyse kan antwoord op sy sinsbevraagtheid.¹⁶⁴ So sal die gelowige kom tot stellingname en sedelike beoordeling as antwoord op die aanspraak van waaragtige ondersoek voordat hy deel mag hê aan die bloed van die Lam.

iii. Persoonwees-interpretasie:

Die volwassene is iemand wat in staat is tot kritiese interpretasie, sy eie moontlikhede begryp en derhalwe sinvol kan oorgaan tot verdere ontwerp daarvan. Dit sluit ook in begryping en beoordeling van die eie tekortkominge en veroordeling van die afkeurenswaardige as nie-wil-voldoen aan behoorlikheidseise. As die nie-volwassene eventueel bekwaam is tot persoonwees-interpretasie kan hy verder op eie verantwoordelikheid aan sy wording werk deur selfingryping by die doen van die afkeurenswaardige of deur sinvolle ontwerp van sy positiewe moontlikhede.¹⁶⁵ So is die mens as openheid voortdurend in die hede besig met die maak van ontwerpe gegrond op die moontlikhede wat sy verlede hom bied en op die aansporinge vanweë sy toekomsverwagtinge. Dit impliseer noodwendig taakaanvaarding uit eie vrye maar verantwoordelike keuse. Selfverwerkliking deur selfontwerp vereis 'n persoonlike gewetensbeslissing waarin die positiewe moontlikhede moet harmonieer met sy roeping tot verwerkliking van 'n eie persoonlike bestemming.¹⁶⁶

Ook die gelowige volwassene wat hom reeds geïdentifiseer het met 'n Christelike rangorde van waardevoorkeur, moet bekwaam wees tot selfontwerp op eie verantwoordelikheid. Telkens word gewetensbeslissinge van hom vereis (ook in die Nagmaalsformulier) om vas te stel of hy bereid is om sy Godgegewe gawes op eie verantwoordelikheid

te implementeer en tot volle gedying te laat kom in diens van God en die medemens. Dit beteken ook dat die volwasse Christen moet vasstel hoe groot sy sonde en ellende is en of hy die sonde wil mishag sodat hy deur selfbeheersing en selfdwang teen sekere van sy geneighede kan besluit en kan ingryp in eie lewe indien dié geneighede die sinervulling van sy lewe as Christen deur selfontwerp op eie verantwoordelikheid, sou benadeel.¹⁶⁷

Dieselfde God, wat as Skepper, aan die enkeling sy onvervangbare self-waarde en persoonlike waardigheid gee en hom tot vryheid bestem, roep hom ook tot gemeenskap met Homself en met sy naaste en tot sosiale en sedelike verantwoordelikheid en diens.¹⁶⁸ Alleen in die Christelike denke word die Ek-God relasie as die grondrelasie erken en word daar uitgegaan van die eksistensie as 'n geskape en as sodanig 'n afhanklike syn: geskape deur die Woord tot 'n antwoord op die Woord, en daardeur ook aan die naaste in die wêreld.¹⁶⁹ Daarom dat die gewete deur Nagmaals-essensies opgeroep en verlewendig word om deur selfbeoordeling ook die gesindheid van die hart vas te stel en te begryp.

Elke mens het as opgawe om sy moontlikhede te ontwerp op grond van die begryping van sy eie moontlikhede as persoon. Vir die Christen word die besondere gawes soos dit van God ontvang is, tot volle ontplooiing gebring tot eer

en verheerliking van en in dankbaarheid teenoor God vir Sy verlossingsgenade. Ook die tekortkominge word begryp vanweë kritiese interpretasie van sy moontlikhede om die wet van God te onderhou.¹⁷⁰ Diep onder die indruk van sy tekortkominge raak hy nie mismoedig oor die sonde wat nieteenstaande sy verlossing en teen sy wil in hom oorgebly het nie maar rig hy homself op God en dank Hom dat Christus deur Sy gekruisigde liggaam en gegote bloed, wat sakramenteel by die Nagmaal herdenk word, hom van alle ongeregtigheid genees het.¹⁷¹ Hierdie persoon-wees-interpretasie is moontlik omdat die volwasse Christen sy lewe onder die leiding van die Heilige Gees stel sodat hy in sy totale persoonwees geskik moet wees om die besondere opdrag te vervul wat God aan hom opdra. Ontwerp-as-onderwerping-aan-behoorlikseise wat spreek uit Christelike waardes en norme (soos ook vervat in die Nagmaalsformulier) word verwerklik deur die persoon tot volwaardige totaliteit wanneer die Christen-gelowige homself diep beproef en toenemend antwoord op sy gewetensroep om te vorder op die pad van heiliging,¹⁷² deur telkens meer oorvloedig te wees in goeie werke en in Christelike onbaatsugtige liefde en naastediens. Dit maak dit mettertyd ook vir die nie-volwassene moontlik om die noodwendige identiteit van liefde vir God en vir die naaste in dié sin te ontdek dat hy inderdaad God nie kan liefhê anders as om die naaste lief te hê nie. Eventueel sal hy deur 'n lewe van danksegging te lewe teenoor sy

Skepper as die Gewer van alle goeie gawes, die normbeeld van Christelike volwassenheid vertoon.

iv. Selfbegrip as opgawe.

Ook hierdie doelessensie word deur nagmaals-essensies geaktiveer, verlewendig en tot egte waardevolheid verhef. Die mens as self-iemand-wees ontdek homself as moontlikheid wat sy mens-wees steeds moet verwerklik deur te antwoord op sy eie bevraagdheid. Hiervoor het hy kennis nodig van wat hy as mens werklik essensieel is en behoort te wees. Egte selfkennis is om kennis van begryp-bare essensies te hê wat as norme kan dien ter beoordeling van sy eie persoonlike wyse van in-die-wêreld-wees.¹⁷³ Hy moet nie alleen tekorte en teleurstellings aanvaar nie maar geleenthede raaksien en benut, besef dat hy opgeroep word tot inspanning en toewyding aan 'n besondere taak waardeur hy arbeids- en lewensvreugde kan verwerf.¹⁷⁴

Die beoordeling van sy eie persoonlike in-die-wêreld-wees geskied herhaaldelik vir die Christen-Protestantse lidmaat by die aanhoor van Nagmaals-essensies soos dié van waaragtige ondersoek. Die beoordeling sluit in beoordeling van gehoorsaamheid aan die wet van God as eggo, antwoord op die liefde van God in dankbaarheid. Die wet en formulier het dus 'n spieël of normatiewe en regulerende karakter. Selfkennis is egter ook die uitkoms van verdieping in die volmaakte wet van vryheid — nl. om nie net te hoor nie maar om te doen. Sonde het egter die oog verduister en verblind saam

met die vervreemding van God deur die duistere, sinlose keuse van ongehoorsaamheid waarin die mens self wou gryp na die onderskeiding tussen goed en kwaad (in die Paradys). Hierdie oortreding van die gebod het gelei tot oë wat gesluit word vir die sonde. "Als de mens in onafhankelikeid zijn eigen weg kies en dan gaat hij op de weg verdwalen en tast hy in de duisternis". In hierdie duisternis bly slegs een weg tot kennis van goed en kwaad oor, t.w. die geopenbaarde onthullende kennis van sonde volgens die gebod van God (soos in die formulier saamgevat) wat 'n skerp, suiwer soeklig op die eie lewe werp. Dit lei tot skulderkentenisse en belydenisse voor God se aangesig (2 Sam. 12:13, Waarlik ek het voor die Here gesondig!) en hierin alleen sien 'n mens die moontlikheid tot suiwerheid van die menslike selfkennis.¹⁷⁵

Die opvoeder stel dit dus as opgawe aan die kind om deur die sinvolle beantwoording van sy eie bevraagdeheid in selfopregtheid, toenemend die sin van sy eie daar-wees in die wêreld te begryp. Selfopregtheid beteken om ongeveer en eerlik teenoor die self, sonder selfgenoegsaamheid, homself in volle oorgawe te gee om die unieke moontlikhede waarvoor hy beskik te verwerklik.

Die Christen wat voor die Nagmaal deur selfbeoordeling soos van hom verwag word, in selfopregtheid kom tot selfbegryping aanvaar homself soos hy is sonder om selfgenoegsaam te wees. Deur die Heilige Gees en deur deelname aan die liggaam en

die bloed van Jesus Christus is hy vernuwe in sy gemoed en met die nuwe mens bekleed wat na die beeld van God geskape is in ware geregtheid en heiligheid. Sy oordele berus op insigte onder die leiding van die Heilige Gees¹⁷⁶ wanneer hy hart en gewete ondersoek. So kom hy egter ook as openheid tot selfbegryping en selfverwesenliking aan die hand van sy saamwees met ander waardeur sy intrinsieke waardes in die ontmoeting en deur sy gebondenheid met die ander tot sy reg kom. Sy solitêriteit wat voorwaarde is vir solidêriteit, maak sy solitêriteit sinvol.¹⁷⁷

Selfbegrip-as-opgawe by die Christenlidmaat lei tot ontdekking van die self aan sy eie gebrokenheid, nood en ellende en van sy verlossing in die soenverdienste van Christus. Die weg tot die erkenning van die Christelike norme, is die weg van "vernuwe word tot kennis" (Kol, 3:10). Om tot die ware kennis van God te kom, moet die mens ook kom tot 'n egte kennis van homself. Hy besef dat hy slegs deur selfaanvaarding ten volle oorgegee aan sy lewenstaak kan kom en met getrouheid en 'n volkome hart kan handel ten spyte van sy beperkthede, maar ook met sy gawes, talente en geleenthede. Ootmoedig maar met moed probeer hy om met sy gawes te vorder op sy wordingsweg en op sy pad na heiligmaking deur ten volle gehoorsaming aan die gesag van Christelike norme en waardes. Hy verlang om met sy persoonlike gawes tot homself en sy naaste te mag kom deur getroue pligsvervulling (soos ook van hom vereis word in die Nagmaalsformulier). Daarom

wil hy homself telkens opnuut aanvaar namate hy deur pligsvervulling tot 'n helderder selfbegrip kom¹⁷⁸ of as die Heilige Gees die hart bewerk en deur Sy liggaam en bloed die hongerige en dorstige siel spysig en laaf tot die ewige lewe. Slegs deur selfaanvaarding en selfoorgawe kan hy die volheid van die lewe ervaar en tot selfkennis as kennis van plig kom.¹⁷⁹ Die selfbegryping moet geleidelik geïntegreer word met begryping van die eisestellende toekoms wat steeds in aantog is.

v. Selfbegrip-integrasie.

Begryping van die "self" as waardeverwerklikende persoon, geïntegreer met begryping en 'n toenemende leef van behoorlikheidseise, handelings-eise en geleenthede in die leefwêreld, is kenmerkend van 'n behoorlike volwasse mens.¹⁸⁰ Die Nagmaalsessensies, van-te-vore-reg-beproof, waaragtige-ondersoek, hart-ondersoek en gewete-ondersoek maak nou hierdie selfbegrip-integrasie moontlik, laat dit funksioneer, maak dit lewendig en laat dit in die volheid syn deurdadig dat die Christen besef dat sy selfbegryping geïntegreer moet word met die genormeerde toekoms wat in aantog is, waarin hy waardes sal verwerklik en toenemend gehoorsaamheid moet betoon aan die behoorlikheidseise wat daaruit spreek.¹⁸¹ Hy doen dit deur o.a. "met sy ganse lewe ware dankbaarheid jeens God die Here te bewys en voor die aangesig van God opreg te wandel; ook deur sonder enige geveinsdheid van harte alle vyandskap, haat en nyd af te lê

en 'n ernstige voorneme het om in die toekoms in
waaragtige liefde en eensgesindheid met sy naaste
te lewe.

Uit die voorafgaande beskrywing behoort dit nou
duidelik te wees dat die eerste synswyse sowel as
die tweede synswyse (nl. algemeen-geldige
pedagogiese doelessensies en die besondere Nagmaals-
formulieressensies) gelyktydig en gesamentlik
oorgegaan het in die geïntegreerde synswyse,
waarin albei behoue en bewaar bly as 'n ware
Christelike Protestantse wyse van selfbeoordeling
en selfbegrip. Selfbegrip-integrasie lei dus
hier tot 'n alsydige toekomspektief en 'n
gerigtheid op die medemens in hierdie tydelike,
verganklike wêreld, sowel as 'n gerigtheid op die
Drie-enige God (van wie uit die Woord verneem word
en wat deur die sakramente onderstreep word)
terwille van 'n ewige onverganklike bestemming in
die Vader-huis.

HOOFSTUK 3

Literatuurverwysings:

- | | | | | |
|-----|--|---|--|----------|
| 1. | LANDMAN, W.A. | : | Enkele aksiologiese-
ontologiese momente van
die voorvolwassenheids-
beleving, | 35 |
| 2. | Ibid. | : | | 36 |
| 3. | WILBERS, P.E.J. | : | Die Moontlikheid, Nood-
wendigheid en Plek van 'n
Pedagogiese Doelkunde en
Doelleer. | 405 |
| 4. | LANDMAN, W.A. | : | a.w., | 36 |
| 5. | LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG,
C.R. | : | Opvoedkunde en Opvoed-
ingsleer vir beginners, | 95 |
| 6. | OBERHOLZER, C.K. | : | Inleiding in die
Prinsipiële Opvoed-
kunde, | 302 |
| 7. | LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG,
C.R. | : | a.w., | 95 |
| 8. | KRIEK, A.C. | : | 'n Onderzoek na 'n Mens-
waardige bestaanswyse en
Selfbeoordeling as
Pedagogiese Kriteria vir
Volwassenheid.
M. Ed.-verhandeling, U.P., | 158 |
| 9. | KILIAN, C.J.G. | : | Die verbesondering van
Pedagogiese Kriteria
met Ontologies-Antropolo-
giese status. D. Ed-
proefskrif, U.P., | 233 |
| 10. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 159 |
| 11. | LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG,
C.R. | : | a.w., | 93 |
| 12. | LANDMAN, W.A., | : | a.w., | 34, 35 |
| 13. | LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG,
C.R. | : | a.w., | 93 |
| 14. | LANDMAN, W.A. | : | a.w., | 35 |
| 15. | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 159, 160 |

16.	OBERHOLZER, C.K.	:	Prolegomena van 'n prinsipiële Pedagogiek,	322
17.	LANGEVELD, M.J. e.a.	:	Opvoeding tot zelfopvoeding,	9, 10
18.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	160
19.	LANGEVELD, M.J.	:	Beknopte theoretiese pedagogiek,	38, 39
20.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	160
21.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	52
22.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	160
23.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	63
24.	Ibid.	:		320
25.	Ibid.	:		69
26.	Ibid.	:		286
27.	LANGEVELD, M.J. e.a.	:	Opvoeding tot zelfopvoeding,	10, 11
28.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	162
29.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	142
30.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	162
31.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	370
32.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	162, 163
33.	VAN WIJNGAARDEN, H.R.	:	"Psychische Volwassenheid" in Volwassenheid, saamgestel deur Prof. Dr. Roscam Abbing,	56,58
34.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	36
35.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	163
36.	LANDMAN, W.A.	:	'n Antropologies-Pedagogiese beskouing van Beroepsoriëntering met spesiale verwysing na die Personologies-etiese,	5
37.	LANDMAN, W.A.	:	Die Beroepsoriëntering-situasie as Pedagogiese situasie. In: Jubileum lesings,	271
38.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	163, 164, 165
39.	PERQUIN, N.	:	Paedagogiek,	80

iii

40.	PERQUIN, N.	:	"Op dat de mens weer een persoon wordt" (oor jeugd, opvoeding en sameleving). In: Jeugd in Zeventig, vraaggesprekken door G.C. de Haas,	175-179	
41.	a.	VAN WIJNGAARDEN, H.R.	:	"Het rect van verzet". In: Jeugd in Zeventig door G.C. de Haas,	74
	b.	VAN WIJNGAARDEN, H.R.	:	"Psychische Volwassenheid." In: Volwassenheid : samengesteld door Prof. Dr. Roscam Abbing,	53, 54
42.	VAN DOOREN, W.	:	"Existensiële Volwassenheid". In: Volwassenheid: samengesteld door Prof. Dr. Roscam Abbing,	77	
43.	Ibid.	:		82	
44.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	167, 168	
45.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	168	
46.	VAN DOOREN, W.	:	a.w.,	84	
47.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	169, 170	
48.	VAN ZYL, P.	:	Opvoedkunde, Deel I,	203	
49.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	418	
50.	Ibid.	:	a.w.,	444, 445	
51.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	120	
52.	VAN WIJNGAARDEN, H.R.	:	a.w.,	72, 73	
53.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	424	
54.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	171-173	
55.	Ibid.	:		175	
56.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	320	
57.	Ibid.	:		75-79	
58.	Ibid.	:		91	
59.	Ibid.	:		363	
60.	LANGEVELD, M.J.	:	Beknopte Theoretische Pedagogiek	61, 128	
	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	173-175	
61.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	37	

62.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	75
63.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	324
64.	a.	LANDMAN, W.A.:	Enkele Aksiologies- Ontologiese momente in die voorvolwassenheids- belewing,	37
	b.	Kyk : BUYTEN- DIJK, F.J.J. :	De Zin van de Vrijheid in het Menselijk bestaan,	12-20
65.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	291
66.	VAN DOOREN, W.	:	a.w.,	76
67.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	180-182
68.	VAN DOOREN, W.	:	a.w.,	75
69.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	183-188
70.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	274
71.	Ibid.	:		167
72.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek,	55
73.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	183-185
74.	VAN DOOREN, W.	:	a.w.,	88
75.	VAN WIJNGAARDEN, H.C.	:	Hoofdproblemen der Vol- wassenheid,	(Voetnota)
76.	VAN WIJNGAARDEN, H.C.	:	"Het recht tot verset". In: Jeugd in Zeventig, vraaggesprekken door G.C. de Haas,	72-74
77.	HUTTE, H.A.	:	"Maatschappelijke Vol- wassenheid". In: Vol- wassenheid : samegesteld door Prof. Dr. P.J. Roscam Abbing,	14-19
78.	NAUTA, L.W.	:	"Etiese Volwassenheid". In: Volwassenheid : samegesteld door Prof. Dr. P.J. Roscam Abbing,	60
79.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	198
80.	Nagmaalsformulier,		Formulierboek,	26, 27
81.	GUNTER, C.F.G.	:	Opvoedingsfilosofieë,	334, 335
82.	Ibid.	:		337, 339
83.	Nagmaalsformulier,		Formulierboek,	29

84.	BAVINCK, H.	:	Gereformeerde Dogmatiek, III,	18
85.	BERKOUWER, G.C.	:	Dogmatiese Studiën: De Zonde I, Oorsprong en Kennis,	5
86.	POP, F.J.	:	Bijbelse woorde en hulle geheim,	609, 610
87.	DE BONDT, A.	:	"De Zonde". In: Het Dogma der Kerk (onder redactie van G.S. Berkouwer, Toornvliet e.a.)	268, 255
88.	STEYN, H.S. Ds.	:	Uit 'n preek oor "Sonde", N.G. Kerk Studenteoord, Pretoria 12/5/74	
89.	BERKOUWER, H.C.	:	a.w.,	33
90.	DE BONDT, A.	:	a.w.,	268
91.	Nederlandse Geloofsbelydenis Art. XIV, Formulierboek van die N.G. Kerk van S.A.,			79
92.	DE BONDT, A.	:	a.w.,	269
93.	Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XV,			a.w., 80
94.	Heidelbergse Kategismus, Sondag 3,			a.w., 100
95.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	121
96.	Ibid.	:		131, 132
97.	Ibid.	:		137
98.	Ibid.	:		143
99.	POP, F.J.	:	a.w.,	611
100.	BRUNNER, E.	:	Der mensch in Wiiderspruch,	186
101.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	146
102.	Ibid.	:		149, 150
103.	CALVIJN, J.	:	Institusie II, VII,	12
104.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	153
105.	Ibid.	:		174
106.	Ibid.	:		175-178

vi

107.	BERKOUWER, G.C.	:	Dogmatische Studiën: De Zonde II, Wezen en verbreiding de zonde,	11
108.	Formulier van die Heilige Nagmaal,		a.w.,	26
109.	BERKOUWER, G.C.	:	De Zonde I,	a.w., 180
110.	BAVINCK, H.	:	Gereformeerde Dogmatiek, III,	122
111.	BERKOUWER, G.C.	:	De Zonde I,	a.w., 195
112.	Ibid.	:		223, 224
113.	DE BONDT, A.	:		a.w., 269
114.	POP, F.J.	:		a.w., 623
115.	BERKOUWER, G.C.	:	De Zonde II,	a.w., 12
116.	Ibid.	:		13
117.	Ibid.	:		14
118.	Ibid.	:		17
119.	Ibid.	:		49
120.	Ibid.	:		53-55
121.	HEYNS, J.A.	:	In 'n gesprek, 14/3/1974	
122.	BERKOUWER, G.C.	:	De Mens het Beeld Gods, Dogmatische Studiën,	23
123.	BERKOUWER, G.C.	:	De Zonde I, Dogmatische Studiën,	147
124.	Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XIV, Formulierboek,			79
125.	DE BONDT, A.	:		a.w., 270
126.	Nederlandse Geloofsbelydenis, Art XIV,		a.w.,	79, 80
127.	Dordtse Leerreëls III en IV, par 4, Formulier- boek,			147
128.	Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XIV,		a.w.,	79
129.	BERKOUWER, G.C.	:	De Zonde II,	a.w., 73
130.	Ibid.	:		74
131.	Ibid.	:		92
132.	Ibid.	:		93

133.	GEEZINK, W.	:	Gereformeerde Ethiek, Deel II,	163
134.	Ibid.	:		169
135.	FEENSTRA, J.G.	:	Leer en Lewe	244
136.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	150, 151
137.	FEENSTRA, J.G.	:	a.w.,	242
138.	Formulier van die Heilige Nagmaal, Formulierboek,			27
139.	Ibid.	:		28
140.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	43
141.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	12
142. a.	WATERINK, J.J.	:	Inleiding tot de Theoretiese Pedagogiek,	438
b.	WATERINK, J.J.	:	Theorie der Opvoeding,	365
143.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	72
144.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	122
145.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	72
146. a.	LANDMAN, W.A.:		a.w.,	122
b.	BOLLINGER, H.:	:	Das werden des Person,	161
147.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	77
148.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	124
149.	BRILLENBURG WURTH, G.	:	Mensbeskouwing en Maatschappelijk- werk,	60
150.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	113, 114
151.	Ibid.	:		168, 169
152.	ROSCAM ABBING, P.J.	:	"Religieuse Volwassen- heid." In: Volwassen- heid : samengesteld door Prof. Dr. P.J. Roscam Abbing,	92
153.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	43
154.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	129
155.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	114

viii

156.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	355
157.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	115
158.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	129, 130
159.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	117
160.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	127
161.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	77, 78
162.	Ibid.	:		133, 134
163.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	119
164.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	290
165.	Ibid.	:		281-283
166.	Ibid.	:		284
167.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	391
168.	Ibid.	:		342
169.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	290, 292
170.	Formulier van die Heilige Nagmaal,		a.w.,	32
171.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	316
172.	Ibid.	:		405
173.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	203
174.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	De Zonde I, 148, 149
175.	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	411 - 413
176.	VAN DER STCEP, F.	:		Didaktiese 113
	en O.A.	:		Oriëntasie,
	WILBERS, P.E.J.	:	a.w.,	432, 433
177.	Ibid.	:		446, 447
178.	Ibid.	:		444
179.	Ibid.	:		413
180.	Ibid.	:		416

HOOFSTUK VIER

DIE PEDAGOGIESE DOELSTRUKTURE : MENSWAARDIGHEID, SEDELIK-SELFSTANDIGE BESLUITVORMING EN VERANTWOORDELIKE HANDELING, NORMIDENTIFIKASIE EN LEWENSOPVATTING

4.1 Inleiding

Weens die omvangrykheid van hierdie verhandeling en teneinde kontinuïteit te behou word die bogenoemde pedagogiese doelstrukture sowel as die ooreenstemmende Nagmaalsformulier-inhoude hier kortliks uitgelig en beskrywe om ook sodoende aan te toon hoedat wek-van-lewe in die doelstrukture moontlik is deur die aanwending van Nagmaalsessensies.

4.2 Menswaardigheid

4.2.1 Menswaardigheid : Beskrywing en uitleg

Een van die verdienstes van die hedendaagse eksistensie-denke oor die mens is dat die menswaardige bestaanswyse as fundamenteel vir outentieke menswees aan die lig gebring is.¹ Slegs die mens besit waardigheid wat daarop dui dat hy 'n eksistensiële-normatief-etiese wese is, oop, waardebestrewend, pligvervullend, onvoltooibaar, moontlikheid, toekomstigheid en vryheid.² Die idee van volwassenheid sluit die idee van volwaardige menswees in. Die kind word as mens gebore maar moet sy menswaardigheid self verwerf deur die hulp en steun van die volwaardige volwassene. Die volwassene is dus bewus van sy waardigheid as mens en dit beteken dat hy besef dat daar eise aan hom in sy menswaardigheid gestel

word.³ As persoon is hy synde-in-opeenheid en draer van onskendbare digniteit wat hy tot gedying sal moet bring deur pligte en verantwoordelikhede te ken en daaraan uitvoering te gee. Net soos met die vryheid is ook die persoon-in-waardigheid 'n opeenheid-met-opdrag.⁴ Omdat die mens as persoon geen ekwivalent het nie en geen geld sy innerlike waardebesit kan koop nie, is hy waardigheid (Kant).⁵

As enigste wese wat waardigheid besit durf hy nooit verobjektiveer of verdinglik of tot saak gemaak word nie, want dan ondergaan hy onwaardige behandeling.⁶ Sonder medemenslike begeleiding as opvoedingshulp is die aanvaarding van die lewens-opdrag om toenemend menslik te word, en sodoende uitdrukking te gee aan menslikheid, onmoontlik.⁷ Menslikheid beteken om draer van onvernietigbare waardes te wees en om bestem te wees om menswaardig te lewe in sosiaal-kultureel-historiese verband. Die beoefening van menslikheid as lewenstaak beteken o.a. om deur eie keuses en handelinge die waardigheid van die mensheid, dus die menslikheid, te bewaar. Die mens wat hy is, moet die menslike wat met sy menswees gegee is, tot egte menslikheid laat gedy.⁸

Die kind en voorvolwassene is toenemend bewus van die eise wat aan hom gestel word asook van die waardevolheid van die behoortlikheidseise. Hy weet dat hy in vryheid op grond van outonome gewetensbeslissinge⁹ en eie keuse gehoorsaam aan

die eise moet wees.¹⁰ As mens is hy by magte om ooreenkomstig die behoorlikheidseise te lewe en te weet watter waardes waardevol is en watter waardes hy moet bestrewe en verwerklik. Dit dui op totale handeling volgens behoorlikheidseise waardeur die persoonlike digniteit ook nie verloën word nie (Kant).¹¹

Die volwassene het dus 'n wete van waardeverwerkliking, wat dui op 'n waardebesef as waardebelewing,¹² dus as 'n besondere bewussynsbelewing as basis van 'n inherente waardebesef.¹³ Menswaardigheid is dus 'n met waarde-gemoeide aangeleentheid. Die mens is nie net waardebepalend en waardebestrewend nie maar in die laaste instansie waardeverweselikend.¹⁴ As konkreet-indiwiduele mens in sy unisiteit is hy eenmalig, eensoortig, eiesoortig en onherhaalbaar¹⁵ en dit verleen aan die indiwidu sy besondere waardigheid.¹⁶ As openheid is die mens ook betrokkenheid by en gegrepenheid deur waardes in rangorde van voorkeur met geïmpliseerde norme as rigsgoere vir die lewe van bewuste veranderinge.¹⁷

Bewus van sy digniteit moet die mens egter besef dat verskillende mense verskillende waardes nastreef maar dat elkeen 'n persoonlike keuse moet doen, 'n verantwoordelike en deurdagte beslissing op hom moet neem en dit dan nie net moet belewe en bestrewe nie, maar dit daadwerklik moet leef ten einde sy lewe sinvol te maak en nastrewenswaardig aan die nie-volwassene en ander voor te lewe.

Die mens se waardebesef is dus verpligtingsbesef in die vorm van 'n aanvoeling vir wat behoort te wees, van wat goed en afkeurenswaardig is.¹⁸ Hieraan moet die volwassene in vryheid op grond van eie beslissing gehoorsaam wees.¹⁹ Die vryheid wat die mens is, moet hy dus verower.²⁰ Dit is sy taak en geleentheid tot gehoorsaamheid aan die opeisende krag van die waardes as norme waardeur die waardigheid as hoogste essensie van menswees in sy lewe as volwassene gestalte kry. Agting-vir-digniteit dui dus op agting-vir-bevraagtheid en lewenseise wat 'n persoonlike opgawe is waarop hy bevestigend moet antwoord.²¹ Elke beslissing is 'n antwoord aan die toekoms en is implementering van die vryheid om die verantwoordelikheid vir die toekoms nie net te aanvaar nie, maar om dit ook konsekwent te dra. Elke antwoord is 'n ver-antwoord-ing van sigself teenoor die gesag van norme.²²

Die volwassene moet nie alleen bewus wees van sy eie menswaardigheid nie maar ook agting vir ander se menswaardigheid toon.²³ Mense moet op mekaar se menswaardigheid ag-gee en dit is juis hierdie wedersydse be-agting waardeur hulle menslikheid op besondere wyse tot uitdrukking kom want agting is 'n outentiek-sedelike gevoel en openbaring van sedelikheid is openbaring van menslikheid.²⁴ Wanneer een mens nou deur die ander mens ge-ag word, beteken dit dat hy hoog geskat word; sy persoonwees word waardeur. Langeveld beklemtoon

ook naas die personaliteit van die mens as
indiwidualiteit met personaal-relevante verskille
die mens as sosiale wese en die sedelike
gelykwaardigheid van alle mense.²⁵ "Zedelijke
gelykwaardigheid schiep de eenheid der mensheid".
"De mens is een sociaal wezen en een individu,
maar als mens is hij dit in de eenheid van zijn
persoon, deze is zedelijk genormeerd en vertegen-
woordigt in zijn onderscheidenheid een eigen
zedelike waarde",²⁶ en as sulks moet sy
menswaardigheid deur ander volwassenes eerbiedig
word.

Ook sluit dit die verpligting in dat die volwassene
die kindwaardige in mensekinders sal erken en
eerbiedig en sal trag om die wesenlike van kind-
wees te begryp. "De pedagogiek heeft tot taak
het gezichtspunt van het menswaardige te
complementeren met dat van het kindwaardige".²⁷
Die kind moet as wordende persoon be-ag word en
daarom ook gehelp word om tot die besef van sy eie
waardigheid as persoon te kom,²⁸ deur dit te
ontdek, erken en verder uit te bou.²⁹ Ontdekking
van die eie ek lei tot ontdekking van die ander as
'n outonome geestelike persoonlikheid met eie
waarde.³⁰

4.2.2 Menswaardigheid : Essensies

Uit die voorafgaande beskrywing is dit nou
moontlik om die volgende doelessensies te
onderskei

- 4.2.2.1 Bewuswees-van-menswaardigheid.
- 4.2.2.2 Beoefening-van-menslikheid.
- 4.2.2.3 Waardevolheid-van-behoorlikheidseise.
- 4.2.2.4 Wete-van-waardeverwerkliking.
- 4.2.2.5 Agting-vir-ander-se-menswaardigheid.

4.2.3 Menswaardigheid : Nagmaalsformulier-inhoude.

Die jeugdige sowel as die volwasse belydende lidmaat word by elke Nagmaalsviering opnuut gekonfronteer met die Kruis van Christus waardeur hy tot 'n besef kom van die sinvolheid van sy bestaan. Deur waaragtige self-ondersoek en self-beoordeling van hart en gewete word hy gedwing tot selfbegrip en 'n vaste wete dat hy alleen as waardige deelgenoot aan die Tafel van die Here kan aansit as hy sonder enige geveinsdheid gevind het dat hy só gesind is dat hy van harte alle vyandskap, haat en nyd aflê en in die toekoms in waaragtige eensgesindheid teenoor die naaste wil lewe. In relasie tot God ontdek hy sy eie menswaardigheid en dié van ander en wil hy uit pure dankbaarheid teenoor God toenemend sy menslikheid beoefen omdat hy deur die Kruis die lewemakende Gees verwerf het waardeur hy ware gemeenskap met Hom kan hê en die ewige lewe, die geregtigheid en heerlikheid deelagtig kan word.

Dieselfde Gees sal almal wat hierdie gesindheid openbaar met mekaar in broederlike liefde saam verbind - soos uit baie graankorrels een meel gemaak en uit baie druiwekorrels as hulle gepars word, een wyn en drank vloei en tot een vermeng

word. Só sal almal wat waaragtig glo saamgesnoer word in gemeenskap met die liggaam van Christus.³¹ Om Sy offer te aanvaar, Sy genade deelagtig te word en waardig na Sy beeld en gelykenis te lewe sal die mens "onself verloën" om tot Sy Eer menslik te lewe en aan die naaste onbaatsugtige medemenslikheid te betoon.

Die mens is op soek na 'n ideële mensbeeld wat tog gefundeer is, sodat hy die verwerkliking daarvan kan na-strewe om as mens gereken te word.³²

Om dit te begryp is dit nodig om oor die mens vanuit 'n Christelik-Protestantse perspektief te besin. Daarom volg later 'n kort beskrywing van die relevante religieuse struktuur, "De Mens het Beeld Gods".

Die volgende Nagmaalsessensies is uitgelig:

... sonder enige geveinsdheid waardige deelge-
 note....., ... met mekaar in liefde saam verbind...
 en.....onself verloën.

4.2.4 Sintese:

4.2.4.1 Die dialektiese triade : Menswaardigheid/
 Nagmaalsformulieressensies/Christelik-Protestantse
 menswaardigheid.

Eerste synswyse	Tweede synswyse	Geïntegreerde synswyse
Lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur	Lewe-wekkende lewensopvat- like inhoud	Lewende doelstruktuur
Menswaardig- heid	Nagmaals- formulier- essensies	Christelik- Protestantse menswaardigheid

4.2.4.2 Die beweging : Menswaardigheid na Nagmaalsformulier-essensies:

By die beskrywing en uitleg van die pedagogiese doelstruktuur, menswaardigheid, is aangetoon dat die volwasse mens bewus-is-van-menswaardigheid en van die eise wat daar aan hom gestel word om op grond van eie beslissinge te gehoorsaam. Ook die Christen-Protestantse jeugdige moet bewus wees van hierdie menswaardigheid omdat "de mens na de val nog beeld Gods heet en alz zodanig geëerbiedig moet worden"³³ ten spyte van die breuk in die menselewe vanweë vervreemding, verlorendheid, verduistering en ydelheid.³⁴ Die Nagmaalsformulier en kategetiese onderrig spreek duidelik oor die vernuwing en herstel van die beeld deur die genade van God. Paulus spreek oor die "aflegging van die ou mens en die opneem van die nuwe", terwyl die Nagmaalsformulier die lidmaat aanspreek om vas te stel of hy van harte die genade van God aanvaar het en só gesind is om alle haat, nyd en vyandskap af te lê en in dankbaarheid tot God te lewe. So aktiveer dié Nagmaalsessensie dié doelessensie tot gedying van menswaardigheid deur die wan-relasie tussen God en mens te herstel sodat die mens in vryheid deur persoonlike beslissing positief en in liefde en verheerliking kan antwoord op Sy aangesprokenheid³⁵ sodat hy, deur die genade, waardige deelgenoot ook aan die lye en sterwe van Christus kan word.

Die lewenstaak van die mens is om toenemend menslik te word en menslikheid te beoefen. Die

nagmaalsessensies waardige deelgenote en met-
mekaar-in-liefde-saam-verbind verlewending nou die
genoemde pedagogiese doelstruktuur en maak dit
vatbaar vir lewe in die daaglikse bestaan, want
menswaardige handeling en be-oefening van
menslikheid dui op aktiwiteit en positiewe
antwoord (ook by die belydende lidmaat) saam-met-
die-medemens teenoor die Woord van God. Juis in
sy outonomie is die mens gedurig in 'n diep
onontkombare konflik met homself en sy ware wese,
in rebellie teen die waaragtige menslikheid,
geraak deur sonde, in sy natuur verdorwe, vervreem,
nie slegs van God nie, maar ook van homself.³⁶
Maar mens-syn is in-die-genade-staan³⁷ (Barth)
en deur die genade (verkondig in die Evangelie en
Nagmaalsformulier) word die mens herstel in sy
menslikheid en kan hy dit beoefen omdat hy bewus
is van sy aangesprokenheid, asook van die
waardevolheid van behoortheidseise en ook van ~~die~~
waardes wat hy wil en kan bestrewe en verwerklik.

Die nagmaalsessensie, "ons-self-verloën",
intensiveer die behoortheids- en waardebesef en
verwerklik dit in die menslike lewe omdat die
hoogswaardevolle vir die Protestantse Christen is
om homself te verloën, sy kruis op te neem, en
sy Ewige Verlosser en Saligmaker te volg deur
menswaardig te lewe tot eer en verheerliking van
God.

Tydens die kategetiese onderrig word hierdie
wete-van-waardeverwerkliking ingeskerp as diens

en liefde aan God en aan die naaste. Die Nagmaalsessensie met-mekaar-in-liefde-verbind dui op hierdie waardevolle en waardige "saambinding in broederlike liefde om Christus, ons liewe Salig-maker ontwil, en dit moet nie alleen met woorde nie maar in die daad teenoor mekaar bewys word" op só 'n wyse dat die nodige agting-vir-digniteit-van-die-ander daaruit spreek.

"Als men: maar even daar gevoel voor heeft, is altijd weer iedere ontmoeting met een levend mens een hoogst ontroerend gebeuren!"³⁸ Dit is ook wesenlik en noodsaaklik dat mense soms gesamentlik optree, gerig op 'n gemeenskaplike doel en gesamentlike verwerking van waardes.³⁹ Hiervoor is nodig aanvaarding van die medemens sonder om sy persoonlike vryheid te skaad, dus met agting vir sy menswaardigheid.

Soos die genoemde pedagogiese doelessensies moontlikheidsvoorwaarde is vir die verwerking van die genoemde nagmaalsessensies het die nagmaals-essensies terselfdertyd ook die essensies van die doelstruktuur, menswaardigheid, vanaf lewensvatbaarheid geaktiveer tot werklike lewendigheid en die moontlikheid tot beweging geskep.

4.2.4.3 Tweede beweging:

Die lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur, menswaardigheid en die lewe-wekkende Nagmaals-formulieressensies gaan nou gesamentlik en gelyktydig oor in 'n Christelik-Protestantse menswaardigheid waarin die genoemde synswyses

geïntegreer word en bewaar en behoue bly. Om 'n Christelik-Protestantse menswaardigheid in die laat twintigste eeu te aktiveer en te laat funksioneer is 'n aktuele saak vir die hedendaagse opvoeder.

Die hedendaagse maatskappy met sy politieke ideologieë en ten spyte of juis vanweë die fenomenale vooruitgang op tegnologiese gebied, is besig om die mens te dehumaniseer en te depersonaliseer (Van Niftrik)⁴⁰, sodat die mens "al meer in het gedrang kwam en zichzelf dreigde te wil verliesen" omdat sy diepste menslike node al hoe meer verontagsaam word en "de mensch al meer in een diepgaande heel zijn existensie-bedreigende crisis moet komen". Die onhergersame wêreld oorheers die mens wat tuisloos en ongeborge raak. (Heimatlosigkeit). Die siel van die mens raak verlam en gee die stryd gewonne (M. Buber), verloor die sin van sy bestaan, word van buite en binne bedreig, staan op en durf weer aan maar "uiteindelik is alles wat hy doet immers toch tevergeefs".⁴¹ Hierdie toestand skend ook die menswaardigheid van die mens wat poog om in sy menslike bestaanswyse volgens sy lewensopvatting waardes te bepaal, te bestrewe en te verwerklik⁴² en kan slegs bestry word in die Christologie, in die siening van die mens soos deur God in Jesus Christus openbaar.⁴³

Jesus Christus "is God en mens in enigheid des persoons." In Hom openbaar God nie alleen wie God is nie maar wie die mens is. Christus wat om

"onze zaligheid is neergekom uit de hemel", het mens geword. Christus as mens-gewordende is 'n exegeese van die woorde van Pilatus, "Sien die Mens!" (Joh.19:5). Hierdie woorde was medelydend dog veragterend geuiter maar is profeties bewaarheid.

Ook Calvyn in die Institusie, skryf dat die kennis van God en die kennis wat die mens van homself het, ten nouste verbonde is. Die mens kan alleen in en deur Christus geken word.

Christus is God en mens. Sy Godheid en mensheid is een. Hy is die volmaakte, sondelose mens en Seun van God. Hy is mens in volkome identiteit met God. Hy is die Godmens. In Sy mens-syn weerspieël Hy op volmaakte wyse die wesenlike van God en van die mens. Sy Godmenslike werk is redding en versoening. In Sy verlossingsdaad bly Hy trou aan God en aan die mens. Eén met God en ook één met die mens. So was Hy God se Seun en Seun van die mense.

Die mensheid, in sy menslikheid, verskil van Christus as die ware Beeld van God omdat die mens nie identies met God is nie; daar is afstand tussen God en mens en tog relasie.⁴⁴ Die volledige werklike mensbeeld blyk slegs uit hoe hy staan voor God se aangesig in relatiewe verbondenheid met God in die totaliteit van sy bestaan (Berkouwer).⁴⁵ Ook Brünner verklaar met nadruk dat die mens alleen te begrype is vanuit sy besondere relasie tot God.⁴⁶ Die mens se wese

kan nie geken word buite die openbaring van die mens Jesus Christus nie, want die mens is voorwerp van die genade van God (Barth).⁴⁷

Die mens is mens voor God se aangesig, in gesprek met God,⁴⁸ deur God se Woord in aansyn geroep tot antwoord op die Woord⁴⁹ omdat Hy beeld van God is. (Die mens is dus ook dialog). God spreek die mens aan, roep hom op, wil tot verbond met hom kom. Hy spreek hom aan as subjek en gee hom 'n naam (van besondere betekenis in die Skrif) en verhef hom tot persoon wat kan hoor en kan antwoord⁵⁰ en in 'n verantwoordelikhedsrelasie tot God staan.⁵¹ Die menslike waardigheid lê in hierdie oorspronklike Skeppingsbedoeling in die betrokkeheid van die mens op Sy Skepper.⁵² Dit geld selfs vir die gevalle mens wat gelyk Sy beeld geskape is (die ontiese beeld).⁵³ God het die mens goed en na Sy beeld geskape in ware geregtigheid en heiligheid, die imago Dei.⁵⁴ Die imago Dei is 'n relasie waarin mens-wees, daar-wees is teenoor die Woord in bewussyn en vryheid. Die geskapene is as mens gebore maar moet sy menswaardigheid self verwerf in die hede deur as bewuste, selfbewuste, redelike wese⁵⁵ te hoor, te begryp en persoonlik te antwoord in vryheid op grond van eie beslissing. Maar mens-syn is alleen moontlik in gemeenskap en ontmoeting met God⁵⁶, as aktuele eksistensiële in-die-tyd-syn teenoor die Ewige. Die wese van die self as antwoordende bestaan word vasgelê deur in die hede aan God en ook aan sy naaste te

antwoord - deur die liefde van God aan te neem of te verwerp. By elke Nagmaalsviering moet elke belydende lidmaat sy hart en gewete ondersoek om sonder geveinsdheid hierop te antwoord. Hierdie Nagmaalsessensies sal dan die doelessensie bewus-wees-van-menswaardigheid laat funksioneer en in die volheid laat syn.

Na die sondeval het die mens die ontiese beeld van God in ruimer sin behou (d.w.s. die menslike, die wesenlike van die mens) maar die aktuele beeld (Luther) of beeld van God in enger sin het hy verloor d.w.s. sy gemeenskap met God, sy kennis, geregtigheid en heiligheid, sy konformitas met God se wil, sy gerigtheid op God.⁵⁷ Deur Adam en deur persoonlike herhaling in die hede het die mens deel aan die erfsonde en is dus 'n gevalle beeld van God m.a.w. sy relasie tot God het deur eie keuse tot 'n wanrelasie geword,⁵⁸ sodat hy uit homself onbekwaam is tot enige goed wat sy regte verhouding tot God kan herstel.⁵⁹ Die grootheid van die deur-God-geskepe mens word weerspieël in die diepste van sy val (corruptio totalis) wat egter nie mag lei tot 'n ernstige miskenning van die waaragtige menssyn en 'n aantasting van sy menslike waardigheid nie.⁶⁰

Maar die mens is voorwerp van die genade van God. Menssyn is in-die-genade-syn.⁶¹ Dit is die genadegawe van God dat menslike bestaan, as 'n gevalle bestaan, nog 'n antwoord is op die Woord en as sodanig is hy nog 'n verantwoordelike wese. Dít is die algemene menslikheid van die mens, só

het hy die beeld van God in ruimer sin behou.⁶² Hy is tog in sy onvermoë die ene moontlikheid (Viljoen), wêreld-oop, vry tot keuse kragtens sy waarderende bewussyn, vry tot handeling, in staat tot beoefening-van-menslikheid.⁶³ Hy bly mens met 'n gewete wat kan onderskei tussen goed en kwaad, asook met wil en verstand en 'n besef dat God bestaan (Luther). Agter elke keuse wat hy maak, agter elke beslissing wat hy neem skuil 'n besef van wat behoort te wees en waaraan hy hom uit hoofde van die eise van die vryheid gebonde ag. Die mens het dus nie net bewussyn nie maar ook selfbewussyn as behoorlikheidsbesef.⁶⁴ Dit is die "klein oorblyfsels" van die uitnemende gawe wat die mens oorspronklik van God ontvang het (Artikel XIV, Nederlandse Geloofsbelydenis) en waardeur Sy beeld in ons menssyn te bespeur is.⁶⁵ Hierdie behoorlikheidsbesef maak die mens dus bewus van die waardevolheid-van-behoorlikheidseise. Die mens as sondaar is sonder verontskuldiging en dis nog steeds vir hom lewensverplichtend om verantwoordelikheid op te neem en te dra,⁶⁶ en aan die behoorlikheidseise te voldoen.

Die genoemde doelessensies beoefening-van-menslikheid en waardevolheid-van-behoorlikheidseise word alleen deur die lewensoptvatlike inhoude geaktiveer tot lewende doelstrukture en dit geskied alleenlik in die lewe van die Christen-Protestant deur die Versoening in Jesus Christus waartoe die kategetiese onderrig die jeugdige voornemende lidmaat steun en voorberei. Alleen deur die regverdiging deur die bloed en liggaam van Jesus

Christus kan die gelowige waaragtige deelgenoot word aan Sy genade en hierdeur die genoemde doelessensies intensiver en tot volle gedying bring. In die kruisdood van Christus spreek God die Woord van Versoening deurdat Christus die antwoord gee wat God van die mens verlang maar waartoe hy nie in staat is vanweë die sonde nie. Hierdeur word die mens ten volle geregverdig voor God want Jesus Christus is die ware Beeld van God wat in die mens herstel word wanneer hy deur die geloof "in Christus Jesus" is en nou as waardige deelgenoot aan Sy Tafel kan aansit.

Sola gratia, versoening, beteken egter nie 'n passiewe ontvangs van die genade en herstel van die beeld nie, maar juis die hoogste aktiwiteit ook teenoor die naaste.⁶⁷ "Hij kan dit niet slechts, hij is dit ook verplicht. De zondeval heeft de imago Dei (beeld Gods) verzwakt, maar niet vernietigd. Hij moet dit beeld nu weer versterken. Zo blijft de mens leven in spanning tussen het theocentrische, waarbij hij God als de Heilige ervaart en zichzelf zondaart voelt en het antropocentrische, waarbij hij geroepen is Gods geboden uit te ~~voeren~~ wat aan het mens-zijn het uiteindelijke zin verleent."⁶⁸

Die mens het 'n wete-van-waardeverwerkliking want hy bestaan nie slegs nie maar voer 'n bestaanswyse want hy rig sy lewe na die eise van bepaalde waardes. Menslike bestaanswyse word gekenmerk deur die bestrewing en verwerkliking van waardes

en hulle geïmpliseerde norme wat die mens se keusehandelinge van dag tot dag dra terwyl hy sy wêreld ontwerp en herontwerp⁶⁹ in die lig van sy lewensopvatting. Die mens doen wat hy is, en hy is waaraan hy waarde heg.⁷⁰ Só sluit die Christelik-Protestantse waardeleer waardes in (wat moet wees vanweë 'n behoort te wees) soos naasteliefde, kuisheid, regverdigheid, barmhartigheid, belangeloosheid, billikheid, verdraagsaamheid, eerlikheid en so meer.⁷¹ So ook word hy in die Nagmaalsformulier gemaan om sekere sondes af te lê en nie daarin te volhard nie.

Op grond van sy leer en belydenis huldig die Kerk as sondanig 'n besondere moraal wat vir die daaglikse handel en wandel van sy lede sowel meet- as rigsoere is. Die belydende lidmaat soek nooit na die Waarheid nie, want hy het hierdie Waarheid wat getuig van sowel die herkoms, wese en bestemming van die mens, as die hoogste goed vir die mens, reeds bely (van Staden). Die lewensopvatting intensiveer en verlewendig dus ook hier die pedagogiese doelessensie wete-van-waardeverwerkliking.

Menslike bestaan is in sy daar-wees teenoor die Woord nie 'n op-sigself-staan nie maar is 'n met-die-naaste-wees teenoor die Woord.⁷² As geworpene is hy eenling (solitêr) en hulpbehoewend gebore maar bly verantwoordelik vir sy keusehandeling deur wilsbesluite⁷³ as antwoord op die Woord. Jesus Christus die God-mens, was identies met God maar in volstreekte solidariteit met die medemens, dus

mede-syn. Terwille van die mens se saligheid het Hy mens geword om een met die mens te wees, is Hy tot sonde vir die mens gemaak, het Hy vir die mens gesterwe. Sy Mens-syn na die wil en bedoeling van God is die geskiedenis van menslike ontmoeting met die medemens in 'n persoonsrelasie, in 'n subjek-subjek verhouding.⁷⁴ Hier is duidelik sprake van agting-vir-ander-se-menswaardigheid. Hierdie doelessensie funksioneer in 'n Christelik-Protestantse menswaardige bestaanswyse wanneer dit tot lewe gewek word deur die Nagmaalsessensie, met-mekaar ... in liefde saam verbind, want mense staan almal gelykwaardig voor Sy aangesig, is almal na Sy beeld geskape en moet almal dieselfde waardes gehoorsaam.⁷⁵ Die mens as moontlikheid en eksistensie is in staat daartoe om uit homself te tree, 'n uittrede tot die ander en die dinge.⁷⁶ Die outonome menslike persoonwees bestaan nie behalwe in relasie tot sy medemens nie en dit lei tot vervolmaking van sy persoonwees (Goethe). Selfs Nietzsche beweer dat "humaniteit-zonder-de-medemens" geen humaniteit is nie. Soos God gemeenskap verpersoonlik in die Drie-enigheid en in Sy liefde tot die mens deur Sy Seun, verwag Hy ook medemenslike liefde van die mens. Liefde is deel van die kreatuurlike-syn van die mens wat na die beeld van God geskape is.⁷⁷ Innerlike bevryding deur die geloof intensiveer dus ook die aanspraak van die medemens op die gelowige "want hoe kan de nood van anderen my meer ter harte gaan, dan wanneer ek door Gods genade mij zelf uit de

diepste nood van mijn mens-zijn gered mag weten".⁷⁸

Die aanspraak van die medemens sluit dus ook in dat die mens "onself verloën", die kruis opneem en dit die arbeid in dra. God roep die mens tot die arbeid in geloof, verwagting en liefdestoewyding (Oberholzer) sodat dit ook tot voordeel van die medemens kan strek want daardeur kan hy die vrug van sy arbeid deel⁷⁹ met mekaar, in liefde saam verbind. Vir die volwasse belydende lidmaat (ouers en aanvullende ouers in die Kerk by die kategetiese onderrig) beteken dit die eis om kinders op te voed in die ware kennis en vrees van God, tot Sy eer en tot hulle saligheid (Huweliksformulier). Dit beteken verder ook agting vir die waardigheid van die kind en jeugdige wat gesteun, gelei en begelei moet word tot vervulling van 'n Christelik-Protestantse menswaardige bestaanswyse met-die-medemens-in-die-wêreld-voor-die-aangesig-van God, deur te wandel in die Waarheid volgens die vaste geldende norm van God se gebod.

4.3 Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling.

4.3.1 Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling : Beskrywing en uitleg.

Die wesenlike kenmerke van geestelike volwassenheid is selfstandigheid (verstandelik en sedelik), verantwoordelikheid en vryheid (Gunter). Hier is dus sprake van selfverantwoordelike selfbepaling (Langeveld) en opvoeding kan oorgaan in selfvorming

wanneer die mens die nodige selfstandigheid, vryheid en 'n eie verantwoordelikeaansvaarding verwerf het en voortaan in staat is om homself te bepaal.⁸⁰ Persoonlike selfstandigheid beteken dus dat dit die reg en bestemming van elke mens is en behoort te wees om self op 'n behoorlike wyse te antwoord op die lewe en werklikheid deur die wyse waarop hy eie wêreld ontwerp.⁸¹ "De ware selfstandigheid is bereikt as de mens tot een persoonlike stellingname in staat is, wanneer hij bindingen kan aangaan ... wanneer hij ook de waarden aanvaard heeft, die selfstandigheid en overgave eisen" (Perquin).⁸² Opvoeding is dan die verloop vanaf geleide afhanklikheid, vervleg met geleide selfstandigheid met die oog op selfgeleide selfstandigheid (Oberholzer)⁸³ wanneer hy by herhaling in elke konkrete situasie goedkeurenswaardig kies omdat hy daartoe in staat is om reg te kan en te wil kies, beslis en handel. Hy kan dan 'n selfstandige lewe lei, soos hy behoort te lei, en sy lewenstaak tot vervulling bring.⁸⁴

As mens moet hy deur keuse en handeling antwoord op sy bevraagtheid en kom tot op-hom-self neem van verantwoordelikheid waarvoor hy uiteindelik tot verantwoordelikheid geroep sal word kragtens die feit dat hy moontlikheid tot keusevryheid en toerekenbaar is vir sy dade.⁸⁵ As volwassene moet hy getrou kan bly tot die uiterste konsekwensies van sy beslissings en uitvoering kan gee aan sy keuses⁸⁶ deur hom uit eie wil ter beskikking te stel en oor te gee aan die aanvaarde lewenstaak.⁸⁷

Só sal hy die iemand word wat hy behoort te word.⁸⁸
Die mens is historisiteit-as-toekomstigheid-in-
genormeerdheid. Elke beslissing is 'n antwoord
aan die toekoms en dit is implementering van die
vryheid om die verantwoordelikheid vir die toekoms
nie net te aanvaar nie, maar om dit konsekwent te
dra. Elke antwoord is 'n verantwoording van sigself
teenoor die gesag van norme. Vryheid as
gegewendheid is vryheid-in-opdrag en dra 'n etiese
karakter waardeur hy die sin van sy bestaan moet
verantwoord.⁸⁹

Die mens maak dus sy keuses-in-die-lig-van-
behoorlikheidseise en word bepaal deur die hoogs-
waardevolle en persoonswaardige waarde-idee wat die
behoorlikheidseise aan hom stel.⁹⁰ Die keurvermoë
waaroor die mens beskik sluit beoordeling in en
het te make met die normatiewe. Keurvermoë sluit
in waardevoorkeur met geïmpliseerde norme en gaan
die kiesvermoë vooraf.⁹¹ Kiesvermoë beteken om na
keuring te besluit en deur eie kraginspanning ten
uitvoer te bring.⁹² Agter elke keuse wat hy maak,
agter elke beslissing wat hy neem, skuil 'n besef van
wat behoort te wees en waaraan hy homself uit die
hoofde van die vryheid gebonde ag. Hy het nie
net bewussyn nie maar ook selfbewussyn en behoor-
likheidsbesef.⁹³ Die mens as ervarende, denkende,
oordelende, besinnende en selfbesinnende wese lewe
dus uit sy kennende bewussyn maar ook uit sy wil.
Hy beskik oor kiesvermoë en het 'n sin vir
waardes. Sy deelname aan die werklikheid is 'n

willende en waardebepalende deelname. As ongeslotenheid is hy wesenlik gegrepene-in-waardes en vanweë sy waarderende bewussyn moet hy onophoudelik kies uit die lewensvereisende en lewensverpligtende waardes.⁹⁴

"Kies vir" word opgevolg deur "handel ooreenkomstig".⁹⁵
Die mens is handelend-as-verandering-teweegbringend gemoeid met die werklikheid.⁹⁶ Hy het die vryheid om vrywillig te handel. Sedelike verantwoordelikheid en toerekeningsvatbaarheid veronderstel
97
indiwiduele handelinge-in-die-lig-van-behoorlikheids-eise. Die goeie moet gedoen word ter wille van die eise van die goeie. Alles wat sedelik is d.w.s. wat van 'n onvoorwaardelike pligsgebod blyke gee is goed, maar alles wat goed is, is nie noodwendig sedelik nie (Kant). Onvoorwaardelike pligsgebod verg onvoorwaardelike gehoorsaamheid.⁹⁸
Die mens is 'n aktiewe, doelstellende en handelende wese en gee deur sy handeling blyke van sy
99
betrokkenheid op hierdie wêreld.¹⁰⁰ Sy gesitueerde bestaan is 'n sedelike bestaan en hy verwerklik en leef waardes na in sy handeling (Landman).
Handeling word dus gemotiveer deur bepaalde keuses wat in sy handeling as waardes bevestig word.¹⁰¹
Elke handeling van die mens is dus mede-afhanklik van sy kiesvermoë (Langeveld). Die mens as aktiewe wese het van meet af aan aandeel aan sy eie vorming en opvoeding. Die gebruik wat die mens^{maak} van sy gawes, geleenthede en opvoeding hang in die laaste instansie van homself af as 'n vrye,

kiesende en beslissende subjek. Dit is die
indiwiduele mens wat by herhaling op die appèl wat
elke nuwe situasie tot hom rig, self moet antwoord
deur eie keuse, beslissing en daad.¹⁰²

Hier is dus duidelike blyke van selfstandigheid in
keuse. Die mens kies self die besondere aspekte
waaraan hy op grond van waardering voorkeur gee.¹⁰³

"De mensheid bezit een grond van eenheid in het
feit, dat iedere mens in wezen bij machte is een
zedelijk besluit te nemen en daarnaar zich te
richten in zijn gedrag" (Langeveld).¹⁰⁴ Die
volwassene is in staat tot 'n ek-kan-nie-anders-nie
beslissing (Martin Luther) wat geskied uit diepe
oortuiging dat dit so moet wees omdat dit so behoort
te wees. So 'n beslissing is 'n outonome
gewetensbeslissing wat dui op self kies en 'n
persoonlike verantwoordelikeitsaanvaarding vir
keuse en handeling.¹⁰⁵ Selfstandigheid-in-keuse
lei dan tot selfstandigheid in handeling. Die
volwassene moet reeds in toenemende mate "een zekere
keuse gedaan hebben tot zekere taak besloten
hebben", hy "staat voor wat hij is en doet en ook
staan wil".¹⁰⁶ Selfstandigheid dui op 'n stelling-
name en getrou bly aan beslissings wat lei tot
selfstandige taakaanvaarding en vervulling.¹⁰⁷

By die volwasse mens is daar dus die bekwaamheid en
konstante bereidwilligheid tot verantwoordeliks-
aanvaarding vir keuses en handeling wanneer hy
verantwoordelik-wees as grondbeginsel van sy
eksistensie begryp.¹⁰⁸ Die mens is vryheid maar

die vryheid is opgawe; daarom staan hy in die spanning van die gegewene en die opgawe.¹⁰⁹ Die vryheid is dus gebonde vryheid,¹¹⁰ vryheid-tot-verantwoordelikheid. Verantwoordelikheid beteken dus gebondenheid aan iets of iemand (Iemand); 'n aangesprokeneid waarop hy moet antwoord in vryheid. Vryheid behels vrywillige gehoorsaamheid om die verantwoordelikheid vir homself, sy keuses, lewe en sy daade te kan en wil aanvaar.¹¹¹ Bemeestering van die vryheid is aanvaarding en dra van verantwoordelikheid.¹¹² Die vryheid in sy ontisiteit is taak, moontlikheid en geleentheid¹¹³ en is nooit normloos of totaal ongebonde nie. Wat onties gegee is moet eties verwerk en verwerf word. Die vryheid word geleidelik verower as die mens hom laat bind teneinde heer van sy wil en kneg van sy gewete te word (Oberholzer).¹¹⁴ Verantwoordelik-wees beteken wesenlik om bepaalde waardes en norme te ken en die wil te hê om in ooreenstemming daarmee te lewe.¹¹⁵

Verantwoordelikeidsaanvaarding impliseer dus 'n keuse-vir-behoorlikeidseise, 'n persoonlike verwerkliking van norme,¹¹⁶ om op grond van outonome besluite persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar wanneer hy uit 'n veelheid van moontlikhede moet kies en handel.¹¹⁷ Volwassenheid het hier tweëerlei betekenis: "als indivuatie, alz vorm van deze concrete mens, en alz eenheid van zedelijke normen, waarmede deze mens zich identifiseert, respektiewelik streeft te identifiseren" (Langeveld).¹¹⁸ "Het zal, hoe langer hoe meer, gaan inzien wat goed is en

niet goed, het zal innerlijk krachtiger worden om zelfstandig het goede te verwezenlijken" (Perquin).¹¹⁹ Verantwoordelijkheidsaanvaarding het nou oorgegaan in aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid wat onmiddellik die aanvaarding van volwassenheid as opgawe behels - 'n bereid-wees om te antwoord op die oproep om te word wat hy behoort te wees en 'n bereid-wees tot betrokkenheid by menswording,¹²⁰ sowel as om sy verantwoordelikhede te ken, kan en wil aanvaar, dra en vervul.¹²¹ Sy ingesteldheid teenoor die lewenswerklikheid gee blyke van 'n volle bewus-wees van wat sy verantwoordelikheid en vryheid inhou en 'n afwys van verantwoordelikheidsverskuiwing. Wie agter ander probeer skuil vir sy keuses, probeer eie verantwoordelikheid ontwyk en skend sy eie vryheid. Wie verantwoordelikheid vir vryheid aanvaar, aanvaar die sin van die lewe en as sodanig die sin van eie bestaan. Dit vereis selfdissipline en persoonlike verwerking tot persoonlike besluitvorming¹²² in ooreenstemming met wat behoort te wees. Die binding aan 'n persoon of 'n groep gaan geleidelik oor tot binding aan norme.¹²³ Die vryheid wat die mens is, is gawe en opgawe. Die mens kan sy verantwoordelikheid nie ontduik of ontvlug nie. Daardeur staan hy in 'n uitsonderingsposisie en is geroepe om persoon te wees en draer van waardigheid.¹²⁴

'n Volwassene word dus gekenmerk deur sy beslissende en handelende deelname aan die lewenswerklikheid,

deur 'n innerlike onafhanklikheid, as afhanklikheid-
van-hoër-gesag en verantwoordelikeheidsbesef.¹²⁵

4.3.2

Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling : Essensies.

Uit die voorafgaande beskrywing en uitleg is die
volgende doelessensies van die genoemde doelstruk-
tuur aan die lig gebring:

- 4.3.2.1 Getrouheid-aan-beslissinge.
- 4.3.2.2 Keuses-in-lig-van-behoorlikheidseise.
- 4.3.2.3 Handeling-in-lig-van-behoorlikheidseise.
- 4.3.2.4 Selfstandigheid-in-keuse.
- 4.3.2.5 Selfstandigheid-in-handeling.
- 4.3.2.6 Verantwoordelikeheidsaanvaarding-vir-
keuses.
- 4.3.2.7 Verantwoordelikeheidsaanvaarding-vir-
handelinge.
- 4.3.2.8 Keuse-vir-behoorlikheidseise.
- 4.3.2.9 Aanvaarding-van-persoonlike-
verantwoordelikheid.
- 4.3.2.10 Afwys-van-verantwoordelikeheidsverskuiwing.
- 4.3.2.11 Afwys-van-verantwoordelikeheidsontduiking.

Daar sal vervolgens oorgegaan word tot 'n uitlig
en kort beskrywing van die Nagmaalsformulier-
essensies wat in staat is tot die laat-funksioneer
van die genoemde doelessensies in egte
opvoedingsituasies.

4.3.3

Sedelik-selfstandige besluitvorming en verant- woordelike handeling : Nagmaalsformulierinhoud.

Die ernstige Protestantse Christen-gelowige sal
telkens ná die voorbereidingsdiens en vóór die

Nagmaalsviering homself sedelik beoordeel, nadink oor sy sondes en vervloeking en sy persoonlike regverdiging ten einde tot 'n heldere selfbegrip te kom. Vanuit hierdie nadenke en sedelikselfstandige beoordeling van keuses en dade sal blyk of hy 'n ernstige voorneme het om van nou af in liefde en eensgesindheid teenoor sy naaste te lewe en met sy ganse lewe in keuse, beslissing en handeling voor God se aangesig opreg wil wandel. Die sakrament, met brood en wyn, versterk die gelowige wat weet en vertrou dat die enigste grond en fondament van sy saligheid lê in die volkome offerande wat eenmaal aan die Kruis plaasgevind het sodat hy tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie. Deur Sy dood het Hy die oorsaak van die mens se ewige honger en kommer weggeneem en het die mens die lewemakende Gees verwerf. Vanweë sy menslikheid is selfs sy beste werke nietig voor Sy oë daarom moet hy homself voor God verootmoedig en met waaragtige geloof in Sy Genade aanroep om deur die Heilige Gees, gespysig en gelaaf, nie meer in sondes te lewe nie, maar ook gesind is om met sy ganse lewe dankbaarheid voor God te bewys en opreg voor Sy aangesig te wandel. Vanaf en gelyktydig met die regverdiging het die heiliging van die Christengelowige se lewe ook ingetree en 'n aanvang geneem¹²⁶ om op gedagte, woord en daad in die ganse werklikheid van sy bestaan beslag te lê.

Ten spyte van volkome regverdiging erken die mens

dat daar baie gebreke en ellendigheid oorgebly het, sodat hy daaglik, deur die werking van die Heilige Gees, teen die swakheid van ongeloof en bose luste van die vlees moet stry ten einde volgens Sy gebod God en die naaste lief te hê. Ware gemeenskap met die naaste moet nie alleen met woorde nie maar met die daad teenoor mekaar bewys word. Dit geskied alleen as die mens die kruis opneem, die ou natuur kruisig en deur die genade van God en die werking van die Heilige Gees daaglik die hart ophef na God om die siel te spysig en laaf ook tot selfstandige besluitvorming, keuses en handeling wat sal strek tot Eer van God en die naaste.

Die nagmaalsformulieressensies wat aan die lig gebring is in die voorafgaande, dui vir die Protestantse Christen baie duidelik die noodsaaklikheid aan tot heiligmaking as selfstandige verantwoordelike en verantwoordbare keuses en handeling in die lig van die Norm van God se gebooie. Dit is slegs moontlik deur die genade in Jesus Christus en die kragtige werking van die Heilige Gees.

Nagmaalsessensies

... nadink oor ..., ernstige voorneme....., wat weet.....,kan verootmoedig..., ook gesind is, ... daaglik moet stry..., ... met die daad teenoor mekaar bewys....., ons kruis opneem

4.3.4 Sintese

4.3.4.1 Die dialektiese triade: Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling/ Nagmaalsformulier-essensies/Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling volgens Christelik-Protestantse norme.

Eerste synswyse	Tweede synswyse	Geïntegreerde synswyse
Lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur	Lewe-wekkende lewensopvatlike inhoude	Lewende doelstruktuur
Sedelik- selfstandige besluitvorming en verant= woordelike handeling	Nagmaals= formulier- essensies	Sedelik- selfstandige besluitvorming en verant= woordelike handeling volgens Christelik- Protestantse norme

4.3.4.2 Die beweging Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling na Nagmaalsformulier-essensies.

Die mens as geworpene het in elke lewenstydperk 'n besondere taak teenoor die lewe naamlik om toenemend menslik en menswaardig te lewe,¹²⁷ bewus te wees van sy bevraagdhed en om selfstandig en uit eie wil homself ter beskikking te stel en met oorgawe te werk aan die aanvaarde lewenstaak. Dit sal 'n getrouheid-aan-beslissinge verg. Hierdie doelessensie wat lewensvatbaar is kan deur die nagmaalsessensie "hadenke oor" tot lewe gewek word wanneer die jeugdige lidmaat nadink oor sy swakhede maar veral oor sy regverdiging waardeur hy Kindskap van God as 'n altyd meer wordende

volwassenheid (Viljoen) verwerf het en dit telkens weer verwerf en bevestig deur voortdurend te werk aan die verwerking van sy heiligmaking.¹²⁸ Dit sal beteken dat sy keuses en handeling al hoe meer in die lig van behoorlikheidseise moet geskied.

Vir die Protestantse Christen word hierdie doel-essensies geaktiveer deur die ernstige voorneme om opreg voor God en teenoor die naaste te lewe. Hy sal selfstandigheid in keuse en handeling moet openbaar omdat hy self rekenskap moet gee van sy keuses en handeling. Vanweë sy praktiese ingesteldheid is hy willend en waarderend in die wêreld en het waardes in 'n rangorde van waarde-voorkeur nodig om te kan waardeer. As wesenlik waardebestrewende en waardeverwesenlikende wese is van belang, nie net dat hy kan waardeer nie maar wat hy waardeer.¹²⁹ Daar is behoorlikheidseise waaroor outonome besluite geneem moet word en waarvolgens selfstandig gehandel moet word.¹³⁰

Outonome besluite impliseer 'n nagmaalsganger wat weet dat hy ook eksplisiet volslae verantwoordelikheid vir wat hy in sy lewe gedoen en gelaat het, teenoor God moet en behoort te aanvaar. Bewus van eie swakheid sal hy hom voor God kan verootmoedig omdat die essensie van sy menslike bestaan aangesprokenheid van Bo is waarop hy moet "antwoord" op ver-antwoord-elike wyse.

Hierdie nagmaalsessensies bring dus die doel-essensies verantwoordelikeitsaanvaarding-vir-keuses-en-handeling in beweging, want as bevraagde

deur God moet hy in alledaagse handel en wandel voortdurend antwoord gee en sal uiteindelik tot verantwoording geroep word kragtens die feit dat hy toerekenbaar is vir sy daade.¹³¹ Sonder erkenning van 'n hoër gesag en sonder vryheid om te kies hoe hy gaan antwoord kan die mens geen verantwoordelikheid hê nie. Om verantwoordelikheid te aanvaar is nie 'n eenmalige plotselinge besluit of gebeurtenis nie; dit behels gedurig verfyning en getrouerwording om met groter gehoorsaamheid te antwoord.¹³² So sal die jeugdige lidmaat by die Nagmaal deur selfondersoek vasstel of hy ook so gesind is om hierdie doelessensie te aktiveer tot latente lewendigheid.

Toerekenbaarheid is slegs moontlik waar die moontlikheid tot keusevryheid bestaan.¹³³ Kragtens sy waarderende bewussyn kan die volwassene nou 'n keuse-vir-behoorlikheideise maak wanneer hierdie doelessensie verlewendig word deur die nagmaalsessensie "daaglik moet stry" om die goeie te doen en die kwade te laat. Die mens, en dus ook die nie-volwassene, is betrokke by die syn en is vanweë sy betrokkenheid-in-genormeerdheid toenemend verantwoording verskuldig aan die eise wat vanuit die syn aan hom gerig word. Weens sy personal ongeslotenheid kan hy beluister en verstaan en is bewus van die eis tot aanvaarding-van-persoonlike-verantwoordelikheid.¹³⁴ Karl Jaspers wys op die personale gewetensbeslissinge en Langeveld noem dat elke mens by magte is om te

besluit en sy gedrag daarvolgens te rig¹³⁵ want hy is 'n sosiaal-sedelike-persoonlike wese met sosiaal-sedelike medemenslikheid¹³⁶ wat (volgens die nagmaalsessensie) dit ook met die daad teenoor mekaar kan bewys. Die essensie van die mens se vryheid tot keuse ("hij is die hij verkiest te zijn") en verantwoordelikheid is dat hy verantwoording verskuldig moet wees aan 'n voorgegewe instansie (Sartre) wat vir die Protestantse Christen God is. Hierdie religieuse relasie bepaal en wek lewe in die lewensvatbare etiese relasie.¹³⁷ Die Christen ken God as Vader en die Evangelie verkondig primêr Sy liefde teenoor Sy kind. Die kind-Vader gedagte ontspring uit relasie tot God (Binzwanger).¹³⁸ Wie in God glo word nie gedegradeer, verstar en verdinglik nie maar word van slawerny bevry, ontwaak tot egte vryheid, word gelei tot diepste verantwoordelikheid en tot sy kruis opneem omdat Hy met sy lewe gaan antwoord op God se Woord wat hom oproep tot liefde vir God en die naaste.¹³⁹ In hierdie nagmaalsessensie vernietig God (in die God-mens relasie) nie die vrye verantwoordelikheid van die mens nie, maar "fundeer en evoceert hom juis" (Martin Buber)¹⁴⁰ sodat dit lei tot afwys-van-verantwoordelikeids-verskuiwing-en-ontduiking.

Soos die nagmaalsessensies die doelessensies van potensieël-lewend na werklik-lewend gewek het, dien die doelessensies weer as moontlikheidsvoorwaarde vir die verwerkliking van Nagmaalsessensies.

4.3.4.3 Tweede beweging

Die doelstruktuur "Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling" en die genoemde Nagmaalsformulier-inhoude word nou gesamentlik en gelyktydig geïntegreer in die outentieke sintese, Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling volgens Christelik-Protestantse norme. Vir die Christen-Protestant sluit die regverdiging die heiliging in as "onlosmaaklik aan mekaar verbonde". Die heiliging is besonder aktueel in die praktyk van die lewe waar besluite en handeling selfstandig uitgevoer moet word omdat die mensdom "zij horen in de belijdenis een pretentie, die het werkelijke zichtbare leven van die gelowige geldt, een pretentie van heiligheid en ander-zijn",¹⁴¹ wat o.a. sal blyk uit sy getrouheid-aan-beslissinge en die wyse waarop die heiliging geleef word. Selfstandigheid dui op 'n stellingname en 'n trou bly aan die uiterste gevolge van eie besluite as handeling.¹⁴² Die geleef-word van die geloof is heiliging in Christus Jesus en toebereiding tot die heerlikheid om in Sy Genade in die empiriese werklikheid oor te gaan tot 'n lewe van keuses en handeling in die lig van behoorlikheidseise, volkome vernuwe en wedergebore (2 Kor. 5:17).¹⁴³ Die geleef-word van die geloof is altyd relatief, onvolkome, sondig, onaf en verg telkens van die belydende lidmaat nadenke oor sy lewe (want geheilig beteken, deur God apart gestel) sodat hy Sy eiendomsreg d.w.s. Sy Hoër gesag en norme ook in keuse en handeling in

die lewe erken¹⁴⁴ deur gehoorsaamheid te betoon vanweë 'n nuwe hart en nuwe gees in die binneste. Paulus maan die gemeente tot onberispelike en opregte gedrag as kinders van God (Phillip. 2:15), nie geïsoleerd van die wêreld nie, maar in eiesoortige betrekking tot die wêreld as skynende ligte tot verheerliking van die Vader (Matt. 5 : 14,16).

Heiliging sluit 'n ernstige voorneme in om God lief te hê met die hele hart, verstand, siel en alle menslike kragte, om die kruis op te neem, alles te verlaat en Hom te volg. Dit dui dus op 'n selfstandige verantwoordelikeitsaanvaarding vir keuses en handeling ook teenoor die naaste teenoor wie hierdie verantwoordelikheid in die daad teenoor mekaar bewys moet word. Die Christelike daad in al sy onvolkomendheid dra die karakter van 'n demonstrasie van die geloof in die belofte van God "maar ons verwag volgens Sy belofte 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon" (2 Petrus 3:13). Die Christen-Protestant is dan iemand wat weet dat hy met alles wat hy het, aan Christus behoort. Hierin lê sy geborgenheid¹⁴⁵ sowel as sy vryheid van die slawerny van die sonde. Sy vryheid is vryheid tot verantwoordelikheid en volkome toewyding aan die Vader in volmaakte gehoorsaamheid en heiliging deur Sy Woord in die waarheid (Joh. 17:17, 19). Die Heilige Gees stel hom in staat om vrugte te dra tot Sy verheerliking en om deur die geloof die werke te doen, wat Hy

doen (Joh. 14:12).

Die vryheid van die mens is eerstens 'n vryheid van 'n gedetermineerd-wees deur verskeie faktore, maar tweedens 'n vryheid tot verantwoordelikheid as plig tot rekenskap oor die aanwending van sy vryheid. Aánvaarding van sodanige verantwoordelikheid beteken om gesag te erken en te gehoorsaam. Dit is 'n beantwoording van imperatiewe wat tot hom kom en sy lewe van keuses in 'n bepaalde rigting opeis. Hy kan nie maak wat hy wil nie maar hy moet maak wat hy behoort te doen. Sedelike vryheid bereik sy volle wasdom en sy volle vrugbaarheid wanneer dit deur die vryheid van keuse¹⁴⁶ heengaan en 'n skeppende sig-verbind-tot word en lei daartoe dat die mens homself as persoon in sy menslike waardigheid bevestig.¹⁴⁷ Vryheid is vir die Christen-Protestant duiwelingswekkend sonder die geloof dat die Skenker van die Vryheid ook die geborgenheid bied om die verantwoordelikheid wat die vryheid eis, te aanvaar. Die geborgenheid is gawe en opgawe omdat die mens in uitsonderingsposisie staan, geroepe om persoon te wees, en draer van waardigheid waardeur hy sy verantwoordelikheid nie kan ontvlug nie. Hier is dus die opgawe van verantwoordelikhedaanvaarding-vir-keuses-en-handelinge. So sal die gelowige hom moet voorneem om daagliks te stry om Sy geboorte te bewaar, goeie werke te doen en in Sy liefde te bly (Joh. 14 : 15, 24). "Dat de gelovige een taak het is waar"... maar "een eigen verdienstlikheid

krijgt de heiliging niet. Het is een teren op de rechtvaardiging en een wachten op de verheerlijking.¹⁴⁸ Tog word vir die noodsaaklikheid van goeie werke betoog (Sondag 32, Antwoord 86) in die Heidelbergse Kategismus en verder beklemtoon dat elkeen uit sy geloof van vrugte verseker kan wees. 'n Lewe van heiligheid en dankbaarheid is in hoë mate prakties en aktueel want die heiliging rig alleen die oog op God se goedheid (Calvyn)¹⁴⁹ sonder om te let op die werke. Gerigtheid op God laat dan die keuse-vir-behoorlikheidseise in sy volheid gedy want "die Here jou God moet jy navolq en Hom vrees en Sy gebooe onderhou, Sy stem gehoorsaam en hom dien en aanhang" (Deut. 13 : 1-4). Die kinders van die lig word opgeroep om as kinders van die lig te wandel (Ef. 5 : 8) omdat Christus die mens vrygemaak het en opgeroep het om in vryheid te staan; 'n vryheid tot verantwoordelikheid ook in die daad.¹⁵⁰ In gerigtheid op God word die gewete gegrondves, opgerig en bevestig deur die geloof sodat ons werke slegs die getuienis word dat God in ons werk, woon en regeer. Hy onderskraag ons en versterk ons in geloof.¹⁵¹

"Want dít is die wil van God : julle heiligmaking" (1 Thess. 4 : 3). Die evidensie van hierdie imperatief is sterk maar dien nie tot komplementering (voltooiing) van die heil nie. Die heil hang saam met voortdurende betrokkenheid op die Kruis as middelpunt en dui op die persoonlike aktiwiteit van die individu.

Aanvaarding-van-persoonlike-verantwoordelikheid

word funksionierend vir die Christen Protestant as hy poog om te voldoen aan die eis om "My insettinge en al My regte te onderhou en te doen" (Lev. 19 : 3,4).

Aktief word die mens persoonlik aangespreek en opgeroep "om zich te heiligen en zijn gansche leven God te wijden" (Rom. 12 : 1,2); om die oue af te sterf en te kom tot opstanding van die nuwe mens. Die Skrif hou dus albei vas: "Gods alwerkzaamheid in genade en onze verantwoordelikheid en de gehandhaafte zelfwerkzaamheid des menschen."¹⁵² Heiligmaking word openbaar in die goeie werke wat geloof tot beginsel, die Wet van God tot norm, en Sy eer tot doel het.¹⁵³ Hiertoe word die gelowige gemaan en verplig omdat God hom eerste lief gehad het.¹⁵⁴ Oorvloedige genade word ontvang en bring die mens in nuwe verhouding tot God en werk aktiwiteit in die hand.¹⁵⁵ "Elkeen wat hom aaneem het, het Hy mag gegee om kinders van God genoem te word" (Joh. I : 12,13) en dit het volstrekte en blywende betekenis in die werklikheid¹⁵⁶ waar die gelowige daaglik sy kruis moet opneem, stry in die geloof, kies en handel volgens behoorlikheidseise en dit in die daad teenoor mekaar bewys.

Hierdie heiliging tree hedendaags nog skerper na vore en moet lei tot besliste afwys-van-verantwoordelikhedsverskuiwing-en-ontduiking. Die vernuwing van die lewe trek in die hede die aandag van die moraliste wat meen dat hulle dieselfde doel

as die Christen nastreef. Hulle verbind graag die Christelike en nie-christelike moraal in die konkrete werklikheid.¹⁵⁷ Johannes en ander apostels vermaan die gelowige dan ook voortdurend tot liefde met die daad en waarheid (1 Joh. 3:18) en tot reiniging van die self (1 Joh. 3 : 3). Luther is skerp gekant teen die verdienstelikheid van goeie werke maar beklemtoon tog dat Christus in die gelowige gestalte moet aanneem. Geloof en werklikheid is nou verbonde "in het ware geloof valt voor hem de beslissing niet tegen, maar in de goede werken en in het ganse nieuwe leven". Die geloof moet die goeie werke voorafgaan.¹⁵⁸ Dit stel die werklikheid evangelies-krities in volle lig, die nuwe versoend-wees wat met Kindskap gegee is deur die geloof is die fondament van die heiligheid. Alle werke word gerig op die beswil van die naaste en om die medemens uit vrye liefde te dien.¹⁵⁹ Die waaragtige geloof is die enige weg tot goeie werke¹⁶⁰ en daardeur, met inwerking van die Heilige Gees, kom die gewete tot rus en is die mens gewillig tot deelname aan 'n nuwe lewe deur Sy opstanding, om deel te hê aan die gemeenskap van die heiliges, die roeping teenoor die naaste te vervul, ware vrugte te dra en te stry teen die nog blywende sondige menslike aard (Heidelbergse Kategismus).¹⁶¹

Dit is dus duidelik dat die kategetiese onderrig wat gerig is op persoonlike regverdiging ook deur herhaling van die Nagmaalsviering, die voorvolwassene en jeugdige lidmaat wil steun op die

pad van heiligmaking. Hierdie nagmaals-
essensies wek dus lewe, aktiveer en laat die
lewensvatbare doelstruktuur Sedelik-selfstandige
besluitvorming en verantwoordelike handeling elke
dag in die werklikheid lewend funksioneer. Só`
word Nagmaals- en doelessensies weereens geïntegreer
in 'n synswyse waarin hulle behoue en bewaar bly.

4.4 NORMIDENTIFIKASIE

4.4.1 Normidentifikasie : Beskrywing en uitleg.

Die mens is 'n wese wat 'n uitsonderingsposisie bekleë juis vanweë die feit dat hy hom as openheid altyd in 'n normatief-normerende verband bevind.¹⁶² Menslikheid is 'n normsentriese begrip omdat die mens vir hom voorstellings kan maak van die goeie en afkeurenswaardige en ten opsigte daarvan kan kies en handel.¹⁶³ Sy bestaan gee blyke van 'n gegrepenheid in waardes as betekenisdraende en sinbehelsende groothede. Die mens verteenwoordig 'n spanningsveld van waardes wat sy fundering vind in die sedelike bewussyn as behoorlikheidsbesef.¹⁶⁴ Hy maak waarde-uitsprake, huldig waardes met hulle geïmpliseerde norme en normeer sy lewe van keuses aan die hand van aanvaarde en geërbiedigde norme.¹⁶⁵ Die mens moet geleidelik word tot 'n mens met innerlike eenheid, bestendigheid en betroubaarheid: 'n persoon wat vanuit sy eie beginsels, standhoudende gesindhede en ideale reg en goed kan, wil en sal kies, beslis en handel.¹⁶⁶

Vir die verwerkliking van normidentifikasie is die kind aangewys op die steun van die volwassene as beelddraer van norme.¹⁶⁷ So is dit die taak van veral die ouer maar ook van die Kerk, om die beeld van behoorlike volwassenheid vir die kind voor te leef en die kind te help om homself te sien "alz een zich transcenderend wezen" (Langeveld).¹⁶⁸ Die volwassene moet in staat wees daartoe om op 'n sedelik-selfstandige, sinvolle en aanvaarbare wyse uitdrukking te gee

aan die idee van volwasse menslikheid sodat die kind homself met so 'n lewenswyse kan identifiseer en dit in sy lewe tot vergestaltung kan kom.¹⁶⁹

Die opvoeder as norm-erkennende volwassene bemoei hom doelbewus met die kind, hou 'n bepaalde normsisteem as juis en goed aan hom voor en lei hom deur 'n rangorde van waardevoorkeur.¹⁷⁰

Die volwassene doen die behoorlike ter wille van die behoorlike self. Hier is dus sprake van behoorlikheidsbeoefening uit eie keuse omdat die volwassene lewe onder die gesag van norme waarmee hy hom geïdentifiseer het.¹⁷¹ Die mens is vryheid om te kies. Hy is 'n waardebepalende wese, gevoelig, ontvanklik en met 'n geesdrif vir die waardevolle wat hy probeer bestendig en bevorder terwyl hy die onwaardevolle en afkeurenswaardige teengaan en vernietig. Elke keuse waarby die wil betrokke is, gee blyke van waardes wat gehuldig word omdat die mens 'n waardebepalende, waarde-bestrewende en waardeverwerklikende wese is.¹⁷² Ook Perquin beweer dat die mens se ware persoonwees is om homself te wees, om waardes te erken, te aanvaar en daarvolgens te handel deur dit in sy persoonlike lewe te verwerklik.¹⁷³

Die mens is dus volwasse wanneer daar sprake is van vereenselwiging met besondere norme. So 'n normgerigte identifikasie gee blyke van 'n eie, selfstandige, toerekenbare behoorlikheidsbesef en 'n volkome identifikasie met 'n bepaalde lewensweg¹⁷⁴ en "van de waarden en de waarderangorde, welke men in het leven erkent, waaronder men het

mensenlewen gesteld ziet".¹⁷⁵

Opvoeding is dan juis so 'n gebeure waarby wording betrokke is vanweë die nimmer-eindigende gekonfronteertheid met norme wat dien as rig- en meet-snoere vir die lewe van keuses as bewus gewilde verandering-deur-handeling met die oog op verbetering. Verbetering-ten-goede dui op 'n gedyende gehoorsaamheid aan die gesag van norme soos dié in 'n bepaalde kultuurgemeenskap tot vergestaltung kom.¹⁷⁶ Gehoorsaamheid aan norme impliseer toereikende normkennis wat vervat word in die lewensopvatting as die totaal van denkbearde wat oor die waardevolle gehuldig word.¹⁷⁷

4.4.2 Normidentifikasie : Essensies

Die volgende essensies is in die voorafgaande beskrywing oor die doelstruktuur, normidentifikasie, aan die lig gebring.

4.4.2.1 Behoorlikheidsbeoefening-uit-eie-keuse.

4.4.2.2 Vereenselwiging-met-besondere-norme.

4.4.2.3 Toereikende normkennis.

4.4.3 Normidentifikasie : Nagmaalsformulier-inhoude.

Vir die Protestantse Christen, as geskapene, lê die absolute waardes verspreid in God se Openbaring in die Heilige Skrif. Hy is gehoorsaamheid aan God verskuldig om in heiligheid en goedheid die hoogswaardevolle te verwesenlik¹⁷⁸ en opreg te wandel voor Sy aangesig. Hiervoor sal dit nodig wees vir die voornemende lidmaat om die Wet,

soos openbaar in die Woord en belydenisskrifte, te ken en telkens opnuut (ook voor elke Nagmaalsviering) oor te gaan tot sedelike selfbeoordeling ten einde vas te stel of dié waardes wat van God kom verwesenlik word in eie lewe.

Die mens staan nie alleen onder die gesag van die Wet met al sy verordeninge nie maar word tergelykertyd ook deelgenoot aan al die ryke beloftes vervat in Sy Woord.¹⁷⁹ Daarom moet elke Nagmaalsganger vasstel of hy ten volle vertrou dat Jesus Christus in hierdie wêreld ingestuur is om die mens se vervloeking op Hom te neem, om hom met Sy seëninge te vervul en te red tot die ewige lewe. Indien hy wel glo verootmoedig hy hom voor God om met waaragtige geloof Sy genade aan te roep sodat die barmhartige God en Vader, deur Sy Heilige Gees die harte bewerk om met ware vertroue hoe langer hoe meer oorgegee te word aan Sy Seun Jesus Christus. Dit sluit dus nie alleen die heiligmaking in nie maar ook volharding op die weg van heiligmaking deur Sy genade, sodat die mens gespysig en gelaaf deur die krag van die Heilige Gees nie meer in sondes mag lewe nie. Só mag die mens aan die nuwe en ewige testament en verbond van die genade deel hê en sal hy ook nie twyfel daaraan dat die genadige Vader die sondes nimmermeer aan hom sal toereken en hom met alle dinge na liggaam en siel sal versorg nie. Verder smee die Nagmaalsganger om genade om nie aan die uitwendige te bly hang nie maar die hart opwaarts te verhef met toekomsverwagting na Sy koms en heerlikheid. Dit

beteken dankbaarheid en volharding om volgens die voorskrifte van die Woord en die geboeie te lewe. Die Nagmaal verkondig juis deur Sy dood dat die rigoristiese voorskrifte van die Ou Testament in die Nuwe Testament vervang word deur die Wet van Liefde¹⁸⁰ (teenoor God en die naaste).

Naas die relevante religieuse struktuur, "Volharding", is dus die volgende nagmaalsessensies uitgelig: ... opreg te wandel, .. met ware ver-troue ... oorgee, ... nie twyfel nie, nie aan die uitwendige .. bly hang nie maar ons harte opwaarts verhef, ... volgens .. geboeie te lewe.

4.4.4 SINTESE

4.4.4.1 Die dialektiese triade : Normidentifikasie/Nagmaalsformulier-inhoude / 'n Christelike-Protestantse wyse van Normidentifikasie

4.4.4.2 Die beweging Normidentifikasie na Nagmaalsformulieressensies

Die doelessensie behoorlikheidsbeoefening-uit-eie-keuse dui daarop dat die mens as eksistensie genormeerde lyflikheid is wat in ongeskeie totaliteit handel in ooreenstemming met behoorlikheids-eise op so 'n wyse dat die persoonlike digniteit nie verloën word nie. Vir die Christen beteken dit dat die mens in sy totaliteit voor God te staan kom en van hom verwag word dat sy vryheid nie 'n vryheid of losmaking van Sy God is nie, maar 'n vryheid tot verantwoordelikheid as 'n God geskapene en 'n deur-Christus verlose.¹⁸¹

Die nagmaalsessensie om opreg te wandel voor God aktiveer dan die lewensvatbare doelessensie tot werklike lewendigheid.

Christelike ouers en die Kerk streef daarna om bepaalde norme voor te leef en goeie Christene op te voed wat in die lewe sal standhou dus in staat sal wees tot behoortlikeisbeoefening-uit-eie-keuse omdat hulle ten slotte "hebben een impliciet normatief mensenbeeld" in Jesus Christus. Daar is 'n bepaalde rangorde van waardes gelei deur die leer van die Kerk,¹⁸³ waarvolgens voor-geleef kan word totdat die jeugdige lidmaat in staat is tot vereenselwiging-met-besondere norme. Hierdie doelessensie word verlewendig deur die nagmaalsessensies in ware vertrouwe deur die krag van die Heilige Gees oorgegee aan Jesus Christus en die norme wat spreek uit Sy lewe en sterwe. Met hierdie Absolute norme wil die belydende lidmaat hom persoonlik vereenselwig en sy lewe daarvolgens rig sonder om te twyfel. Dit sal dan nodig wees om die harte opwaarts te verhef na waar al die mens se hulp vandaan kom. In dankbaarheid en verootmoediging sal die ware gelowige voortaan 'n vaste voorneme hê om volgens die gebooië, die norme van Liefde waarmee hy homself vereenselwig het uit eie keuse, te lewe.

Die doelessensie, toereikende normkennis, word dus werklik lewendig as die belydende en voornemende lidmaat tydens die kategetiese onderrig en deur daaglikse bestudering van die Heilige Skrif kennis neem van God as die Absolute Norm.

Terselfdertyd is daar ook sprake van aktiwiteit wat gewek word in die Nagmaalsessensies deur aanwending van genoemde doelessensies. As volwassene stel die belydende lidmaat homself uiteindelik onder die gesag van dié norme waarmee hy hom identifiseer het en is daar sprake van normgerigtheid op sy lewensweg.

4.4.4.3 Die tweede beweging:

Die pedagogiese doelstruktuur normidentifikasie wat nou beweeg is tot werklike lewendigheid gaan nou gesamentlik en gelyktydig met Nagmaalsessensies oor tot 'n Christelik-Protestantse wyse van normidentifikasie en word geïntegreer in 'n outentieke sintese waarin die volwassene volkome geïdentifiseer is met tot-lewe-gewekte Christelik-Protestantse norme. Deur die genadige werking van die Heilige Gees sal hy voortaan gerig bly op die Vader en poog te volhard in sy toenemende heiligmaking. "Door middel van dit geloof worden daarom uit de liefde de goeie werken geboren welke hun maatstaf hebben in de wil Gods, gelijk die kort en zakelijk in de tien geboden is vervat."¹⁸⁴

Die Heilige Gees stel dus in staat tot behoorlikheids-beoefening-uit-eie-keuse, om die werke te doen wat Hy doen (Joh.14:12), vrugte te dra om Hom te verheerlik (Joh.15:8), Sy gebooie te bewaar, in Sy liefde te bly (Joh.14:15,24) en sy toevertroude talente tot diens van God en die medemens te stel.

Heiligmaking is nie die uitkoms nie maar die voortgang van die heiliging of toewyding aan God,¹⁸⁵ deur nie aan die uitwendige te bly hang nie maar die harte opwaarts te verhef, nie te sondig nie, maar die wêreld te oorwin, volgens die gebooie te lewe en opreg te wandel in die lig (1 Joh,1:7). Hiertoe is die volwassene in staat omdat hy van uit sy situasie in staat is om sy wêreld te ontwerp as gevolg van sy intensionaliteit (van Peursen) en sy keuse-vryheid. "Hij kiest in vryheid zijn lot", ontwerp sy toekoms, "kiest nie alleen zichzelf, hij kiest ook zijn moraal".¹⁸⁶ Vir Buytendijk is die vryheid die menslikste wesenskenmerk van die mens "het uit eigen initiatief zich richten op het ware en het goede" omdat hy as 'n lewende, veranderende wese, handelend in 'n steeds veranderende wêreld, antwoordende op dinge, gebeurtenisse en ander mense is.¹⁸⁷ Weer is hier dus sprake van beoefening van die behoorlike uit eie keuse. Vir die Christen-gelowige is die sedelike norm diep veranker in sy sedelike natuur kragtens die Skepping "geskape na Gods beeld."¹⁸⁸ Hy vind in Christus 'n mensbeeld waaraan hy kan vashou en wat "maatgevend is".¹⁸⁹ "In heel sy mens-syn na siel en liggaam is die mens 'n geestelike wese"¹⁹⁰ wat op God gerig is en het as bestemming om in gemeenskap met God te lewe, dus geïdentifiseer met die norme en voorskrifte van God.

Dit beteken vereenselwiging met besondere norme, vermaning aan die gelowiges om te volhard tot die einde toe (Matt. 24:13), om te bly in Christus,

Sy Woord en Sy liefde (Joh. 15:1-10), om nie af te wyk nie maar die geloof te behou (Kol. 1:23) en getrou te bly tot die dood toe (Openb. 2:26). Die Nagmaalsessensies met ware vertrouwe oorgegee aan Jesus Christus sonder om te twyfel laat hierdie doeleensensie in die volheid van die Christelike lewensyn en laat dit ten volle funksioneer in daaglikse lewe.

Die mens word egter nie aan homself oorgelaat nie maar die Heilige Gees deur die genade van God, het die werk begin, sal dit handhaaf, voortset en voleindig. Augustinus het dit reeds gestel dat die genade eerstens spreek uit die wedergeboortedeur-die-geloof en tweedens deur die perseverentia, die volharding. "Hij waakt en zorgt dat het werk der genade voortgang en voltooiing hebbe, maar Hij doet dit niet buiten de geloowigen om, doch door hen henen."¹⁹¹ Dit dui dus op onwankelbare geloof en oorgawe waardeur Hy lewe skenk wat van nature ewig is. Hy verleen weldade van roeping, regverdigmaking, en verheerliking wat onverbreekbaar is. Volharding (vereenselwiging met Goddelike norme) is die weg waarin God self deur die gelowige Sy belofte en gawe bevestig en dit in die lewe realiseer. Dit is geen dwang nie maar genade as God deur vermaning en waarskuwing tot saligheid lei. Volharding in geloof dui op genade, die werking van die Heilige Gees maar ook op 'n self-gewillig-wees,¹⁹² 'n persoonlike vereenselwiging met norme uit eie keuse en deur

eie geloofsaanvaarding.

Die volharding omvat 'n passiewe sowel as 'n aktiewe moment. Eersgenoemde bestaan daarin dat God Sy gelowige instand hou, nie van hom wyk nie en hom beskerm en bewaar selfs as hy struikel.¹⁹³ Hy "gee hulle die ewige lewe en hulle sal nooit verlore gaan nie" (Joh, 10:28) en die Heilige Gees sal by hulle bly.¹⁹³ Die aktiewe volharding hou hiermee verband dat die mens in elke opsig sy lewe buite homself in Christus soek, volledig afsien van die self en opsien na Christus,¹⁹⁴ die harte opwaarts verhef. Dit geskied as hy met ware vertrouwe oorgegee is aan Christus omdat sy verbond nie wankel en Sy beloftes nie faal nie, en omdat die gelowige onomstootlik kan aanvaar dat Christus die sondeband van die onheilige verlede radikaal deursny "sodat wij daarmee afgedaan, hebben" en terselfdertyd "vernieuwt Hij ons ook door zijn Geest naar Zijn evenbeeld opdat wij ons leven lang Gode dankbaarheid zouden bewijzen en Hy door ons zou geprezen word".¹⁹⁵ Heiliging en volharding, ook normidentifikasie, geskied nie alleen deur 'n lewelin-gehoorsaamheid nie maar bring wel die verpligting mee om in die weg van die verbond te wandel omdat Hy die gelowige 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee deur die Wet by hulle in te skerp sodat hulle in sy insettinge,¹⁹⁶ en na Sy gebooie kan wandel. Hier vind ons sprake van voltrekking van beweging wanneer die doeleessensie toereikende norm-kennis tot lewe gewek word in die praktyk van die daaglikse bestaan van die Christen-Protestant.

Hy doen dus omdat hy weet dat hy behoort.

Die Heilige Gees sal by die gelowige bly, bevestig en voleindig die goeie werke, bewaar die gelowige vir 'n toekoms in Christus, lei hulle tot volkome saligheid en deur die geloof tot die ewige lewe.

Die geloof is die vaste grond (Hebr. 11:1), die hoop is die anker (Hebr. 6:19) wat nimmer beskaam en die liefde vergaan nimmermeer (1 Kor. 13:18).¹⁹⁷

"Geloof, hoop en liefde - maar die uitnemendste hiervan is die Liefde" (1 Kor. 13:13) waarmee die Christen-gelowige homself volkome moet identifiseer ten einde dit in die volheid van sy lewe te laat skyn en heel sy lewensweg hierop te rig.

4.5 LEWENSOPVATTING

4.5.1 Lewensopvatting : Beskrywing en uitleg

'n Volwassene se keuses en die handeling wat daaruit moet voortvloei word gekenmerk deur 'n onvoorwaardelike gebondenheid aan die behoorlikheidseise wat spreek uit sy lewensopvatting¹⁹⁸ as die totaal van oortuiginge betreffende die lewenswaardevolle as die lewensverpligtende en mensopeisende (Oberholzer).¹⁹⁹ Dit is nie alleen waardevol nie maar ook noodsaaklik om ooreenkomstig die lewensopvatting te handel deur die gesag van norme te erken en 'n lewe-van-behoorlikheidseise te voer.²⁰⁰

"Mensen leven is nooit zonder levensbeschouwing, en de l evende mens is het, die zijn leven beschouwt. In dat beschouwing staat hij niet buiten zijn leven, maar leeft hij het" omdat dit 'n integrerende bestaandeel van die lewenspraktyk is "en gedurende

heel ons leven werk en bouwen we aan onze levens-
beschouwing".²⁰¹ Die lewensopvatting moet dus
aansluit by die lewenswerklikheid; "op wat daar
in 'n gegewe situasie gedoen behoort te word."²⁰²

Daar is ook 'n positiewe verband tussen opvoedings-
doel (di. pedagogiese doelstrukture en -essensies)
en die vereistes van die lewensopvatting.²⁰³

Geen ware opvoeding is moontlik sonder die
sentrale en rigting-gewende krag van 'n lewens-
opvatting nie.²⁰⁴ "n Mens se beskouing oor die
lewe bepaal ook sy beskouing oor die opvoeding"
(Chris Coetzee).²⁰⁵ Dit is dus duidelik dat

'n persoon of sosiale groep se opvatting van die
doel van die opvoeding verwortel lê in sy bepaalde
wêreldbeskouing en lewensopvatting en dat hierdie
partikuliere lewensopvatting 'n bepaalde inhoud gee
aan die algemene of universele van lewensbekwaam-
heid, geestelike volwassenheid, selfstandige
volbrenging van die eie lewenstaak en verdere doel-
stellinge (Gunter).²⁰⁶ Opvoeding hou "ten
nauwste verband ... met die lewensooruiginge
welke de opvoeder sentraal en echt bepalen".
Sonder hierdie oortuiginge kan die opvoeder
geen vastigheid bied nie want "het mist juist
de zelfbepaling door zedelijke normen", gewetens-
besluite en die daarop-berustende wil tot handeling.
Waardegebiede en - verhoudinge berus op die lewens-
opvatting en "daarmede komt dan ipso facto de
opstelling van een opvoedingsdoel tot stand.
De opvoeding heeft dus een doel, in zoverre de
opvoeder er zelf heeft met zijn leven" (Langeveld).²⁰⁷

Die kind word nie as selfstandige beoefenaar van die normbeeld van volwassenheid gebore nie. Daarom moet die opvoeder, as verteenwoordiger van die normatiewe, in sy lewe ingryp en 'n bepaalde verloop daaraan gee om die kind te lei na hegte gebondenheid aan 'n eie lewensopvatting en konstante gehoorsaamheid-aan-die-behoorlikheidseise wat daaruit spreek²⁰⁸ en wat van 'n volwassene verwag word.

Om gehoorsaam te wees aan besondere behoorlikheids-eise dui op en word voorafgegaan deur die aanvaarding-van-besonderheid-van-lewensopvatting as 'n besondere antwoord op die vraag na die sin, doel en waarde van die lewe.²⁰⁹ 'n Besondere groep of volk beskou sy partikuliere lewensopvatting, op grond van 'n bepaalde rangorde van waardevoorkeur wat deur hulle gehuldig en beoefen word, as die beste.²¹⁰ Elke groep beskou en aanvaar dus sy besondere siening as iets besonders waarop daar dan op besondere wyse geantwoord word.²¹¹ Al is die lewensopvatting 'n partikuliere aangeleentheid maak diegene wat dit huldig nogtans aanspraak daarop dat hulle lewensopvatting dié lewensopvatting is, die enige-ware en die enige-geldende.²¹²

Soos in die voorafgaande hoofstukke en paragrawe beskryf kan die algemeen-geldige pedagogiese doelstrukture en -essensies dus vir die Christen-Protestant alleen tot-lewe-gewek word deur die aanwending van die partikuliere lewensopvatlike inhoude en essensies soos oa. saamgevat en beskryf in die Nagmaalsformulier.

'n Aanvaarding van só 'n besondere lewensopvatting impliseer die noodsaaklike bewuswees-van-lewensopvatlike-eise sodat dit vergestalt kan word in die daaglikse willende en waarderende dialogiese omgaan van die handelende mens met die wêreld waarin hy beleef, leef en beweeg. Dit lê beslag op die onvoltooide en immer onvoltooibare mens in sy nimmereindigende onderweg wees na 'n wêreld wat hy vir hom na behore, in die lig van besondere behoorlikheidseise, bewoonbaar wil maak. Die lewensopvatting spreek, vra en roep op tot keuses en handeling in die lig van die som van die behoorlikheidseise waaraan hy gehoorsaamheid moet betoon in sy daaglikse handel en wandel.²¹³

Lewensopvattinge is nie kant en klaar gemaakte groothede nie. Hulle het geword en as wordende word hulle nog voortdurend (Oberholzer). Die lewensopvatting is dus historiese aangeleentheid met die oorsprong ver terug in die verlede verwortel. Die Protestantse Christendom se lewensvisies word veral gedra deur die Heilige Skrif vanuit Jerusalem, deur die Kerkvaders en Kerkhervormers (veral Calvyn), en is hier te lande binne gedra deur Geus en Hugenoot na die stigting van die volksplanting. In die tweede instansie is dit histories omdat individuele menslike bestaan binne 'n bepaalde sosiaal-kulturele milieu afspeel wat 'n besondere vormende invloed op 'n bepaalde persoon het. Kennis-van-lewensopvatting word dus veronderstel veral omdat 'n bepaalde lewensopvatting nooit aan eie persoonlike oorspronklikheid en vindingrykheid toegedig kan

word nie (Oberholzer).²¹⁴

Die lewensopvatting as rigsnoer van die lewe is geen biologies-erfbare aangeleentheid nie maar moet geleidelik en in toenemende mate verwerf word deur antwoord te gee op die behoorlikheidseise wat aan hom in die huis, skool en kerk gestel word. (Vir die Christen-Protestant spreek die behoorlikseise uit die Woord en Wet van God, aangevul deur die formuliere en belydenisskrifte). Verwerwing-van-lewensopvatting is geen voltooibare aangeleentheid met statiese karakter nie, maar word moeilik bestendig. Wanneer sedelike-selfstandigheid intree word 'n mate van konstantheid bereik wat die wesenlike betref. Maar sowel lewe-wekkende (bv. bekering) as lewe-aftakelende momente kan wysiginge aan die inhoud en toepassing meebring.²¹⁵ Bestendinging-van-lewensopvatting is dus 'n moeilike, dinamiese nooit-voltooide aangeleentheid van die gemoed wat nie berus op die rasioneel-kritiese denke nie maar na sy inhoudelike dui op die bówetenskaplikheid-van-lewensopvatting.²¹⁶ Dis 'n ideële en geen konkreet-sigbare of hanteerbare aangeleentheid nie. Dis 'n aangeleentheid van oortuiginge en sekerhede aangaande die sinvolle en behoorlike wat die menslike bestaanswyse maak wat dit is en soos dit is. Dit kan nooit die uitkoms van wetenskaplike besinning wees nie maar is 'n aangeleentheid van belydenis, vertrouwe en geloofswete (Oberholzer).²¹⁷ Teenoor die rasonele kom die irrasionele van vertrouwe en geloof te staan. Daar word ook begin oor die verwerkliking van waardes in 'n rangorde van

waardevoorkeur wat berus op die partikulêre mens-
beskouing en lewensopvatting wat ideologiese momente
behels - dit is dus 'n aksiologies-ideologiese
aangeleentheid waarin ook gepoog word om die vra-
na ewige en ewig-geldende doelstellinge te beant-
woord.²¹⁸ Die mens, bewus van die onvoltooide en
onvoltooibaarheid van sy gebroke menslike bestaan
waaraan verganklikheid, nietigheid en eindigheid
klewe het 'n behoefte aan veiligheid en vastigheid
wat gemoedsrus sal verskaf. Daarom leef hy uit
vertroue dat 'n Mag uit die gebied van die Gans-
andere, sy lewe vasgryp, sy bestaan sinvol en geken-
merk deur verantwoordelikheid sal maak sodat hy
permanent afhanklik van en gehoorsaam aan die Bron
van alle Lig, Lewe, Liefde en Krag kan wees. Dit
gee gemoedsrus en word alleen in die godsdiens ge-
vind.²¹⁹

Vir die Christen-Protestant is die Lig waarin hy
kom staan, die Lig van genade en seëninge wat die
mens uit die duisternis getrek het na die Lig en
hom wederbaar het tot Kindskap en gerigtheid op God.²²⁰
Hierdie gerigtheid lei tot 'n loflied van dankbaar-
heid en diens, 'n lofsang oor barmhartigheid van ge-
slag tot geslag vir die wat Hom vrees (Luk.1:50),
'n bereidwilligheid tot diens (elkeen volgens sy
talente) en stryd, 'n strewe na die geregtigheid
en gryp na die ewige lewe (1 Tim.6:12)
totdat die oorwinning kom.²²¹

4.5.2 Lewensopvatting : Essensies

Die volgende doelessensies is uit hierdie voorafgaande beskrywing gelig nl:

- 4.5.2.1 Lewe-van-behoorlikheidseise
- 4.5.2.2 Gehoorsaamheid-aan-behoorlikheidseise
- 4.5.2.3 Aanvaarding-van-besondersheid-van-lewensopvatting
- 4.5.2.4 Bewuswees-van-lewensopvatlike-eise
- 4.5.2.5 Kennis-van-lewensopvatting
- 4.5.2.6 Verwerwing-van-lewensopvatting
- 4.5.2.7 Bestendiging-van-lewensopvatting
- 4.5.2.8 Bowetenskaplikheid-van-lewensopvatting

Die lewensopvatting is 'n suiwer menslike aangeleentheid en hang ten nouste saam met die mens se opvattinge aangaande menswees, sy waardeleer en opvoedingsleer wat besondere aspekte van die lewensopvatting is en daar-deur behels word. Hierdie beskouinge is van groot waarde in sowel die daaglikse bestaan as in die opvoedingspraktyk.

Verwerkliking van al die reeds beskrewe doelstrukture word saamgevat in dié essensies van die lewensopvatting. Die doelstrukture toon dus blyke van sin en sinsamehange. So dui die essensies lewe-en-gehoorsaamheid-aan-behoorlikheidseise op verwerkliking van die doelstruktuur, normidentifikasie, terwyl sinvolheid-van-bestaan verwerklik raak in die aanvaarding-van-besondersheid-van lewensopvatting en in die bewus-wees van bevraagtheid en lewensopvatlike eise. Kennis-van-lewensopvatting is moontlikheidsvoorwaarde vir die verwerkliking van die doelstruktuur, Selfbeoordeling en selfbegrip.

'n Gefundeerde, partikuliere mensbeskouing kan 'n nastrewenswaardige mensbeeld daar stel wat as normbeeld vir volwassenheid²²² en menswaardigheid kan dien en sal al die mens se oortuiginge²²³ aangaande dit wat waardevol is omvat (Oberholzer). Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling sal lei tot die verwerwing-en-bestendinging-van-lewensopvatting wat 'n bo-wetenskaplike aangeleentheid van aanvaarding, vertrouwe en geloof is.²²⁴

4.5.3 Lewensopvatting : Nagmaalsformulierinhoud

Die volgende nagmaalsessensies (wat vollediger beskryf sal word) ... met sy ganse lewe ..., God aanroep en ... ons Heiland bely, tesame met die relevante religieuse struktuur, Dankbaarheid, kring wyd uit om die hele spektrum van die Christen-Protestant se lewe te omsluit en dit behels meer as slegs die doelstruktuur, lewensopvatting, maar sluit ook al die ander tot-lewe-gewekte doelstrukture in.

Tydens die kategetiese onderrig word die voornemende lidmaat gesteun tot outentieke gemoedsrus deur die b6-wetenskaplike aangeleentheid van geloof as persoonlike aanvaarding van en vertrouende oorgawe aan God as Leidsman, Redder, Beskermer en in Jesus Christus as Saligmaker. Sy beloftes dien as rigsnoer vir die lewe. Die openbarende genade en geloof is die inhoud van die Evangelie en Nagmaalsformulier, en deur genade word die weldade in geloof en dankbaarheid

aangeneem en vir homself toegeëien (waarvan hyself getuig by elke erediens en ook tydens die Nagmaalsviering in die Apostoliese Geloofsbelydenis).

Dit dui op aanvaarding-van-die-besondersheid van sy lewensopvatting. Geloof skenk hoop, blydschap en vertroue in die sinvolheid van die bestaan en stel die gelowige in staat om saam met medegelowiges op sy wordingsweg te waag en in dankbaarheid, deur die werking van die Heilige Gees,²²⁵ vrugte te dra wat by die geloof pas.

Die Christen-Protestant moet in die handel en wandel van elke dag uitdrukking gee aan wat hy moet (behoort te)wees. Belydenis van die Kerk van die Here roep en dring tot die praktyk van die Godsaligheid,²²⁶ waardeur die volwasse Christen dankbaarheidsbid behoort te betoon deur homself tot beskikking van God te stel as werktuig van die geregtigheid in diens van God (Rom.6:13).²²⁷ Sy daaglikse bestaan moet deurweek wees van ware dankbaarheid teenoor God die Here wanneer hy met sy ganse lewe opreg voor die Here wandel en 'n lewe-van-behoorlikseise soos dit uit sy Christelike Protestantse lewensopvatting spreek, sal lei. So 'n lewe sal lei tot gehoorsaamheid teenoor dié God wat hom aanroep en aan wie hy ver-antwoording verskuldig is van dag tot dag, "want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n ware geloof ingeplant is geen vrugte van dankbaarheid kan voortbring nie" (Heidelbergse Kategismus, Sondag 24).²²⁸ Die wedergeborene is steeds bewus van die groot verandering, hy is met Christus

gekruisig, leef nie meer nie maar Christus leef in hom, hy is vry van die Wet, staan geregverdig voor God, is van sy Kindskap verseker, stel homself tot voorbeeld (omdat hy bewus is van die lewensopvatlike eise), maar bely nogtans dat hy die volmaakte nog nie het nie.²²⁹

Daarom sal hy God aanroep om hom in genade aan te sien op die pad van heiliging en volharding. Deur die werking van die Heilige Gees antwoord hy op sy geroepenheid, verwerklik hy Christelike waardes (normidentifikasie) in dankbare erkenning vir die weldade en genade ontvang. Namate hy vorder op hierdie weg sal hy toenemend genormeerde geborgenheid beleef deurdat hy homself stel as werktuig van geregtigheid in diens van God.²³⁰

Hierdeur verwerf en bestendig hy sy Christelike Protestantse lewensopvatting en kan hy met geloof die toekoms tegemoet gaan, bewus van die sin van sy bestaan, antwoordende op sy geroepenheid deur sedelik selfstandige keuses en handeling, die voortbring van die goeie vrugte van dankbaarheid want "wie in My bly en Ek in hom, hy dra veel vrug" (Joh, 15:5).²³¹

Christelike wellewendheid as persoon-persoonsverhouding berus op agting vir en vertrouwe in die medemens en sy menswaardigheid en kom tot uiting in deugde soos vriendelikheid, hulpvaardigheid en ordelikheid wat die uithoms van gedyende dankbaarheid as kenmerkend van volwassenheid is.

Die kind moet ook gesteun word tot gedying van dankbaarheid om eventueel oor hierdie gesindheid te

beskik en so die gestalte van volwassenheid te verbeeld.²³²

Hierdie welwillendheid spruit uit die sekerheid dat sy posisie in Christus verseker is en lei tot genormeerde geborgenheid en 'n lewe van behoortlikheids-eise en taakverrigting as antwoord vanweë gedyende dankbaarheid,²³³ soos blyk uit die danksegging na afloop van die Nagmaalsviering.

"Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie ... (geregtigheid, genesing, verlossing en barmhartigheid) .. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is Sy goedertierenheid oor dié wat Hom vrees,

So ver as die ooste verwyderd is van die weste, só ver verwyder Hy ons oortredinge van ons;

Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom vrees".

"Daarom sal my mond en hart die Here bely en die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid."²³⁴

4.5.4 Ten slotte

In hierdie paragraaf word nie soos by alle vorige doelstrukture oorgegaan tot 'n outentieke sintesering van die doelessensie, lewensopvatting, deur integrasie met die betrokke Nagmaalsformulier-inhoude nie, aangesien Nagmaalsformulierinhoudes wesenlik lewensopvatlik is en só 'n sintese geen doel kan dien nie. Aandag word slegs weer eens gevestig op die feit dat alle voorafgaande fundamentele pedagogiese doelstrukture met hulle algemeen-geldige inhoudes en die sin en sinsamehange daarvan, reeds lewend

gemaak is deur die partikuliere lewens-opvatting soos dit vervat is in die Christen-Protestantse Nagmaalsformulier en deur gebruikmaking van die pedagogiese perspektief-metode.

In die volgende hoofstuk word dan oorgegaan tot 'n samevatting van geïntegreerde synswyses ná outentieke sintese van pedagogiese doelstrukture en nagmaalsessensies.

HOOFSTUK 4

Literatuurverwysings:

- | | | | | | |
|-----|----|---|---|--|----------|
| 1. | a. | KRIEK, A.C. | : | 'n Onderzoek na 'n Menswaardige Bestaanswyse en Selfbeoordeling as Pedagogiese Kriteria vir Volwassenheid, M.Ed.-verhandeling, U.P., | 31 |
| | b. | LANDMAN, W.A.,
C.J.G. EN
ROOS, S.G. | : | Denkwyses in die Opvoedkunde, Hoofstuk 4 | |
| 2. | | OBERHOLZER, C.K. | : | Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek | 29, 269 |
| 3. | | LANDMAN, W.A. en
GOUS, S.J. | : | Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek, | 72 |
| 4. | | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 166, 167 |
| 5. | | LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG, C.R. | : | Opvoedkunde en Opvoedingsleer vir Beginners, | 93 |
| 6. | | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 33 |
| | | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 317 |
| 7. | | VAN ZYL, P. | : | Opvoedkunde, Deel I, | 202 |
| 8. | | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 164 |
| 9. | | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 216 |
| 10. | | LANDMAN, W.A. en
GOUS, S.J. | : | a.w., | 73 |
| 11. | | LANDMAN, W.A. | : | Enkele Antropologies-Ontologiese Momente in die Voorvolwassenheidsbeleving, | 54 |
| 12. | | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 33 |
| 13. | | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 191 |
| 14. | | Ibid. | : | | 186 |
| 15. | | Ibid. | : | | 15 |
| 16. | | KILIAN, C.J.G. | : | Die verbesondering van pedagogiese kriteria met ontologies-antropologiese status, D.Ed.-prøefskrif, U.P., | 215 |
| 17. | | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 15 |

18.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	34, 35
19.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73
20.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	163
21.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	50-54
22.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	163
23.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:		36
24.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	54
25.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	100
26.	LANGEVELD, M.J.	:	Beknopte Theoretische Pedagogiek,	75
27.	Ibid.	:		57
28.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	94
29.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	54
30.	PERQUIN, N.	:	Paedagogiek,	346
31.	FEENSTRA, J.G.	:	Leer en Lewe	242
32.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	Fundamentele Pedagogiek en die Opvoedings- werklikheid,	78
33.	BAVINCK, H.	:	Het Oorsprong der Zonde, Gereformeerde Dogmatiek III,	51
34.	BERKOUWER, G.C.	:	Dogmatiese Studiën: De mens Het Beeld Gods,	41, 42
35.	Ibid.	:		350
36.	Ibid.	:		63, 64
37.	BARTH, K.D.	:	Church Dogmatics, III, 2,	35-49
38.	BRILLENBURG, WURTH, G.	:	Mensbeskouwing en Maat- schappelyk Werk,	11
39.	Ibid.	:		17
40.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	Kleine Dogmatiek,	83
41.	BRILLENBURG, WURTH, G.	:	a.w.,	7-9

42.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	109
43.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	83
44.	Ibid.			84
45.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	27, 28
46.	BRUNNER, E.	:	Man in Revolt, ook Dogmatics Vol. II,	91 - 113 55 - 61
47.	BARTH, K.D.	:	a.w.,	88
48.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	84, 85
49.	GUNTER, C.F.G.	:	Opvoedingsfilosofieë,	323
50.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	85
51.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	323
52.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	13, 14 (ook 58)
53.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	58
54.	BAVINCK, H.	:	Het wezen van de mensch, a.w.,	490
55.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	323
56.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	86
57.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	35, 36
58.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	325
59.	COETZEE, J. CHRIS	:	Die Eerste Beginselfs van die Calvinistiese Opvoeding,	9
60.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	13, 14
61.	BARTH, K.D.	:	a.w.,	35 - 49
62.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	327
63.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	112
64.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	168
65.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	88
66.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	133

67.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	327, 328
68.	NOORDMAN, N.F.	:	Het mensbeeld in de opvoeding, I, Inleiding in de Antropologie. Informatie over opvoeding en onderwys, onder redactie van Prof. Dr. L. van Gelderen,	21, 22
69.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	113
70.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	201
71.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	114, 115
72.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	329
73.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	112
74.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	28
75.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	116
76.	Ibid.	:		112
77.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	86
78.	BRILLENBURG WURTH, G.	:	a.w.,	63
79.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	125, 126
80.	GUNTER, C.F.G.	:	Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde,	204
81.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	90
82.	PERQUIN, N.	:	a.w.,	79
83.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	100
84.	GUNTER, C.F.G.	:	Opvoedingsfilosofieë	9, 10
85.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	147
86.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73

37.	VAN WIJNGAARDEN, H.R.	:	Hoofproblemen der Volwassenheid,	9
38.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	72
39.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	163
90.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73
91.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	121
92.	OBERHOLZER, C.R.	:	a.w.,	181
93.	Ibid.	:		168
94.	Ibid.	:		180 - 193
95.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	206
96.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	161
97.	Ibid.	:		181
98.	Ibid.	:		199
99.	Ibid.	:		180
100.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	125
101.	Ibid.	:		125
102.	GUNTER, C.F.G.	:	Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde	205
103.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	208
104.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	60
105.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	216
106.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	43
107.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, W.A.	:	a.w.,	148
	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	139
108.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73
109.	OBERHOLZER, C.R.	:	a.w.,	151
110.	Ibid.	:		152
111.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	138

112.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	285
113.	Ibid.	:		288
114.	Ibid.	:		286
115.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	144
116.	LANGVELD, M.J.	:	a.w.,	47
117.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	209
118.	LANGVELD, M.J.	:	a.w.,	43
119.	PERQUIN, N.	:	a.w.,	258, 259
120.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	213
121.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	139
122.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	217
123.	Ibid.	:		256
124.	Ibid.	:		267
125.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73
126.	BAVINCK, H.	:	Heiligmaking en Volharding, Gerefor= meerde Dogmatiek IV, (ook 1 Kor. 6:11)	215
127.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	202
128.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	146
129.	Ibid.	:		76
130.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	208, 207
131.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	147
132.	PISTORIUS, P.	:	Kaart en Kompas van die Opvoeding	91
133.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	147
134.	LANDMAN, W.A.	:	Enkele Aksiologies- Ontologiese Momente in die Voorvolwassenheids= belewing,	10
135.	LANGVELD, M.J.	:	a.w.,	60, 61
136.	Ibid.	:		74, 63

137.	ROSCAM ABBING, P.J.:	"Religieuse Volwassenheid." In: Volwassenheid: samengesteld door Prof. Dr. Roscam Abbing	97
138.	Ibid.	:	93
139.	Ibid.	:	96, 97
140.	Ibid.	:	96
	Vgl. Buber, Martin:	"Ich und Du", (Berlyn, 1936)	
141.	BERKOUWER, G.C.	: Dogmatische Studiën: Geloof en Heiliging,	5
142.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	: a.w.,	148
143.	VAN NIFTRIK, G.C.	: a.w.,	341
144.	Ibid.	:	341
145.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	: a.w.,	134
146.	LANDMAN, W.A.	: a.w.,	37
147.	Kyk: BUYTENDIJK, F.J.J.	: De Zin van de Vrijheid in het Menselijk bestaan,	12 - 20
148.	VAN NIFTRIK, G.C.	: a.w.,	342
149.	CALVYN, J.	: Institusie III, 14,	18 - 20
150.	BERKOUWER, G.C.	: a.w.,	20 - 22
151.	VAN NIFTRIK, G.C.	: a.w.,	342
152.	BAVINCK, H.	: a.w.,	238
153.	Ibid.	:	241
154.	Ibid.	:	232
155.	BERKOUWER, G.C.	: a.w.,	20
156.	Ibid.	:	27
157.	Ibid.	:	10 - 12
158.	Ibid.	:	24 - 28
	Ook Luthers Werken, (Vereniging M. Luther) I,		13
159.	BERKOUWER, G.C.	: a.w.,	21
160.	NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS, Artikel XX		
161.	HEIDELBERGSE KATEGISMUS, Sondag I, Vr. 45-64		
162.	OBERHOLZER, C.K.	: a.w.,	275

viii

163.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	62
164.	OBERHOLZER, C.K.	:	"Wêreldbeskouing en Lewensopvatting. In: Die Waardes van die Afrikaner, Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 1968,	42
165.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	62
166.	GUNTER, C.F.G.	:	Opvoedingsfilosofieë,	355
167.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	73
168.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	25
169.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	73
170.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	62
171.	Ibid.	.	.	73
172.	OBERHOLZER, C.K.	:	Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde,	140, 141
173.	PERQUIN, N.	:	a.w.,	343
174.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73, 74
175.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	56
176.	OBERHOLZER, C.K.	:	Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek,	133
177.	Ibid.	:	.	158
178.	OBERHOLZER, C.K.	:	Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde,	154
179.	Ibid.	:	.	155
180.	Ibid.	:	.	156
181.	BRUNNER, E.	:	The Christian Doctrine of Creation and Redemption, Dogmatics Vol. II,	94
182.	PERQUIN, N.	:	a.w.,	47
183.	Ibid.	:	.	47
184.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	247

ix

185.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	218
186.	BRILLENBURG WURTH, G.	:	a.w.,	52
187.	Ibid.	:		54, 55
	Kyk: Buytendijk, F.J.J.:			Gesondheid en Vrijheid, 1950.
188.	BRILLENBURG WURTH, G.	:	a.w.,	60
189.	Ibid.	:		28
190.	Kyk: VAN PEURSEN, C.A.	:	Lichaam, ziel, geest. De mens als oriëntasie vanuit zijn wêreld.	
191.	BAVINCK, H.	:	Heiligmaking en Volharding, Gereformeerder Dogmatiek IV,	253, 254
192.	Ibid.	:		254
193.	DE GROOT, D.J.	:	"Volharding der heiligen". In: Dogma der Kerk, onder redactie van G.C. Berkouwer, G. Toornvliet e.a.,	441, 442
194.	BRILLENBURG WURTH, G.	:	"Heiliging", in Dogma der Kerk, a.w.,	442
195.	Ibid.	:		449, 450
196.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	256, 257
197.	Ibid.	:		257
198.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	37
199.	OBERHOLZER, C.K.	:	"Wêreldbeskouing en Lewensopvatting". In: Die Waardes van die Afrikaner, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1968,	44
200.	LANDMAN, W.A.	:	Leesboek vir die Christen-Opvoeder,	87, 88
201.	POPMA, K.J.	:	Levensbeskouing, deel I,	97
202.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	41
203.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	85
204.	COETZEE, J. CHRIS	:	Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde,	28, 32

205.	COETZEE, J. CHRIS	:	Die Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding,	5, 19
206.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	11
207.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	55, 56
208.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	73
209.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	88, 89
210.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	105, 106
211.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	89
212.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	83
213.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	106
	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	89, 90
214.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	106, 107
215.	Ibid.	:		107
	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	91
216.	Ibid.	:		92
	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	114
217.	Ibid.	:		108
	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	92
	OBERHOLZER, C.K.	:	Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde,	144
218.	Ibid.	:		85
219.	Ibid.	:		144, 145
220.	BERKOUWER, G.C.	:	Dogmatiese Studiën: De Mens Het Beeld Gods,	390-392
221.	Ibid.	:		405, 406
222.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	80
223.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	92
224.	Ibid.	:		92

xi

225. WILBERS, P.J.E. : Die Moontlikheid,
Noodwendigheid en
Plek van Pedagogiese
Doelkunde en Doelleer,
D.Ed.-verhandeling, 200, 201
226. FEENSTRA, J.G. : a.w., Inleidend:
Die Vertaler.
Dr. M.T.S. Zeeman.
227. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG, C.R. : a.w., 138, 141
228. HEIDELBERGSE KATEGISMUS: Sondag 24,
Formulierboek, 121
229. BAVINCK, H. : a.w., 243-247
230. WILBERS, P.J.E. : a.w., 205
231. HEIDELBERGSE KATEGISMUS: Sondag 24, Vr. 63
en 64, a.w., 113
232. WILBERS, P.J.E. : a.w., 203
233. Ibid. : 205
234. NAGMAALSFORMULIER, Formulierboek van die
N.G.-Kerk van Suid-Afrika, 32

HOOFSTUK VYF

SAMEVATTEND

5.1 Inleiding

In hierdie afsluitende hoofstuk sal dit nou van pas wees om die verwerkliking en wek-van-lewe in die pedagogiese doelessensies deur die lewensopvatlike inhoude van die Nagmaalsformulier kortliks soos volg saam te vat:

5.2 SINVOLHEID VAN BESTAAN

5.2.1 glo Die sin van menslike bestaan lê in die wete dat hy buite Christus vir ewig verlore is maar dat hy waaragtig glo aan die besondere genade van God. "Aan het begin staat de genade, die aan de verdienste voorafgaat en waardoor de zondaar in staat gesteld word zich tot z'n eige rechtvaardiging voor te bereiden door vrije toestemming en medewerking met deze genade."¹ Hierdie genade word telkens by die viering van die Nagmaal weer pertinent onder die aandag gebring deur die dood en lye van Jesus Christus te herdenk by die bediening van die sakrament "..... Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld tot lof van die heerlijkheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde" (Ef. 1 : 4-6). "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie : dit is die gawe van God" (Ef. 2:8).

"We staan voor het wonderlijke feit dat de heilsweg de weg des geloof is, omdat juist in het geloof alleen de **exclusiviteit** der genade Gods wordt erkend en geëerbiedigd".²

Regverdigmaking bring egter mee 'n bewuswees-van-lewenseise waaraan hy as geregverdigde moet vol-doen.

5.2.2

.... ware dankbaarheid Die lewe is sinvol vir hom wat met 'n gelowige hart die ganse lyding van Christus aanneem, behae het in Christus wat die straf van ons sonde gedra en die skuld versoen het, met sy ganse lewe ware dankbaarheid jeens God die Here bewys en voor die aangesig van God opreg wil wandel. Maar "sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag" (Hebr. 11:6), want die geheimenis van die geloof is juis geleë in die afsien van die self om volhardend en standvastig gerig te bly op God se genade. Die gehoorsaamheidselement is in die geloof essensieël,³ omdat die gelowige opgeroep-word-tot-antwoord.

In gehoorsaamheid word die hart en gewete ondersoek of hy ook gesind is, om sonder enige geveinsdheid, van harte alle vyandskap, haat en nyd af te lê, en 'n ernstige voorneme het om van nou af in waaragtige liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe.

5.2.3

..... "berou het ..." Ter verdieping van die besef van die sinvolheid van menslike bestaan en ter verheldering van insig in die betekenis van die geloof en die korrelasie tussen geloof en regverdiging is dit van betekenis om aandag te gee aan boetvaardigheid (berou) wat onlosmaakbaar aan die ware geloof verbonde is. Geloof staan tussen berou en regverdiging, nie van 'n onskuldige nie, maar wel van 'n skuldige.

Volgens Berkouwer "Die boete-nomisme parasiteert op de diepe relatie tussen boete, berou én genade".⁴ Ook die Skrif wys daarop dat die gesonde die geneesheer nie nodig het nie (Matt. 9:12), die sondaar geroep en gewek word (Matt. 5:3), die biddende tollenaar geregverdig word (Luk. 18:14) en die vermoeders en belastes vind rus (Matt. 11:28). Dit is dan vir die gelowige sinvol dat ook die doel van die Nagmaalsviering nie is om die verslae hart van die gelowiges kleinmoedig te maak nie, maar juis om te versterk. Die genade van die Heilige Gees wek berou in die hart en begeerte om teen die ongeloof en swakhede te stry. "Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!" (Ps, 51:19). Hoe beter die mens sy sonde besef hoe dierbaarder word Christus vir hom en hoe meer kom hy tot 'n besef-van-bevraagdeheid.

5.2.4 oordink waartoe Vir die gelowige is dit nodig om telkens by die Nagmaal te oordink waartoe die Here vir hom Sy Nagmaal ingestel het, naamlik dat hy dit moet doen tot Sy gedagtenis waardeur hy ook telkens opnuut en verwonderd sal staan voor die sin en betekenis daarvan in die daaglikse lewe waar 'n verantwoordbare lewe gevoer moet word.

"Het is goed te bedenken, dat het in de vernedering van Christus ook in zijn verlating - niet gaat om een krachteloze en werkeloze vernedering. De grote caesuur in Christus' leven

is dié tussen vernedering en verhoging, maar de deze vernedering is vol van de kracht van Christus' dood". Sy ganse lyding was 'n stryd met die bose en sy glorievolle oorwinning kom op uit die diepte van vernedering. Die donkerheid van God se geregtigheid word in Sy vernedering die Lig van die wêreld genoem en die duisternis sal dit nie oorweldig nie.⁵ Sy geseënde liggaam is aan die kruis gespyker "om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te heg; en het so ons vervloeking op Hom gelaai om ons met Sy seëninge te vervul." "Wie My volg, sal seker nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê" (Joh.8:11) en in staat gestel word tot die voer-van-verantwoordbare-lewe.

5.2.5 vas kan glo

So kan die gelowige vas glo dat al sy sonde hom om Christus ontwil vergewe is en Hy ook die oorblywende swakhede met Sy lyding en sterwe bedek het. Daarom word die gelowige opgeroep tot gebed (tydens die Nagmaalsviering) "dat ons dan nou dit alles mag verkry, laat ons onself voor God verootmoedig en Hom met waaragtige geloof om Sy genade aanroep." Daarom word hy deur die Heilige Nagmaal versterk in die algemene, ongetwyfelde Christelike geloof wat hy dan met mond en hart bely.⁶

"Het geloof wordt gezien als het begin van de heilswegwaarbij men al spoedig overgaat tot de liefde. Het is duidelijk, dat de rechtvaardiging vooral gezien wordt als

een innerlijk, werkelyk proses van vernieuwing
(ook telkens by die uitdeel en eet van die brood
en die aangee en drink van die beker)

doordat de Heilige Geest in de harten wordt uit-
gestort en daarin blyft". Hierdie Heilige Gees
sal deur Sy werking en leiding die gelowige in
staat stel tot rekenskap-van-deelname aan die lye
en sterwe van Christus. Saam met die vergewing,
ontvang die mens alles wat ingegiet word (en
sin aan die lewe gee): Geloof, hoop en liefde.⁷
Geloof, hoop en die regverdigmaking deur die
goddelike Liefde intensiveer dan die doelessensie,
sinvolheid-van-bestaan, in die lewe van die
Protestantse Christen.

5.3 SELFBEOORDELING EN SELFBEGRIP

5.3.1 ons te vore reg beproef

Die opdrag aan die Nagmaalsganger om homself te vore
reg te beproef voordat hy na die Nagmaalsviering
kom is sinvol en sal die relevante doelstruktuur
aktiveer omdat die volwassene by magte is om as
unieke persoon, as 'n self-iemand-kan-wees, in
staat is tot selfkennis en selfbegrip. Hy is
by magte tot aktiewe en kritiese selfbeoordeling
van sy keuses en handelingne deur selfstandige
aanwending van norme en maatstawwe. Die self is
ook in staat tot selfbinding, selfkeuse, self-
verantwoordelikheid as toekomstigheid-in-genormeerd-
heid. Selfbegrip-as-opgawe lei tot selfbetragting
en self-verheldering wat 'n persoonlike aktiewe
kritiese stellingname moontlik maak waardeur die
Nagmaalsganger kan vas stel of hy die Nagmaal hou

vir die doel waartoe die Here dit ingestel het, naamlik tot Sy gedagtenis.

5.3.2 waaragtige ondersoek

Hierdie nagmaalsessensie wek lewe in die uitspreek-van-sedelike oordele oor elke aspek van die menslike bestaan. Omdat die mens as selfbewussyn ook oor behoorlikheidsbewussyn beskik is hy in staat tot selfbeoordeling aan die hand van 'n bepaalde rangorde van waarde-voorkeur en 'n duidelike bewus-wees van die wese en werking van sonde. Dit verg 'n persoonlike gewetensbeslissing waarin die Nagmaals-ganger ook sal vasstel of hy homself vanweë sy sonde mishaag en hom daarom voor God verootmoedig. Uitspreek van sedelike oordele is moontlik omdat die mens as subjek in vryheid kan kies en kan handel en met die volle inset van sy persoon die goed-en afkeurenswaardige in eie lewe kan beoordeel en selfs veroordeel (in geval van die afkeurenswaardige). Solank as in die afkeurenswaardige volhard word moet hy homself van die Tafel van die Here onthou en behoort die lidmaat oor te gaan tot selfingryping, rigting-verandering en voorstelling van 'n nuwe lewenswyse wat moontlik is deur die genade van God en met behulp van die werking van die Heilige Gees.

5.3.3 hart ondersoek

Ondersoek van die hart intensiver die bo-wetenskaplike geloofsoortuiging van die Christen-Protestant dat al sy sondes hom om Christus ontwil vergewe is en hy volkome geregverdig voor God kan

staan. Gelyktydig met die regverdiging het die heiliging ook 'n aanvang geneem in die lewe van die verlose sondaar en sal voortaan verg dat die belydende lidmaat telkens moet oorgaan tot

5.3.4 gewete ondersoek

Hierdie nagmaalsessensie aktiveer die selfbegrip-integrasie waardeur die lidmaat as persoon in staat is tot 'n kritiese interpretasie van tekortkominge sowel as van sy eie positiewe moontlikhede wat aangewend kan word in diens van God en die naaste. Dit lei tot beoordeling van sy eie waarde waardeur sy eie waardigheid as persoon ontdek word. Maar selfwees kom alleen tot gedying in relasie met die medemens vir wie se digniteit dieselfde agting betoon moet word, "want só lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo ... die ewige lewe sal hê" (Joh,3:16). Gewete-ondersoek is wesenlik 'n ondersoek na die gesindheid teenoor God en die medemens, of hy só gesind is om in dankbaarheid opreg voor God en in waaragtige liefde en eensgesindheid met die naaste, te lewe.

So is weer eens aangetoon hoe lewensopvatlike Nagmaalsessensies die doelstruktuur, selfbeoordeling en selfbegrip, laat-funksioneer en tot verwerkliking gebring het in die lewe van die Protestantse Christen.

5.4 MENSWAARDIGHEID

5.4.1 Sonder enige geveinsdheid

Hierdie nagmaalsessensie verdiep die doelessensie, menswaardigheid en dui daarop dat die volwassene bewus-is-van-menswaardigheid omdat hy na die beeld van God geskape en ten spyte van die sondeval deur genade herstel is in sy menslikheid. Hierdie bewustheid stel eise aan die mens wat hy op grond van eie beslissings moet gehoorsaam en dit is moontlik vanweë sy waardigheid as 'n eksistensiële - normatiewe - etiese wese, as ope

moontlikheid, waardebestrewend, plig-ervullend, toekomstigheid en vryheid. Persoon-in-waardigheid impliseer openheid-met-opdrag om sonder geveinsdheid die regte gesindheid en taakverpligting teenoor God en die medemens te openbaar waardeur die digniteit verwerf word en tot volle gedying kom.

5.4.2 ... waardige deelgenote ...

Waardige deelgenote aan die lye en sterwe van Christus omvat die lewensopdrag om toenemend menslik te word en oor te gaan tot beoefening-van-menslikheid. Hiertoe is die volwassene in staat vanweë die feit dat hy draer is van onvernietigbare waardes en bewus is van sy aangesprokenheid waarop hy moet antwoord deur verantwoordelike keuses en handeling te doen aan die hand van norme. Mens-syn is in-genade-staan en die herstel en beoefening van menslikheid, deur die Godlike genade, lei ook tot 'n geïntensiveerde bewus-wees van die waardevolheid-van-behoorlikheids-eise.

5.4.3 ... met mekaar ... in liefde saamverbind

Beoefening van menslikheid dui op 'n aktiewe, positiewe antwoord saam-met-die-medemens teenoor die Woord. Deur die werking van die lewemakende Heilige Gees wat in Christus as die Hoof en in die mens as Sy ledemate woon, word die lidmate met mekaar, as lidmate van een liggaam, in broederlike liefde saamverbind. Hierdie nagmaal-essensie voltrek die doelessensie, agting-vir-ander-se-menswaardigheid omdat agting-vir-digniteit tergelykertyd agting-vir-plig, ook teenoor die naaste, insluit sodat toenemend mede-menslikheid teenoor die naaste aktief betoon sal kan word.

5.4.4 ... onself verloën

"Onself verloën" intensiveer die wete-van-waardeverwerkliking as hoogs waardevol in die lewe van die Protestantse Christen wat vanweë 'n verlewendigde behoorlikheids- en waardebesef die Kruis sal opneem om in navolging van Sy Saligmaker daagliks waardes te verwerklik deur

onbaatsugtige diens aan die naaste te lewer uit dankbare erkentlikheid teenoor Hom as Sy ewige Verlosser uit sonde-dood en ellende.

In die voorafgaande is aangetoon hoedat die lewensopvatlike inhoude die doelstruktuur menswaardigheid, in sy volheid laat syn "want kyk Ek het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese" (Psalm 8:6).

5.5 SEDELIK-SELFSTANDIGE BESLUITVORMING EN VERANTWOORDE- LIKE HANDELING

5.5.1 nadink oor

Nadenke oor eie menslike beslissinge en handeling veronderstel besinning in die lig van die normatiewe wat vir die Christen-Protestant uit die Woord van God spreek. Besinning sal lei tot weldeurdagte besluite volgens die geloofsoortuiging en wek lewe in en getrouheid-aan-beslissinge veral aangesien die heiliging van die lewe van die gelowige gelyktydig met regverdiging 'n aanvang neem.

5.5.2 ... ernstige voorneme ...

Om getrou aan beslissinge te wees moet hierdie beslissinge en die handeling wat daaruit voortspruit geskied aan die hand van die behoorlikseise wat geld vir die verlose lidmaat wat volkome geregverdig, vernuwe deur Sy bloed, 'n ernstige voorneme het om opreg voor God en in eensgesindheid en liefde met die medemens te wandel op die weg van heiligmaking. Hierdie voorneme laat dus die doelessensie, keuse-en-handeling-in-die-lig-van behoorlikseise funksioneer omdat die aflegging van die belydenis van geloof impliseer dat die jeugdige of volwassene

'n persoon is wat weet wat sy persoonlike aanvaarding van die kruisdood van Christus van die verlore eis.

5.5.3 ... wat weet ...

Die lidmaat het dus 'n vaste wete dat hy persoonlik aan Christus behoort en selfstandig kan kies en handel volgens die vir hom, hoogswaardevolle waarvoor hy persoonlik verantwoordelikheid aanvaar.

5.5.4 ... kan verootmoedig

Gepaard met hierdie bewuste wete dat hy die beloftes van God glo is daar ook die wete van sondes en vervloeking, van menslike swakhede, van die goeie wat hy wil maar nie doen nie, van struikel en val sodat hy hom voor God kan verootmoedig. Die essensie van die menslike bestaan is aangesprokenheid deur 'n Hoër Gesag wat tot verantwoording oproep. Daagliks moet hy as persoon in vryheid antwoord op sy aangesprokenheid en hierdeur word verantwoordelikeheidsaanvaarding-vir-keuse-en handeling geaktiveer tot verfyning van pligsbesef en toenemende getrouheid en gehoorsaamheid aan die Woord en Wet van God.

5.5.5 ... ook gesind is

Deur selfondersoek sal die Nagmaalsganger vasstel of sy gesindheid teenoor die Vader en teenoor die naaste getuig van ware Kindskap. Hierdie nagmaals-essensie voltrek beweging in die doelessensie keuse-vir-behoorlikseise. Hierdie keuse geskied dus onder die gesag van norme en dié Norm waarmee hy as volwassene toenemend geïdentifiseer word deur die werking van die Heilige Gees.

5.5.6 daaglik moet stry ...

Die Protestantse Christen moet daaglik stry teen die bose luste van die vlees, om die goeie te doen en die kwade te laat. Vanweë sy betrokkenheid-ingenormeertheid is hy toenemend verantwoording ver- skuldig aan die eise wat vanuit die syn aan hom gerig word. Weens sy personale ongeslotenheid kan hy beluister en verstaan en word die doel- essensie, aanvaarding-van-persoonlike-verantwoorde-⁸likheid volkome verlewendig.

5.5.7 in die daad teenoor mekaar bewys ...

Hierdie nagmaalsessensie lei tot 'n verdere verdieping van die bogenoemde doelessensie. Aanvaarding-van-persoonlike-verantwoordelikheid omvat nie slegs die gesindheid van die hart nie maar verg 'n aktiewe en daadwerklike bewys daarvan in-die-wêreld en teen- oor die medemens voor die Woord.

5.5.8 ... ons kruis opneem

Om die kruis op te neem dui ook op hierdie aktiewe, daadwerklike aanvaarding van persoonlike verant- woordelikheid wat so sterk spreek tot die verlose, as draer van waardigheid, dat daar geen sprake kan wees van maar 'n duidelike afwysing-van-verantwoor- delikheds-verskuiwing-of-ontduiking. Na die voorbeeld van sy Saligmaker is daar veel eerder 'n bereidwilligheid tot taakaanvaarding en taak- vervulling.

Die imperatiewe karakter van die genoemde nag- maalsessensies sal elke verlose daartoe dwing om die Kruis op te neem en Christus na te volg as dié Voor-beeld en Eerste-beeld van lewende sedelik-selfstandige besluitvorming en verant-

woordelike handeling toe hy eindelijk met Sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige Testament, die verbond van die genade en versoening bevestig het, toe Hy uitgeroep het: "Dit is volbring!"

5.6 Normidentifikasie:

5.6.1 opreg te wandel

Menslikheid beteken 'n gegrepenheid in waardes, die moontlikheid om voorstellinge van goed en kwaad ten opsigte waarvan hy 'n keuse moet doen, te maak. Vanweë die feit dat hy oor 'n sedelike bewussyn as behoorlikheidsbesef beskik is hy in staat om deur die genade en onder die leiding van die Heilige Gees, opreg te wandel voor God. Absolute waardes lê vir die Christen verspreid in God se openbaring in die Heilige Skrif en stel die mens as waardebepalende wese wat oor 'n kies-vermoë beskik in staat tot behoorlikheidsbeoefening-uit-eie keuse. Elke keuse getuig van waardes waarby die wil betrokke is en die genoemde nagmaalsessensie versterk en intensiveer die gewilde behoorlikheidsbeoefening.

5.6.2 met ware vertrouwe ... oorgee

Die menslike situasie spreek van 'n nimmer-eindigende gekonfronteertheid met norme wat as rig- en meetsnoere dien vir die lewe van keuses as bewus gewilde verandering-deur-handeling. Die gelowige sal in ware vertrouwe dat dié wat rein van hande en suiwer van hart is God sal sien, homself oorgee aan en vereenselwig-met-besondere-norme wat ook in die Nagmaalsformulier saamgevat is en die gelowige aanspreek tot toenemende

gedyende gehoorsaamheid en volharding.

5.6.3 ... nie twyfel nie

Normidentifikasie, as vereenselwiging-met-besondere-norme, gee blyke van 'n selfstandige, toerekenbare en onbetwyfelbare' behoortlikheidsbesef wat deur die doen van die behoorlike uit eie keuse, in die lewe van die Protestantse Christen tot vergestaltung kom in die volharding op die weg van heiligmaking na 'n ewige bestemming.

5.6.4 volgens gebooie te lewe

As beeldraer van God, word die belydende lidmaat ernstig vermaan om hom van ergerlike sondes te weerhou en volgens die gebooie van God soos vervat in Sy Wet en Woord te lewe. Tot versterking van die geloof en bevestiging van toereikende normkennis hierin vervat, word die siel gespysig en gelaaf deur die uiterlike tekens van die Sakrament, in brood en wyn.

5.6.5 ... nie aan die uitwendige ... bly hang nie, maar ons harte opwaarts verhef

Die mens se toereikende normkennis sal verder geintensiver word en die doelstruktuur, normidentifikasie, sal verwerklik word as die Nagmaalsganger nie aan die heilige sigbare tekens van die Sakrament bly hang nie maar daarin sien hoe-dat die beloftes van God verseël word in die soen-dood van Jesus Christus, as die betekende saak. Die wedergeborene sal dan telkens by die herdenking van Sy lye en sterwe die oë ophef na die berge, vanwaar al sy hulp vandaan kom (Ps.121:1)

om God aan te roep tot versterking van die nuwe gehoorsaamheid wat uit heel die lewe moet blyk. "Alles wat ons doen, in woord en werk, doen dit in die naam van die Here Jesus, God die Vader dankende vir Hom" (Kol. 3:17). Lewende normidentifikasie sal lei tot volharding en saligmaking. "Wedergeboorte is nodig om het koninkryk Gods in te gaan. Zonder geloof is het onmogelik God te behagen. Zonder heiligmaking zal niemand God sien. Wie volhard tot die einde toe sal zalig worden."⁹

5.7 LEWE-OPSOMMING

5.7.1 met sy ganse lewe

Die gelowige Christen-Protestantse lidmaat sal by die bereiking van volwassenheid die normbeeld van volwassenheid kan vergestalt omdat die Christelike lewensopvatting soos o.a. vervat in Nagmaalsformulierinhoud die pedagogiese doel-essensies verlewendig en verwerklik het. Dié lidmaat se keuse en daaruit voortvloeiende handeling sal gekenmerk word deur 'n lewe-van-en-gehoorsaamheid-aan-behoorlikseise wat spreek uit lewensverpligtende waardes soos dit vervat is in sy persoonlike lewensopvatting en geleef word as hy met sy ganse lewe erkentlikheid en dankbaarheid teenoor sy Vader betuig.

5.7.2 God ... aanroep

Aanvaarding-van-besondersheid-van-lewensopvatting impliseer 'n bewuswees-van-lewensopvatlike eise waaraan die swakke mens alleen kan voldoen

onder leiding van die Heilige Gees en in waaragtige vertroue en intieme gemeenskap met dié God wat hy voortdurend in genade aanroep. Moontlikheidsvoorwaarde tot die eie verwerwing-van-lewensopvatting is kennis-van-lewensopvatting wat vir die Christen-Protestant uit die Bron van alle lewe, die Woord van God en die belydenisskrifte spreek. "U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad" (Ps.119:105). Vir die versterking van die geloof en tot bestendinging-van-lewensopvatting het God die swakheid van die mens genadiglik te hulp gekom om by die Woord die Sakrament (van oa. die Nagmaalsformulier) in te stel.

5.7.3 ons Heiland bely

Die bowetenskaplikheid-van-lewensopvatting is sprekend van die irrasionele geloofsoortuiging van die Protestantse Christen wanneer hy, bewus van sy bevraagtheid, in verwondering uitjubil :

"As ek, O Heer, u nagtelike hemel
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei die skugter maan
met stille gang oor sterrevelde gaan -
wat is die mens dan dat U hom gedenk het,
die mensekind wat U so ryk beskenk het" !¹⁰

Van sondeskuld, smet en ellende is die gelowige
deur Christus in die Kruis op Golgota verlos.

"Jesus leef, nou is die dood ons 'n ingang tot die lewe."¹¹ Hy het die dood oorwin en "as julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen." (Joh 13:14). Die weldade van God deur Christus waarvan die Nagmaalsviering getuig kan in drie hoofpunte saamgevat word nl: i) Die wan-relasie tussen God en alle skepsele is herstel, ii) Die verlose is na God se beeld vernuwe en wedergebore en iii) Die gelowige word bewaar vir die hemelse erfenis en eens van alle lyding en dood bevry deur verwerwing van die ewige saligheid. Hierdie geloofsaanvaarding, wederbarende en bewarende werksaamheid geskied onder leiding van die Heilige Gees en word voltrek in die Regverdiging, Heiligmaking (vernuwing van dag tot dag)¹², Volharding en Verheerliking.

"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Joh. 14:16,26).

"En nou bly Geloof, Hoop, Liefde - hierdie drie; maar die grootste hiervan is die Liefde" (1 Kor, 13:13), en "as julle My liefhet, bewaar my gebooie" (Joh. 14:15) en "laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" (Matt. 5:16). Daarom sal die oortuigende gelowige antwoord met sy ganse lewe en "ons Heiland bely" ... deur dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor

mekaar te bewys.

5.8 Ten slotte:

Uit hierdie samevatting blyk weer eens duidelik dat die lewensopvatlike Nagmaalsformulier-inhoude en-essensies (soos vervat in die Formulier van die Heilige Nagmaal en beklemtoon word tydens die kategetiese onderrig en onder begeleiding van ouers, skool en Kerk) die pedagogiese doelstrukture en -essensies vir die Protestantse Christen tot lewe wek, in volheid laat gedy, laat-funksioneer, aktiveer en intensiveer en outentiek voer tot 'n hoër geïntegreerde sintese, wat sowel by die nie-volwasse as by die volwasse belydende lidmaat, tot vergestaltung kom in die pedagogiese en androgogiese praktyk. Die wesenlike van die normbeeld van volwassenheid sal in die lewende alledaagse werklikheid vergestalt word wanneer die geregverdig^de gelowige, vernuwe na die Beeld van God, volhard op sy pad na heiligmaking deur in dankbare erkentlikheid in keuse en handeling, ook teenoor die medemens, te leef tot Eer en Verheerliking teenoor Hom, die onuitputlike Bron van Lewe van wie alle goeie gawes uitgaan.

HOOFSTUK 5

Literatuurverwysings:

1. BERKOUWER, G.C. : Dogmatiese Studiën:
Geloof en Rechtvaardiging, 95
2. Ibid. : 99
3. Ibid. : 206, 207
4. Ibid. : 188
5. BERKOUWER, G.C. : Dogmatiese Studiën:
Het werk van Christus, 195
6. NAGMAALSFORMULIER, Formulierboek van die
N.G.-Kerk van Suid-Afrika, 30, 31
7. BERKOUWER, G.C. : Dogmatiese Studiën:
Geloof en Rechtvaardiging, 95
8. LANDMAN, W.A. : Enkele Aksiologies-
Ontologiese Momente in
die Voor-volwassenheids=
belewing, 10
9. BAVINCK, H. : Gereformeerde Dogmatiek
III: Het Verbond der
Genade, 602
10. Die Berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange
van die Gereformeerde Nederduitse Gereformeerde
Kerke van Suid-Afrika, Psalms 8: 3, 4
11. Ibid. : Gesang 135 : 6
12. BAVINCK, H. : a.w., 602

SAMEVATTING VAN VERHANDELING

'N ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN DIE

PROTESTANTSE NAGMAALSFORMULIER

BY DIE WEK VAN LEWE IN ENKELE

PEDAGOGIESE DOELSTRUKTURE

deur

Johanna Petronella Botha, B.Sc., B.Ed.,

vir die graad

Magister Educationis

In die Departement Fundamentele Pedagogiek

in die Fakulteit Opvoedkunde,

Universiteit van Pretoria

Leier: Prof. Dr. W.A. Landman.

Doelbewustheid by 'n opvoeder impliseer gerigtheid op en verwerkliking van pedagogiese doelstrukture en -essensies wat deur wetenskaplike denkarbeid en deur die aanwending van die fenomenologiese ingesteldheid, oopgedek en aan die lig gebring is. Daar is aangetoon dat universele pedagogiese doelstrukture ná-wetenskaplik lewend gemaak kan word in partikuliere opvoedingsituasies, deur aanwending van lewensopvatlike inhoude uit die bronne van opvoedingslewe wat naas die Heilige Skrif ook o.a. die Nagmaalsformulier insluit.

Daar is gewys op die noodsaaklike en noodwendige besluit tot 'n voorlopige aparte bestudering van lewensopvatlike bronne asook wat die verskynsel wek-van-lewe beteken en beide die direkte en pedagogies-perspektief metodes bespreek. Laasgenoemde metode is aangewend ten einde lewe te wek in algemeen-geldige inhoude m.b.v.

Protestantse Nagmaalsformulierinhoud en -essensies. Aangesien die opvoedingswerklikheid dialekties gestruktureerd is, word die dialektiese metode aangewend ten einde outentieke sintesering, as werklikheidsgetroue samevoeging van twee moontlikhede wat elk bestaansreg en bestaansnoodwendigheid besit in pedagogiese situasies, moontlik te maak.

Daar is kennis geneem van die betekenis van die Sakramente in die algemeen, en van die Nagmaalsformulier in die besonder, sowel as van die relevante religieuse strukture Sonde, Regverdigmaking, Heiliging, Mensbeeld, Volharding en Dankbaarheid.

Die Nagmaalsformulier as bron tot wek-van-lewe in pedagogiese doelstrukture impliseer dat hierdie strukture lewensvatbaar is en latente lewendigheid word dus veronderstel. Die relevante dialektiese triades: latent lewend/lewensvatbaar/wek-van-lewe en lewensvatbaar/wek-van-lewe/lewende doelstrukture is uitgelê en redes is gegee waarom die Nagmaalsformulier moontlik wek-van-lewe status het.

Die pedagogiese doelstruktuur Sinvolheid van bestaan, is volledig beskryf en die doelessensies bewuswees-van-lewenseise, besef-van-bevraagdhed, opgeroep-word-tot-antwoord, voer-van-verantwoordbare-lewe, en rekenskap-vandeelname sowel as sekere Nagmaalsessensies, is uitgelig. Daarná is die religieuse struktuur, Regverdigmaking, beskryf voor aangetoon is hoe die doelstruktuur (eerste sinswyse) as moontlikheidsvoorwaarde dien vir verwerkliking van Nagmaalsformulieressensies (tweede sinswyse) wat weer 'n intensiverende uitwerking op doelessensies het, totdat albei sinswyses gesamentlik en gelyktydig geïntegreer en bewaar word en behoue bly in 'n outentieke sintese van die

lewende sinvolheid van 'n Christelik-Protestantse bestaanswyse.

Op dieselfde wyse is, in die volgende hoofstuk, volledig uiteengesit hoe die essensies van die doelstruktuur, Selfbeoordeling en selfbegrip, naamlik kritiese beoordeling, normaanwending, uitspreek-van-sedelikeoordeel, beoordeling-van-afkeurenswaardigheid, veroordeling-van-afkeurenswaardigheid, en oorgaan-tot-selfingryping tot lewe gewek is deur Nagmaalsformulier-essensies. Die religieuse struktuur Sonde is ook bespreek.

Weens die omvangrykheid van die verhandeling en ten einde kontinuïteit te behou is dieselfde werkswyse hierná telkens, maar minder volledig met klem op die geïntegreerde synswyse, gevolg ten einde die doelstrukture Menswaardigheid (bewuswees-van-menswaardigheid, beoefening-van-menslikheid, waardevolheid-van-behoorlikheidseise, wete-van-waarde=verwerkliking, agting-vir-ander-se-menswaardigheid), Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling (getrouheid-aan-beslissinge, keuse-in-lig-van-behoorlikheidseise, handeling-in-lig-van-behoorlikheidseise, selfstandigheid-in-keuse, selfstandigheid-in-handeling, verantwoordelikhedaanvaarding-vir-keuses, verantwoordelikhedaanvaarding-vir-handelinge, keuse-vir-behoorlikheidseise, aanvaarding-van-persoonlike-verantwoordelikheid, afwys-van-verantwoordelikheds=verskuiwing, afwys-van-verantwoordelikhedsontduiking) en Normidentifikasie (behoorlikheidsbeoefening-uit-eie-keuse, vereenselwiging-met-besondere-norme, toereikende normkennis) deur Nagmaalsessensies tot lewende doelstrukture vir 'n Christelik-Protestantse opvoedingspraktyk te wek.

Ten slotte is die doelstruktuur Lewensopvatting met die essensies lewe-van-behoorlikheidseise, aanvaarding-van-besondersheid-van-lewensopvatting, bewuswees-van-lewensopvatlike-eise, kennis-van-lewensopvatting, verwerwing-van-lewensopvatting, bestendinging-van-lewensopvatting en bowetenskaplikheid-van-lewensopvatting, sowel as die toepaslike Nagmaalsformulieressensies beskryf.

In 'n samevattende hoofstuk word weer eens kortliks verwys na al die pedagogiese doelstrukture met die nagmaalsessensies wat lewe kon wek en besondere Christelik-Protestantse inhoud kon gee aan die universele strukture. Pedagogiek denke en lewensopvatting (waarvan die Nagmaalsformulier 'n besondere verskyningswyse is) kan dus nooit geskei van mekaar in 'n gefundeerde opvoedingspraktyk staan nie.

SUMMARY OF THESIS

AN INVESTIGATION INTO THE MEANING

OF THE PROTESTANT FORMULARY

FOR THE HOLY COMMUNION TO

ACTIVATE (VITALISE) CERTAIN

PEDAGOGICAL OBJECTIVES

by

Johanna Petronella Botha, B.Sc., B.Ed.,

for the degree of

Magister Educationis

In the Department Fundamental Pedagogics

In the Faculty of Education

University of Pretoria

Leader: Prof. Dr. W.A. Landman

Fixity of a definite objective or aim by the educator implies alignment to a singleness of purpose (the norm image of adulthood) and an actualization and achievement of pedagogical objectives, their structures and essentials. These structures and essences can be brought to light, revealed and elucidated by means of scientific reasoning and philosophical thought obtained by utilising the phenomenological attitude. How universally valid pedagogical objectives can be brought to life in particular pedagogical situations by applying the contents of the personal philosophy of and outlook on life, has been demonstrated. For the Protestant Christian the Holy Bible is an enternal fountain, ensuring also pedagogical life. Other sources of pedagogical knowledge and life includes the Protestant formulary of the Holy Communion.

The necessity and inevitability of a decision to study the abovementioned sources of knowledge separately, for the time being, has been indicated. The phenomenon "awakening-of-life", as well as both the direct and pedagogical perspective methods have been discussed. The latter method was applied to activate and vitalise (enliven) the contents of the pedagogical objectives (that lay claim to general validity) by means of the particular contents of the formulary of the Protestant's communion-service. As the pedagogical reality reveals a dialectical structure, the dialectical method was used to ensure an authentic true-to-reality synthesis of a union of two possibilities that both claim the right of existence and are inevitable in an authentic pedagogical situation.

Due notice has been given to the general meaning of the Sacraments as well as to the particular meaning of the formulary and celebration of the Lord's Supper, and to the relevant religious structures Sin, Justification, Sanctification, The Imago Dei, Perseverance, Gratitude and Glorification.

The formulary as source to activate the structures of pedagogical objectives implies that these structures are viable (capable of containing life) and latent vitality is assumed. The relevant dialectical triades: latent vitality/viability/awakening-of-life and viability/awakening-to-life/vital (enlivened) objective structures have been fully explained and reasons were given why it could be expected that the specific formulary could possibly activate and vitalise these structures with purposeful meaning so as to attain the ultimate goal.

The structures of the pedagogical objective, Meaningfulness of existence was fully described and the following essences were revealed, namely, awareness-of-demands-of-life, realisation-of-confrontation, call-to-respond, living-a-responsible-life, account-of-participation. The essences of the named formulary were elucidated and the religious structure, Justification, described. Meaningfulness of existence (first possibility) was then shown as condition of possibility to actualise the essentials of the formulary of the Holy Communion (second possibility). These essentials in turn seemed to intensify the realisation of the essences of the pedagogical objective so that both possibilities were simultaneously integrated, retained and preserved in an authentic synthesis of a fulfilment of the meaning of a Christian Protestant's life.

In a similar way the actual essentials of the objective, Selfappraisal and selfunderstanding, were described (in the next chapter) and an exposition was given to prove that the following essences, critical-selfevaluation, application-of-norms, passing-of-moral-verdict, judging-objectionable-behaviour, condemnation-of-the-objectionable and self-intervention could be activated and vitalised by using the formulary essences. The religious structure, Sin, was described at length.

Resulting from the extensiveness of this thesis and in order to maintain continuity, the same method was applied to activate life in three more pedagogical aims. This however was abbreviated considerably, accentuating mainly the synthesis of the integrated theory of aims and the particular knowledge of aims as found in the formulary.

These aims include Worthiness of Man (awareness-of-a-worthy-mode-of existence, cultivating-humane-feelings, attaching-importance-to-values, knowledge-of-value-actualisation, respect-for-dignity-of-the-other), Independent ethical decisions and responsible actions (faithfulness-to-decisions, preference-and-action-according-to-the-demands-of-respectability, autonomous-preferences (choices)-and-actions, acceptance-of-responsibility-for-choice-and-action, personal-responsibleness, rejection-of-transferring-or-evading-responsibility) and Normidentification (living-according-to-preferred-values, identification-with-particular-norms, adequate-knowledge-of-values-and-norms). These vitalised and enlivened objectives can now be realised in educational practice by the Protestant Christian.

To conclude, the aim Personal philosophy on, approach to and attitude towards life (life according-to-the-demands-of-respectability, submission-to-the-requirements, acceptance-of-particularity-of-personal-theory-on-life, awareness-of-demands-and-attitude-required, knowledge-of-personal-outlook-on-life, consolidation-of-personal-attitude-to-life, accepting-approach-to-life-as-a-matter-of-faith-and-religion-not-to-be-proved-scientifically) as well as the applicable essences of the formulary of the Last Supper were discussed.

The last chapter contains a synopsis of previous chapters and again refers to all the pedagogical objectives and essences which can be vitalised and activated to life by the formulary essences, thus adding a particular

Christian Protestant contents to the universally valid structures. Pedagogical theory of objectives and aims and the personal philosophy and knowledge of aims (including knowledge by means of the formulary of the Holy Communion) can never be separated in a fundamentally-determinative educational practice.

BIBLIOGRAFIE

- BARNARD, F. : Moederlikheid, gesien in Pedagogiese perspektief. Universiteit uitgewers en Boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad, 1971
- BARTH, KARL : Church Dogmatics, Vol IV en II, T.T. Clark Edinburgh, 1957.
- BARTH, KARL : Credo. Charles Scribner's Sons, New York, 1962.
- BAVINCK, H. : Gereformeerde Dogmatiek, Vol I tot IV. J.H. Kok, Kampen, 1928-1930.
- BEETS, N. : Volwassen Worden. Een Probleemanalyse en een Perspektief. Erven J. Bijleveld, Utrecht, Derde Druk, 1965.
- BERKOUWER, G.C. : Dogmatische Studiën : De Mensch het beeld Gods, 1957. De Sacramenten, 1951. De Zonde, I. Oorsprong en kennis, 1958. De Zonde, II. Wesen en verbreiden, 1960. Geloof en Heiligen, 1949 Geloof en Rechtvaardiging, 1949 Het werk van Christus, 1953 Volharding, 1949 Uitgawe J.H. Kok, N.V. Kampen.
- BERKOUWER, G.C. : Het Dogma der Kerk. Onder redactie (Red) van Prof. Dr. G.C. Berkouwer, Ds. G. Toornvliet ea. Jan Haan., N.V. Groningen, 1949.
- BINSWANGER, L. : Der Mensch in der Psychiatrie. Günther Neske. Pfullingen, 1957.
- BOTHA, T.R. : Die Soliale Lewe van die Kind-in-opvoeding, Pretoria Drukkers, 1974.
- BOLLINGER, H. : Das Werden der Person. Personale Anthropologie I. Reinhardt, München, 1967.
- BRAND, G. : Die Lebenswelt. Eine Philosophie des konkreten Apriori. de Gruyter, Berlyn, 1970.
- BRILLENBURG WURTH, G. : "Heiligmaking". Hoofstuk XVI, Het Dogma der Kerk. Onder redactie van Prof. Dr. G.C. Berkouwer, G. Toornvliet ea. Jan Haan, N.V. Groningen, 1949.
- BRILLENBURG WURTH, G. : Mensbeskouwing en Maatschappelijk Werk. J.H. Kok, N.V. Kampen, 1957.

- BRONGERSMA, E. : "Juridiese Volwassenheid". In: Volwas-
senheid: Samengesteld door Prof. Dr.
Roscam Abbing. Onder redactie van
dr. C. Blankenstijn, Paul Brand e.a.
Paul Brand, Hilversum, 1968.
- BRUNNER, E. : Der mensch in Widerspruch, Zürich, 1937.
- BRUNNER, E. : The Christian Doctrine of Creation and
Redemption. Dogmatics, Vol II.
Translated by O. Wyon. Butterworth
Press, London, 1952.
- BRUNNER, E. : Man in Revolt. Translated by O. Wyon.
Butterworth Press, London, 3 impv.,
1947.
- BUBER, MARTIN. : I and Thou. Translated by R.G. Smith,
Edinburgh. T.T. Clark, repr., 1944.
- BUBER, MARTIN. : Ich und Du. Berlyn, 1936.
- BUYTENDIJK,
F.J.J. : De Zin van de Vrijheid in het menselijk
bestaan. Het Spectrum, Utrecht, 1953.
- BUYTENDIJK,
F.J.J. : Gezondheid en Vrijheid. Het Spectrum,
Utrecht, 1950.
- CALVIJN, J. : Institusie, Boek I, II, III en IV; uit
het Latijn vertaald door A. Sizoo,
4de druk, Delft. Meinema, (Voorw., 1956)
- CALVIN, JOHN. : Institutes of the Christian Religion.
Translated by H. Beveridge (2 Vols)
J. Clarke and Co., London, 1957.
- COETZEE, J. CHRIS: Die Eerste Beginsels van die Calvinis-
tiese Opvoeding. Pro-Ecclesia,
Stellenbosch, 1940.
- COETZEE, J. CHRIS: Inleiding tot die Algemene Teoretiese
Opvoedkunde. Pro-Ecclesia, Stellenbosch,
1944.
- COETZEE, J. CHRIS: Vraagstukke van die opvoedkundige poli-
tiek. J.L. van Schaik Bpk., Die
Weste-Drukkery, Potchefstroom, 1930.
- DE BOER, T.H. : De ontwikkelingsgang in het denke van
Husserl. Van Gorgum, Assen, 1966.
- DE BONDT, A. : "De Zonde", Hoofstuk VII en "De Algemene
Genade", Hoofstuk VIII. In: Het Dogma
der Kerk. Onder redactie van Prof. Dr.
G.C. Berkouwer, G. Toornvliet e.a.
Jan Haan, N.V. Groningen, 1949.

- DE GROOT, D.J. : "De rechtvaardiging" en "De volharding der heiligen" in Het Werk van de Heilige Geest, Hoofdstuk XV. In: Het Dogma der Kerk. Onder redactie van Prof. dr. G.C. Berkouwer, G. Toornvliet e.a. Jan Haan, N.V. Groningen, 1949.
- DE HAAS, G.C. : Jeugd in Zeventig. Vyftien vraagesprekken door G.C. de Haas. Amboboeken, Bilthoven, 1970.
- DE TOLLENAERE, M.: Lichaam en wereld. Desclee de Brouwer, Utrecht, 1967.
- DE VOS, H. : Inleiding tot de Ethiek. G.F. Callenbach, N.V. Nijkerk, 1951.
- DELFGAAUW, B. : Wat is Existentialisme? Noord-Hollandische Uitgevers, Amsterdam, 4de druk, 1956.
- Die berymde Psalms saam met die Evangelie-Gesange (van die Nederduitse Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika) S.A.V.B., Kaapstad.
- Die Bybel met verklarende aantekeninge. Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms) Bpk., Kaapstad.
- Die Drie Formuliere van Enigheid. Die N.G. Kerk-Uitgewers van Suid-Afrika, Pretoria/Kaapstad, 1951.
- Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (tesame met die besluite van die Sinode van Suid-Transvaal). N.G. Kerkboekhandel, 1963.
- FEENSTRA, J.G. : Leer en Lewe. Eenvoudige Geloofsleer-Boek, in Afrikaans vertaal deur Dr. M.T.S. Zeeman. Sacum Bpk., Bloemfontein, 1961.
- FORMULIERBOEK van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad/Pretoria, 1962.
- FRANKL, V.E. : De onbewuste God. (Vertaling : Mev Melotte - Athmer). Uitgeverij Helmond, Nederland. Derde druk.
- FRANKL, V.E. : Man's Search for meaning (Vertaling: Mev Melotte-Athmer). An introduction to logotherapy. Beacon Press, New York, 12de druk, 1962.
- GABRIEL, LEO. : "Sinn und Wahrheit". In Wisser, R. (Red.): Sinn und Seit. Max Niemeyer, Tübingen, 1960.

- GEEZINK, W. : Gereformeerde Ethiek, Deel II. J.H. Kok, N.V. Kampen, 1931.
- GIELEN, J.J. en STRASSER, S. : Leerboek ener Opvoedkunde van de Derde Leerkring. L.C.G. Malmberg's, Hertogenbosch, 5de druk, 1967.
- GROENEWALD, E.P. : Die Eerste Brief aan die Korinthiërs N.G. Kerkuitgewers, Kaapstad/Pretoria, 1971.
- GUNTER, C.F.G. : Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, met spesiale verwysing na die skool. Universiteit-uitgewers en Boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad, Derde, Hersiene Druk, 1967.
- GUNTER, C.F.G. : Fenemologie en Fundamentele Opvoedkunde. Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars (Edms) Bpk, Stellenbosch/Grahamstad, 1969.
- GUNTER, C.F.G. : Opvoedingsfilosofieë. Op weg na 'n Christelike Opvoedingsfilosofie. Universiteitsuitgewers en- Boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad, Tweede Hersiene Druk, 1964.
- HARTMANN, N. : Ethics I, II en III. Vertaal deur S. Coit. Allen and Unwin, London, 1958.
- HASTINGS, J. (Ed). : A Dictionary of Christ and the Gospels, Vol I and II. T.T. Clark, Edinburgh, 1951.
- HENRY, MATTHEW. : Letterlijke en Practicale Verklaring van het Nieuwe Testament door Matthew Henry opnieuw uit het Engelsch vertaald. Dr. H. Bavinck. Uitgawe J.H. Kok, Kampen, 2de druk, 1909.
- HEYNS, J.A. : "Die grense van die teologie", in Die Waardes van die Afrikaner. Referate gelewer by die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Junie 1968 in Bloemfontein. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1969.
- HORNE, H.H. : The Philosophy of Education, Mac Millan, New York, 1904.
- JAGER, H.J. : Kernwoorden van het Nieuwe Testament. Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1968.
- KANT, I. : Kant on Education. Translated by A. Churton. Kegan Paul, London, 1899.

- KILIAN, C.J.G. : Die verbesondering van pedagogiese kriteria met ontologies - antropologiese status. D. Ed - verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1970.
- KILIAN, C.J.G. : 'n Fundamenteel - Pedagogiese besinning oor aanspreek en aanhoor as Pedagogiese sinswyses. Opvoedkundige Studies, nr 61, 62, Universiteit van Pretoria, 1969.
- KLAFKI, W. : "Pädagogisch-dialektische oder Anthropologisch-Existenz philosophische Grundlegung der Erziehungswissenschaft". In Faber, W.: Pädagogische Kontroversen I, Ehrenwirth, München, 1969.
- KOHNSTAMM, P.H. : Persoonlijkheid in wording. Tjeek Willink en Zoon, Haarlem, 1929.
- KRIEK, A.C. : 'n Ondersoek na 'n Menswaardige Bestaanwyse en Selfbeoordeling as Pedagogiese Kriteria vir Volwassenheid. Ongepubliseerde M. Ed. - verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1971.
- KRUGER, J.H. en KRAUSE, F.J.L. : Kind en Skool. Pro Rege-pers Bpk., Potchefstroom, 1971.
- KWANT, R.C. : Mens en expressie in het licht van de wijsbegeerte van Merleau-Ponty. Aula-boeken 377, Utrecht, 1968.
- LANDMAN, W.A. : Die Bercepsoriënteringsituasie as pedagogiese situasie. In Jubileumlesings. H.A.U.M., Pretoria/Kaapstad, 1963.
- LANDMAN, W.A. : Enkele Aksiologies - Ontologiese momente in die Voorvolwassenheidsbeleving. 'n Studie in die Wysgerige Antropologie. (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Publikasie reeks nr 10). N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria, 1970.
- LANDMAN, W.A. : "Enkele opmerkinge aangaande die Wetenskaplikheid van die Pedagogiek." In: Paedagogische Studien, Nr 12. J.B. Wolters, Groningen, Des. 1967.
- LANDMAN, W.A. : "Kommentaar : De perspektief-idee". In: SA, Tydskrif vir Pedagogiek. Des. 1973.
- LANDMAN, W.A. : Leesboek vir die Christen Opvoeder. N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1972.

- LANDMAN, W.A. : 'n Antropologies-Pedagogiese beskouing van Beroepsoriëntering met spesiale verwysing na die Personologies-etiese. H.A.U.M., Pretoria, 1961.
- LANDMAN, W.A. : Op soek na Pedagogiese Kriteria. Publikasiereeks van die Universiteit van Pretoria, Nuwe reeks nr 48, 1969.
- LANDMAN, W.A. : Pedagogiese Kategorieë : Verantwoording. In: Paedagogische Studiën. Sept. 1969.
- LANDMAN, W.A. : Relevante Dialektiese Triades. Gesprek 14/3/1974.
- LANDMAN, W.A. : e.a. Opstelle in die Fundamentele Pedagogiek, Deel I.
- LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J. : Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek: Poging tot Fundering. Afrikaanse Pers Boekhandel, Johannesburg, 1969.
- LANDMAN, W.A. en KILIAN, C.J.G. : Leesboek vir die Opvoedkunde-student en Onderwyser. Juta & Kie, Johannesburg, 1973.
- LANDMAN, W.A., KILIAN, C.J.G. en ROOS, S.G. : Denkwyses in die Opvoedkunde. N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1971.
- LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. : Fundamentele Pedagogiek en die Opvoedingswerklikheid (met kernvrae). Butterworths, Durban, 1973.
- LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. : Opvoedkunde en Opvoedingsleer vir beginners. Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad, 1971.
- LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en VAN ROOYEN, R.P. : Die Praktykwording van die Fundamentele Pedagogiek met Kernvrae. Perskor Uitgewery, Johannesburg, 1ste druk, 1974.
- LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J. en ROOS, S.G. : Fundamentele-Pedagogiese Essensies: Hulle Verskyning, Verwerkliking en Inhoudgewing. (Om te verskyn).
- LANGEVELD, M.J. : Beknopte Theoretiese Pedagogiek. Wolters-Noordhoff, N.V. Groningen, 12de druk, 1968.
- LANGEVELD, M.J. : Philosophy and Education. Proceedings of the International Seminar, 1966. Ontario.

- LANGEVELD, M.J.,
 RUPP, J.C.C. en
 STALPERS, J.A. : Opvoeding tot Zelfopvoeding.
 Serie : Geestelike Volksgezondheid,
 onder redactie van drs. J.G.M. Wellen,
 Brochure nr 43. Uitgeverij het
 Spectrum, N.V. Utrecht/Amsterdam, 1970.
- LESNOFF-CARAVAGLIA, G. : Education as existensial possibility.
 : Philosophical Library, New York, 1972.
- LIEBENBERG, C.R. : 'n Fundamentele Pedagogiek-Verantwoording
 van die Sosio-pedagogiek. D. Ed.-
 verhandeling, Unisa, 1973.
- LITT, T. : Führen oder Wachsen Lassen, Ernst
 Klett, Stuttgart, 1960.
- LOEN, A.E. : De Vaste Grond. H.J. Pavis,
 Amsterdam, 1946.
- LUIJPEN, W. : Fenemenologie en Atheïsme. Het
 Spectrum, Utrecht, 1963.
- LUTHERS WERKEN, I. (Vereniging M. Luther) 1930.
- MARCEL, GABRIEL : De ondergang van de Wijsheid.
 Erven J. Bijleveld, Utrecht, 1965.
- NAUTA, L.W. : "Etiese Volwassenheid." In: Vol-
 wassenheid: Samengesteld deur Prof.
 dr. Roscam Abbing. Onder redactie van
 dr. C. Blankenstijn, Paul Brand e.a.
 Paul Brand, Hilversum, 1968.
- NEL, B.F. : Fundamentele oriëntering in die
 Psigologiese Pedagogiek. (Grondslae
 van die Psigologiese Pedagogiek).
 Universiteitsuitgewers en- Boekhandelaars,
 Stellenbosch, 1968.
- NOORDAM, N.F. : Het mensbeeld in de opvoeding, I.
 Inleiding in de Antropologie.
 Informatie over opvoeding en onder-
 wijs onder redactie van prof. L. van
 Gelder. Deel 7. Wolters-Noordhoff,
 N.V. Groningen, Tweede druk, 1971.
- OBERHOLZER, C.K. : Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde.
 J.J. Moreau & Kie. Pretoria/Brugge,
 1954.
- OBERHOLZER, C.K. : Moderne Persoonsvisies. Oorgedruk uit
 Hervormde Teologiese Studies, 13.
- OBERHOLZER, C.K. : "Pedagogiese Kategorieë. Hulle
 fundering en ontwerp". In: SA
 Tydskrif vir Pedagogiek, Vol I,
 nr 2, 1967

- OBERHOLZER, C.K. : Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek. H.A.U.M., Kaapstad, 1968.
- OBERHOLZER, C.K. : "Wêreldbeskouing en lewensopvatting". In: Die Waardes van die Afrikaner. Referate gelewer by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 1968 in Bloemfontein. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1969.
- PERQUIN, N. : De Pedagogische Verantwoordelijkheid van de Sameleving. J.J. Roman en Zonen, Roermond/Maasiek, 1970.
- PERQUIN, N. : "Op dat de mens weer een persoon wordt", vraaggesprek over jeugd, opvoeding en sameleving, door G.C. de Haas. In: Jeugd in Zeventig. Amboboeken, Bilthoven, 1970.
- PERQUIN, N. : Paedagogiek, Bezinning op het Opvoedkundige Verschijsel. J.J. Roman en Zonen, Roermond/Maaseik, Derde, herziene druk, 1956.
- PISTORIUS, P. : Kaart en Kompas in die Opvoeding. 'n Eerste handleiding tot die studie van die Filosofie van die Opvoeding vir onderwysstudente. Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, Tweede druk, 1970.
- POP, F.J. : Bijbelse Woorden en hun geheim. Verklaring van een aantal Bijbelse woorden. Derde druk. Boekencentrum, N.V. 's Gravenhage, 1972.
- POPMA, K.J. : Levensbeschouwing. Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1961.
- RIDDERBOS, H.N. : "Het Verbond der Genade", Hoofstuk IX en "De Genademiddelen (o.a. De Sacramenten en Het Heilige Avondmaal)", Hoofstuk XVIII. In: Het Dogma der Kerk. Onder redactie van Prof. dr. G.C. Berkouwer, G. Toornvliet e.a. Jan Haan, N.V. Groningen, 1949.
- ROOS, S.G. : Die kinderlike steunbehoewendheid gesien in pedagogiese perspektief. Ongepubliseerde M. Ed-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1970.
- ROSCAM ABBING, P.J. : "Religieuse Volwassendheid". In: Volwassenheid : Samengesteld door Prof. dr. P.J. Roscam Abbing. Onder redactie van dr. C. Blankenstijn, Paul Brand, e.a. Paul Brand, Hilversum, 1968.

- ROTH, H. : Pädagogische Antropologie. Bd. I. Bildsamkeit und Bestimmung. Herman Schroedel, Hannover/Berlyn/Armstadt/Dortmund, 1966.
- RÜMKE, H.C. : Lewenstijdperken van de man. Derde druk, Amsterdam, 1947.
- SONNEKUS, M.C.H. : Die kind as vraagstellende wese. In: Psychologia Pedagogica Sursum! Afskeidsbundel vir B.F. Nel, 1970.
- SONNEKUS, M.C.H. : Die Leerwêreld van die kind as Beleweniswêreld. Grondslae van die Psigologiese Pedagogiek, Deel II. Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch, 1968.
- SONNEKUS, M.C.H. e.a. : Psigopedagogiek. 'n Inleidende oriëntering. U.U.B., Stellenbosch/Grahamstad, 1973.
- SPENCE, H.D.M., FARRAR, F.W. and THOMAS DAVID : The Pulpit commentary, I. (II Corinthians and Galatians). Funk & Wagnalls Co., London/New York, 1909.
- SWANEPOEL, A.C. : Enkele opvoedende bedrywighede gesien vanuit moontlikheidsvoorwaarde - en opvoedingsleer-perspektief. M. Ed-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- VAN DER LINDEN, H.J. : De drie formuliere van enigheid. Enige opmerking over de verhouding van Pedagogiek en Wijsbegeerte. N.G. Kerkuittgewers.
- VAN DER MERWE, F.H. : Die Reformatoriese Definisie van die Sakrament skriftuurlik getoets. Ongepubliseerde D.D-Skripsie, Universiteit van Pretoria, 1973.
- VAN DER STOEP, F. : Didaktiese Grondvorme. Academica, Pretoria/Kaapstad, 1969.
- VAN DER STOEP, F. en VAN DER STOEP, C.A. : Didaktiese Oriëntasie. Academica, Pretoria/Kaapstad, 1968.
- VAN DOOREN, W. : "Existensiële Volwassenheid". In: Volwassenheid: Samengesteld door Prof. dr. P.J. Roscam Abbing. Onder redactie van dr. C. Blankenstijn, Paul Brand e.a. Paul Brand, Hilversum, 1968.
- VAN NIEKERK, P.A. : Aandagsfluktuasies as verskynsel by die onder aktualisering van intensionaliteit, met verwysing na die agterlike kind. D. Ed-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1971.

- VAN NIFTRIK, G.C.: Kleine Dogmatiek. (Karl Barth).
G.F. Callenbach, N.V. Uitgever Nijkerk,
1953.
- VAN PEURSEN, C.A.: Cultuur en Christelijk Geloof. J.H. Kok,
N.V. Kampen, 1955.
- VAN PEURSEN, C.A.: Lichaam-Ziel-Geest. De mens als
oriëntasie vanuit zijn wereld. Erven
J. Bijleveld, Utrecht, 1956.
- VAN PRAAG, H. : De zin der Opvoeding. De Erven F. Bohn,
Haarlem, 1950.
- VAN WIJNGAARDEN,
H.R. : "Het recht van verzet", vraaggesprek
over het begrip volwassenheid door
G.C. de Haas. In: Jeugd in zeventig.
Amboboeken, Bilthoven, 1970.
- VAN WIJNGAARDEN,
H.R. : "Psychische Volwassenheid". In:
Volwassenheid : Samengesteld door prof.
dr. Roscam Abbing. Onder redactie
van dr. C. Blankenstijn, Paul Brand e.a.
Paul Brand, Hilversum, 1968.
- VAN WIJNGAARDEN,
H.R. : Hoofdproblemen der Volwassenheid.
Erven J. Bijleveld, Utrecht, Vierde
druk, 1959.
- VAN ZYL, M.E.J. : Enkele fasette van die historisiteit
van Protestant-wees en die betekenis
daarvan by die opvoederlike inhoudgewing.
M. Ed-verhandeling, Universiteit van
Pretoria.
- VAN ZYL, P. : Opvoedkunde, Deel I. 'n Handleiding
vir Beginnerstudente. Uitgewer:
Boekhandel de Jongh, Johannesburg, 1973.
- VAN ZYL, P. : Die idee van die "Nieuwe Geborgenheit
by Otto Friedrich Bollnow". Onge-
publiseerde M.A.-verhandeling, Pretoria,
1967.
- VILJOEN, T.A. : Die ken-relasie gesien in Pedagogiese
perspektief. 'n Studie in die Funda-
mentele Pedagogiek. M. Ed-verhandeling.
J.L. van Schaik, Pretoria, 1969.
- VILJOEN, J.A. en
PIENAAR, J.J. : Fundamental Pedagogics Butterworth,
Durban, 1971.
- WARNACH, V. : "Saltzereignis und Personale Existence".
In: Salzburger Jahrbuch für Philosophie,
X/XI
- WATERINK, J.J. : Inleiding tot de Theoretische paedagogiek,
Eerste druk. G.J.A. Ruys' U-M. Zeist,
1926.

- WATERINK, J.J. : Theorie der Opvoeding. J.H. Kok,
N.V. Kampen, 1951.
- WILBERS, P.J.E. : Die Moontlikheid, Noodwendigheid en
Plek van 'n Pedagogiese Doelkunde en
Doelleer. D. E&A-verhandeling,
Universiteit van Pretoria, 1971.